
VERENIGDE SUID AFRIKA
Ver Moeder taal en Vaderland
KOLONIE
VRYSTAAT
GELOOF
LIEFDE
NATAL
DIE GENOOTSKAP VAN
REGTE AFRIKANERS
OPGERIG

# KLAAS WAARZEGGER
# se
# ZAMENSPRAAK
# en
# BRIEVE UIT 1861

DEUR DR G. S. NIENABER

Uitgawe van die Patriot-Vereniging
Nr 1.

JOHANNESBURG - PRETORIA - POTCHEFSTROOM
1940

## INHOUD.

Bls.

Voorwoord .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 5

Inleiding .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 7

*Tekste.*

Zamenspraak .. .. .. .. .. .. .. .. .. 1

Voorrede .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 3

Onze Bezwaren .. .. .. .. .. .. .. .. .. 5

De Verhelping .. .. .. .. .. .. .. .. .. 15

De Colesberg Bijeenkomst .. .. .. .. .. .. 26

Vervolg De Colesberg Bijeenkomst .. .. .. .. 38

De Waarheid .. .. .. .. .. .. .. .. .. 49

De Bijeenkomst der Afgezanten te Somerset .. .. 64

Aantekeninge by Zamenspraak .. .. .. .. .. 79

*Brieve.*

Brieve .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 3

Het Nieuwe Afscheidslied .. .. .. .. .. .. 71

Konstitusie van die Vereniging .. .. .. .. .. I

Aankondiging .. .. .. .. .. .. .. .. .. II

Lede van die Patriotvereniging .. .. .. .. .. III

# VOORWOORD

Die moeilikheid wat baie persone ondervind wanneer hulle skaars-geworde Afrikaanse geskrifte wil raadpleeg, het by 'n paar van ons die gedagte laat posvat om die Van Riebeeck-Vereniging tot voorbeeld te neem vir ons taal en letterkunde en die belangrikste geskrifte deur 'n heruitgawe vir alle belangstellendes toeganklik te maak. Met die oog hierop is 'n Vereniging in die lewe geroep onder die naam wat prof. C. M. van den Heever aan die hand gedoen het. Ons het 'n paar persone genader ten einde die werk aan die gang te sit, maar die name van sommige wat na regte ook daarop moes gedien het, word nog gemis. Met verloop van tyd, hoop ons, sal die lede self die rigting aangee.

Vereers moes ons ons oortuig dat daar werklik behoefte aan hierdie Vereniging bestaan, en daarom het ons dit nodig geag om ons tot die publiek vir ondersteuning te wend. 'n Woord van dank kom aan die pers toe vir die plasing van stukke oor die doel van ons Vereniging.

'n Beroep is op die belangstellende publiek gedoen om lede van die Vereniging te word. Dit is nie die eerste keer dat ons in Suid-Afrika vir 'n werk of reeks werke lede werf nie. Boniface het reeds in 1828 rondgeloop om die Kapenaars oor te haal dat hulle sy lys teken om 'n skrikkerige uitgewer te oortuig dat daar 'n aanvraag na *L'Eole* bestaan, en op 'n los velletjie (11 by 10 s.m.) wat in die Mendelsohnn-boekery saam met *Di Geldduiwel* bewaar word, lees ons: „Di Afrikaanse Boekvereniging. Twede Boek voor 1882. Di doel van di Vereniging is om in di behoefte an goeie lektuur ver ons Afrikaners te voorsien. Elke intekenaar betaal 10/- per jaar (vooruit), en ontvang daarvoor een Exemplaar van boeke deur ons uitgegee. In geen geval sal di waarde van een jaar syn boeke minder wees as 10s. nie. D. F. du Toit & Co."

Hierdie werk is die eerste van die reeks van drie wat in 1940 gaan verskyn. Die *Zamenspraak* het ek laat foto-

grafeer en die voorliggende teks is daarop gebaseer; elke bladsy daarvan bevat presies net wat in die oorspronklike gestaan het en aan die proeflesing is besonder veel sorg bestee. Ons het alles in ons vermoë gedoen om die uitgawe tekstueel betroubaar te maak, dus diplomaties te besorg.

Dit sal opgemerk word dat ons nie daarop uit was om elke besondere feitjie moeisaam te annoteer nie. Die Inleiding wil net die belangrikste sake tot beter begrip van die teks en sy tyd meedeel, en in die Aantekeninge is met die vermelding van die essensieelste dinge volstaan.

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om my dank aan die bibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Openbare Boekery te betuig vir al sy vriendelike tegemoetkominge tydens my verblyf in Kaapstad, sowel as aan sy staf, van wie ek die naam van mnr. Ian Murray na vore wil bring. Heel in die besonder gee ek my dankbaarheid te kenne aan dr J. du P. Scholtz, wat sy aantekeninge en afskrifte van tekste tot my beskikking gestel het — waardeur my werk aansienlik bespoedig en my taak grootliks vergemaklik was. Dit is 'n gebaar wat my besonder getref het.

DIE SKRYWER.

## INLEIDING.

**DIE JAAR 1861.**

In die Afrikaanse literatuurgeskiedenis het ons een van die belangrikste tydbakens as ons by 1861 kom. Vóór die tyd is reeds dikwels stukkies doelbewus in ons plaaslike taalvorm gestel [1]). Ons kry daarin allerlei skakeringe. Sommige poginge, soos dié van die Groningse boer, Teenstra, of beter nog, dié van 'n goeie kenner van die gesproke taal, nl. Meurant, verplaas ons in die kringe van die plattelandse boer; die toon is beskaafd.

Maar die oorgrote meerderheid van die ander stukke wortel in die spraakgebruik van die kleurlinge en diegene wat hul taal van die blankes ontvang en dit by hul eie behoeftes en aard aangepas het. Ons het hier dus nie die egte *Kaaps* of *Kaaps-Hollands* nie, maar 'n dialek daarvan wat op sosiale grondslae berus. Die toon van die stukke is plat, onbeskaaf, en die aanwending van hierdie dialekte geskied met die doel om te vermaak deur die klugtige van 'n situasie. Om die vermaaklike of klugtige van die toneel so sterk moontlik onder die aandag te bring, word die voorstelling so veel as kan realisties gemaak.

Die uitbeelder van 'n stuk werklikheid kan egter nooit die volle werklikheid in woordbeeld gee nie: hy moet momente daaruit kies, en die keuse hang van die gerigtheid af. Waar hierdie gerigtheid aanstuur op onmiddellike komiese effek, word sekere gegewens waarmee gewerk word, soms so aangedik dat dit 'n groteske indruk skep. Die onmiddellikheid word grootliks verhoog deur die lewendige, d.i. veral die dramatiese vorm aan te wend. So word die platheid, die domheid, die rusie (*roesie*) of die liefdesverklaring aangedik en vergrof, en die dialoog help om 'n soort werklikheidsillusie te skep en sorg vir die tempo.

Die tipes word dan eensydig, maar tog realistiesgeestig deur en in die gesprek self gekarakteriseer. Dink aan die flink geskrewe *Toneelen in het Politiehof* in *Het*

*Volksblad;* dit is maklik te begrype waarom hulle so in die smaak geval het.

Hierdie „dialektiese" stukke is in die reël kort van omvang, grof van toon en van weinig betekenis na inhoud. Daardeur is hulle in skerp teenstelling met die poginge wat 'n boodskap het en wil oortuig. Die betogende dialoog is heeltemal anders gerig as die dialoog van 'n komiese situasie.

Die kort stukkies kon maklik 'n plek in tydskrif of koerant vind. Om die bepaalde geestesstruktuur wat hulle geskep het en om hulle eie futiele aard en gebrek aan lewenskrag was hulle die volgende dag reeds vergeet. Hulle was maar bladvullinge, en ons huidige belangstelling daarin is gegrond op die bietjie waarde wat dit vir ons kennis van die Afrikaanse taalontwikkeling en geestelike oopplooiing mag hê. Die skrywers van die stukke is vandag meestal onbekend: wel het Boniface om sy meerdere talent destyds, soos nog vandag, 'n mate van bekendheid verwerf [2]).

So het daar dan sporadies sedert die tweede kwart van die negentiende eeu langsamerhand verenkelde stukkies in Kaaps begin verskyn. Teen 1844 kom daar 'n weinig versnelling (Meurant [3]), Changuion [4]), Boniface [5]), Rex en Bain [6]) ), en dan drup en drup dit nou en dan, af en toe, tot in 1861 die eerste vaal buitjie amper stof natmaak.

Op 4 en 11 Desember 1860 verskyn daar in die *Cradock News* (eienaar J. S. Bold) die eerste en tweede nommers onderskeidelik van die *Zamenspraak* van Klaas Waarzegger; ander aflewerings van die „Gezelspraatje" volg in die pas-opgerigte *Het Cradocksche Nieuwsblad* (wat voortaan afgekort word as *H. C. N.*) en op 6 April 1861 verskyn al ses die dialoë (of trialoë) in 'n aparte boekie van die pers. Die naam, die Voorrede, die aanwysinge tussen hakies, die een aanhaling uit 'n verslag (sesde dialoog) en die advertensies agterin is nog in Nederlands, maar andersins is dit deur-en-deur 'n Afrikaanse boek — *die heel eerste.*

Ons eerste Afrikaanse prosawerk dateer uit die eerste helfte van 1861, ons eerste Afrikaanse digbundel uit die tweede helfte. Ons ken die boekie poësie nog net uit aankondiginge, een waarvan in *Het Volksblad* van 2 November 1861 verskyn het en waarop prof. J. J. Smith die eerste die aandag gevestig het[7]). Ook dr J. du P. Scholtz gee die aankondiging volledig [8]). Hierin bepaal die skrywer die betekenis van die godsdienstige versies met die woorde: „Zij zijn eenvoudig, hartelijk en in godsdienstigen toon geschreven, en daar het rijm en de versificatie geheel naar den Kaapschen tongval ingerigt is, kan men zeggen dat zij evenzeer voor de eerste dichtwerken in het Kaapsch kunnen gelden, als de gesprekken van Klaas Waarzegger voor de eerste Kaapsche proza; want de geestige geschriften van den heer Boniface waren slechts gedeeltelijk in den echt Kaapschen tongval geschreven."

Die *Advertiser and Mail* het oor die boekie eweneens 'n paragrafie gehad, wat o.a. deur die *Graaff-Reinet Herald* (9 Nov. 1861) en die *Burghersdorp Gazette* (16 Desember 1861) oorgeneem is. Dit lui, uit laasgenoemde oorgeskryf: „Poetical Rival to Klaas Waarzegger. Messrs Van de Sandt de Villiers & Co. have lately printed for private circulation, a collection of hymns, written by an old farmer, in the Cape Dutch dialect. They display a most singular and correct power of versification, and simplicity of thought, in some cases very pleasing while in others the *naive* turn given to them is irresistible."

Die jaar 1861 sien dus die verskyning van die twee eerste Afrikaanse boeke, die een bevat politieke prosa, die tweede godsdienstige gedigte. Van laasgenoemde is geen eksemplaar meer bekend nie, van eersgenoemde bestaan daar vier: drie in die Openbare Biblioteek te Kaapstad, en volgens mededeling van prof. M. S. B. Kritzinger, een in die Universiteitsbiblioteek, Pretoria.

Ons staan hier aan die drempel van ons literatuurgeskiedenis, en hierdie uitgawe wil die een werk weer vir die belangstellende publiek toeganklik maak, wil 'n fase uit ons verlede lewendig maak. Ons let nou op die

gebeurtenisse wat tot die skrywe van die *Zamenspraak* en *Brieve* aanleiding gegee het.

**DIE AFSKEIDINGSBEWEGING.**

Dit is nie nodig om die geskiedenis van die beweging hier te behandel nie — dit hoort elders tuis. Maar ons moet tog kortliks op 'n paar hooffeite let wat tot 'n beter begrip van die agtergrond kan lei waaruit die *Zamenspraak* voortgekom het.

Die Hollandse nedersetting is aan die voet van Tafelberg geplant en het op natuurlike wyse soos 'n boom sy takke vandaar oor die Weste en die Noordooste uitgesprei. Toe kom in 1820 die Britse Setlaars en vestig hulle as 'n ander eenheid met 'n eie samehorigheidsgevoel in die suidelike deel van die Ooste. Hierdie boom het in Grahamstad gewortel gestaan en vandaar uitgeskiet.

Die teenstelling is uit sosiale [9]), geografiese, ekonomiese en politieke oorwegings kwaai verskerp. Die nuwe aankomelinge was kinders van 'n ander tydsgees en het meer bestuurlike mag geken en verlang. Dink aan die stryd vir die vryheid van die drukpers. Die twee adviserende rade wat in 1825 ingestel is, een vir die Westelike en een vir die Oostelike afdelings, was al 'n eerste toegewing aan die eise vir afskeiding, wat die „Oosterlinge" al in 1823 aan die Britse Regering gestel het — dus nouliks drie jaar na hul aankoms.

Met die slegte toestande van die hoofweë in 'n bergagtige en bosryke landskap en met haas geen brugge oor die riviere nie, geen spoorwegverbinding of ander bevredigende kommunikasiemiddel met die setel van die regering nie, was Kaapstad destyds baie ver van die Ooste af — 600 myl bv. van Grahamstad.

Hierby moes die Oostelike Provinsie gedurig met die gevaar van invallende naturelle aan sy grense rekening hou en herhaaldelik is swaar verliese aan lewens en hawe as gevolg van Kafferoorloë gely. Dit is juis met die oog op al hierdie moeilikhede dat 'n adviserende Kommissaris-Generaal aangestel is (sir Andries Stockenström as eerste) om hulle te paai (Julie 1828). Maar die Oostelike Provinsie

het op meer werklike mag aangedring, en in 1833 begin die *Graham's Town Journal* vir algehele afskeiding pleit, hoewel nog met weinig sukses.

'n Geliefkoosde argument wat nou al dwingender aangewend word, is dat die Oostelike Provinsie sedert die invoering van die merinoskaap in Albanië in 1827 ryker is as die Westelike, en dat hul belastinggelde byna uitsluitlik ten voordele van die Westelike Provinsie gebruik word. Kan daar geen afskeiding kom nie, dan ten minste 'n verskuiwing van die regeringsetel meer na die middelpunt van die Kolonie.

D'Urban het op grond van sy besoek aan die Oostelike dele dan ook oorplasing van die hoofstad na Uitenhage aanbeveel, of andersins die aanstelling van 'n Luitenant-Goewerneur vir die Oostelike streek.

Die wrywinge het bly voortduur. Soms, as dinge goed gaan, lu die storm, maar as gevaar weer dreig, woed dit kwaai. Veral Godlonton het in sy editoriale kolomme in die *Graham's Town Journal* aangehou om die gedagte te propageer, en „Separation" het 'n towerwoord geword waarmee alle moeilikhede uit die weg geruim kon word. Gedurig is die ontevredenes intussen gepaai en gesus met allerlei konsessies, soos die instelling van tyd tot tyd van stadsrade (sedert 1837), weërade, skoolrade en afdelingsrade.

Meurant, wat vroeg in die veertigerjare vir hom in die Oostelike Provinsie gevestig het, het allengs 'n vurige geloof aan afskeiding geheg en het vir dié doel begin ywer.

Sir Henry Young het na sy botsing met regter Menzies en na sy vertoë oor sy pligte as Luitenant-Goewerneur aan die Goewerneur gerig was, op 26 Junie 1847 'n omsendbrief aan verskeie persone gestuur om hul opvattinge oor afskeiding te verneem. Sir George Cory sê heel treffend hieroor: „The whole of the Eastern Province inhabitants eagerly seized the opportunities thus offered them of voicing their grievances, and for the next few months, public meetings for the discussion—or perhaps more correctly, for the decision of a separate government for the

East—became almost an industry. Meetings were held in Grahamstown, Port Elizabeth, Fort Beaufort, Cradock, Uitenhage, Graaff-Reinet, Somerset East, Sidbury, Bathurst, Olifants Hoek and Bushman's River, in fact, in every town of the Eastern Province of that date"[10]). En later, „Probably in no part of the British Empire did public meetings form so prominent a feature in the life of the people as in the Eastern Province of Cape Colony. It had become almost a school of grim debate, determined eloquence and the source of a continual flow of petitions and memorials to the Government in England"[11]).

In die *Voorrede* tot sy *Zamenspraak* verwys Meurant hierna. Voor die Gekose Komitee getuig hy in 1860, verwysende na hierdie agitasie soos vermeld op bls. 219 van die Blouboek van 1847, „it will be seen that at one of the largest public meetings held in Graham's Town up to that period, a committee of 13 gentlemen was appointed to receive and collate information and to prepare a report . . . I was a member of that Committee . . ."

Dit het gelyk of die toekenning van Verteenwoordigende Bestuur in 1854 nou bevrediging gaan gee, al was die besluit dat Kaapstad die setel van die regering moet bly natuurlik nie na die smaak van die mense in die Ooste nie. Maar dit was tog nie so nie. Die lede uit die Ooste het heel van die begin af (1854) voortgegaan om struweling te veroorsaak (bv. Godlonton), en uit blote onwil het hulle toe die voortreflike voorstel vir Verantwoordelike Bestuur laat verongeluk. Maar hulle kon dit nie verkry om 'n afskeidingswetsontwerp te laat aanneem nie.

Die vraagstuk het in hierdie jare die gemoedere erg gaande gemaak. Transvaal, Vrystaat en Natal kon hulself regeer, maar aan die Oostelike Provinsie word die voorreg ontsê, hoewel hulle van oordeel was dat hulle om ekonomiese, geografiese en ander redes ten minste in dieselfde mate daarop kon aanspraak maak. Afskeiding sou vir hulle 'n vrybrief wees, 'n bewys van hul gelykwaardigheid aan die Weste. Omdat hulle nou nie die

oorheersing van Kaapstad wou duld nie — geen *tweede* vennoot in die „maatschappy", soos neef Klaas sê, wou wees nie, het hul registers van die Westerse sondes opgemaak, die euwels vergroot, die seëninge misken, m.a.w. hul wete en gewete verkrag [12]. Tereg sê die valse Jan Twyfelaar dat afskeiding vir hulle soos die advertensie van Holloway se pille en salf is. „Jij kan maar en ziekte hebbe wat je wil, de ambije is de schuld daarvan, en Holloways pille en zalf de eenigste raad. As een mens hem de kop afsnij, en al amper dood is, dan geef je hem maar 6 Holloways Pille in, en met eens groei daar weer een nieuwe kop uit . . . ."

Die stryd het voortgeduur en Saul Solomon het as leier in die Parlement in 1860 gesê dat die Ooste kan afskei as hulle eenparig oor die saak voel. Maar dit was juis die moeilikheid. Net soos die Ooste bevrees was vir die oorheersing of die louheid van die ver verwyderde Kaapstad, net so het die Hollandse Graaff-Reinet en die Middellande gevoel oor 'n ander regering met sy setel in die Britse Grahamstad. In die Oostelike Provinsie het die Noorde vyandig teen die Suide gestaan en van eenparigheid was daar geen sprake nie. Grahamstad en Graaff-Reinet het mekaar gedurig in die hare gevlieg. Liewers as om onder Grahamstad te staan, wou die Middellande, in geval van eventuele afskeiding, ywer vir 'n *derde* provinsie met Graaff-Reinet as hoofsetel.

**AFSKEIDING IN 1860 EN 1861.**

Die stryd vir afskeiding het in die kusgebiede van die Oostelike Provinsie hoog opgevlam in 1859, toe die Gekose Komitee aangestel is, belas met die inwinning van informasie vir die „Constitution Ordinance", en in 1860, toe Painter se voorstel vir afskeiding afgewys is. Kort hierna is 'n groot en geesdriftige byeenkoms in Port Elizabeth gehou en 'n afskeidingsliga in die lewe geroep om die ganse provinsie te bearbei, 'n verenigde front te toon en Solomon te dwing om sy beloftes gestand te doen. So doelbewus en sistematies was die saak nog nooit aangepak nie, so kwaai en gedetermineerd het die koerante, veral

die klomp van Godlonton, nog nie gepleit nie. Die wil was onversetlik.

Vroegtydig het hulle met alle erns begin organiseer. Verskeie vergaderinge is gehou, waarna Meurant verwys in sy verklaring voor die Gekose Komitee insake die „Constitution Ordinance". Aan hierdie verklaring is deur die Godlonton-koerante veel aandag gewy en dit is in sy geheel of by wyse van lang uittreksels oorgeneem. Hierin praat Meurant met diep oortuiging en groot beslistheid. Ons haal enige paragrawe aan.

„The establishment of a representative Parliament sitting at Cape Town, the extreme end of the Colony (which I heard quaintly described by a farmer at an agricultural dinner at Fort Beaufort, as resembling a leg of mutton in shape, with the seat of Government at the shank end) does not appear to have made any change in the sentiments of a large majority of the Eastern Province. On the contrary, the great inconvenience experienced by the members of the Eastern Province in proceeding to a Parliament sitting at a distance of 600 miles from their homes and avocations, the execrable state of the roads in the Eastern Province, the bridge-less state of our rivers, the great difference of opinion existing in the Eastern and Western Provinces on the subject of legislation between master and servant, etc . . . . have of late years increased the desire for separate government.

„We see that Port Elizabeth and Uitenhage have declared in favour of separation; the electoral divisions of Graham's Town, Albany, Fort Beaufort, Victoria East, Somerset, Cradock, Queenstown and Albert are also in favour, or at least, an overwhelming majority of inhabitants; the only doubtful divisions I have heard (and that only in Cape Town) are Graaff-Reinet and Colesberg . . . . My own opinion is, from what I know of the inhabitants (particularly the Dutch farmers) of these localities, that if the question were fairly and *impartially* put to them, and properly explained, a large majority of these said-to-be two doubtful districts would be found favourable to the

establishment of separate government for the Eastern Province and would unite themselves with the other Eastern districts. But even if this were not so, I have yet to learn that a small minority are to control so large a majority" [13]).

**VERGADERINGE**

Die taak wat die afskeidingsliga hom dus duidelik moes stel, was om die binnelandse Boere „fairly and impartially" met die probleem bekend te maak en dit dan „properly" aan hulle voor te stel. Een van die twee maniere waarop dit geskied het, was by wyse van byeenkomste. Verskeie vergaderinge is met die oog hierop in die binnelande belê. Op sommige het dit voor die wind gegaan, bv. op Cradock, waar in die distrik ongeveer, volgens Meurant, tien Afrikaanse boere vir elke Engelsman woon. Op die vergadering van 29 Oktober 1860 was omtrent net Afrikaners teenwoordig, na die koerante berig, en daar is die volgende voorstel aangeneem:

„Deze bijeenkomst is van gevoelen dat de tegenwoordige stelsel van 's lands Regering ongeschikt is om de Oostelijke Provincie dat regt te geven hetwelk ons toekomt en dat de Afscheiding van de twee afdeelingen het eenigste middel is dat regt te verkrijgen" (P. J. Venter; sekondant, J. P. du Plessis) [14]). Daar is toe ook besluit om memories te laat teken en na die Parlement te laat stuur.

Die saak het dus goed gevorder. Met al sodanige berigte voor hom, het die *Argus* dit begin November treffend bewoord: „The Separation of the Eastern and Western Provinces can no longer be treated as a farce and laughed off every time it is mooted. Papers that treat seriously of the question must now be put to a nobler use than to wrap cheese in, and be read, marked and learnt. The Eastern Province is at last evidently in earnest. It is no longer an uncertain trumpet-sound that we hear wafted westwards to us. The Eastern Province *will have* separation; and will speedily obtain it, if its people go properly to work" [15]). En later weer oor die redes vir die hernude oplewing van belangstelling: „(The

desire for Separation) is begotten by the commercial spirit and expansive freedom of English institutions out of a long continued series of well-grounded grievances. All the requisites for its establishment are present—territorial extent, revenue, wealth, enterprise, energy, intelligence, capacity, and willingness on the part of the public to support a separate government." 'n Mens hoor duidelik hoe sterk die Kaapstadse *Argus* ten gunste van afskeiding is.

Die afskeidingsbond was dus besonder bedrywig. Hulle het fluks geld vir hul propaganda ingesamel en kon dit selfs bybring om dr Way, toe van Port Elizabeth, as voltydse sekretaris te benoem teen 'n salaris van £500 per jaar [16]). Deur die bond se toedoen veral het verskeie afdelingsrade, die van Cradock inbegrepe, ook besluit om nie die verkoop van kroongrond aan te beveel aleer die kwessie van afskeiding finaal besleg is nie [17]).

Ons merk dat uit die binnelande Cradock spesiaal genoem word. Die bond het egter gereël dat die vaandel van die beweging verder noordwaarts gedra moes word en 'n vergadering is in Colesberg belê vir 29 Desember 1860.

Tot hiertoe het die liga werklik veel sukses gehad. Voor die Colesbergse vergadering is orals in die Oostelike Provinsie vergaderinge gehou en bondstakke op die volgende plekke gestig: Somerset, Port Elizabeth, Grahamstad, Cradock, Uitenhage, Fort Beaufort, Bathurst, Queenstown, Salem, Alexandria, Stockenström, Waterford, Humansdorp, Alice, Jansenville, Bedford, Winterberg, Adelaide, Lady Grey en Aliwal-Noord. Net nog Graaff-Reinet, Albert en Colesberg moes hulle uitspreek, en Colesberg was nou aan die beurt.

Maar hier het dinge verkeerd geloop. Die koerante was woedend en het gal gebraak. So sê die *Burghersdorp Gazette* van 5 Jan. 1861 o.a. „One Low, a hatter, or perhaps more correctly, a *low* hatter, opened by launching out in bitter invectives against the English, individually and collectively, and painted separation as a deep design to

force boers off their farms by heavy taxation and tyrannous laws to give place to English settlers."

Die week voor die vergadering het die mense oor omtrent niks anders as oor die afskeidingsbeweging en die byeenkoms gesels nie. Die *Cradock News* vertel ons: „Great preparations were made by all parties, and the town assumed quite an animated appearance" [18]). Onder andere is twee strooibiljette goed versprei, 'n *Zamenspraak* deur 'n *Boertje van Colesberg*, „alltogether too dirty for publication," en 'n *plakkaat* wat sterk anti-separatisties was en die afskeiders woedend gemaak het. Dit het begin met die woorde: „Pasop voor de slang in het gras." In die hele beweging sien die skrywer hiervan 'n strewe van fortuinsoekers en immigrante om die Boere van hul landgenote in die Weste te skei, en daartoe is in stede en dorpe gehuurde agente aangestel om die mense te mislei oor sake soos die Breekwater, weëbelasting, geldverkwisting, landsverdediging e.d.m. Dit is 'n strewe wat gemik is teen die Afrikaners; hulle moet van hul plase verdrywe word deur onaanneemlike wette soos die afskaffing van die erfreg, invoering van kommandodiens, ens., sodat die plase vir 'n appel en 'n ei in die hande van ander kan val. Die Engelse immigrante is die Hollandse Boer nie goedgesind nie. Uit 'n vertaling van die plakkaat haal ek net die slot aan: „They (die Britse Setlaars) will make it so hot for us, that we shall be obliged to sell our farms. It is known to you all how they all felt towards our countrymen when involved in a war with Moshesh. Who assisted the sufferers by that war? Was it the *English* of the Eastern Province? No, it was our friends of the West. How many times did many of us not hear the wish that Moshesh might beat the Boers. This was the sort of interest which they took in us—to fill their pockets and return to their own country." En in 'n naskrif „I hear that appointments under the new Government have been promised to all these agents, who are now so crazy for Separation if it succeeds" [19]).

Reeds voor die vergadering was die mense net warm, en dat afgevaardigdes van elders gekom het om die teenstrewers oor te haal, het dinge net verder versleg. Die deputasie het bestaan uit: Mosenthal en dr Way, van Port Elizabeth; W. Cawood van Grahamstad, en Scanlen, Nelson, Kidd, Venter (F. C. en Piet), Van Wyk en Bester, almal van Cradock.

Die broer van die strydende teenstander, L. von Maltitz, L.W.V., is tot voorsitter gekies en na die deputasie aan die groot gehoor van 300 voorgestel is, het mnr. Roos, gesekondeer deur mnr. Louw, 'n mosie teen afskeiding ingedien. Daar was eers beswaar dat dr Way toegelaat mag word om te praat, maar verlof is aan hom uiteindelik gegee. Toe hy meld dat die afskeidingsbeweging groei, het die gehoor opgewonde geraak. Tevergeefs het die voorsitter probeer om orde te herstel, en iemand gee toe aan die hand dat hulle na buite gaan, wat geskied. Hier is die woelige vergadering, wat om half-drie begin het, langs die Engelse kerk voortgesit tot skemerdonker, toe 'n weinig meer as 30 uit die 300 vir hulle ten gunste van afskeiding uitgespreek het.

Dit was 'n verpletterende teenslag vir die beweging. Hiermee kon Saul Solomon nie oortuig word nie.

**GESKRIFTE.**

Die gesproke woord moes ondersteun word deur die geskrewe woord. Van die begin af het die koerante die stryd aangewakker en gelei, maar die binnelandse Boere, die ware teenstanders, is nie daarmee bereik nie. Aan hulle moes meer aandag bestee word, en propagandalektuur is vryelik versprei. Die twee waarvan die meeste gebruik gemaak is, was:

a. *De Afscheidings Cathechismus.* *Het Volksblad* sê hieroor: „Het geheel van het boekje (in Engels en Hollands) beslaat slechts 11 bladzijden en bevat 26 vragen met vrij korte antwoorden, waarvan het Hollandsch zoo stijf en onhollandsch lijkt als het maar hoeft." Die werkie is „zoo akelig oppervlakkig" [20]).

b. *Zamenspraak*. Cradock, die kiesafdeling van W. M. Harries en Ch. Scanlen, die woonplek van Bold, Kidd, Meurant en ander warme voorstanders, was 'n ware broeines van Separasie. Hartstogtelik is die beweging deur die klein weekblad, die eentalige *Cradock News*, ondersteun, 'n koerantjie wat hom skerp uitgespreek het. Ons lees daarin op 29 Febr. 1861 bv.: „The *Graaff-Reinet Herald* says of us, that for a small paper we are the most ‚cheeky' it has ever seen !" — en heel tereg!

Op 4 Desember 1860 het in hierdie koerantjie as *Dutch Supplement* 'n los bladsy verskyn met „Onze Bezwaren" as nr 1 van die nou bekende *Zamenspraak*, en op 11 Desember nr 2, „De Verhelping." Hulle is nie bewaar nie.

Hierdie twee artikels „op verzoek van vele vrienden geschreven" (*Voorrede*), het uitsluitlik 'n politieke doel gehad. En die politieke invloed daarvan was onmiddellik en bo verwagting groot. Dit het geweldig vinnig en doeltreffend sendingwerk verrig en proseliete vir die saak van afskeiding gemaak. Die skrywer wou met hierdie voorligting en inligting bereik wat hy vir die Gekose Komitee as wenslik voorgehou het. 'n Paar van die beginsels wat hom voorgesweef het, sal ons by die stigtingsgeskiedenis van *Het Cradocksche Nieuwsblad* aantoon.

Reeds in die eerste uitgawe na die verskyning van die tweetal artikels (d.i. 18 Desember 1860) lees ons die volgende oor hoe hulle ingeslaan het: „Our esteemed friends ‚Jan Twyfelaar' and ‚Klaas Waarzegger' wil be glad to learn that their ‚Zamenspraak' has attracted very great attention and is much admired everywhere. We printed 1,500 copies, at their request, every one of which is gone; and by the last post we received applications for additional copies from every direction; one order alone being for 300 copies, so that we shall be obliged to print a second edition of 1,500. This we believe to be the largest circulation ever attained by any Colonial Newspaper. Our friend ‚Klaas Waarzegger' writes us that he has been continuing his ‚Zamenspraak' and it is not

unlikely he may furnish us with his notes for No. 3 and 4. We understand he has a biography of ,Frekie Verneuk' and will intersperse No. 3 and 4 with some other amusing biographical sketches not generally known. We shall see when he returns from his trip to Colesberg and when *Het Cradocksche Nieuwsblad* makes its appearance."[21])

Hier word direk verwys na die voorgenome plan om na die Colesbergse vergadering te gaan wat oor elf dae so noodlottig sou afloop. Daarom is dit interessant om te lees wat in *Het Volksblad* van 5 Jan. 1861 staan: „Uit het *Graham's Town Journal* vernemen wij dat de Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar te Colesberg wonderen werkt."

Dit is dus goed begryplik dat daar vir politieke doeleindes die volste gebruik van die twee artikels gemaak is. Ons lees bv. in dieselfde uitgaaf van die *Cradock News* (18 Des. 1860), dat die notule van 'n vergadering van die Separatistiese beweging gehou op 17 Des. o.a. lui: „Read a letter from Charles Brown, Esq., Secretary to Queenstown Committee, requesting a *further* supply of the Dutch Dialogues," (ons kursivering). Op grond van die waarde en invloed van die twee stukke is nr 3 reeds voor sy verskyning bestel. Op die vergadering van die afskeidingsbond se komitee op 7 Jan. 1861 gehou, is besluit: „that no. 3 of the Zamenspraak as it will appear in *Het Cradocksche Nieuwsblad* of 12 proximo (die eerste uitgawe daarvan), be circulated in the districts of Colesberg, Albert, Graaff-Reinet and Cradock " [22]).

Ons kan sonder voorbehoud met *The Cradock News* saamstem waar hy sê: „One thing is certain, he (Klaas Waarzegger) has in a few short weeks roused up all the ,sleepy hollows' . . . . . and done more for the cause of Separation than all the newspapers on the Frontier put together " [23]).

Daar is twee belangrike gevolge van die populariteit van albei artikels. In die eerste plek het die skrywer 'n behoefte geskep en wou die mense meer oor die saak van hom hoor; en al was die oorspronklike gedagte waar-

skynlik om te volstaan met die twee, wat tesaam 'n afgeronde eenheid uitmaak, is die algemene byval wat hulle beskore was die prikkel gewees om ander aspekte van die probleem in gesprekstyl te behandel. So is nog vier gesprekke geskrywe, nrs 3 en 4 'n tweede eenheid wat eintlik net 'n lewendige separatisties-gekleurde verslag van die Colesbergse vergadering bevat, nr. 5 weer in die oorspronklike gees as 'n propagandastuk en waarin weer 'n teenstander oortuig en bekeer raak, en eindelik nr 6, nogeens 'n verslag, nou van die sentrale bondsbestuursvergadering te Somerset gehou. Op hul beurt skep hierdie ses samesprake weer die behoefte aan en geleentheid vir die *Brieve*.

Die tweede uitwerking is die besluit om 'n Hollandse nuusblad in Cradock op te rig om as mondstuk van die Cradockse afskeidingsgroep te dien tot bekering van die Afrikaners wat nog bearbeiding nodig het. Hierin kon dan alle verdere bydraes van Klaas Waarzegger opgeneem word. Sy belofte van medewerking was 'n soort waarborg dat die publiek sal belangstel.

**HET CRADOCKSCHE NIEUWSBLAD (H.C.N.)**

In dieselfde uitgawe waarin die onverwagte sukses van die twee samesprake genoem word (18 Des. 1860), kondig die eienaars van die *Cradock News* in 'n advertensie aan: „dat zij voornemens zijn een Hollandsche Nieuwsblad uittegeven, te worden genaamd *Het Cradocksch Nieuwsblad* wanneer zij een genoegzame getal inteekenaren bekomen hebben. Jan Twyfelaar en Klaas Waarzegger hebben beloofd om ons hunne assistentie te verleenen. £1 per jaar bij de eigenaars, J. S. Bold & Kie."[24]).

In die *Cradock News* van 8 Jan. 1861 is 'n allerbelangrike hoofartikel oor die voorgenome publikasie, en, hoewel ek geen dokumentêre bewys daarvoor het nie, is dit vir my na toonaard en styl, sowel as om sekere opmerkinge, bv. oor die afslaers en die setlaars, oor die breekwater, ens., die werk van Klaas Waarzegger self [25]). Indien my veronderstelling juis is, dan het ons hier 'n

programmatiese stuk, 'n bieg oor diplomasie, wat baie moet bydra om die geestelike agtergrond van die *Zamenspraak* en die *Brieve* te verhelder. Maar selfs al tas ek mis wat die outeur betref, dan nog is dit belangrik genoeg om terwille van die gesindheid daarvan byna in sy geheel oorgeneem te word.

„The Dutch population of the Eastern Province are said not to be a *reading* people. We do not believe it; at all events the immense circulation acquired by the simple Dialogue of ‚Klaas Waarzegger', which was recently issued from this office, flatly contradicts such an opinion. Our recent trip to Colesberg has convinced us that the Dutch Boers *are* a reading people, provided what they are expected to read is prepared for them in a simple, agreeable, and understandable style. Not a Dutch farm house did we enter, scarcely a Boer did we meet, residing between this village and Colesberg, but who had seen, read, and digested the Dialogue, and some actually repeated the whole thing by heart, without an error.

But there is another important feature which we discovered in the composition of the Dutch Boer—namely that he is a thoughtful and reasoning man."—Dan vlei hy P. Venter en A. Bester wat teen Maltitz e.a. gepraat het en o.a. gesê het: „The English are our friends and fellow-colonists, and not our enemies!—Depend upon it, the names of P. Venter and A. Bester will be as highly respected by every true-hearted Englishman . . . ."

Oor die *Zamenspraak* sê hy verder: „This is the style in which we intend speaking to our Dutch fellow-colonists through the columns of *Het Cradocksche Nieuwsblad*. We shall not attempt fine writing,—nor use high-flown language, which not one in twenty of *our* Dutch readers will be able to understand. Our Blad will be a paper for the *Dutch Boer*. We won't care one dump what our Dutch or other contemporaries say regarding our orthography, syntax, or prosody—nor whether we occasionally indulge—as whim, caprice, or circumstances

move us—in ,low venacular'[26]), or good Dutch, both of which we profess to understand. Our object is to do good, and we must be allowed to go about it after our own fashion, and to use the tools which *we* consider most suitable . . . . Our contemporaries must not, therefor, be startled if we sometimes treat them to what is usually termed a leading article, written in the ,lowest vernacular', or the real South African patois.

We might also sometimes be as *peculiar* as Mr. Clarke or as sapient as Mr. Kromhout of Graham's Town notoriety. But perhaps many of our readers may not have heard the story— . . . In the days of the *„settlaars"* when one of the usual conditions at Public Sales was: „Drie maanden crediet voor alle Kristemense — geen crediet voor de Settlaar"—and this was constantly repeated during the sale, and interlarded with the description of the article offered, and in the same manner in which that pink of Cape Town auctioneers, Mr. Baartman, occasionally indulges in a little wholesome advice to an unwelcome bidder—„Zeeven-en-een-ax, andermaal —for this fine vase—andermaal—be off, you blackguard, or I'll send for a police—en-drie-ax, &c. &c.

Well, there lived in those days in Graham's Town two gentlemen, public men, officials, named Peculiar Clarke and Kromhout. They were once sent into the country by the Landdrost, Major Dundas, to report upon a case of sudden death or accident, and on their return were asked by the Landdrost what they had to report. „Sir", said Peculiar Clarke, „when we arrived, the *wital* spark was quite *extinct.*" „Ja Mijnheer," chimed in Kromhout, „he *stink* very mosh."

„ . . . . Subscribe for the paper and you will find in time that the breed of Peculiar Clarke and eccentric Kromhouts is not yet „extinct" upon the frontier.

We may find it necessary to interlard our arguments in *our* blad with similar illustrations, to bring our arguments home to the minds of the simple, but sensible people for whose instruction and information we intend

sacrificing some hours of our time every week. Like Aesop of old we intend making the politics and morals of the day our study and to impart our information mixed with a little drollery; and perhaps even a little well-directed flattery. In this manner we shall endeavour to inculcate sentiments of LOYALTY towards our beloved Queen—*respect* and admiration of her excellent representative in this Colony, our good Governor, Sir George Grey, (always „barring" the Breakwater, regarding which he made a sad mistake, but we like him for all that)—good-will and brotherly love towards all men (not even „barring" the Western Province)—We intend pointing out to them in our ,low vernacular' the advantage of getting 14 per ct. per annum for their money by purchasing shares in the ,Cradock Union' and other Banks, instead of locking up the money in the ,wage-kist' with a lot of ,pryntjes'—torn off Hoyle's prints—stuck in the inside of the lid;—the benefits arising from Agricultural Societies—planting trees—making Dams,—buying Cawood's American pumps, sticking them into ,Zeekoegats' on the banks of riviers, and thus irrigating hundreds of acres of land, and bringing down the price of oat-hay, (so that we may occasionally have a ride)—and „wegetables'—(which we can't now afford to buy, and only smell at);—the pleasure and comfort which they will be sure to derive by improving their homesteads,—having a nice little flower-garden, railed off with the staves of ,Pyramid' Ale barrels, and a ,cozy' little parlour, with a carpet, in which they may occasionally treat their friends to a ,kruije-soopie',—and which in time may break them of the nasty habit of spitting tobacco juice on the floor, or against the sides of the pew in church.

We shall endeavour to show them that if all the ,kapaters' and ,bok-ooye' in the Eastern Province were to be converted into wool-bearing Angoras, that instead of having any fear of not being able to pay for ,twee Parlements' and ,twee Gofferneurs' they will soon not only be able to give them handsome salaries, but to

build a „Dam in de Zee" at our sea-port besides. All these things, and a hundred besides we intend from time to time presenting to the good sense of the really improvable „Dopper".

In reference to the great colonial political question of Separation, we shall tell them (lees: die Boere, want dit is geskryf vir die Engelse) that *we* are Separationists to the backbone from honest, conscientious conviction.

All this will have to be done in ,low vernacular'[26]) Dutch in our own quaint style, but provided it be done effectually, and do good, what's the odds? And if we can induce the Dutch Boer, after counting his sheep in the evening, to collect his family round the table, and read to them out of *our* blad (let op die betekenisvolle kursivering!) about all the things we have named, instead of going to roost like Cochin-Chinas at dusk, will that not be doing good?"

Hier word saam met die begeerte om werklik nut te stig en op te bou, al die fynheid en geslepenheid van 'n gebore propagandis aangetref. Terwyl ons die blad deurgewerk het, het ons haas niks van al die voorligtende dinge gesien nie. Dit was trouens nie in die eerste plaas 'n blad vir die belange van die Cradockse Afrikanerboer nie, die mooi programma ten spyt, maar eerstens en bowenal is dit om redes van subtiel-politieke en imperialistiese oogmerke in die lewe geroep. In die praktyk was politieke propaganda hoofsaak, diens bysaak.

Die nuwe blad het op 12 Januarie 1861, soos aangekondig, verskyn, en die eerste aflewering het nie veel meer as nr 3 van die *Zamenspraak* en Elsie Twyfelaar se brief aan „neef Kit" (J. R. Kidd, die redakteur) bevat nie, afgesien van die advertensies. Hierdie koerant, saam met die twee *Byvoegsels* van die *Cradock News*, het as gevolg van die groot invloed van Klaas Waarzegger se stukke daarin, die eerste werklike oplewing gebring van die gedagte wat tot 'n eie, nasionale letterkunde op die lange duur moet lei. Watter betekenis hy vir die Afrikaanse beweging gehad het, kan uit hierdie skema blyk. Sover

ek weet is die dele van die blad wat in die Openbare Biblioteek in Kaapstad berus, die enigste wat bewaar is. Hieruit sal ons merk dat dit veral Klaas Waarzegger is wat die Afrikaanse gees aangewakker het, al het dit nie in sy bedoeling gelê nie. As hy die redakteur was en nie Kidd nie, sou ons miskien die hoofartikels soms in Afrikaans gehad het, soos in die aankondiging in Engels in die vooruitsig gestel is.

## HET CRADOCKSCHE NIEUWSBLAD

1861.

| Werklike Nommer | Nommer soos Aangegee | Datum | Bewaar of nie | Stukke in Afrikaans |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | 12 Jan. | Bewaar | Zam. nr 3 en Brief Elsie T. |
| 2 | 2 | 19 Jan. | Bewaar | Zam. nr 4 |
| 3 | 3 | 26 Jan. | Bewaar | Het Nieuwe Afscheidingslied |
| 4 | — | 2 Feb. | Ontbreek | — — — |
| 5 | 5 | 9 Feb. | Bewaar | Zam. Neef Kas en Liep |
| 6 | 6 | 16 Feb. | Bewaar | Brief And. Stokroos |
| 7 | 7 | 23 Feb. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 8 | 8 | 2 Mrt. | Bewaar | Brief v. Dikke Jan aan neef Piet en Andries. Aankondiging Klaas Waarzegger se *Zam.* as boekie te verskyn. |
| 9 | 9 | 9 Mrt. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 10 | — | 16 Mrt. | Ontbreek | — — — |
| 11 | — | 23 Mrt. | Ontbreek | — — — |
| 12 | 16 | 30 Mrt. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 13 | 17 | 6 Apr. | Bewaar | *Zam.* in boekvorm verskyn (adv.) |
| 14 | 18 | 13 Apr. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 15 | 16 | 20 Apr. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 16 | 17 | 27 Apr. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 17 | 18 | 4 Mei | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 18 | — | 11 Mei | Ontbreek | (1ste Brief v. Klaas Waarzegger) |
| 19 | 20 | 18 Mei | Bewaar | 2de Brief v. Klaas Waarzegger |
| 20 | — | 25 Mei | Ontbreek | (3de brief v. Klaas W.) |
| 21 | — | 1 Jun. | Ontbreek | (1ste brief v. Jan Twyfelaar) |
| 22 | — | 8 Jun. | Ontbreek | (4de brief van Klaas W.) |
| 23 | — | 15 Jun. | Ontbreek | (5de brief van Klaas W.) |
| 24 | — | 22 Jun. | Ontbreek | (6de brief van Klaas W.) |
| 25 | — | 29 Jun. | Ontbreek | (7de brief van Klaas W.) |
| 26 | 26 | 6 Jul. | Bewaar | (8ste) Brief v. Klaas W. |
| 27 | 27 | 13 Jul. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 28 | 28 | 20 Jul. | Bewaar | (9de) Brief van Klaas W. |
| 29 | 29 | 27 Jul. | Bewaar | 2de Brief v. Jan Twyfelaar |

| Werklike Nommer | Nommer soos Aangegee | Datum | Bewaar of nie | Stukke in Afrikaans |
|---|---|---|---|---|
| 30 | 30 | 3 Aug. | Bewaar | Geen Afrikaans. |
| 31 | 33 | 10 Aug. | Bewaar | Geen Afrikaans. |
| 32 | 34 | 17 Aug. | Bewaar | Geen Afrikaans. |
| 33 | 35 | 24 Aug. | Bewaar | Geen Afrikaans. |
| 34 | — | 31 Aug. | Ontbreek | — |
| 35 | — | 7 Sep. | Ontbreek | — |
| 36 | 38 | 14 Sep. | Bewaar | (2de?) Brief van Elsie Twyfelaar |
| 37 | 39 | 21 Sep. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 38 | 40 | 28 Sep. | Bewaar | Brief Klaas W. Klaas Zoon |
| 39 | 41 | 5 Okt. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 40 | 42 | 12 Okt. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 41 | 43 | 19 Okt. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 42 | 44 | 26 Okt. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 43 | 46 | 2 Nov. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 44 | — | 9 Nov. | Ontbreek | — |
| 45 | — | 16 Nov. | Ontbreek | — |
| 46 | 49 | 23 Nov. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 47 | 49 | 30 Nov. | Bewaar | Brief v. Klein Daantje zun Daantje |
| 48 | 50 | 7 Des. | Bewaar | Geen Afrikaans |
| 49 | — | 14 Des. | Ontbreek | — |
| 50 | — | 21 Des. | Ontbreek | — |
| 51 | 52 | 28 Des. | Bewaar | Geen Afrikaans |

Dit is opmerklik hoeveel van die ontbrekende nommers Afrikaanse stukke bevat waar ons deur die oorname van die stukke, t.w. die *Brieve* in ander koerante, in staat is om te bepaal in watter datums hulle oorspronklik in *H. C. N.* moes verskyn het. Dan lê 'n veronderstelling nie ver dat die stukke nie so heel toevallig ontbreek nie, en dan kom die vermoede op, dat as dit waar is van die periode 11 Mei tot 29 Junie dit ook waar van die ander tye moes wees waarvan die nommers ontbreek. Dit bly tog opvallend dat die nege nommers wat neef Klaas se *Brieve* bevat op drie na almal ontbreek, net soos nrs 5 en 6 van die *Zamenspraak*. Oorwegings van die aard prikkel die nuus-

kierigheid oor wat in nrs 34 en 35, 44 en 45 en 49 en 50 van *H.C.N.* gestaan het. Dat ons daaronder bydraes van neef Klaas Waarzegger sou gehad het, lyk my aanneemlik genoeg, selfs seker.

**Die ZAMENSPRAAK in Boekvorm.**

Die *Cradock News* van die 19e Februarie 1861 bevat, na aanleiding van verskeie stukke wat in die *Eastern Province Herald* in Hollands verskyn het [27]), die volgende tekenende woorde: „They are written for the purpose of enlightening the ignorant Dutch Farmers of the interior on the merits of the question, and are reported to have had an immense influence among those for whom they were intended. They exhibit a great amount of information and sound reasoning and are written in a vein of humour and with a degree of wit which has obtained for Klaas Waarzegger's writings a colonial reputation and have secured for them readers among all classes of the community who can understand the language. We are glad to learn that they are likely to be republished in a pamphlet form."

Die waardering van die persone vir wie die verskillende propagandastukke in Hollands bedoel was, gee nogal insig. Soos met byna alle propaganda, is die stukke nie uit liefde vir die persone geskryf nie, maar vir die saak, en die lesers word selfs met minagting bejeën.

Uit die aanhaling is dit nie baie duidelik of die plan vir 'n heruitgawe in pamfletvorm betrekking het op neef Klaas se bydraes nie dan wel op die kontribusies uit die *Eastern Province Herald.* In die laaste geval moet ons dan aanneem dat die gedagte vir die heruitgawe van Klaas se stukke op rekening van die *Eastern Province Herald* geplaas moet word, maar tog kan ons uit die verband aflei dat die plan betrekking het op Klaas se populêre werk. Net die tweede Saterdag hieropvolgend lees ons in *H.C.N.* (2 Maart 1861) dat die uitgewers „op byzonder verzoek begonnen zyn met het drukken, in één Boek, der Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar, met eenige verbeteringen, veranderingen, en byvoegingen. Het

boek zal . . . eene opheldering zyn van al hetgeen VOOR en TEGEN het belangryk onderwerp van Afscheiding gedurende de laatste 3 of 4 maanden gezegd en gedaan is geworden. Prys 1/6." Vgl. ook die *Voorrede*.

Die plan was ook om advertensies in die boek teen twee ghienies per bladsy op te neem en belangstellendes is deur die uitgewers aangemoedig om hiervan gebruik te maak, want: „This offers a capital opportunity to advertisers, as Klaas is a decided favourite with the public and his productions are read with avidity by everybody" [28]). Hiervan het egter weinig tereggekom. Die drukwerk het intussen flink gevorder, en in *H.C.N.* van 6 April 1861 lees ons:

„De Zamenspraken zijn heden in een boektje aan het kantoor van dit blad uitgegeven."

6e April: op die dag het Van Riebeeck aan die voet van Tafelberg aan wal gegaan en die Hollandse taal in ons Suidhoek geplant. 209 jaar daarna, op dieselfde dag, verskyn die heel eerste boekie in die taal wat uit die Nederlandse volkstaal van die sewentiende eeu onder bepaalde omstandighede voortgekom het.

Dit is nie duidelik of neef Klaas direk enige belang by die uitgawe van die boekie gehad het nie, en dit kom my voor of die werk op las en vir rekening van die Afskeidingsbond onderneem is, vermoedelik met toestemming van die skrywer. In die uitgawe- en inkomsterekening van die bond soos in die *Cradock News* van 29 Oktober 1861 afgedruk, verskyn een pos: „Printing, Advertising &c. Klaas Waarzegger £130 8 10." Neef Klaas het dus blykbaar die werkie aan die bond gegee. Ook is die pamflet uitsluitlik as propagandamateriaal versprei, waarskynlik is sommige eksemplare teen die geadverteerde prys van 1/6 stuk verkoop en ander gratis weggegee.

**Die Taalvorm van die ZAMENSPRAAK in die Algemeen.**

„Toe Louis Henri Meurant aan die einde van die jaar 1860 sy beroemd geworde *Zamenspraak* in Afrikaans begin skrywe, het hy hom nie begewe op 'n terrein wat vir hom

nuut was nie, maar alleen teruggekeer tot 'n gebied waarop hy hom tien tot sestien jaar vantevore meermale beweeg het," sê dr J. du P. Scholtz tereg [29]).

Neef Klaas wou baie duidelik verstaan word terwyl hy besig was om die lesers tot sy standpunt oor te haal, maar hy moes ook so te werk gaan dat hy hulle deur sy taalgebruik nie afstoot nie. Hy moes hulle wen. Daarom het hy gesê — ek meen dit is hy — dat 'n bietjie welgemikte vleiery 'n goeie medisyne is [30]). In hierdie atmosfeer van welwillendheid sou hy niks aanvang wat sy doel kon laat misluk nie, ook nie wat uiterlike dinge betref nie.

Hy kon hom egter net so goed in eenvoudige, waardige Nederlands uitgedruk het, maar hy het nie. Hoekom nie? Klaas is 'n fyn opmerker, 'n ware realis. Hy *sien* sy mense handel en *hoor* hulle gemoedelik gesels. Klaas is self 'n aangename, onderhoudende geselser. Daarom die lang inleidinge en tydsame verklaringe, die homeriese vergelykinge, die belangstelling in die mense en die omgewing en die plesier wat hy het aan die te-pas-brenging van dingetjies uit die daaglikse lewe. In sy *Brieve* word 'n mens soms haastig en wonder of hy ooit „tot die punt" gaan kom. Maar hy verveel nooit nie — daarvoor besit hy te veel gees en talent, daarvoor is sy manier om dinge te sien te veel soos 'n spannende ontdekkingsreis: „Wat gaan nou kom!" en daarvoor sê hy dit te oorspronklik en meevoerend, te menslik en hartlik van toon. Hy is waarlik skrywer. Tereg lees ons in *De Zuid-Afrikaan* se nekrologie van hom: „Schoon in 's lands dienst, herinnerde de heer Meurant zich zijn vroegeren werkkring (as joernalis); schrijver bleef hij, al was het niet onder zijn naam, en een politicus bleef hij, al was hij in den civielen dienst."

Hierdie realis-van-aanleg het die volkstaal gekies. Dit was destyds 'n gewone ding om in die Europese Heimatkunst die mense in die dialoog te laat praat in hul natuurlike spraak. Die realisme bring dit mee. Bowendien het Meurant gedurende sy redakteurskap van *Het Kaapsche Grensblad* [31]) die volkstaal herhaaldelik en suksesvol gebesig. Die herinnering aan die byval wat die stukke

destyds gehad het, het hom nou bepaald bygebly en as 'n spoorslag gedien.

Maar in die *Zamenspraak* wou hy mense oortuig en bekeer. Daar was veel op die spel. Die uitsluitlike gebruik by alle ander persone was tog om in sulke gevalle vir hulle van Nederlands te bedien. Maar afgesien van die *gebruik* was daar die *gevoel* dat Afrikaans, in die woorde van dr Scholtz, „net maar 'n ‚verkeerde' vorm (van Nederlands) was, sonder verlede en sonder toekoms" [32]), m.a.w. die gebruik daarvan in die openbaar verraai 'n onmag om die erkende korrekte taalvorm te hanteer en is dus 'n bewys van agterstand, is onopgevoed, tensy dan vir vermaak of bespotting. Dan sou ons tog in hierdie werk met sy ernstige strekking nie verwag dat die skrywer hom aan 'n uitdrukkingsmanier gaan waag wat nie met die fyngevoel van die lesers gaan strook nie.

Daar is geen *duidelike* rede waarom Afrikaans hier verkiesliker was bo Nederlands nie, wel andersom.

Immers, gelet op die tydsgees, kon aanvalle op die poging, nie om die inhoud alleen nie, maar ook om die *taal*, verwag word. Dit het dan ook gekom, soms verskuil, soms openlik. *Een Boertje van Colesberg* sê in sy genoemde plakkaat o.a. met betrekking tot die *Zamenspraak*: „There we can see how they wish to ridicule the Africanders . . ." Dit het dan nodig geword om vir die taal in die verweer te kom. Die *Graaff-Reinet Herald* het hierdie Afrikaans as Hottentot-Hollands bestempel en die *Cradock News* het hom venynig te lyf gegaan. „How often must we reiterate the assertion: Our *Zamenspraak* is not written in „Hottentot-Dutch," and you only show your ignorance by saying so. There is as much difference between „Hottentot" and „Boer Dutch" as between „Boer" and High Dutch. We hope this intimation may be the last required" [33]). Inderdaad vreemd om so'n verdediging uit die pen van die *Cradock News* se redakteur te verneem! Maar psigologies is dit nie soseer 'n verweer ten gunste van die Afrikaans van die werkie nie, as van die skrywer self wat dit gebesig het.

Hoe dit sy, neef Klaas het teen die algemene gebruik, teen die algemene gevoel in, op gevaar af van sy saak dalk te benadeel, Afrikaans gebruik, en wel om daarmee ernstige sake te verduidelik en mense te oortuig. Daarom is dit m.i. 'n daad van moed, 'n waagstuk, wat sy oorsprong vind in die man se sin vir werklikheid en dramatiek, sterk genoeg om 'n onbetwiste tradisie te verbreek, om sy eie wette te stel trots alles.

'n Tweede belangrike oorweging is die een wat ek aan die begin van die Inleiding laat deurskemer het. Klaas se Afrikaans is waardig, dit sluit onmiddellik aan by die spraakwerklikheid van die eenvoudige maar aristokratiesgesinde Afrikanerboer met sy hoë besef van verantwoordelikheid. Soms word die dinamiese optrede, bv. van tant Elsie, op romaanse wyse oordrywe, maar ons bevind ons tog in die kring van beskaafde Afrikaners. Hier word „Dopper-Hollands" gepraat en nie „Hottentot-Hollands" nie. Hier is Boere-Afrikaans en nie 'n dialek daarvan nie.

Meurant bespot nie sy karakters hierin nie, maar beeld hulle uit. Hulle kan in die spieël kyk, sonder om verkleineer te voel. Wie hulle is, hierdie hoëlui van die veld, vertel oom Jan Twyfelaar ons self in sy tweede brief aan Klaas, waarin hy die „Dopper"-taal en -kultuur verdedig teen die lawwe geringskatting en bemoddering daarvan deur die valse Jan Twyfelaar (kyk *Brieve*).

Kortom, neef Klaas het beskaafde Afrikaans geskryf. In die opsig van beskaafde Onderveldse Afrikaans soos verteenwoordig in *Zamenspraak* en *Brieve* het hy destyds syns gelyke nie gehad nie. Dit is sy hoë, onverwelklike roem. Hy staan aan die spits.

Met hierdie toon het hy die deugdelikheid van Afrikaans bewys en dit is grootliks die rede van sy invloed op die persliteratuur in Afrikaans. Mense het hulle tot sy taal of voorbeeld aangetrokke gevoel en het hom met geen of minder gees en talent nagevolg.

Ons skryf die koloniale reputasie wat hy verwerf het nie uitsluitlik aan sy beskaafde Afrikaans toe nie, selfs nie eers hoofsaaklik nie. In ander hande en oor dieselfde

onderwerp sou die Afrikaans wellig nie ver gegaan het nie. Die *styl* het die eintlike deurslag gegee en die oorwinning behaal, selfs ten spyte van die taal. Ook in Nederlands gestel sou sy invloed merkwaardig gewees het.

So ook meen ek dat juis die onmiddellike populariteit van die eerste twee bydraes vir ons die eerste Afrikaanse prosawerk gegee het. Die populariteit het die boek gemaak, want Meurant het hom soseer aangemoedig gevoel, dat hy die ander vier samesprake opgestel het, en toe dit eers sover was, het die liga die propagandawaarde daarvan verder uitgebuit deur hulle in pamfletvorm te laat verskyn. As die eerste twee artikels misluk of net matig geluk het, sou ons waarskynlik geen Afrikaanse prosawerk in 1861 gehad het nie. Maar behalwe sy kontraswaarde, is hierdie soort negatiewe spekulasies betekenisloos.

**DIE BRIEVE.**

Die lesers se belangstelling in die afskeidingsvraagstuk was nou, gedeeltelik ten gevolge van die *Zamenspraak*, heel sterk. Dit was 'n logiese konsekwensie om hulle op hoogte van die verloop van sake in die Parlement te hou waar die groot kragmeting sou plaasvind. Trouens, reeds nrs 3, 4 en 6 van die *Zamenspraak* was eintlik *verslae*. Vir die mededelings van die verdere verloop het neef Klaas die briefvorm gekies, sodat hierdie *Brieve* die voortsetting van die *Zamenspraak*, die verslae in dialoogvorm, is.

Die belangstelling was inderdaad groot. Na die afskeidingsbond vergaderings gereël en propagandalektuur versprei het, dus die oortuigingswerk verrig het, het hulle oorgegaan om „memories" te laat teken ten gunste van afskeiding. In die opsig was hulle eweneens besonder bedrywig en het 'n 6,000 naamtekeninge verkry.

Daar was egter twyfel oor die manier waarop sommige oorgehaal is om te „tyken". Uit die Notule van die Gekose Komitee insake die „Constitution Ordinance" haal ek ten bewyse die volgende uit die ondervraging van die handelaar H. G. F. Enslin aan:

Vraag 277: „And what is the feeling of the majority, is it in favour of separation, do you believe?—(antwoord:) I was surprised to see so many memorials from the Eastern Province in favour of separation, because many of the Eastern Province farmers requested me strongly to urge the West to assist them in preventing separation by sending in memorials against it." By vraag 290 oor die toestand in Graaff-Reinet sê hy: „They are against it, as far as I came in contact with them; and where so many memorials in favour of Separation came from, I do not know." By vraag 313: „It has been told me that in some villages in the East, Colesberg and others, such petitions as these lie on the counters of *winkelaars*, and if a man comes in to buy, he asks him: 'Will you not sign this paper? It is against separation, not for separation,' and so the man takes his pen and signs." Tucker van Colesberg het uitdruklik geadverteer dat niemand wat teen afskeiding is by hom hoef te handel nie. Sy winkel het die naam gedra van „Het Afscheiding Kleederen Pakhuis" — kyk advertensie agterin, waar ook gesien word dat Bold Annie Gousblom-Lavendel en Klaas Waarzegger-Haarolie te koop aangebied het.

Alles het meegewerk om belangstelling in die parlementêre verrigtinge oor die kwessie gaande te maak, en so het neef Klaas aan die einde van sy laaste *Zamenspraak* beloof om „ons Doppers" in te lig. Hy sou „ware rapporten" stuur, en die uitslag is 'n negetal briewe. Almal is nie bewaar nie, maar die volgende kan ons met sekerheid postuleer:

*A. Brieve van neef Klaas aan oom Jan Twyfelaar uit Kaapstad.*

| Nr van Brief | Verskyn in H.C.N. | Datum van Brief | In ander Koerante | Afgeskryf van | Uit | Bewyse van datum van Verskyning in *Het Cradocksche Nieuwsblad* (H.C.N.) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | 11 Mei | | Het V. 28 Mei | Dr. Scholtz | H.V. | H.C.N. van 11 Mei nie bewaar nie, maar H.C.N. van 7 Mei sê dat Klaas W. 'n lang brief aan Jan T. uit Kaapstad geskryf het vir H.C.N. van 11 Mei. |
| 2. | 18 Mei | 7 Mei | | Fotostat | H.C.N. | H.C.N. bewaar. |
| 3. | (25 Mei) | — | — | — | | Jan T. vermeld dat hy **drie** briewe van Klaas W. ontvang het; Jan se eerste brief verskyn in H.V. van 2 Jul. en die redakteur sê dit wag al „geruime tijd" op plasing. Hierin verwys oom Jan na neef Klaas se mededeling oor Vrymesselary, wat hy in sy derde brief moes gegee het. Die brief van Klaas is nie bewaar nie. Ook weet ons dat op 1 Junie geen brief van Klaas verskyn het nie — kyk begin van brief van 8 Junie. Dan moes die derde op 25 Mei verskyn het. |
| 4. | (8 Jun.) | | Z.-A. 20 Jun. | Dr. Scholtz | Z.A. | Alle briewe wat deur H.V. en Z.-A. uit H.C.N. oorgeneem is, het ongeveer 14 dae later in hulle verskyn. Vgl. nrs 1, 6. 7, 8 en 9. Aangesien op 1 Junie geen brief in H.C.N. was nie, moet hierdie een uit 8 Junie oorgeneem gewees het. |
| 5. | (15 Jun.) | | — | — | — | Geen bewys dat die brief nie verskyn het nie; en ek meen dat ons mag aanneem dat die gewoonte van weeklikse briewe voortgeset is. Kyk nrs 1, 2, 3 en 6, 7 en 8. |
| 6. | (22 Jun.) | 11 Jun. | H.V. 4 Jul. en Z.-A. 4 Jul. | Dr. Scholtz | H.V. | Datum vir H.C.N. verkry soos vir 4e brief, en tweedens merk ons dat Klaas se briewe 'n 14 dae voor hulle verskyning in H.C.N. kamma geskryf was. Kyk nrs 2, 8 en 9. |
| 7. | (29 Jun.) | 18 Jun. | Z.-A. 11 Jul. | Self afgeskryf | Z.-A. | As datum vir nrs 6 korrek is, lê hierdie datum voor die hand — dit is die eersvolgende weeklikse brief, volgens datum van skrywer en pas in by datum vir nr 8. |
| 8. | 6 Jul. | 25 Jun. | Z.-A. 18 Jul. | Fotostat | H.C.N. | H.C.N. bewaar. |
| | | | | | — | H.C.N. van 13 Julie bewaar — geen brief van Klaas nie. |
| 9. | 20 Jul. | 9 Jul. | H.V. en Z.-A. 1 Aug. | Dr. Scholtz | H.C.N. | H.C.N. bewaar. |

Van hierdie nege briewe is ek seker dat ag verskyn het en het die bewyse daarvoor aangegee. Dit lyk egter taamlik seker dat al nege die lig gesien het. Die datums tussen hakies is afgelei, daar is geen dokumentêre bewyse voorhande vir die gevalle nie. Die gegewens onder die kolom „In ander Koerante" is nie volledig nie, en sluit nie die oorname in vertaalde vorm in Engelse koerante in nie. *H. V.* is as afkorting van *Het Volksblad* bedoel en *Z.-A.* van *De Zuid-Afrikaan*. „Afgeskryf van dr Scholtz" beteken dat die stuk afgeskryf is van die kopie wat dr J. du P. Scholtz daarvan gemaak en goedgunstig tot my beskikking gestel het.

B. *Brieve van oom Jan Twyfelaar aan neef Klaas Waarzegger.*

| Nr van Brief | Verskyn in H.C.N. | Datum van Brief | In ander Koerante | Afgeskryf van | Uit | Bewyse van datum van *Het Cradocksche Nieuwsblad* (H.C.N.) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | (1 Jun.) | „July" | H.V. 2 Jul. | Dr. Scholtz | H.V. | Die datum van H.V. gee geen hulp nie, want die brief het „geruime tijd" op publikasie gewag. Die derde brief van Klaas was waarskynlik op 25 Mei, en hierdie een het as antwoord betrekking op daardie brief. Bowendien was op 1 Junie geen brief van Klaas nie. |
| | Nie uit H.C.N. en nie deur ware Jan T. geskryf nie. | | H.V. 16 Jul. 1861 | Dr. Scholtz | H.V. | Vir bewys van outeurskap, afgesien van afdoende interne bewysgronde, kyk volgende brief. |
| 2. | 27 Jul. | | H.V. 8 Aug. | Dr. Scholtz | H.C.N. | H.C.N. bewaar. Outeurskap vorige brief ontken. |

C. *Brieve van Tante Elsie Twyfelaar.*

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | 12 Jan. | 10 Jan. | — | Eie Afskrif | H.C.N. | H.C.N. bewaar. |
| 2. | 14 Sept. | 12 Sep. | — | Fotostat | H.C.N. | H.C.N. bewaar. |

Tante Elsie lei die reeks briewe in met haar epistel en naskrifte van 10 Januarie 1861 en sy sluit die reeks vir die jaar af (altans, insoverre as ons die bydraes ken). Die

tante praat die eerste en die laaste woord oor afskeiding in 1861 (met voorbehoud gesê, soos hierbo).

Tog is neef Klaas Waarzegger, oom Jan Twyfelaar en die geselserige tante Elsie Twyfelaar maar een en dieselfde Meurant wat al die rolle beset. Hy doen dit oortuigend. As oom Jan sy neef Klaas se drie briewe beantwoord, spreek in sy eie poging 'n ander gesindheid, 'n man wat hom duidelik van Klaas onderskei deur sy uitsigte en insigte. Tante Elsie, die goedige maar oorywerige, ten spyte van haar steek en „Holloway's Pille en Zalf", is haastig en gou klaar, maar darem nie heeltemal klaar nie, sodat sy ons in haar naskrifte die belangrikste nerveus moet meedeel. Ons lag oor haar en vind dat sy vir 'n tydjie die spanning verbreek. Is Meurant besig om sy eie vrou 'n bietjie te pla?

Die briewe van Klaas is sogenaamd uit Kaapstad geskryf, maar in werklikheid is hulle almal in Cradock gepen. Meurant het die koerantverslae blykbaar goed en noukeurig gelees, en met sy persoonlike kennis van Kaapstad, die Kapenaars en Maleise vissers, die Parlementêre prosedure, die toestand van die paaie daar, van die strate en geboue en opslagplase, ens., kon hy die illusie wek dat hy regtig in Kaapstad sit en skrywe.

**INVLOED.**

*a. Vir die Politiek*

Op die onmiddellike politieke sukses van die *Zamenspraak*, veral die eerste twee nommers daarin, is reeds gewys. Hulle het meer gedoen, o.a. in Colesberg, as al die ander koerante tesaam. Op 'n eetmaal gegee ter ere van die lede van die Oostelike Provinsie wat vir afskeiding in die Parlement geveg het, is onder meer 'n heildronk ingestel op die „Cradock Press and Klaas Waarzegger" en toe is deur die voorsteller gesê: „I believe the press of Cradock (t.w. die *Cradock News* en *H.C.N.*) and the clever letters of Klaas have done more to give our Country friends a true insight into the Separation Question than any other agency" [34].

Die invloed het in hierdie verband hoofsaaklik van die inhoud, die strekking, afgehang. Net so het die *Brieve*, deels om hul inhoud, harte verower. Met genoegdoening getuig *H.C.N.* dan op 13 Julie 1861: „wy vernemen dat de brieven van onzen vriend Klaas Waarzegger veel byval gevonden hebben, van de Kaapstad tot in den Vrijstaat. *Al de Hollandsche Nieuwsbladen* (my kursivering), t.w. Zuid-Afrikaan, Volksblad, Grensblad, Boerevriend, hebben ze overgenomen en byna al de Engelsche nieuwsbladen ze vertaald. Wat zegt men nu van onzen Dopper? Men zegt dat Klaas iets in den kop heeft dat de Afscheiding grootelyks zal bevorderen, en hetwelk hy in het licht geven zal by zyne terugkomst van de Kaapstad." Klaas het nou al 'n groot naam gehad, en sy stukke is dus gretig oorgeneem. Te oordele na die byval wat die briewe in die koerante gehad het, was hulle meer gewild as die *Zamenspraak*. Die impuls het nou ook tot buitekant die Kaapkoloniale grense gegaan en het baie ander penne in beweging gebring, veral oor politieke en ander landsaangeleenthede. Hier is die invloed wat die voortbrengsels van neef Klaas om die *inhoud* en *strekking* gehad het, dus baie duidelik.

Dit sal egter besye die waarheid wees om aan te neem dat die gedagtes oor so'n betwisbare saak as in die *Zamenspraak* en *Brieve* uitgedruk, orals ingang gevind het. Verset het gekom, en wel om verskeie redes. C. N. J. du Plessis klae op banale wyse dat hy, soos ander, van die verdagmakery van Klaas Waarzegger en Kie „al zat is en buikvol" [35]). Die naam van Jan Twyfelaar word deur Piet Welgemoed (in het Westen) verander tot Jan Jabroer [36]), en Jan Liberaal begin sy brief teen neef Klaas, vir wie hy met netjiese argumente aanval, met die woorde: „Uit uw vroeger verschenen zamenspraak ben ik verpligt uwe namen te veranderen en wel die van *Twijfelaar* in *Ligtgeloovige* en die van *Waarzegger* in die van *Leugenaar* . . ." [37]). Let verder op die byskrifte van *Het Volksblad*, waarvan ons 'n paar by sommige briewe gee. Dit was wel vir die meeste duidelik dat die stem die van Jakop

was, al was die hande die van Esau. Neef Klaas hou sy lyf „Dopper", maar sy hart is verkeerd.

Wat die politieke doelstelling betref kan ons vry beweer dat neef Klaas, om een van sy eie beelde te gebruik, 'n knap skoot geskiet het. Dit was mooi in die kol.

*b. Vir ons Taal.*

Meurant het egter sy grootste sukses behaal waar hy dit allermins bedoel het. In die grond van die saak was dit geensins sy plan om die Afrikaanse volksgedagte te dien nie — inteendeel. Hy was deur-en-deur 'n lojale imperialis, en het met takt, maar alle besilstheid sy talente aan hierdie ideaal gewy. Hy het genoeg gedoen om te dink dat dit net billik sou wees om hom met 'n eretitel te huldig, altans, volgens die *Cape Argus* in sy doodsberig laat deurskemer, het hy die miskenning in die opsig baie gevoel. „It has been whispered that the Hon. Gentleman was under the impression that, whilst other good men received titular reward for their works, he had been somewhat neglected" [38]).

Dat deur sy optrede 'n egte beweging aan die gang gesit is om Afrikaans ook vir ernstige dinge skriftelik te gebruik, was bepaald nie sy bedoeling nie. Dan is die oplewing wat gevolg het te sien as 'n grap van die noodlot, as ironies, 'n gelukkige ongeluk [39]). Want Meurant is die vader van die eerste fase in ons geskiedenis waarin Afrikaans veelvuldig en doelbewus tot die draer van gedagte verhef is. Nie net vir hom het hy 'n landswye reputasie verwerf nie, maar sy vlotte, vloeiende Afrikaans met 'n bepaald beskaafde klank, het aan die sukses deel gehad. Hy het die aandag op die deugdelikheid van die spreektaal in skriftelike aanwending so sterk gevestig, onbedoel waarskynlik, dat dit tot navolging uitgelok het.

Die politieke invloed van die pennevrugte van Meurant in Afrikaans was kortstondig, omdat die belangstelling in die afskeidingsbeweging langsamerhand gekwyn het, maar die nawerking van die voortbrengsels op ons *taal* was langdurig. Ek bring 'n uitlating van C. P. Hoogenhout 'n twaalf jaar later hier in herinnering om te verduidelik hoe

die gedagte aan neef Klaas Waarzegger lewendig gebly het: nie om sy politieke betekenis nie, maar om sy taalvorm en sy meeslepende, opgewekte styl. Hy sê: „Onder mijn skrijwe denk ek soo aan de briewe van „Klaas Waarzegger" wat omtrent 12 jaar geleden in die koerante was. Die skrijwer daarvan mot een verstandige kerel gewees heb, want hij kan et nie beter aangeleg het nie, om te seh wat hij wou seh, dan in die eige taal van Afrika. Dinge wat kort gelede gebeur is het die mense al vergeet al; maar praat ower „Klaas Waarzegger" en daadlik begin hulle te lag; hulle kan hom nie vergeet nie" [40]). C. P. Hoogenhout het dan ook vir hom die skuilnaam *Klaas Waarzegger Jnr.* gekies — geen geringe kompliment nie. Terloops merk ons nog hoe diep die gevoel vir die *taal* by Hoogenhout was, gans anders as in die verdedigings wat in die Cradockse pers van ons taal gegee was wanneer hulle dit teen aanvalle wou beskerm — maar eintlik die skrywer beskerm het.

Hier in die aanhaling val die aksent, wat die populariteit verklaar, nie op die inhoud van die stukke van Klaas nie, maar op die *literêre funksie* van die bydraes, op die stylgenot. Juis hierdie, die duursaamste waarde, het keer op keer die beste Hollandse blaaie, soos *Het Volksblad* (die belangrikste) en *De Zuid-Afrikaan* laat besluit om die stukke in hul geheel of soveel daarvan as moontlik was, oor te neem, selfs al was die strekking daarvan teen hul verklaarde beleid oor die saak van afskeiding. Soms het hulle met betrekking hiertoe net 'n vergoeilikende aanmerking oor die „ongerijmdheden" gemaak, net die angel uitgetrek, en die briewe dan geplaas „uit aanmerking van den bijval welken de vorige ontmoet hebben . . ."

Die gewildheid van die *Brieve* is definitief nie te wyte aan hul verbondenheid met die *Zamenspraak* in die persoon van die skrywer en in die verwantskap in onderwerp nie. Hulle straal met 'n eie glans en was populêr om hul eie voortreflikheid, want hulle staan nie net langs die *Zamenspraak* nie, maar literêr 'n hele ent daarbo. Hierin

is Meurant as neef Klaas of oom Jan *alleen* aan die woord en hy gee homself vry-teuels. Hy is lief vir gesels en haas hom gladnie; onmerkbaar kom hy op koers en dan vloei sy verhaal so natuurlik soos water uit 'n bergkrans.

Met sy nugtere kyk en praktiese sin laat hy ons die dinge in ons gees oproep. So *kan* 'n Dopper die dinge sien en voel: ons word gegryp deur die frisse realisme, die plooibare beeldinge en die warme menslikheid. Graag praat hy oor homself, maar so dat sy innerlike karakter skerp afgelyn staan teen die gebeurtenisse: dink hoe hy sy Dopperpak tydelik vervang, dink aan sy afkeur van die visgeure en die Kapenaars, sy onthaal op die Goewerneurlike eetmaal en die misstappe met die heildronke, e.d.m. Voor ons staan 'n *mens* met sy ryke en rype persoonlikheid, vol tragiek en humor, vry en gebonde, maar altyd merkwaardig en interessant.

Om hierdie karakter weef Meurant sy verslae, en *in* hom word hulle tot 'n eenheid gebind. Per slot van sake word ons belangstelling ongemerk oorgeplaas van die verslag op die verslaggewer. *Hy* vang ons, sodat ons meegevoer word deur die genot van sy stem en beelding, waarin hy homself gee. Die propaganda is vergeet! In die kunstenaar het die politikus ondergegaan.

Ons prosa begin met 'n heerlike belofte, ja, ten spyte van alles.

Net soos sy stukke oorgeneem is, is hulle ook nagevolg. Uit 'n lys wat dr J. du P. Scholtz tot my beskikking gestel het, neem ek die volgende oor met ander rangskikking:

1. **Klaas Waarzegger se stukke oorgeneem, of 'n skrywery daaroor:**

(Op 4 en 11 Desember 1860 het die eerste twee artikels in die *Cradock News* verskyn):

1860: Des. 15: Nr 1, Onze Bezwaren — Het Kaapsche Grensblad.

22: Vervolg van voorgaande, — H. Kaapsche Grensblad.

| | | |
|---|---|---|
| | 27: | Nr 2 van Zamenspraak — Het Volksblad. |
| | 29: | Nr 1 van Zamenspraak (vervolg) — Kaapsche Grensblad. |
| 1861: Jan. | 5: | Nr 2 van Zamenspraak — Het Kaapsche Grensblad. |
| | 12: | Vervolg van voorgaande — Het Kaapsche Grensblad. |
| | 12: | Nr 3 van Zamenspraak — Het Cradocksche Nieuwsblad. |
| | 19: | Nr 4 van Zamenspraak — Het Cradocksche Nieuwsblad. |
| | 24: | Nieuwjaars Wensch Aan Oom Jan Twijfelaar en Neef Klaas Waarzegger (brief in Nederlands met naskrif in Afrikaans) — Het Volksblad. |
| | 26: | Piet Welgemoed (in het Westen) aan Jan Twijfelaar (in het Oosten): brief in Afrikaans — Het Volksblad. |
| | 26: | Het Nieuwe Afscheidings Lied genaamd Theunis Ezelsvley. — Het Cradocksche Nieuwsblad. |
| Feb. | 7: | Het Nieuwe Afscheidingslied — Het Volksblad. |
| | 16: | Het Nieuwe Afscheidings Lied — Het Kaapsche Grensblad. |
| | 21: | Nr 5 van Zamenspraak — De Zuid-Afrikaan. |
| Mrt. | 9: | Opmerkinge oor taal van neef Klaas — Het Cradocksche Nieuwsblad. |
| Apr. | 6: | Zamenspraak verskyn as boek — Het Cradocksche Nieuwsblad. |
| Mei | 18: | 2de Brief van Klaas Waarzegger — Het Cradocksche Nieuwsblad. |
| | 28: | 1ste Brief van Klaas Waarzegger — Het Volksblad. |
| Jun. | 20: | 4de Brief van Klaas Waarzegger — De Zuid-Afrikaan. |

| | | |
|---|---|---|
| | 27: | 1ste Brief van Jan Twijfelaar — De Zuid-Afrikaan. |
| Jul. | 2: | 1ste Brief van Jan Twijfelaar — Het Volksblad. |
| | 4: | 6de Brief van Klaas Waarzegger — De Zuid-Afrikaan. |
| | 4: | 6de Brief van Klaas Waarzegger — Het Volksblad. |
| | 6: | 8ste Brief van Klaas Waarzegger — Het Cradocksche Nieuwsblad. |
| | 11: | 7de Brief van Klaas Waarzegger — De Zuid-Afrikaan. |
| | 16: | Brief van pseudo-Jan Twyfelaar — Het Volksblad. |
| | 20: | 9de Brief van Klaas Waarzegger — Het Cradocksche Nieuwsblad. |
| | 27: | 2de Brief van Jan Twyfelaar — Het Cradocksche Nieuwsblad. |
| Aug. | 1: | 9de Brief van Klaas Waarzegger — Het Volksblad. |
| | 1: | 9de Brief van Klaas Waarzegger — De Zuid-Afrikaan. |
| Sep. | 14: | 2de Brief van Elsie Twyfelaar — Het Cradocksche Nieuwsblad. |

2. **Enige stukke van ander Waarzeggers of Twyfelaars.**

| | | |
|---|---|---|
| 1861: Aug. | 23: | Brief van Klaas Waarzegger, Klaass Zoon aan Klaass Waarzegger de Oude — The Friend of the Free State, afgekort tot The Friend. |
| | 30: | 'n Tweede brief van dieselfde — The Friend. |
| Sep. | 6: | Brief van Klaassie aan sy neef Klaas Waarzegger de Jonge. |
| | 20: | Brief aan Klaass Waarzegger, K. Zn., uit die Kaapkolonie — The Friend. |
| Okt. | 25: | Brief teen Klaas Waarzegger, K. Zn. — The Friend. |

25: Briefie van Klaas Waarzegger, K. Zn. — The Friend.
Nov. 1: Brief van Klaas Waarzegger, K. Zn., aan twee teenstanders — The Friend.
Des. 6: Brief teen Klaas Waarzegger, K. Zn. — The Friend.
20: Brief van Klaas Waarzegger, K. Zn., teen sy aanvallers — The Friend.
27: Brief van Klaas Waarzegger, K. Zn. aan Klaas Waarzegger de Oude — The Friend.
1862: Jan. 3: Brief van Klaas Waarzegger, de Ware Jacob.
Feb. 14: Briefie van Klaas Waarzegger, K. Zn. — The Friend.
14: Uit 'n brief van 'n reisiger: „Met myn reis vraag de mensche veel waarom schryf Klaas Waarzegger niet meer, is hy dood? Ik geloof waarlyk als K.W. zou een Courant laten druk onder de titel Klaas Waarzeggers Courant, dan zou veel mense inteekenen. De mense zeg van dat K.W. schryf is het plezierig om de Vriend te leesen." — The Friend. Hier word K.W., K. Zn. bedoel.
1863: Okt. 23: Brief aan Klein Klaas Waarzegger — The Friend.
23: Brief van Klaas Waarzegger, K. Zn. — The Friend.
Des. 11: Gesprek tussen Klaas Waarzegger en 'n ander — The Friend.
1864: Mrt. 18: Brief van Klaas Waarzegger, K. Zn. Daarin: „Vaayer will my nie meer schryf nie in de kourant, de ouw is zekere kwaad om dat Jan Rap en zyn maat almaal in de kourant schryf onder Vaayers zyn naam, en allerhande Ellendige Bog, en daarom het de ouw Dopper opgehouw." — The Friend.

19: Brief van Jan Twijfelaar aan Klaas Waarzegger, Sr., uit Georgestad — Het Volksblad.

Apr. 9: Brief van Jan Twijfelaar aan Klaas Waarzegger, uit Georgestad — Het Volksblad.

Mei 19: Brief van Jan Twijfelaar aan Klaas Waarzegger, uit die distrik Hoopstad — Het Volksblad.

Jun. 23: Brief van Jan Twijfelaar aan Klaas Waarzegger — Het Volksblad.

28: Brief van Jan Twijfelaar aan Klaas Waarzegger — Het Volksblad.

Des. 20: Brief van Gert Waarzegger aan Klaas Waarzegger — The Colesberg Advertiser.

1865: Feb. 14: Briefie van Gert Waarzegger — The Colesberg Advertiser.

Mrt. 10: Briefie van Klaas Waarzegger, K. Zn. — The Friend.

25: Brief van Jan Twyfelaar aan Klaas Waarzegger — The Colesberg Advertiser.

Apr. 6: Brief van Jan Twijfelaar aan Klaas Waarzegger, uit die distrik Hope Town — Het Volksblad.

11: Brief van Jan Twijfelaar aan Klaas Waarzegger, uit die distrik Hope Town — Het Volksblad.

1866: Jan. 12: Samespraak tussen Klaas Waarzegger en 'n ander — The Friend.

Feb. 2: „Ieder een schrijf in u krant onder mijn naam, Klaas Waarzegger, en partykeer zo regt dom dat ik mij schaam. Zeg als u blief hulle moet uitschei of de drommel zal hulle haal. Als hulle wil schrijf, laat hulle het dan onder hulle eigen naam doen, maar niet onder de naamteken van KLAAS, DE WARE JAKOB. — The Friend.

6: Briefie van Gert Waarzegger — The Colesberg Adv.
Apr. 10: Briefie van Jan Twyfelaar, J. Zn. — The Colesberg Advertiser.
24: Briefie van Gert Waarzegger — The Colesberg Adv.
Mei 1: Brief van G. Waarzegger — The Colesberg Advertiser.
Jun. 25: Brief van Piet Waarzegger, Klaas Soon — De Boerenvriend.
Jul. 2: Brief van Piet Waarzegger, Klaas Soon — De Boerenvriend.
Sep. 1: Briefie van Klaas Waarzegger — The Colesberg Adv.
29: Dieselfde.
8: Bydrae van Klaas Waarzegger — The Colesberg Advertiser.
1867: Feb. 25: Samesprakie van Klaas Waarsear — De Boerenvriend.
1868: Sep. 25: Brief van Klaas Waarzegger uit Robertson — De Worcestersche Courant.
Des. 25: Dieselfde.

Blykens hierdie (baie onvolledige) lysie het Klaas Waarzegger se stukke navolging uitgelok wat taal, vorm (brief en samespraak) en selfs naam betref. Natuurlik is die brief- en dialoogvorm reeds vroeër in Afrikaanse stukke gebruik, maar neef Klaas se voorbeeld het dit beslis weer nuwe lewe ingeblaas. Net so het hy die impuls gegee vir die gebruikmaking van die Afrikaanse taal, besonderlik in die Vrystaat met die *Friend* as mondstuk. Voordat Klaas Waarzegger K. Zn daarin debuteer, verneem ons reeds van P. Gedult: „Ik was altyd bang gewees om in de krant te schryf, maar nou dat ik gezien het, dat Klaas Waarzegger ook in de krant schryf, wil ik tog ook perbeer om de mense te laat hoor, hoe dat het in ons arme verlate dorp Harrismit gaat . . . ." (9 Aug. 1861) [41]).

Ook die vleiende, sprekende naam *Klaas Waarzegger* het diep ingang gevind. Daarom is selfs 'n hele familie-

kring opgebou. Ons eie neef Klaas, die eggenoot van nig Saartje, het in *The Friend* 'n seun, Klaas Waarzegger, Klaas(s) Zoon, wat sy vader *De Oude* noem. In *Het Volksblad* lees ons van *Klaas Waarzegger Sr*, dan is daar nog *Klaassie, Klein Klaas* en *Klaas Waarzegger de Jonge*. Dit word selfs heel plat op een plek *Klaas Waarsear*. Naas die ou stamnaam groei ook nog op *Piet* en *Gert* Waarzegger. Om die baie Klaase te onderskei moes byname dus noodwendig in gebruik kom, en een neef Klaas gee homself onderskeidenderwyse die toenaam *De Ware Jakob*.

Maar wie eers eenmaal aan hierdie familie behoort, skrywe *Afrikaans*, net soos al die Twyfelaars. So werk neef Klaas se invloed deur, selfs nadat dit nie meer *direk* was nie en hy al geswyg het.

Nog van 'n ander gesigspunt kan ten slotte neef Klaas se invloed treffend begryplik gemaak word. Dit is nooit moontlik om 'n persoon se besieling vir ander kwantitatief na te gaan nie. Hier moet ons 'n dinamiese maatstaf gebruik, m.a.w. dit is nie soseer die vraag *hoeveel* mense deur neef Klaas besiel is nie, as wel die feit *dat* hy hulle besiel het, dat hy 'n mode gemaak het (dink aan die Anna Gousblom-Laventel en Klaas Waarzegger-Haarolie!), dus dat hy die beginpunt en stuwende krag van 'n oplewing was — ook al was dit nie so bedoel nie. In soverre as wat kwantiteite *dit* veropenbaar, is hul waarde nie te misken nie. Hoeveelhede kan die dinamiek kenbaar maak. En daarom gee ek uit dr Scholtz se lys 'n sprekende uittreksel, sonder om daarmee presies te sê dat al die gevalle direk onder Klaas se aantrekkingskrag staan. Wat wel beweer word, is dat die volgende gegewens aan die lig bring hoe sterk die stroom Afrikaanse geskrifte sedert 1861 gevloei het, 'n feit wat des te meer aan betekenis win as onthou word hoe dit in die tyd hieraan voorafgaande 'n soort rariteit was om iets in die Afrikaanse taalvorm te sien en dan was dit in die reël „dialekties." Verder moet ons nog daarmee rekening hou — soos ons herhaaldelik van redaksionele kant in *Het Volksblad* lees — dat baie van die ingesonde bydraes in Afrikaans om een of

ander rede nie altyd geplaas kon word nie en dat die produksie dus werklik groter was as ons uit die koerante opgeteken het. Bowendien beperk die lys hom net tot die koerante van Kaapland met insluiting van *The Friend*, terwyl ons weet dat die invloed ook tot die Vrystaat se ander tydskrifte uitgedein het en die Transvaal nie onberoerd gebly het nie.

*De Zuid-Afrikaan*

1861: Tussen 21 Feb. en 26 Sep. is sewe stukke uit *Het Cradocksche Nieuwsblad* oorgeneem. Op 11 Julie verskyn 'n oorspronklike brief uit Piketberg.

1862: In elf nommers stukkies in Afrikaans.

1863: In ses nommers stukke in Afrikaans.

1864: In elf nommers belangrike stukke in Afrikaans. Op 28 Apr., 23 Jun., 4 Aug., 3 Okt., 17 Nov. en 1 Des. briewe van Jantje Eenvoudig.

1865: In ag nommers briewe in Afrikaans. Op 12 Jan. die laaste brief van Jantje Eenvoudig.

1866: Niks.

1867: In drie nommers stukke in Afrikaans.

1868: Niks.

1869: Niks.

1870: In vier nommers stukke in Afrikaans, daaronder drie lang briewe van Jan Pie de Wiet.

1871: Lang brief in 19 Jan.

*Het Volksblad*

1860: Gedeelte van die samespraak van Klaas Waarzegger oorgeneem uit *The Cradock News*.

1861: In tien nommers stukke in Afrikaans.

1862: In drie nommers briewe in Afrikaans.

1863: In sewentien nommers stukke in Afrikaans.

1864: In ag-en-twintig nommers stukkies in Afrikaans.

1865: In agtien nommers stukkies in Afrikaans.

1866: In sewe nommers stukkies in Afrikaans.

1867: In vyftien nommers stukkies in Afrikaans.

1868: In tien nommers stukkies in Afrikaans. Belangwekkende samespraak op 29 Okt.

1869: In ses nommers stukkies in Afrikaans.

1870: In ses-en-veertig nommers stukke in Afrikaans. Op 13 Jan. verskyn die eerste twee briewe van Samuel Zwaartman, die 23e op 4 Aug. *Klaas Gezwint zijn Paert* word op 19 Julie afgedruk.

1871: In twee-en-twintig nommers stukke in Afrikaans, daaronder Samuel Zwaartman se *Kaapsche Schetsen*.

1872: In veertien nommers stukkies in Afrikaans; in die uitgawe van 6 Julie kom *Gert Beijers* voor.

1873: In nege-en-twintig nommers stukkies in Afrikaans, *Die Steveltjes van Sannie* op 29 Nov.

1874: In elf nommers stukkies in Afrikaans.

1875: In ses-en-twintig nommers stukkies in Afrikaans.

*De Worcestersche Courant*

1865: In een nommer Afrikaanse brief.

1866: In vier nommers Afrikaanse briewe.

1867: In elf nommers stukkies in Afrikaans.

1868: In dertien nommers stukkies in Afrikaans.

1869: In vier nommers stukkies in Afrikaans.

*The Beaufort Courier*

1870: In negentien nommers stukkies in Afrikaans.

1871: In een nommer briefie in Afrikaans.

1872: In drie nommers stukkies in Afrikaans.

*De Boerenvriend*

1866: In ses nommers stukkies in Afrikaans.

1867: In sewe nommers stukkies in Afrikaans.

1868: In ses nommers stukkies in Afrikaans.

1869: In twee nommers stukkies in Afrikaans.

1870: In een nommer brief in Afrikaans.

*The Overberg Courant*

1863: In twee nommers stukke in Afrikaans.

1864: In twee nommers stukke in Afrikaans.

*The Graaff-Reinet Advertiser*

1863: In een nommer stuk in Afrikaans.

1864: In ses nommers stukkies in Afrikaans.

*The Burghersdorp Gazette*

1861: In vier nommers stukke in Afrikaans.

1869—1875: In dertig nommers stukke in Afrikaans, meestal oorgeneem uit ander koerante, daaronder Dopper Joris en zijne Zijltje, Klaas Gezwint en zyn Paert, Die Steveltjes van Sannie en die Afrikaanse Volkslied van Ware Afrikaner.

*The Colesberg Advertiser*

1861: In een nommer stuk in Afrikaans.

1864: In vyf nommers stukkies in Afrikaans.

1865: In drie nommers stukke in Afrikaans.

1866: In vier nommers stukke in Afrikaans.

1867—1870: In sewe nommers stukkies in Afrikaans.

*De Volksvriend*

1863 tot 1869: In vyf nommers stukke in Afrikaans, meestal oorgeneem.

*The Friend of the Free State*

1861: In sestien nommers stukke in Afrikaans. Die eerste oorspronklike brief verskyn op 9 Augustus.

1862: In twee nommers stukke in Afrikaans.

1863: In twaalf nommers stukke in Afrikaans.

1864: In tien nommers stukke in Afrikaans.

1865 e.v.: voortdurend stukke in Afrikaans.

Ons vermeld nog hier dat neef Klaas ook 'n gedig, *Het Nieuwe Afscheidings Lied*, geskryf het. Behalwe dat dit oorgeneem was, het dit in invloed onvrugbaar gebly — heel verstaanbaar ook, want neef Klaas het geen liriese talent nie en bring sulke offers aan die rymgod dat hy met die oog daarop sy taal, die natuurlike, trippelende Afrikaans van hom, snaakse sintaktiese toere laat uitvoer en die hele ding met die verstand inmekaargepas het.

Hierdie *Lied* is 'n Afrikaanse poging, net soos dit geskied het met 'n ander tema in *Kaatje Kekkelbek*, om die destyds besonder populêre *The Three Taylors of Tooley Street* by die strydvraag van afskeiding aan te pas en gesing te laat word — nou met propagandistiese oogmerke; daarom is die wysies ook aangegee. (Vgl. *Graaff-Reinet Herald* van 2 Feb. 1861).

**Oor die Taal van die Zamenspraak meer in die Besonder.**

Neef Klaas is die grootste en produktiefste gebruiker van geskrewe Afrikaans sover. Sy een groot moeilikheid was nou om 'n bevredigende spelling te vind. Immers, Afrikaans is anders as Nederlands en stel sy eie eise, ook in die skriftelike versigbaring van die gesproke taal met sy afwyking.

**DIE SPELLING.**

Klaas Waarzegger het hom vanselfsprekend dadelik by die Nederlandse skryftradisie aangesluit. Hy was in hoofsaak behoudend. Sy pad moes hy eers voel en langsamerhand het daar meer vastigheid gekom, al was daar geen duidelike beginsels wat hy toegepas het nie. Hy het maar los en vas gespel, nou verkies hy die teken, en dan weer in presies 'n parallelle geval 'n ander teken, sodat dit wemel van moontlikhede en gebruike op 'n onoordeelkundige wyse deurmekaar geskommel. Hy spel maar op goed geluk af, sodat ons in die grond van die saak 'n stelsel het sonder enige stelsel.

Ons som 'n paar van die belangrikste wisselinge op:

*d/t*: *blat* (van die begin af); *gelt/geld; op strant; goet/goed; reets; 'n heele ent, vri(e)nt/d, ens.* Waar die verboë vorme verskyn, word die *d* deurgaans gebruik, behalwe in die gevalle waar dit oorgegaan het bv. vriende; maar naas goede in die formule *goede morge* staan goe*y*e en goe*i*e. Die verlede deelwoord toon 'n onvaste gebruik van *d* en *t*, veral na 'n *l*, *n* of *r*.

*d/dt*: *wordt/word* in die derde pers. enk. teenw. tyd.

*g/gt*: *reg/regt; mag/magt.*

*s/st*: *west; eerst/eers; vermors/vermorst* (albei verl. deelw.)

*sch/sk*: *schofte/skofte; schryf; schaap; geskrik/schrik; skoene; uitschel/uitskel;* en aan die slot van die word: *trotsch; mensche/mense* (veral later); *Engelsche/Engelse;* en *tusschen/tussen.*

*ch/g*: *toch/tog,* albei as voegw.; *achter/agter,* en konsekwent *christe*(mense).

*z/s*: *segge* van die begin af; *Waarzegger* deurgaans; *zoo,* selde *soo* (op p. 36 die eerste keer); *zien/*sien (eerste keer op p. 17); *zal; zyn; Onze/onse; zes; duizend,* ens. Die spelling met *z* oorweeg verreweg, selde kom *s* daarlanges voor.

*slot-w*: *nouw,* meestal *nou,* ook *nu* in formules (*nu en dan*); *houw/hou; vrouw; gouw/gou; weduw-naar/wedu-vrouwens* (p. 24), altyd *jou;* eenkeer *blaauwe* (p. 60). *W* verskyn ook as oorgangsklank: *ouwe/oude; ouwer, gouwe/goude.*

*ts/s*: *plaatse/plaase; laatste/laaste.*

*t/th*: *tuis/thuis.*

So wissel die fonetiese, analogiese en historiese beginsels mekaar in dieselfde woord en op dieselfde bladsy na believe af, maar die sterkste beginsel is by hom wel die historiese. Ons kry bv. konsekwent: *brieve; oplever, liever; Wetgevende,* ens. Die *c*-teken word ook vryelik gebruik (*medecyne, com(mi)tte(e); districte/distrikte; Provincie; precies/percies; noticie,* maar *Sentrale*) en soms die *x* (*niks/nix; agterbaks/agterbax*) terwyl die Nederlandse klankwaarde moet geld in die spelling: *erfportie, natie, Separatie, Sukkelatie,* e.d. in die sin dat die *tie* as *sie* moet uitgespreek word.

By die klinkers en tweeklanke het ons dieselfde stand van sake.

*aa/ee*: (voor *r* plus konsonant) *waard/de moeite wert/niks werdig; paarde wagen/te pert/trekpeerde; onregtvaardigheid, de Perl.*

*ee/eu*: In die begin het hy altoos *veel*, *speel*, en selfs *afkeur* (snw.) geskryf, maar op bls. 29 verskyn reeds *speul*, op 32 *teugen*, ens. as wisselvorme.

*ei/y*: *alby* en *dikvlys* dwarsdeur; daarlanges *gestrei*, andersins die Nederlandse tradisie.

*ij/y*: Die Engels-bestuurde *Het Cradocksche Nieuwsblad* het omtrent deurgaans *y* vir *ij* gebesig, en dit is, wat die Klaas-stukke betref, ook oorgeneem deur die *Het Volksblad* en *De Zuid-Afrikaan*, hoewel nie konsekwent nie.

*y/i*: *mooy/mooi; koeye; eyers; vley, schuyf.*

Ons noem nog die absolute willekeur wat daar in die aanduiding van lang klinkerklanke in oop lettergrepe heers, bv. *Kaapenaars/Kapenaars; schaape/schape; daarme/mee/mêê; lawai; Setlars* (p. 17)/*Setlaars; dure; noodig; zoo; alle jare te betale.*

Die spelling van vreemde woorde is net so slordig. Ons kry van *Goewerneur* die volgende poginge: *Gouverneur, Gofferneur;* van *Goewerment*: *Gouwerment, Gofferment, Goffernement, Goffernment.* Die drie laaste (jonger) poginge is waarskynlik die naaste aan die werklike uitspraak. Die meeste vreemde name en byna alle vanne word ver-afrikaans: *Kweenstad, King Wilemstown* (een keer), *Graffernet, O(o)rtlip, Kit, Skanle, Tukker, Koeper, Wippenaar, Maldiets, Theunisse*, en in die *Brieve* verskyn *Hôtel d'Europe* as *Ottel van Stroop.*

Skeibare werkwoorde word met *te* aaneen geskrywe: *aftekeer, optepas, voortestel;* maar lang of minder vaste samestellinge word selde aanmekaar geskrywe.

Om saam te vat: Klaas het hom enersyds na die gesproke woord gerig, maar andersyds vasgehou aan die Nederlandse skryftradisie. Dit het moeilikhede meegebring, en spoedig was alles in die harwar. Ons het aan die een kant: *perbeer, percies, aspres, kommedeer, harslag, Afferkaanders, krante, karante, as, rabelse/rabbelse* (pp. 52 en 67), *bahaai, baboulie, Detsember, tyken, roesie,*

*affering*, ens., en aan die ander kant: *een* (onbepaalde lidwoord), *vogel, over, bovenop, jaar voor jaar* (net een keer *ver*, p. 66), *savonds, door te segge, tegen, mijnheer, kourant, fatsoenlyk, Afrikaanders, als, nieuwe*, e.d.m.

En daartussen volslae willekeur.

Tog meen ons dat daar 'n ligte evolusie te bespeur is in die ritging van konsekwenter verafrikaansing met die winning van meerdere oefening. In die sesde samespraak lees ons bv. *ver* vir *voor*, of *sommaar* vir die vroeër konsekwente *zoo maar, almaal*, vroeër *allemaal*, en *ertappel*.

**KLANKLEER.**

Afgaande op die spelling van neef Klaas kan alleen met die grootste omsigtigheid gevolgtrekkinge oor die klankleer gemaak word. Spelling is 'n arbitrêre aanduiding van klanke, temeer nog by hom; mag ons bv. van *over* of *boven* iets aflei?

Dan vat ek my taak ook nie so op om 'n beskrywende klankleer van Klaas Waarzegger se Afrikaans te gee nie, — ek wil net 'n paar tekenende sake na vore bring.

Ons tref hier baie prosesse aan wat in afwyking van standaard-Nederlands besig is om hulle te voltrek of wat reeds afgeloop is, of ons het nog verskeie reste van die ou Nederlandse volkstaal soos *tyken, Detsember, roesie, kin* vir *ken, kon* as imperfek van *ken, aspres, perbeer*, ens.

Die invloed van die aksentwerking kan ons speur in sinkopeë soos: *gloofbare mense; krant;* — in enklitiese formasies soos verteenwoordig deur *nix, dats/dat's, nets* en *nets zoo* (almal in Nedl. aanwesig) maar blykbaar nog nie *dis, nes* of *soos* (wel *zoo as*, p. 19). *Asseblief* is algemeen en verdowwings en omsettings soos in *heeltemal, kommedeer, kompelment, Afferkaanders* blykbaar eweneens. *Daarom* vir *darem* verteenwoordig miskien 'n voller klank as wat die woord vandag besit, en dalk *een* vir ons *'n*. Die palatalisering, soos ons aflei van die voorbeeld *affering*, was waarskynlik voltrokke, altans in neef Klaas se buurt.

Opvallend is die neiging na die *a*-klank in die woorde *rab(b)else; bahaai; babejaan* en *ma(l)kaar*. *Paaiboelie* ont-

moet ons as *baboulie*. Konsekwent verskyn *denk* en *breng*, ook in afleidinge en samestellinge; en ook tref ons *mos* alleen aan.

Die intervokaliese *g* met klem op die voorgaande lettergreep word deurgaans geskryf, bv. *eige*, *wege*, *ooge*, *hooge*, *mogelyk*, *brugge* — waar dit waarskynlik nie spiranties nie, maar as 'n stemhebbende klapper uitgespreek was, terwyl die frikatiewe element miskien oorheers het in: goede mor*g*e; vo*g*el, koe*g*el. In die twee laaste voorbeelde hou hy moontlik net aan die skryfgewoonte vas. In werkwoorde wat in Nederlands op *g* in die stam uitgaan, was die *g* as frikatief in die uitspraak nog gehoor (ik se*g*, hy vraa*g*, ons le*g*).

Ook die slot-*f* van werkwoordelike stamme was toe nog aktief (bly*f*, gee*f*), maar te oordele na die een geval van *moet afbly* (bls. 19) was die proses van verstomming al toe aan die gang in die Oostelike binnelande, net soos dit voltrokke was in alle infinitief- en daarvan afgeleide vorme van verbale *d*-stamme (*te sny*, *zal bestee*, *moet deurry*, *ik hou niet van scheije*). Dit was blykbaar nog in oorgang bevange by byv. nwde en snwde in intervokaliese posisie met voorafgaande klem, bv. *goeye/goeije/goede morge; goude ponde; ouwe; zye beursie*, *roodbont*. Die gewone, daagliks-gebruikte woorde toon die sinkopie-en-vergoeding suiwer, en slegs die minder-gewone of tot formule geworde frases wys nog op die ou dae of ons hier met oorgeërfde neiginge of gelyke ontwikkeling te doen het, sal nie maklik afdoende bewys kan word nie.

Ons vermeld nog die vorme: enkel*d*e, eige*n*e, dubbel*t*je, een begin*d*er, ma*n*keer, na buite*n*kant gaan, e.d. met hul inlassings in vergelyking met hedendaagse beskaafde Afrikaans, en andersyds met uitstotings: *uitlanse ramme*, *harslag*, *hanslam*, *rat* vir *rats; heunig*, *vogels van eender vere*, *hulle moes liever*, *en zoo voort*, *krant*.

Ander feite kan ons beter onder die vormleer tuisbring. In hoofsaak is daar min wesentlike verskille tussen die toentertydse en die huidige beskaafde Afrikaans wat

uitspraak betref, behalwe dat dit toe soms 'n voller klank gehad het weens 'n voller vorm.

**VORMLEER.**

Amper nog meer as by die klankleer maak 'n besonder arbitrêre spelling hier groot omsigtigheid nodig. Op bls. 8 lees ons bv. van *schepen* en *schepe*, waar die eerste vorm net op die skryfgewoonte moet teruggevoer word.

Meervoudigheid is toe, soos tans, uitgedruk: (1), met los woorde, soos telwoorde (en destyds was die oorgeërfde *tagentig* blykbaar alleen geldig), versamelwoorde (opvallend is *goet* wat seëvierend om hom heen gryp, bv. *die skorrie-morrie goet*, bls. 27), adjektiewe wat hoeveelhede uitdruk (en hier is opmerklik dat *baie* absoluut geweer word as byv. nwd. of bywoord, terwyl dit tog reeds lankal gangbaar was), ens., en (2) met uitgange by die nomina. Die uitgange is destyds reeds deur dieselfde reëls beheers as vandag. Dit val egter op dat neef Klaas praat van: al duur dit *vyftig jare;* (dit) begin om *drie ure;* 200,000 *ponde.* En is ook Parlement*s* (p. 22) en Veldkornet*s* Klaasiese Anglisismes? Die tweede was bepaald nie „Doppertaal" nie, en die eerste kon moontlik so gelyk het net voor sy eintlike inburgering. Ons lees van *de groote lui* en *haarle* (versteninge) maar *koopmans, ambtsmense, christe mense, Kaapstads mense* naas *Kaapenaars.* Ons noem nog *gemeentens, de belangens van de land,* asook *skofte/skoffe* in: 40 *skoffe ver,* hoewel by *skoffe* ruimte vir die moontlikheid van verskrywing gelaat moet word. *Asse* van 'n wa skyn die enigste vorm te gewees het, sodat *aste* blykbaar later langs analogiese weg opgekom het. Die analogievorm *soldade* was blykbaar algemeen.

Van kasusfleksie kan ons by die snwde nie meer praat nie, afgesien van 'n aantal versteninge. Daar is nog enige onvastigheid met party analitiese middele self. In *sommige mense zyn banke* en *de Koningin haar raadgevers* laat die natuurlike geslag hom nog geld by die genitieffunksie. Die huidige vorm verskyn voller in voorbeelde soos *Voor hulle wege meer als voor onze zyn.*

Die grootste verskeidenheid tref ons by die voornaamwoorde aan. By die pers. vnw. het ons, enk.: *ik* (1ste), *jy* en *u* (2de), *hy*, *zy* en *het* (3de); meerv.: *ons* en *wy*; *julle* en *u*; *hulle* en *haarle*. *Wy*, *u* en *haarle* is deftig. So word *wy* in 'n toespraak met 'n gebaar van vernaamheid gebruik, en kan ewe willekeurig langs *ons* gestel word, bv. „*Wy* is allemaal koloniste, broeders, en *ons* het maar een oogmerk . . . " Vgl. blss. 42 r. 2; 44 r. 25 e.v., almal in toesprake.

Die lewendige naamvalle hiervan wyk nie van dié van moderne Afrikaans af nie, behalwe dat *hem* deur neef Klaas gebruik word. *Hom* het ek net een keer opgeteken (bls. 30). Ook by die refleksief tree *hem* op; *zich* verskyn nie. *Dat* as aanwysende vnw. is nog gewoon. By die besitlike vnw. het ons meestal voller vorme as vandag, bv. *Myn magtig!*; *myn vrouw*; *zyne verklaring*; *onze vroegstuk*; *haarle kruid*. Origens is daar weinig afwykends van belang. *Het* en *er* (een keer) is, dink ek, Nederlandse boektaalreste, al is hulle gebruik as argaïsmes nie uitgesluit nie, bv. in versteninge (*Hoe gaat het?*).

Die werkwoord wyk ook betreklik weinig van sy teenswoordige stand af. By die hulpwerkwoorde *het* en *is* merk ons 'n onvastigheid in die 1ste persoon teenw. tyd: ik *heb* jou verwagt, maar gewoonlik: ik *het*; ik *ben* (bls. 15 r. 9 en r. 15), maar in die reël: ik *is*. Die *heb*- en *ben*-vorme is, net soos die *wy*, vernaam, en is waarskynlik net aansluiting by Hoog-Hollands. Verder: wy breng*e* (p. 11), of: ons *moet* te vrede *zyn*, of: geen mens *heeft*, gee ander vorme.

Die teenw. tydsvorme vertoon die naakte stam, maar *zien*, *doen*, *staan* en *slaan* verskyn in simpleks of samestellinge in die praesens as *ziet*, *doet*, *staat* en *slaat*. Bv. *ik ziet* (p. 18), *ziet oom niet?* (p. 10), *hulle ziet* (p. 18), *het gaat* (28), *ik verstaat*, *alles ontstaat* (28), *hy doet* (39), *hulle doet* (39), ens., en *dit kost*, *dit wordt*, laasgenoemde net as spellingreste. In die huidige spreektaal kom die vorme met *-t* nog soms voor, bv. in Wes-Transvaal, na dr A. Coetzee my meedeel.

Die verl. tyd word o.m. met behulp van *het* en *is* plus verl. deelw. uitgedruk, maar dikwels tree die imperfektum in vertellinge ook op, bv. op blss. 29 (bo); 32 r. 21; 34 r. 25 e.v.; 36 r. 18; 44 r. 3, ens. — of hulle in die egte volkstaal aangetref was, moet ons in die midde laat. Wel is die volgende imperfekvorme blykbaar algemeen gebruik gewees: ik *wis(t)* nie (51), ik *dog* (56), *zou, wou, kon, mog/mogt; moes/moest* en *schreef* (imp. van *schreeuw*).

Ons het destyds 'n stadium van baie infinitiwiese dubbelvorme gehad, met of sonder *-e*. Op die eerste paar bladsye is: *te vraag/te vrage; te maak/zal make;* en sulkes, maar die op *-e* is ver aan die wennende kant. Ek noem nog: *te hebbe, moet hebbe, ons wil hebbe, zou gesny hebbe, durf hebbe, laat hebbe, in te brenge, af te keere, te segge/zegge, kan legge, kon krijge, wil bouwe, begin te liege en schelde.* Na die praeterito-praesentia kry ons byna sonder uitsondering: *worde*, moontlik toe al *worre* uitgespreek.

Die infinitief is dikwels as snw. gebruik, bv. *ik hou nie van scheije; de uitgeve van gelt; voor verkope van grond, hulle kryg ons met vermorse van ons gelt.* Hierdie infinitiefvorm kan in die meervoud gebruik word met 'n *-s*-uitgang, bv. *aanmerkens, belangens.*

Die verlede deelw. verskil ook weinig. Ons ontmoet: is gewor*de;* wordt uitgege*ven;* wordt ver*kog;* het ge*brag;* het ge*dag*, ens., die laaste nog in lewe; maar hierteenoor dan tog algemener die afwesigheid van die ablaut in die verl. deelw. van ou sterk werkwoorde, bv. *het gewys, is overgeschiet, is weggery, opgebreng, het vergeet.* Die proses is dus feitlik voltooi. By die verl. deelwoordsvorme van die ou swak ww. is die *-t*-klank nog 'n vaste kenmerk van die woorde met slot *l, n, r* en *m*: *word betaalt, wordt verarmt, is bewoont, het ingeteekend*, ens. maar *het geleen.*

Die hulpww. *is* en *het* saam met hierdie participium openbaar nog meestal die vroeëre gebruik, dat 'n ww. wat beweging of verandering van toestand aandui met *is* gepaard gaan, terwyl *het* vandag deur analogie die oorgrote meerderheid van sulke gevalle verdring het: *is gegaan na . . . ; is gekom; ik is overgeschiet; ik is weggery,*

*is in de Bovenland groot geworde,* ens., maar *ik het vergeet.*

Kousitiewe word meestal nog as sodanig gevoel: *te zet, voortset, voorleg.*

In *Zie jy nou!* het ons 'n res van die gebiedende wys, enk., oor.

**SINSLEER.**

Oor hendiadys, parallelisme, ooreenstemming, splitsing, ens. gaan ek nie praat nie [42]). Die beskrywende sintaktikus sal hier veel van sy gading oor modus vind — 'n interessante hoofstuk. Saam hiermee kan die expletiewe woorde geneem word (*al, so,* bv. in *ņets,* die herhaalde subjek).

Met nuwe samestellings sukkel en spartel neef Klaas soms baie en trap dan lelik klei. Hy hou dikwels 'n Engelse woordgroep voor oë, bv. *De Colesberg byeenkomst; de Kaapstad mense* (p. 16) /*de Kaapstads mense* (p. 18); *Kaapstads praatjes;* en die lompe *De Colesberg Parlements mense. Mense* is 'n vrugbare lid in samestellinge — voeg nog by: *de vrouwe mense, Boere mense, de dorpse mense.*

Die lidwoord kom herhaaldelik voor plekname, bv. *in de Kaapstad.*

Die woordskikking wyk selde af van ons teenswoordige gewoonte. *Kan, zal* en *moes* het soms in dat-sinne 'n plek wat anglisisties aandoen, bv. *die . . . mense denk . . . dat de Kaap zal heeltemaal wegraak in de zee* (46 r. 9); *en ik hoop dat hy zal nou in de Parlement . . . ook zoo doen* (67 r. 12).

Hoe en ook hoe maklik *dat* in *laat* kan opgaan, sien ons in: *Elsie, breng my toch een heele schaapbout. laat ik dit ter dege bekyk* (24 r. 1). Ons staan hier waarskynlik aan die drempel van die interessante proses. Al die gegewens vir die verklaring van *laat* as voegwoord is hier aanwesig (foneties, sintakties, psigologies).

In die groepe met preposisie kry ons soms voorsetsels wat vandag ongewoon klink: Ik het gewag *na* jou; Hy is gek *voor* lekker kos; Zy woon *aan* de Kaapstad; Ik vererg my *van* de plek *af* (*op* die plek); Ons het schaape *op* de helft.

Ten slotte iets oor die gebruik van *nie*. Volgens Afrikaanse gebruik volg op 'n *nie* (ook al is hy verskuil in 'n *niks, nooit, niemand, nêrens, geen*) 'n ander *nie*, tensy dan in sinne soos: *Ik geloof nie, oom!* In weinige gevalle het dit uitgebly waar ons die tweede *nie* verwag, bv. *Waarom perbeer oom nie Holloway's Pille . . .*"

Ons het twee soorte ontkennings: (1) die spesiale ontkenning wat een besondere begrip in 'n gedagte ontken, *nie ek;* nie *voor* die vergadering; nie *ver van hier* . . . . e.d. en (2) die nexale ontkenning, d.i. die hele gedagte as 'n eenheid, in sy hele verband of nexus, word ontken. Dit word ook sins-ontkenning genoem, en die eerste woord-ontkenning.

Spesiale negasie het ons in: . . . is *nie genoeg nie* om de Dam klaar te maak nie (p. 9 r. 25), of: daar is *geen een rivier hier nie* wat een brug over is nie (p. 11 r. 12). Dit blyk dat die neiging bestaan om die kern, wat ontken word, te omring met negasie-partikels, een voor, een agter.

By nexale ontkenning word die wesentlike nexusdraer, die ww. self, ontken en dus deur die partikels omring, bv.: moet my *nie hinder nie* (9 r. 17). Uit die aard van die saak is die ontkenning byna altyd nexaal, m.a.w. die werkwoord word omring. So broei daar om die ontkenning 'n „nexale atmosfeer", en waar by die spesiale ontkenning, wanneer dit tog wel voorkom, die kern reeds volledig omring is deur die partikels (in ons voorbeelde: *nie-genoeg-nie* en *geen-een-rivier-nie*), is die gevoel van die *nexale* atmosfeer sterk genoeg dat sintakties op analogiese wyse 'n derde *nie* in die aangehaalde sinne reeds op sy plek is, d.i. dat die verdere *nie* na die nexusdraer ook as „goed" gevoel word. Vandaar driemaal *nie*, tweekeer expletief. Een enkelvoudige *nie*, die eerste, is wesentlik genoeg om die ontkenningsgedagte te gee, sodat die ander twee nie meer semanties noodsaaklik is nie, dog enkel psigologies nawerk. Want daar is nie driemaal ontken nie, dog slegs eenmaal. Die ander twee *nie*'s het net die dampkring van ontkenning oor die geheel uitgebrei, die strekking psigologies her-bevestig.

By die gewone ontkenning het ons in sy vroegste vorm die omringing van die nexus-kern, soos verteenwoordig deur: . . . maar oom moet *nie vergeet nie* dat daar al . . . (9 r. 37); . . . dan zal ons *nie vergeet nie* om onze pligt . . . (6 r. 30); maar het jy *nie gehoor nie* wat hulle op Colesberg zeg . . . (17 r. 21). Vgl. nog op blss. 8 r. 21; 19 r. 18; 27 r. 17; 29 r. 16; 34 r. 32; 57 r. 10 ens. Hierlanges kom die gevalle waar die verbale kern *ook in sy uitbreiding* sterk in die negasie betrek is, en die dampkring hom daaroor uitbrei: die volgende stadium in die evolusie. Bv.: *Ja, oom, maar dit het niks met de zaak van afscheiding te doen nie, wat een man zyn vader was nie* (35 r. 34); *En het hulle nie de eerste begin nie, in hulle smeerige paskewel, om van een fatsoenlike man zyn moeder te spreek nie*? (36 r. 6); *Zal het nie beter voor de Oostelyke vrouwtje wees nie, om zelfs een man van haar eige te hebbe nie, wat by haar woon en haar alles geef wat haar toekom nie*? (17 r. 6). Vgl. nog 20 r. 14; 34 r. 13; 45 r. 9; 45 r. 36 ens. Dit sal nie meer lank duur voordat $nie_3$ $nie_2$ oorbodig maak nie, en daarmee is die huidige stadium in die evolusie bereik [43]).

Ook hier staan ons op die drempel van wordende dinge.

'n Studie van die maniere van bevestiging in neef Klaas se stukke is ook heel interessant as 'n keersy by die ontkenning.

## WOORDESKAT.

Oor die uitbreidingsmiddele van die woordeskat van die *Zamenspraak* het ons dit nie. Terloops word gemeld dat -*(e)ry* reeds 'n baie vrugbare agtervoegsel was. Ook merk ons hoe woorde uit die parlementêre kringe in Afrikaans net begin inburger, en ander oor die administrasie van die land reeds 'n plek verower het — almal via Engels (*Parlement(s)*, *spiets*, *bill*, *wharfage*, *Juts(ie)*, *gofferneur* e.m.). Naas *diender*, wat ek net een keer opgeteken het, verskyn *polies* 'n paar maal. *Wegverponding* het, meen ek, vandag in onbruik geraak, en 'n *aanspraak* by 'n *byeenkoms* is nou gewoonlik 'n *toespraak* by 'n *vergadering*.

*Jintelman* en *dubbelskirt tabbert* toon die vestiging van Engelse modewoorde, al hou die binnelande nog hul *fatsoen* (23 r. 2 en 39 r. 17). Ou terme wat ons by neef Klaas raakloop is o.m. *ryksdaalders* (ook: *-daalers*); *dubbel(t)je, oortje, el* en *schepel*. Perde het toe al *Sieraet* en *Ambraal* (uit: *a(d)miraal?*) geheet. Die woord *trippel* het net opgekom vir *pas-achter-steek* (27 r. 14). *Kangos tabak* is gerook, *kruije soopies* gedrink en *rysbrensie* geëet. Vir *ontbyt* of *ag-uur* het neef Klaas se mense *vroegstuk* gesê, soos in Duits, en *kloek* (8 r. 29) het 'n ander nuanse as vandag gehad. *Hy is fris* was nog algemeen. Lekker uitskelterme destyds was: *'n kring, 'n Lunsriem* (ook vir Engelsman), *'n knolkool, knopedraaijers; asmannetje* (53 r. 32), 'n *Vink* verskyn blykbaar as gelykbetekenend met kaffer. *Zoeke* vir *probeer* kom ook nog voor, en vir *skrywe* praat neef Klaas graag van *schryvens zenden*.

Ek noem nog *te veel aanbelang* (53 r. 22), *iemand versleg* vir *sleg te maak* (40 r. 18; 42 r. 35), *schinder* vir *beschinder* (31 r. 2) en die ou: *regt fiks uitzien*. Ongewoon is die gebruik van *goedkoop* as bywoord van modaliteit (. . . *en goedkoop raak het heeltemaal weg*, p. 7 r. 3; en 'n paar voorbeelde in die *Brieve*).

**KLAASISMES.**

In neef Klaas se taalgebruik is daar uitdrukkinge waarvoor hy 'n voorliefde het, soos *van stukkie tot beentje, dit was van klink; schryvens; goedkoop* as modale woord, *een appel voor een yer verkoop; de mus het M . . . gepas* (47 r. 24) en dan die baie uitroepe. Heel natuurlik las hy altyd op 'n gepaste plek 'n *oom* of *neef Klaas* (na die geval mag wees) in, behoorlik afgekomma. In sy briewe gebruik hy by die aanspreking van iemand graag 'n uitroepteken. 'n Eienaardige gewoonte in sy *schryvens* is die streep na 'n volsin — net soos in sy magistraatsaantekeninge.

Die gebruik van die woorde *twyfelagtig en twyfelmoedig* op bls. 6 (reëls 9 en 18) laat deurskyn dat die betekenisinhoud daarvan vir hom vaag is — en het die mense werklik gepraat van *'n spektakel opskop*? Ons

merk baie ander onsuiwerhede op, soos anglisistiese wendinge, waarvan enige reeds aangetoon is. Ek noem nog: die spelling *Burghersdorp*, die meervoude *de andere distrikts, veldkornets, Parlements;* die gebruik van *nommers* vir getalle, die wending: *Ons oogmerk is voor goed van land en volk;* en miskien: *Jutse van onze eige* en *binnekant van de muur.* Lettergreepverdeling soos *moed-er, Afscheid-ing* en *y* vir *ij* kom seker op rekening van die setter.

Ten spyte van hierdie onsuiwerhede moet ons konstateer dat Meurant Afrikaans uitstekend ken, ja inderdaad so goed, dat hy sy styl na behore kan aanpas by iemand wat gesels sowel as by iemand wat 'n belangrike toespraak afsteek: *wy is, wy doen, na deze land; ik wil spreken van de voordelen; . . . en dit kan ik in weinige woorden segge.* 'n Mens sien agter die woorde die orerende held met breë armgeswaai en vol vuur. Spot Meurant nie dalk 'n bietjie met die *wy is* nie?

Afgesien van al hierdie uiterlike vasstellings is die *gees* van sy taal deur-en-deur Afrikaans: die assosiasies waaruit die vergelykinge en beeldinge spruit, het deur intieme kennis van volk en land gekom, en hy gryp uit hierdie spraakwerklikheid en gedagte-struktuur met volle hande en met groot liefde (bv. *zoo rat als een kieviet; zoo koud als een waterlemoen; zoo wit als een kaffer*). Sy beeldspraak doen fris en gesond aan, is sprankelend, sodat dit hierdie lenigheid en ratsheid is wat die lesers aantrek en bekoor. Sy taal is atleties, veral in die *Brieve.* Dit is die vertroude huislikheid, die intiem-lokale, wat in skrif so verrassend nuut klink en die mense laat lag het; maar waar hulle vroeër vir die Afrikaanse stukke veral om die komieklike gelag het, lag hulle nou uit pure lekkerkry, uit skone genot. Hier is eindelik iets wat hulle volledig verstaan en aanvoel, iets waaragtig innerlik Afrikaans en vertroud: die stem van vlakte en tuiste. Dit mog die verhewenheid en afstand van Nederlands mis en nie so volruisend sing nie, maar dit fluister nou ook van die weelde van onmiddellikheid, nabyheid, vertroudheid,

soos wanneer die lente na 'n vroeë reëntjie eers regtig deurbreek *op die eie plaas.*

Dit val in die smaak, omdat die tyd ryp word vir die uitbotting van die nasionale gedagte soos verteenwoordig in die volkstaal. As ons in die *Friend* na aanleiding van die oprigting van *De Tijd* lees: „Mr. C. E. Fichardt and some of the original shareholders would in the beginning have made it an Afrikander Paper and conducted it in Cape Dutch in the „Klaas Waarzegger" style, but this idea or suggestion was overruled . . ."[44]), dan merk ons hoe na ons aan die tyd staan waarin net die moed en durf nodig is om die suiwer nasionale passend in uiterlike vorm in te klee.

'n Belangrike herout — dit is Meurant, selfs teen sy sin, maar dit maak nie saak nie, 'n volk lewe dinamies en innerlik, en steur hom nie altyd aan sy bemiddelaars al te veel nie. Teen of na sy sin, Meurant het 'n positiewe krag geword in ons nasionale bewuswording tot 'n mondige volk met 'n eie kultuurmedium.

**WIE IS KLAAS WAARZEGGER?**

Namate die *Zamenspraak* aandag getrek het, het die belangstelling in die persoon van die skrywer ook toegeneem. Maar die identiteit van die skrywer is om begryplike redes goed verberg.

Toe het sommige hulle aan vae gissinge gewaag. In die *Cradock News* van 8 Jan. 1861 (toe nog net die eerste twee samesprake verskyn het), lees ons o.a.: „The Anti-Separation Great Gun, Mr. Saul Solomon, publisher of the „Mercantile Advertiser," has also deigned to notice Klaas Waarzegger." Effens verder heet dit: „It (die samesprake) is said to be the production of an able official in that quarter, and it is by far the cleverest thing of the kind issued by the League. The dialect is of the lowest vernacular, but admirably adapted for the object in view, and the illustrations and arguments are of an equally *ad captandum* character."

Met graagte het ander koerante die stukkie nuus gebruik, bv. *Het Volksblad,* waarin op 1 Jan. 1861 o.m. staan: „*De Zamenspraak* . . . is, volgens een tijdgenoot, het werk van een bekwaam *ambtenaar* in die streek." Die kursivering van die woord „ambtenaar" laat dadelik die rooi liggie sien, en die luidrugtige, enigsins onbeskofte teregwysing van die *Cradock News,* wat sy medewerker wil beskerm, klink nie oortuigend nie:

„What is it to you, Mr. Solomon, who the author of the dialogue is? There's nothing treasonable or disloyal (let wel!) in it. *We* hear that it was sent up from Cape Town. Mind your own business, and insert this prospectus of our blad (die aangekondigde *Het Cradocksche Nieuwsblad*) in your next issue, and we promise to give all your arguments against separation in the „lowest vernacular" at the great fight next session. Our friend Klaas Waarzegger happened to be in town yesterday, and we interpreted your remarks to him. He almost split himself laughing and said: „Wag ik zal hem krijg." So look out." (8 Jan. 1861).

Die poging om verwarring te stig is baie opsetlik. Die betreklik jong Klaas Waarzegger, „Neef Klaas", is nie ongeleerd nie, en veral later sal hy voorgestel word as iemand wat bowendien baie lees, ja selfs Engels (vyfde samespraak), maar hier is hy nie by magte om Saul Solomon se Engels te verstaan nie — dit moet aan hom vertaal word!

Daar is verskillende aanwysinge dat die mense nuuskierig was om die identiteit van hierdie vaardige penvoerder vas te stel, maar dit wil voorkom dat die geheim goed bewaar was. In elk geval het ek nêrens 'n bewys raakgeloop dat iemand in daardie tyd met ontwyfelbare sekerheid oor die kennis beskik het nie. In die intieme kring sou dit wel bekend gewees het wie neef Klaas is, maar daarbuite het die persone geraai en nie altyd so ver mis geskiet nie.

Die *Colesberg Advertiser* bevat in sy aflewering van 23 Augustus 1861 'n verslag van wat in die parlement voorgeval het oor Tucker se wetsontwerp vir afskeiding

en sê: „Gij ziet dus dat de quaestie uit de wereld is en ondanks dat gaat Klaas Waarzegger steeds voort zijn brieven in het *Cradocksche Nieuwblad* te plaatsen. Nu is de gefingeerde Klaas nooit in de Kaap geweest, want de brieven worden gefabriceerd in Cradock door een hoog geplaatst persoon aldaar, die de Kaapsche Couranten goed leest, ten einde dan zoo een brief bij elkander te lappen. Die hoog geplaatste persoon is goed bekend aan de Kaapstad en het is voor hem volstrekt geen moeite, daar hij goed Hollandsch kent, om zulke brieven in die taal te schrijven. Gij ziet dus, en wat ik schrijf is uit vrij goede kanalen, dat die heele beweging eigenlijk van een persoon uitgaat, die met zijn eigen ideen zoo ingenomen, zijn kostelijken tijd vermorst, om eens het leezend publiek te laten lagchen. Hij vare er wel mee."

Sy inligting was dus nie ver van die waarheid af nie; en hy voel wrevelig, nie omdat die magistraat van Cradock (ons neem aan dat hy dit presies geweet het) die skrywer is nie, maar omdat die propaganda voortduur oor 'n saak wat hom nie aanstaan nie. Nou sê hy neef Klaas sleg deur hom 'n grappemaker te noem en doel op die prettige manier waarop hy sy saak in die volkstaal bepleit. Dit was, soos gesê, hierdie stilistiese sukses wat die algemene nuuskierigheid opgewek het, en nie 'n begeerte om hom in sy amp met die kennis te benadeel nie. Daarom is daar vir my geen duidelike uiterlike rede waarom die outeurskap so goed geheim gehou is nie, anders as uit blote versigtigheid, omdat die hele optrede van die politiserende magistraat as staatsamptenaar in 'n baie ernstige lig *kan* beskou word waar hierdie saak as sy uiteindelike oogmerk die verbrokkeling van die staat beoog het.

Klaas Waarzegger, die Vrystaatse Engelsman wat die Cradocksche voorbeeld nagevolg het (in *The Friend*), het lomp te werk gegaan en weinig talent besit toe hy in sy lasterlike briewe getrag het om die President en die ander owerhede en Volksraadslede in 'n belaglike lig voor te stel. Die uitgewer van die blad het gevolglik van die staatsprokureur 'n brief ontvang waarin hy om die name van

Klaas Waarzegger K. Zn., en Klaasie vra [45]) „met het doel om crimineele vervolgingen tegen de schrijvers in te stellen" [46]). Thos. White, eienaar en uitgewer van *The Friend*, het dadelik geantwoord dat hy met die skrywers in verbinding sal tree en dan weer nader berig sal stuur [47]). Verder het hy in sy redaksionele kolomme hiervan melding gemaak in 'n stukkie wat deur *Het Cradocksche Nieuwsblad* gretig oorgeneem is en na aanleiding waarvan enige voorstanders van afskeiding nog 'n paar skote op hul opponente gelos het.

In 'n *Supplement* van die *Cradock News* (1 Okt. 1861) staan 'n advertensie van H. Tucker in Engels en Hollands as 'n satire bedoel op die poginge om te wete te kom wie Klaas Waarzegger is; ons verneem dat hy te koop aanbied „een volmaakt portret van die slimme kerel Klaas Waarzegger, met kort baatje en blinke knoopen, kompleet."

Tergende opmerkinge om die nuuskieriges klaarblyklik in die war te stuur, lees ons in 'n verslag van 'n publieke eetmaal aan 'n klompie separatisties-gesinde parlementslede aangebied na verwerping van die mosie. Die hoofartikel van *Het Cradocksche Nieuwsblad* vermeld o.m. „Wy hebben een kerel gezien met een lange kromme neus, en korte zwarte baatje, met blinke knoopen, die onzaggelyk veel at — en hebben hooren fluisteren dat hy Klaas Waarzegger was, maar of dat *waar* is of niet, kunnen wy niet zeggen. Het kan misschien zijn want de man scheen verhongerd, en daar Klaas zoo lang aan de Kaapstad op *snoek* geleefd heeft, is het *zeer* mogelyk dat het hy was . . . ." 'n Bietjie hoërop lui dit „Onze Civiele Commissaris was ook verzocht (om teenwoordig te wees), maar zond zijne verschooning in." Dit is tog duidelik 'n poging om die nuuskieriges op 'n dwaalspoor te lei, miskien vir die grap, maar bes moontlik ook uit ernstige oorwegings ter beskerming van die skrywer.

Hoewel dit, soos dr J. Muir ons verseker, in sy onmiddellike kring algemeen bekend was dat Meurant die skrywer van die *Zamenspraak* was [48]), het dit tog vir die breë publiek 'n raaisel gebly wie hom agter dié skryfnaam

skuil hou. Ds S. J. du Toit weet dit nog nie waar hy in sy *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* (Paarl, 1880) op bls. 2 na *Ou Klaas Waarse'er* verwys. „Die eerste wat die *spreek*taal hier as *skryf*taal gebruik het is die skrywer van die Samesprake tussen Klaas Waarsegger en Jan Twyfelaar, wat eers in die korant gepubliceer en later in 'n boekie afgedruk werd an Cradock in 1861. Vroeger het oek wel een en ander soms die taal gebruik, mar dit was mar meer ver die aardigheid, in 'n gedig of so. Mar hier had die skrywer ('n Engelsman van afkoms, na ons meen) 'n bepaalde bedoeling deur die taal te gebruik . . ."

Hierdie gedagte dat neef Klaas waarskynlik 'n Engelsman van afkoms kan wees, kon hy uit die strekking van die geskrif afgelei het en hoef niks naders aan te dui nie. Dr Lydia van Niekerk en dr J. D. du Toit het blykbaar ook oor geen nadere inligting beskik nie en net ds Du Toit se bewering tot grondslag geneem.

Onze Jan het glo geweet wie neef Klaas was en dit, (volgens 'n persoonlike mededeling van mnr Ian Murray van die Kaapstadse Openbare Biblioteek aan my en ook volgens dr J. du P. Scholtz) [49]) aan mnr Lloyd, die vorige bibliotekaris, meegedeel wat dit aan ander vertel het, soos aan prof. J. J. Smith. Prof. Smith is die eerste wat die stellige bewys van die outeurskap kon lewer uit 'n aantal briewe van Meurant aan Godlonton, wat hy op 'n veiling in Londen laat aankoop het vir die som van £9. In 'n gesprek met hom, het prof. Smith my meegedeel dat hy die briewe tot grondslag van 'n artikel sal neem en stel dit in die vooruitsig; daardeur sal bepaald heel wat lig op die episode van hierdie oplewing gewerp word.

Dr John Muir het in die *Die Huisgenoot* van 29 Junie 1928 belangrike lewensfeite oor Meurant meegedeel, waarvan ek hier 'n kort opsomming gee, met inagneming van 'n artikel van dr J. du P. Scholtz in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Jg. 12, en *Die Huisgenoot* van 7, 14 en 21 Februarie 1930.

## L. H. MEURANT.

Louis Balthazar Meurant is in 1773 in Basel, Switserland, gebore en uit sy huwelik met Eliza Humphreys van Londen (geb. 1792) is hom twee kinders geskenk, 'n dogter Louisa Eliza en op 20 Junie 1811 'n seun Louis Henri. Meurant senior het hom met sy gesin metterwoon in Kaapstad gevestig, waar hy 'n kleinhandelaarswinkel gehad en blykbaar goed geld gemaak het. Hy het in hierdie werk gebly tot aan die einde van sy lewe, — op 24 Oktober 1826 is hy oorlede, ag jaar na sy vrou.

Louis Henri was sewe jaar oud toe hy moederloos geword het. Sedert die tyd het hy sorg en vriendskap ontvang van die familie van M. J. Smit, boumeester en argitek in Kaapstad, met wie se dogter Charlotte C. J. hy later ook getroud is. By haar het hy ag kinders gehad.

Hy wou die drukkersberoep aanleer en in 1823 het sy vader vir £300 'n pers, bestem vir 'n Indiese nuusblad wat moes gestaak word, vir 'n beroepsdrukker Greig gekoop met die verstandhouding dat Greig sy seun in die beroep moet oplei en hom later (hy was toe nog twaalf) as vennoot inneem. Op 7 Jan. 1824 verskyn toe die tweetalige *South African Commercial Advertiser* en kort hierna breek die stryd om die vryheid van die pers teen die outokraat sir Charles Somerset los — 'n brokstuk geskiedenis wat Meurant met veel liefde beskryf het in *Sixty Years Ago* (1885). Na aanleiding hiervan getuig dr J. Muir: „Dit was dus grotendeels Meurant-geld wat die sogenaamde „Stryd om die Vryheid van die Pers in Suid-Afrika" gesteun het gedurende die „Kaapse Skrikbewind." Al was Meurant junior te jonk om die naam van 'n pionier in die beweging, soos hy weleens bestempel is, te verdien, tog sou so'n benaming met reg op die vader toegepas kan word."

In 1828 gaan hy, 'n volleerde drukker, van Kaapstad weg en vertoef 'n tydlank in die binnelande waar hy o.m. as jagter rondtrek. Die volgende jaar neem hy aan sy eerste Kafferoorlog deel, maar toe vang die lus na 'n meer gevestigde leefwyse hom weer en hy kry sy kans toe hy in 1830 'n drukpers koop en sy ou beroep weer aanvaar.

30 Sept. 1831 verskyn die eerste koerant van die Oostelike Provinsie, die *Graham's Town Journal*, waarvan hy, toe nog nie mondig nie, eienaar, drukker en redakteur was. Van 1834 af werk hy saam met Robert Godlonton aan die uitgewersaak maar verkoop sy aandeel vier jaar later aan sy maat, en met die kontantgeldjies sit hy 'n winkel op.

Intussen het hy as kaptein aan sy tweede Kafferoorlog deelgeneem (1837) en het by geleentheid van die aanbieding van die Bybel aan Voortrekker Uys as tolk opgetree (1837). Sy taalkennis het hom dikwels goed te pas gekom en in 1845 vind ons hom ook as beëdigde vertaler van die Hooggeregshof.

Dit was asof Meurant nie werklik koers kon kry nie. Hy het hom skaars op iets toegelê of hy pak 'n nuwe ding aan. Die vaderlike beroep van kleinhandelaar het hy nie al te lank volgehou nie en nou neig hy weer heen na die drukkersvak. Hy word in 1840 drukker van J. G. Franklin se *Cape Frontier Times* en vier jaar later gee hy weer sy eie koerantjie uit, die Hollandse weekblad *Het Kaapsche Grensblad*, wat op 12 Julie 1844 in Grahamstad verskyn het, maar in 1850 opgehou het om te bestaan. Op die Afrikaanse stukke wat hierin voorkom wys dr Scholtz in die genoemde artikel in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*.

Hy het weer die nuwe Kafferoorloë van 1846—1847 (as kommandant van die Grahamstadse Naturellemag) en afwisselend die van 1850—1853 meegemaak. In 1851 is hy as tolk saam met Hogg en Owen wat eerstens samesprekings met genl A. W. J. Pretorius gevoer en die Sandrivierse Konvensie gesluit het, en voorts met Moshesh onderhandelinge aangeknoop het. Van die noodlottige Bereaslag was hy ooggetuie.

In 1853 kom aan die rondvallery 'n einde, toe hom 'n goeie staatsbetrekking as Siviele Kommissaris en Magistraat aangebied is, 'n pos wat hy agtereenvolgens getrou beklee het op Katrivier (1853—1859), Cradock (1859—1864), waar hy die *Zamenspraak* geskrywe het, Fort Beaufort (1864—1874), Clanwilliam (1874—1877) en Riversdal. Hier het hy gedien tot hy afgetree het (1882) en

toe daar verder bly woon tot aan sy dood in 1893. Van 1883 af het hy parlementslid geword.

Hy was 'n goeie pionier en het altyd vurig geywer vir die oprigting van parke, landbougenootskappe, vir die maak van goeie paaie en die bou van brugge. In 1861 het hy die leiding geneem in die beweging om die ertslae naby Cradock vir goud te laat ondersoek en het met ongeduld die teleurstellende verslag van die deskundige afgewag. Hy is op dieselfde dag oorlede (29 Maart 1893) wat die brug oor die Kafferskuilrivier in gebruik geneem is — 'n saak waarvoor hy baie hard gewerk het.

## AANTEKENINGE.

1. Die volledigste oorsig van die vroegste geskrifte in Afrikaans kry ons by dr J. du P. Scholtz in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (Bloemfontein), Jg. 13, afl. 3, bls. 322 e.v., en *Die Afrikaner en sy Taal* 1806—1875, (Kaapstad, 1939), bls. 208 e.v. Vgl. nog J. J. Smith in *Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners* (Potchefstroom, 1926) bls. 34 e.v.; G. S. Nienaber in *Die Afrikaanse Beweging* (Pretoria, 1931), bls. 18 e.v. en G. Dekker *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* (2e dr. 1937, Kaapstad), bls. 5 e.v.
2. Vgl. G. S. Nienaber *Van Roem tot Selfmoord* (Johannesburg, 1939).
3. J. du P. Scholtz in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* Jg. 12, bls. 164.
4. *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld* (Kaapstad, 1844).
5. Soos vir 2.
6. *Drama en Toneel in Suid-Afrika*, deel I (1652—1855) deur dr F. C. L. Bosman (Pretoria, 1928), bls. 541.
7. Soos by 1 onder Smith.
8. *De Afrikaner en Sy Taal*, bls. 220.
9. Vgl. die artikel waarin *H.C.N.* aangekondig word, asook Meurant se *Sixty Years Ago* (Kaapstad, 1885).
10. *The Rise of South Africa* deur G. E. Cory, deel V, bls. 66.
11. Dieselfde as 10, bls. 72.
12. Vgl. die *Separation Pamphlets* 575 en 908 van Openbare Biblioteek, Kaapstad.
13. *The Graham's Town Journal*, 8 Sept. 1860.
14. *The Cradock News*, 30 Okt. 1860.
15. Uit die *Graaff-Reinet Herald* van 10 Nov. 1860.
16. *Graaff-Reinet Herald*, 8 Des. 1860.
17. *Graaff-Reinet Herald*, 15 Des. 1860.
18. *Cradock News*, 5 Jan. 1861.
19. Dieselfde.
20. *Het Volksblad*, 18 Des. 1860.
21. Baie van hierdie aanhalinge sal ook in dr Scholtz se proefskrif aangetref word.
22. *Cradock News*, 8 Jan. 1861.
23. Dies., 5 Febr. 1861.
24. Die Engelse bewoording hiervan by Scholtz *De Afrikaner en sy Taal*, bls. 211.
25. Vgl. ook Scholtz, soos by 24, bls. 211.
26. Die benaming van Afrikaans deur Saul Solomon. Kyk hoërop.
27. Ek het dit nie kon kontroleer nie.
28. *Cradock News*, 5 Maart 1861.
29. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Jg. 12, bls. 185.
30. *Cradock News*, 8 Jan. 1861.
31. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Jg. 12, bls. 164 e.v.
32. *Die Afrikaner en sy Taal*, bls. 207.
33. *Cradock News*, 12 Feb. 1861.
34. Dieselfde, 15 Okt. 1861.
35. *Colesberg Advertiser*, 19 Feb. 1861.
36. *Het Volksblad*, 26 Jan. 1861.
37. *Het Volksblad*, 24 Jan. 1861.
38. *Cape Argus*, 30 Maart 1893.
39. S. J. du Toit merk in sy *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* (Paarl, 1880) op: Opmerkelik hoe onse liwe Heer hier oek al weer die vyand in syn eie strik gevang het. Die bedoeling was blykbaar om onse Afrikaanse boerebevolking in die strik van die Engelse settlaars poletiek te lei, en daartoe werd onse taal listiglik gebruik. Mar in plaas van dat die Seperasie deurgaat (waar die Settlaars-Ministerie nou nog me besig is, hoewel onder die naam van Konfederasie) so moes die geskryf 'n voorbereiding wees ver die Afrikaanse taalbeweging wat die ergste hinderpaal is ver die o'erheersing van die Engelse politiek en 'n kragtige

middel om onse Afrikaanse boere die oge te open en 'n nasionaliteitsgevoel te lat ontwaak by die bevolking. So is Josefs woorde hier oek al weer waar: „gylieden wel, gy hebt kwaad tegen my gedacht; doch God heeft dat ten goede gedacht; opdat Hy deed, gelyk het te dezen dage is, om een groot volk in het leven te behouden. (Gen. 50 : 20)". Bls. 3.

40. *Die Afrikaner en Sy Taal*, bls. 231.
41. Dieselfde, bls. 218.
42. 'n Studie soos die van prof. G. S. Overdiep in die inleiding van sy *Ferguut*-uitgawe (Leiden, s.j.) sal vrugbaar wees.
43. Vgl. G. S. Nienaber: *Oor die Afrikaanse Taal* (A'dam, 1934).
44. A. Z. Eloff in *Die Huisgenoot* van 3 Des. 1937 en in *Die Afrikaner en Sy Taal*, bls. 219.
45. Nr. 213 van Staatsprokureur se *Brieven* in *Copy Book* (Vrystaatse Argief) waarin o.d. 11 Sept. 1861 gekla word dat die briewe geskryf is „met het klaarblykelyke doel om het Gouvernement van dezen Staat in het algemeen en in het byzonder Z. H. Ed. den Staats President, en den W.Ed. Gouvernements Secretaris in verachting met het publiek en de naburige regeeringen te brengen . . . ."
46. *The Friend*, 20 Sept. 1861
47. Staatsprokureur, *Korrespondentie*, 1861 (Vrystaatse Argief.)
48. *Die Huisgenoot*, 29 Junie 1928.
49. *Die Afrikaner en Sy Taal*, bls. 224.
50. *Die Huisgenoot*, 29 Junie 1928

---

N.S. *Vroegstuk* (bls. 63 van *Inleiding*): Vergelyk *Taalwag* se opmerking hieroor in *Die Burger* van 22 Junie 1940 (*Uit die Taal van ons Oumense*).

*Vink*: Een van my studente uit Estcourt, Natal, en 'n ander uit Calvinia, beweer dat hulle die woord *vink* vir 'n kaffer of kleurling goed ken.

# TEKSTE

# ZAMENSPRAAK

TUSSCHEN

KLAAS WAARZEGGER

EN

JAN TWYFELAAR,

**OVER HET ONDERWERP VAN**

# AFSCHEIDING

TUSSCHEN

**DE OOSTELYKE EN WESTELYKE PROVINCIE**

**"De Waarheid die in 't duister lag,**
**Die komt met klaarheid voor den dag."**

CRADOCK:

GEDRUKT DOOR J. S. BOLD & CO.,

*Aan het Kantoor van het "Cradocksche Nieuwsblad."*

MDCCCLXI.

# VOORREDE.

HET onderwerp van een Afzonderlyk Bestuur voor de Oostelyke Provincie heeft de aandacht van het publiek gedurende de laatste twintig jaren onledig gehouden, en verscheidene onzer bekwaamste Gouverneurs zyn er voorstanders van geweest. In het jaar 1847—ingevolge van eenen circulairen brief van Luit.-Gouverneur SIR HENRY YOUNG, die een vurige voorstander der Afscheiding was—werd er Committees door de geheele Oostelyke Provincie opgerigt, ten einde de gevoelens der ingezetenen intewinnen, en men besloot eenparig, door de Oostelyke Provincie, dat een Plaatselyk Bestuur, afzonderlyk van dat aan de Kaapstad, zeer noodig was tot de welvaart der Oostelyke Provincie. Kort daarna, gaf onze geliefde Koningin eene Constitutie aan de Kaap de Goede Hoop, voor het oprigten van een Par-lement in hetwelk alle deelen der kolonie vertegenwoordigd konden worden. Dat Parlement is reeds *zeven jaren* in werking geweest, en het wordt nu aan alle kanten erkend—zelfs door de tegenstanders van Afscheiding—dat het niet beantwoord heeft, en dat eene groote verandering gemaakt moet wor-den.

De voornaamste en bekwaamste mannen woonachtig in de Oostelyke Provincie zyn volstrekt van gevoelen dat de Afscheiding het eenigste middel is ter verhelp-

ing der onheilen waaronder wy zoo lang geleden hebben. Hiertegen heeft men ingebragt, dat de Hollandsche ingezetenen—of liever de Boeren—het niet met de Afscheiding gezinden eens zyn, en de zaak ookniet verstaan. De Zamenspraak werd dus—op verzoek van vele vrienden—geschreven, alleenlyk om de Boeren eene inligting te geven wat waarlyk bedoeld werd door Separatie, of Afscheiding,—en dat wel op de eenvoudigste wyze, en in hun eigen Plat-Hollandsch. De opwekking welke deze zamenspraak gemaakt heeft—zynde er *drie duizend* exemplaren van elk nommer uitgegeven—is oorzaak dat men tot besluit is gekomen het geheel in een Boekje te publiceren. De redeneringen welke Klaas Waarzegger aan de handheeft genomen, zyn niet wederlegd geworden, en de Uitgever plaatst het geheel nu voor het publiek, met het eenige oogmerk dat de Boeren die belang stellen in de welvaart der Oostelyke Distrikten, de zaak voor hunzelve mogen onderzoeken, en aan de WAARHEID geraken.

Cradock, den 30ste Maart 1861.

# ONZE BEZWAREN.

## NO. I.

### ZAMENSPRAAK TUSSCHEN KLAAS WAARZEGGER EN JAN TWYFELAAR.

[Klaas Waarzegger klimt voor de deur van Jan Twyfelaar af, laat zyn paard voor de deur staan, en gaat naar binnen,—alwaar Jan Twyfelaar in het voorhuis zit te rooken,—en Klaas hem te gemoet gaande, spreekt hem aan :—]

Goede morgen, neef Klaas, ik heb jou al lang verwagt, en ik is zoo reg bly dat je my tog kom besoek. Wil jy nie afzaal nie?

Klaas Waarzegger—Ja oom, ik zal een kleine rukkie afsaal. [*Hy zaalt af en gaat binnen.*]

Jan Twyfelaar.—Wel, neef Klaas, en hoe gaat het nog alles tuis? Is nigge Saartje en de kinderen nog fris?

Klaas.—Zy is nog redelyk oom. Oom moet ook de groetenis hebbe. Maar ik het amper vergeet om oom te vraag hoe Tante Elsie is?

Jan.—Wel, myn neef, wat zal ik jou segge,—jy weet mos wat een arme sukkelaar zy is. Zy klaag nog

maar altoos van die steek agter haar linker blat. En ons weet nie meer wat te doen nie. Ik het die kleine rooye dokterje van Cradock laat roep, en nouw is zy tog een klein beetje beter.

*Klaas.*—Waarom perbeer oom nie "*Holloway's Pille en Zalf,*" of een teelepel vol gestampte borrie in een koppie water. Saartje had ook zoo een steek, en Holloway's Pille het haar heeltemal fris gemaak.

*Jan.*—Maar ik is tog altoos zoo twyfelagtig voor die Engelsche Pille. Ik houw meer van Pollegris Pille. Maar dat ik van de os op de ezel kom. Ik hoor neef Klaas, dat jy nouw binne kort van de Baai kom, en de mense praat hier zoo veel van die nieuwe ding met zoo een koddige naam, *Spracie,* of *Sukkelatie,* of zoo omtrent, wat is het tog? hulle seg dat kom van de Baai, en dat de mense van de Baai alleen daarvoor *Twintig Duizend* Ryksdaalders ingeteekend het. Vertel my tog van die ding, want jy weet ik is altoos twyfelmoedig over die nieuwe dinge.

*Klaas.*—O! wil oom daarvaan hoor? Wel ik kan oom alles vertel, van stukkie tot beentje. Oom weet mos wel, dat daar een dorp is, wat hulle Kaapstad noem,—dit leg reg west van hier van daan, veertig schofte met de ossen wagen, en dan moet een mens niks verzuim nie. Wel, oom, in de Kaapstad woon de Gouverneur en andere groote lui, en daar is ook al de groote kantore, en daar wordt ook al de wette gemaak in die Parlement.

*Jan.*—Wag tog, neef Klaas, dat ik jou in de rede val,—ik het zoo veel van de Parlement gehoor wat de wette maak; hoe een kerel is hy tog? Is hy een Kaapenaar?

Klaas.—Geduld tog, oom Jan, en ik zal jou alles vertel ; maar oom moet my nie hinder nie, ander zal ik de helfte vergeet. Wel oom, in de Kaapstad is al de groot Kantore, en de heele landsregering is daar. As een mens een plaats wil laat overzit, dan moet het naar de Kaap, en jy moet een heele knapsak' vol gelt

betaal aan agente op de buite dorpe, en aan agente aan de Kaap, en dan moet jy maande lang wag, eer jy jou kaart weer ziet, en goedkoop raak het heeltemal weg. Sterf een man, of zyn vrouw, dan moet de testament naar de Kaap, en de agente trek weer geld ;—wil een man of vrouw wêêr een tweede huwelyk begaan, dan moet hy of zy eers permissie kryg van de Kaap. Is daar een erfportie te kryge, dan moet daar over en weer schryfens na de Kaap gaan, tot dat jy moeg is. Steel een wagter van jou een schaap, moet jy eers een rit na de dorp doen, hy wordt in de tronk gevoer tot dat hy spek vet is, en dan over drie of vier maanden, dan kom de Juts af,* en dan moet jy weer een tweede rit na de dorp doen, met al jou getuige, en dan kryg de wagter maar somtyds zes maanden sware werk, zoo als hulle dit noem, maar geen lyfstraf. Dan weer kryg jy een aanschryving om weg verponding te betaal, en as jy nie gou betaal nie kryg jy nog een heele trop koste,—al de gelt gaat na Gouverments kas na de Kaap, en al onse wege blyf net zoo als altoos, dat jou harslag uitstamp as jy daarover ry met een paarde of osse wagen ;—maar aan de Kaap is al de paaye nets straate—daar is geen klipsteentje in de pat, en dit wordt van onse gelt gemaak ;—dan wordt daar groote gebouwe gemaakt wat *drie en viermaal honderd duizend* ryksdaalders kost,—en onze grond op de grens, wat nog nie uitgegeven is, wordt verkog om voor de gebouwe te betaal; byna al de lands gelt wat ons opbreng met reconie, en heere regte, en weg verponding, en verkoope van grond, en op ander manniere, wordt aan de Kaap vermors; en as hulle nog maar daarme ophou dan was het nog nix nie. Maar zou oom dit wil geloove, dat de Kaapenaars meer gelt geleen het as ik kan uitsyfer, om hulle dorp en hulle paaije en alles mooy te maak, en dat hulle al onse landsinkomsten daaronder verpant het? De *rente* alleen wat alle jare moet opgebreng worde uit de landsinkomsten, voor dat een dubbeltje op iets anders

kan besteed worde, is *viermaal honderd en tagentig duizend ryksdaalders.* Denk tog, oom, wat een klomp gelt, aan rente alleen.? En waar denk oom is de Kapitaal wat hulle geleen het besteed? Dat kan ik oom ook zegge, in hulle eige stad, en op hulle eige wege. Oom het mos wel gehoor van die *Breekwater*, maar oom zal zeker niet verstaan wat dit is nie. Wel, ik zal oom vertel, want de mense aan de Baai het my alles gewys. Oom weet aan de Kaapstad is de zee, net zoo as aan de Baai, waar al de schepen van Engeland en andere lande kom. Nou moet oom weet, dit is al meer as *twee honderd jaar* van dat de Kaapstad door de Hollanders aangeleg is, en enkelde keere, as de wind sterk waai, kom daar ouwe vrotte schepe, wat nie goede ankers het nie, op strant. Maar nou is de Kapenaars met eens zoo spandavel geworde, dat hulle van de strant af een muur wil bouwe dwars deur de zeewater, om de krag van de wind en de branders van de zee aftekeer, zoo dat de schepe achter de muur kan veilig legge;—en dan moet daar nog binnekant van de muur een heele party dammen afgeskort worde, om schepe in te brenge en reg te maken. Wel oom, die *Dam in de Zee,* zoo as oom Piet Venter dit noem, zal net zoo veel koste as *al* de Veeplaatsen in de districten van Burghersdorp en Colesberg te zame waard is, zoo as de plaatse nou geschat is in de Afdeelings Raad boeke. Oom kan denk, dats nie klein beetje gelt nie. Nou, geld is daar nie, hoe begin hulle zoo een ijsselyke werk zonder geld. Dit zal ik oom kloek make. De Parlement het dit zoo uitgemaak, *Twee honderd duizend Ponde* wordt in Engeland geleen, en ons heele land, van de Kaap na Groot Rivier, is daaronder verpand, as Borg om alle jare die rente te betale aan die Engelsche mense wat de geld geleen het.

*Jan.*—Myn magtig! neef Klaas, (dat ik zoo een groote woord gebruik,) is *myn plaats* ook daaronder verpant? Ik verkoop nou zak en pak, en ik trek na Mooie Rivier.

*Klaas.*—Sapperloot! maar waarom is oom zo haastig? Laat ik uitpraat. Oom, jou plaats is nie *by naam* daaronder verpant nie, maar de heele lands inkomste, —al de reconie van al de plaatse in de heele land,—al de heere regten,—alles wat de land aan inkomste oplever, van de Kaap tot na Groot Rivier, is voor die geleende geld verpant; en de rente moet alle zes maande op de dag betaalt worde.

*Jan.*—Neef Klaas, dats tog een regte goede ding dat jy naar de Baai gegaan is, om tog zelfs de waare tyding aan ons te breng. Ik het zoodanig geskrik dat ik amper vergeet het om jou te vrage of jy nie een kruije soopie wil drink nie, en jou pyp stop, want ik het regte lekker Kangos tabak.

*Klaas.*—Asseblief, oom, want om de waarheid te segge, ik het lange tyd nie zoo veel gepraat nie, en ik het oom nog de helfte nie vertel nie. Ons arme Boere hoor maar net zoo veel as sommige mense ons wens wys te maak; en ons laat ons te veel van zulke mense lei, wat hulle eigene voordeel zoek.

[*Zy drinken ieder een kruije soopie en vullen hunne pypen, en Klaas Waarzegger vervat het woord.*]

*Klaas.*—Wel, oom, ik het van die dam in de zee gepraat. *De twee honderd duizend ponde* wat nou geleen is, is nie genoeg nie om de Dam klaar te maak nie. Daar zal net *vyfmaal* zoo veel toe noodig wees,—en as de som op is wat nou geleen is, dan zal de Kaapse Parlement weer stem om *twee, drie of viermaal honderd duizend ponde* te leen; want hulle zal zegge, dats jammer om met de werk nou op te hou, ons moet het nou klaar maak,—en op zoo een manier zal daar een schuld op de land kom, wat onse kinders, en kintskinders altoos zal onder lei.

*Jan.*—Neef Klaas, ik blyf jou dankbaar dat jy myn ooge oopgemaak het. Maar gaat aan, ik hinder jou weer.

*Klaas.*—Ik zal nou nie meer van de Dam in de zee praat nie. Maar oom moet nie vergeet nie dat daar

al Zesmaal honderd duizend goude ponde door de Kaapse Paarlement geleen is, waarvoor onse land moet jaarlyks rente betaal. En byna al de gelt is aan de Kaap besteed. Nou zal ik oom nog van een ander ding vertel. Oom weet dat hulle verlede jaar aan de Kaap perbeer het om een belasting op onse wol te zet, van een half dubbelje op elke pond, dit zou omtrent tien ryksdaalders op elke baal wees. Maar de Parlements lede van de grens het dit tog vernietig; maar wie weet dat hulle dat nie weer zal vervat nie?

*Jan.*—Ja; van de Wol belasting het ik gehoor, myn neef; en as dat deurgegaan is, het ik my vas voorgeneem om al myn fraaije dure uitlanse ramme te sny, en Kaapse ramme onder myn ooye te zit. Maar neef, hoe kan tog de gofferment zoo dom wees om belastings te maak op wol; hulle moes mos liever ons arme boere aanspoor om onse schape te verbeter.

*Klaas.*—Dat's waar oom; ik zou ook myn ramme gesny hebbe as de belasting gemaak was; maar ziet oom dan nie,—*hulle het geld noodig voor hulle Damme in de Zee* en andere verbeteringen aan de Kaap—en waar zal hulle dit van daan kryg, as van de grense? Hulle ouwe wynplasies lever mos niks op nie; dit is de wol wat ons land ryk gemaak het.

*Jan.*—Maar as hulle onse wol belas, waarom belas hulle dan hulle wyn ook nie?

*Klaas.*—Ja, vraag dat, oom Jan! In Engeland was daar eers een belasting op Franse Wyn, en toe kon hulle nog hulle Kaapse Wyn verkoop; maar nou het hulle met de Franse een akkoort gemaak om de belasting van hulle Franse Wyn aftenemen, en nou is daar zoo veel Franse Wyn in Engeland gekom, wat beter en goedkooper is as Kaapse Wyn, dat hulle Kaapse Wyn nie kan verkoop nie. Daarom zeg hulle kan hulle aan de Kaap nie een belasting daarop zit nie, want dan zou al de Wyn-boere bankrot worde.

*Jan.*—Zoo! nou verstaat ik de ding reg. Alle gelt

wat maar inkom voor belasting, wordt aan de Kaap uitgegeven, om hulle stad, en hulle paaije, en alles te verfraaije,—hulle is de uitgeve van gelt al zoo gewoont, dat as hulle nie genoeg kan kryg nie, dan belas hulle de wol van de grensboere, en dan verkoop hulle al de ope grond wat nog op de grens is,—en dan leen hulle nog goude ponde by duizende en mudde zakke vol,—en ons land word verarmt met een groote schuld,—en over eenige jare zal daar amper nie genoeg gofferments geld in de kas wees nie om de rente te betaal. En onze paaije blyf zoo as hulle voor vyftig jare geweest is, en daar is geen een rivier hier nie wat een brug over is nie.

*Klaas.*—Wel, oom Jan, nou verstaat oom de ding eers reg. Kyk oom, de Kaapstad en ons grens-mense is zoo een soort van maatschappy. Elk breng zyn aandeel gelt in de gofferments kas, en ieder moet na regte evenveel van die gelt terug kryg om paaye te make,—Jutse aan te stel,—Kantore voor overzette van grond te hebbe, en zoo voort. Maar wy grensmense brenge meer op as de Kaapse distrikte, en hulle vermors al onse gelt daar by hulle, en ons moet maar te vrede zyn. Kyk oom, as ik en oom nou in maatschappy was met melk beeste,—oom zyn koeye geef allemaal een half-emmer melk stuk, en myn koeye geef maar ieder een pintje, van diezes emmermelk wat ons van de maatschappy beeste win, is vyf emmer van oom zyn beeste, en maar een emmer van myn beeste, zou dat dan reg wees as ik altyd al de melk voor my neem, en aan oom maar net genoeg geef voor koffy-melk? Of anders, as ik en oom nou in maatschappy was met schape, zeg by voorbeeld ons het twee troppe, ik vier duizend en oom vier duizend; oom is de oudste man, en ik is maar een jonge beginder; onze wol lever evenveel op, en oom is de bewaarder van de maatschappy wolgelt. Zou dat dan nou reg wees, as oom van die gelt een fraaije woonhuis, en groote damme *op oom zyn plaats* maak, en dan nog boven op gelt leen, en de rente uit de wol-

gelt betaal ; en oom geef my maar net een paar duizend ryksdaalders, en ik moet in een hartebeest huis woon, en ik durf niks zegge nie. Zou dit dan reg wees ? Om dat oom de oudste is, dat oom de meeste gelt moet neem, en as ik klaag, dat oom my uitskel ? Zou dat reg wees ?

*Jan.*—Nee, myn neef, dat zou heeltemal onreg wees.

*Klaas.*—Wel ik is bly dat oom zoo zeg. En zou eenige mens my kan kwalyk neem as ik aan oom zeg:— *Ik maak die maatschappy uit; vat oom zyn wolgelt en ik myne; bouw en werskaf zoo as oom wil met oom zyn eige gelt, en ik zal myn plaats verbeter met myn gelt, en voor myn gebruik ook damme maak.* Zou iemand my kan kwalyk neem, oom, as ik zoo een maatschappy verbreek ?

*Jan.*—Hoe kan jy my zoo een vraag doen ? Dit spreek mos als een boek.

*Klaas.*—Nee, wag een beetje, oom. En as ik zoo een maatschappy nie zou verbreek nie, waar alles een kant is, en nix aande ander kant, zou ik nie een kring wees nie, oom ?

*Jan.*—Ja, neef dats waar.

*Klaas.*—Wel oom, dit is de ding wat de mense aan de Baai, Uitenhage, Grahamstad, Fort Beaufort, Somerset, en Kweenstad, zoodanig over spook. Daar is al veele jare een maatschappy tusschen de Kaap en de gresen gewees. Al de gelt van landsinkomste gaat in een kas aan de kaap—hulle vermors de gelt, en leen nog bovenop, en ons moet toezien en rente betaal. Nou, die Baaiyse mense, en de mense van de andere grens dorpe wat ik opgenoem het, wil de maatschappy met de Kaap verbreek. Laat hulle hulle eige gelt vermors zoo as hulle wil, en ons zal onze gelt bestee tot nut van onse lant. Ons wil ook goede paaije hebbe, en brugge over onze rivier, en Jutse van onze eige, wat op de grens woon, en kantore waar ons onse eige testamente kan registreeren, en onze plaase kan laat overzit, zon-

der hoope met gelt aan Kaapse agente te betaal; en selfs bestaanbare wette te maak tussen meester en bediende. Ons wil onse eige Gofferneur en andere hooge beamte hebbe, wat onder ons woon, en ook dezelfde paaije en riviere moet deurry wat ons gebruik. Ons wil de gelt wat inkom voor weg verponding en verkoope van ope grond, bestee, en nie in de zee gooi nie. Daarom wil ons de maatschappy verbreek, *en dit is wat hulle* Separatie of Afscheiding noem. Dit is wat oom Jan nie kon begryp nie. Maar nou begryp oom Jan dit mos.

*Jan.*—Zoo! is dit Separatie? Maar neef Klaas, kan onse Gofferneur, of Koningin, dan die onregte dinge niet belet nie?

*Klaas.*—Nee, oom. Onse gofferneur is een goede, brave man. Dit is nie zyn schult nie. En onse Koningin weet daar niks van nie. Een Gofferneur het zoo veel magt nie. Die Parlement doet alles. Onse brave Koningin het ons een vrije Parlement gegeef om onse lands zake zelfs te regeer. Onse Gofferneur en onse Koningin hebben geen schuld aan die dinge.

*Jan.*—En wat doet onse Parlements lede, dat hulle dit niet tegengaat nie?

*Klaas.*—Ons moet eenparig wees, oom. Ik het oom reeds gezeg dat de mense van al de districte reeds gestemt hebbe voor *Separatie,* of om de maatschappy te verbreek. Daar blyf nog maar één district wat nog nie gestem het nie, naamlyk, Graaff-Reinet. Nou oom, de boere moet hulle niks laat wys maak nie van knopedraaijers en belangzoekers. Ons moet allemaal met de mense van de andere distrikts meestem om onse eige regering op de grense te hebbe, en ons eige Parlement: dan zal onse grense prospereer, maar zoo lang als ons aan de kaapstad vasgeknoop is, zal hulle met ons en onse geld doen nets zoo as hulle wil.

*Jan.*—En hoe verkryg ons dan die Separatie?

*Klaas.*—Dit zal ik oom vertel as ik weer kom.

Maandag zal ik weer hier wees, en dan zal ik oom vertel. Ons moet byeenkomste maak, en ons moet stem voor Separatie, want dit is onse voordeel. En als daar een byeenkomste op Burgersdorp is, moet oom niet de moeite ontzien om daarna toe te ry ! en te stem voor ons eige regeering en Parlement op de grens.

*Jan.*—Dat kan jy geloofe, en ik zal ook neef Piet Vredemaker, Ouwe kwaaije Willem, en Hendrik Stadig, en allemaal zegge hoe de zaak leg. Vertrouw op my.

*Klaas.*— En oom moet ook niks tyken nie voor ik terug kom. Want oom weet hoe slim onse vijande, is. Hulle zal oom soeке heunig om de mont te smeere en een ding te laat tyken wat tot ons nadeel zal wees. Pas op dat oom nie zoomaar een memorie tyken nie, zonder dit eerst te lees, want altemits is dit *tegen* de Afscheiding.

*Jan,*—De boer is wel dom, maar nie stom nie. Iĸ zal hulle wat anders vertel as ik by die byeenkomst is. Nou nog een kruije soopie, voor jy vertrek, en k om zeker Maandag weer.

*Klaas.*—Daar kan oom op vertrouwe. Gezondheid, oom. [Zy drinken ieder een soopie, en Klaas Waarzegger klimt op zyn paard]

*Jan.*—Wel, tot wederziens, neef Klaas, groetenis aan nigge Elsie en neef Stephanus.

*Klaas*—Dankie oom, groetnis aan Tante Saartje. Ik wens haar goeye beterschap. Maandag kom ik weer

# DE VERHELPING.

## NO. II.

### ZAMENSPRAAK TUSSCHEN KLAAS WAARZEGGER

EN

### JAN TWYFELAAR.

[Jan Twyfelaar zit op zyn stoep, omtrent 8 uur in den morgen, en ziet Klaas Waarzegger te paard aankomen. Hy roept naar zyne vrouw, zeggende, "Elsie hier kom neef Klaas, maak toch nou dat jou vroegstuk klaar is." Tante Elsie gaat met eens na de keuken, en in den tusschentyd klimt Klaas Waarzegger voor de deur af.]

*Klaas Waarzegger.*—Goede morge, oom Jan, hier ben ik volgens myn belofte. Tante Elsie is zeker al fris, anders zou oom nie zoo lekker op stoep zit te rook nie. Het de borrie haar gehelp oom?

*Jan Twyfelaar.*—Wel die kleine Rooye Dokterje van Cradock het haar heeltemaal fris gemaak. Hy het regte goeije Medecyne voor die steeke wat vrouwe mense mee geplaag is. Maar ik ben bly dat jy gekom is, neef Klaas. Ik heb aspres na jou gewag met onze

vroegstuk,—nou moet jy maar plaats neem, en ons zal eers een stukkie eet.

*Klaas.*—Goed, oom, en voor ons begin zal ik een paar woorde spreek. Dits nie een gebed nie, (want ons moet nie spot nie)—maar net maar zoo een *versie.*

[Tante Elsie komt binnen, en na gegroet en het eeten opgedischt te hebben, gaan de drie aan tafel zitten,—en Klaas Waarzegger spreekt als volgt:—

"O heere der heere,
Wie kan hier buite nog negeere,
Alle die uit de Kaap zyn gebanne.
Worden hier groote manne;
En ons arme boere gezelle
Kan men de ribbe op de lyf al telle,
Met slegte paaye te vrede stelle,
Met Kaffer wagters jou ziel kwelle;
O heere wilt ons toch verlosse,
Van al die Kaapstads osse,
En leidt ons toch naar wense
Ons arme ondervelt's Christemense."
Amen!

*Jan.*—Waar het jy dat opgedaan, neef Klaas? d mos een regte toepasselyke stukkie voor ons Afsheidings mense.

*Klaas.*—Ja, oom, ik het dat zoomaar van morg langs de pad gedicht; dit zal zeker nie goeye rympies wees nie, maar dat is toch onse gevoele, oom;—en as ons nou altoos zoo iets in onse gedachte hou, dan zal ons nie vergeet nie om onse pligt te doen als Afscheidings mense,

*Tante Elsie.*—Hoor, neef Jan, alles wel! Om van de Kaap afteschcide is goed,—ik het jou laatste gesprek gehoor, en hou daarvan, want de Kaapstad mense werk onreg met ons; maar jy moet nie te ver gaan met jou Separatie, of Afscheiding nie. Ons vrouwe hou nie van scheije nie.

*Klaas.*—Maar waar praat Tante nou van? Kyk, Tante, onse Kolonie is nou nets een Kaffer,—de Goffernment het twee vrouwe, de Westelyke en de Oostelyke Vrouwtjes. De Westelyke woon by de Gotternement

aan de Kaapstad, en zy kryg alles wat de heele land oplever; de Oostelyke vrouwtje moet alles wat zy verdien na de Kaapsted stuur, en zy kryg nu en dan een rooye doek, of een ouwe stukkie opgedraagte goet. Zal het nie beter voor de Oostelyke vrouwtje wees nie, om zelfs een man van haar eige te hebbe nie, wat by haar woon, en haar alles geef wat haar toekom nie? Wat denk Tante Elsie daarvan?

*Tante Elsie.*—Reg zoo, neef Klaas! Hoe durf een christe Gofferment twee vrouwe hebbe? Zies! schaam hy hem nie? Nee, ons moet één vrouw van hem afneem; en laat die Afgescheide vrouw een man van haar eige hebbe, wat voor haar zorg. Dan zal zy nie zoo nukkerig wees nie. Maar dit spreek van zelfs; als myn ouwe een ander vrouw het, en alles aan haar geef, zal ik nie jaloers wees nie? Dat wou ik eers zien. Ik zou gou een Afscheidings Committe oprig, en ik maak een Juts daarvan voorzitter!

*Jan.*—Zie jy nou, Elsie, ik het jou mos gezeg, de ding is zoo duidelyk as een boek, beschouw hem maar van watter kant jy wil, dit is maar voor ons de voordeligste om onse eige regering op de grense te hebbe.

*Tante Elsie.*—Ja, myn ouwe, daar stem ik met jou mêê, maar het jy nie gehoor nie wat hulle op Colesberg zeg, dat as daar eers afscheiding is, dan zal de Engelsche Settlars ons Boere mans en zeuns allemaal *soldade* maak, om de grense te bescherm. Ik zou jou wel graag met een rooye baatje wil zien! en wanneer een van de Engelsche Kerels wat nets zoo veel hare onder hulle neus draag as een bokram onder zyn kin, jou Kommedeer om met jou roer in jou arm de heele nacht in de kou te staan, hoe zal dat jou geval?

*Jan.*—Wel, julle vrouwe mense is toch wonderlyke goet; geloof jy dan aan sulke bogtery, myn vrouwtje; kan jy dan nie sien nie dat het alleen geseg was om ons Boere mense bang te maak. Want daar is mense wat stom genoeg is om alles te geloof. Ik heet wel

Jan Twyfelaar, maar my kan hulle zulke dinge nie wys maak nie. Ik wens dat een kerel *my* op de Colesberg byeenkomst zoo wat kom zegge,—ik slaat hem zoo voor zyn bek.

*Klaas.*—Reg zoo oom. Dits allemaal Kaapstads praatjes die. Oom Klaas, gloofbare mense het my aan de Baai vertel dat de Kaapstads mense, wat ons almeleve vergek gehou het, nou begin te zien dat Afscheiding met ons buite mense *meening* wordt,—nou prakseer hulle alles wat hulle maar kan om ons Boere mense bang te maak, en ons van de andere districte wat reets byeenkomsten gehad, en besluit het om de afscheiding deur te dryve, aftekeere. Hulle weet wel met de Engelse mense, wat alle weeke, amper alle dage, kourante kryg, met die kan hulle niks begin nie, nou wil hulle *ons* bang maak. De Kaapse mense ziet nou dat hulle die melkkoey wat hulle emmer altoos volgemaak het, zal verloor,—want de Parlement het reeds vastgesteld dat zoodra ons op de grense eenpaarig, of gelyk is, nets een span goedgeleerde osse, dan zal hulle nie meer weiger nie om ons afscheiding te geven. Nou ziet hulle oom, dat ons reg gelyk begin te trek,—Boer, Engelsman en Uitlander wat op de grense woon, begin nou *gelyk* de juk te vat—en ons wage, om zoo te spreek, is al een heele ent uit de Kaapstads modder en zant duine uitgetrek,—nou wil hulle de verdeeltheid onder ons brenge, om één hot en de ander haar te laat trek—daarom perbeer hulle de Boeren met allerhande dingetjes bang te prate. As hulle dit kan verkryge dan zal hulle in hulle aanstaande Parlement zegge,—*Julle is nie gelyk nie,—dits maar de Engelse Settlaars wat Afscheiding wil hebbe, de Hollandse Boer is daartegen* !"

*Jan,*—Wel, neef Klaas, daar het ik nie oom gedenk nie, maar nou ziet ik dit. Reg die Kaapenaars is toch gesleepe goet.

*Tante Elsie.*—Dit mag jy wel zegge, myn ouwe; maar daar is daarom goeye onder. Dits maar de for-

tuinzoekers wat niks deug nie, wat hier onder kom, en hulle voor groote slimme manne uitgeef. Kyk, ik het drie dochters, Martje, Antje, en Leentje, maar de Kaapse fortuinzoekers moet van hulle afbly, dat zeg ik hulle. Ik is nou ook heeltemaal Afscheiding gezint, en laat geen kerel na myn dochters vry niet, of hulle moet eers stem voor die afscheiding van de Kaapstad. Als hulle eenigzins haper, laat ik hulle in een karretje klim, en ik laat *Sieraad* en *Ambraal* daarvoor span, en hulle moet driemaal Plankfontein op en af ry. As de afscheiding dan nie in hulle ingestampt wordt nie, dan is hulle onredbaar.

*Jan.*—Sapperloot, Elsie, jy is vuur warm ! ik zal na Cradock schryf dat hulle jou ook moet na Colesberg neem as een afgezant.

*Tante Elsie* schuyf haar mouwe op en zeg,—Ja ! neem my maar. Ik zal de eerste vrouw nie wees nie, wat een man baas geraak het.

*Klaas.*—Wel, oom Jan, dits nie alleen met de *soldade* praatjes wat hulle zoek om de boere bang te praat nie, daar is nog andere dinge. Oom weet volgens de Hollandse wet, wat hier in ons land regeer, moet elke getrouwde man en vrouw hulle Testament maak volgens die wet ; in sterfgevalle trek de langslevende de helfte van de goed, en de kinders erf gelyk op van de ander helfte. Nou die wet geval de Engelse mense nie, want in Engeland, zoo as ik hoor, kan een man zyn testament maak nets zoo als hy wil,—hy is nie verplig om een kind te laat erf nie, als hy nie wil nie; of zyn plaats te laat verkoop als zyn vrouw sterf. Nou het de Engelse mense al geperbeer om een wet te maak, nets die Engelsche wet, om de reg te hebbe om hulle goed te vermaak nets hulle verkies. Nou wil de Kaapenaars ons Boere hiermee ook bang maak, door te zegge, als ons Boere met die Setlaars meestem voor afscheiding,—dan zal hulle, zoo als ons een Parlement van ons eige op de grens het, onse Hollandsche erfwet afschaf, en hulle Engelse Erfwet invoer. Maar

dits leugens oom; de Engelse wens niet om de oude Hollandse Erfwet afteschaf. Hulle wens maar een wet intevoer, om elke mens de magt te geve om zyn testament te maak volgens *Hollandse* of *Engelse* wet, zoo als hy verkies. En als een Boedel *zonder* Testament is, dan zal het volgens Hollandse wet gaan. Die Baayse mense het my dit zelfs uitgeleg—ouwe Mynheer Harries, en eene heele party andere. Maar al zou die Engelse wens ons onreg te behandel, hulle het die *mag* niet. De Parlements Lede voor de Grens Parlement moet gekies worde. Op Grahamsstad en de Baai zou hulle Engelse kan kies—maar in al de ander distrikte is daar meer Afrikaanders als Engelse,—en as de Boere niet mense kies nie voor de Parlemet wat de belangens van de heele land zal waarnemen nie, dan is dit hulle eige schult. De *magt* zal in onse eige hande wees.

*Jan.*—Maar ik ziet daar geen kwaad in neef Klaas. As de Engelse liever hulle testamente wil maak volgens Engelse wet, laat hulle dit doen, een ieder na zyn verkiezing.

*Klaas.*—Dats waar, oom. Maar daar is nog twee ander dinge waar hulle ons mêê zoek bang te maak. Hulle zeg, zoo als daar eers Afscheiding is, zal de Setlaars een Spoorweg maak van Grahamstad na de Baai, en al onse geld zoo vermors. Nou als daar gelt vermors wordt wanneer ons onse eige Parlement het, dan is het onse eige schult, zoo als ik reeds gezeg het. Want de Hollandse distrikte zal zoo sterk wees, dat *ons* niks te vrese het. As daar rede voor vrees is, dan moet de Engelse dit hebbe, want hulle zal voor vele jare aan de swakste kant wees. Maar de Engelse vertrouw de grens-boere en waarom zal ons dan voor hulle wantrouwig wees?

*Jan.*—Ja, neef Klaas, dats alles waar wat jy zeg. Dits maar allemaal bangmakery om ons afteschrik, zoo, dat de Kaapenaars ons by hulle kan vas houwe tot hulle Dam in de Zee, of *Zeebreker*, zoo as hulle dit noem, klaar is. Maar voor ons zal dit een *Nekbreker* wees,

en wanneer hulle geld genoeg geleen het, zal hulle zegge—"*Nou het ons julie nie meer noodig nie,—julle moet de helfte van de Rente voor onse Zeebreker en andere werken betaal. Voertzek! julle kan maar gaan.*" Dan is het te laat voor ons om van Afscheiding te praat, wanneer de heele land zoodanig met schult belast is, dat de helfte van onse grens inkomsten zal noodig wees om de rente te betaal.

*Klaas.*—Wel, oom Jan verstaat de heele zaak nou byna zoo goed als ik. Daar is nog een ding wat ik oom nog nie vertel het nie. Oom weet Graaff-Reinet is een groote en ryke dorp, en wanneer een mens groot en ryk is, dan is hy gewoonlyk ook trotsch. En dit zal wel met dorpe gaan nets met mense. Nou moet ik oom zegge, de meeste van de dorpse mense van Graaff-Reinet is klaar om te stem voor afscheiding—byna al de koopmans is daarvoor. Maar daar is rykelyk Kapenaars op Graaff-Reinet, en hulle wil nie graag die Afscheiding zien deurgaan nie. Hulle seg daar is drie mense op Graaff-Reinet wat te danig die Afscheiding tegenwerk, dat is de twee Parlements Lede Kobus Meintjes en ouwe heer Ziervogel,—de ander kerel zyn naam, het hulle my aan de Baai gezeg, is *Frekie Verneuk,* maar of dit een bynaam is, weet ik nie. Maar hulle seg aan de Baai Frekie Verneuk is de ergste van de drie. Een mens kan hem nie overtuige nie dat twee en twee, vier maak ;—hy hou daarop twee en twee is vyf. Sommige mense seg dat hy een *slaap ziekte* het, en dat hy voor de laatste twintig jaar nooit wakker gewees is nie. Nou schrik hy met eens wakker, en verbeel hem dat Graaff-Reinet de grootste dorp in de wereld is, en hy de grootste man,—en dat al wat *hy zeg* voor Ja en Amen moet aangeneem worde. Nou moet oom weet, was daar eenige weke gelede een private byeenkomst aan huis van ouwe heer Ziervogel. Frekie Verneuk was ook daar, en Meintjes ook. Toen seg Frekie, "Ons moet iets doen, want al de ander dorpe het al gestem voor Afscheiding. Maar die Graham-

stad !—ik haat die plek! myn neef was vansleve daar Gofferneur, en omdat hy maar net in Engeland gezeg het dat de grens-boere Kaffers doot schiet nets honde, het die *Settlaars* hem de ambt zoo heet gemaak, dat de Engelse Goffernement hem zyn onslag gegeef het. Daarom haat ik die plek. Dits waar, de Kaap het ons sleg behandel met de Dam in de Zee, en ons moet die Maatschappy vernietig. Maar Graaff-Reinet, de Baai, Uitenhage, Somerset, Burghersdorp, en Colesberg, moet een aparte Kolonie wees—en ik geef niet om daarvan Gofferneur te wees, onder den naam van Frekie Verneuk de I ste; dan kan Grahamstad, Fort Beaufort, Cradock, en Kweenstown ook een aparte kolonie wees, en de Kaap ook een aparte Kolonie."

*Jan.*—Het een mens nou ooit zoo een gekke ding gehoor,—om *drie* kolonies uit *een* te maak. De inkomste zal mos te klein wees om twee Gofferneurs en twee Parlements op de grense te hebbe. De kolonie is te groot voor *een*, en te klein voor *drie*. Voor twee kolonies is het net groot genoeg. Daar is ook net *twee* goeye *Zeehavens*,—een aan de Kaap, en een aan de Baai. Maar wat seg de mense van de Baai van die gekke voorstel van Frekie Verneuk?

*Klaas.*—Wag oom Jan, laat ik vertel hoe het by de byeenkoms aan huis van ouwe heer Ziervogel gegaan is. Kobus Meintjes, het spyt my dit te segge, was van dezelfde gevoelen, en ouwe heer Ziervogel ook. Daar was nog twee of drie andere daar, en hulle seg "Zoo als Frekie seg, seg ons ook." Zoo is dit gebleve, en ouwe heer Ziervogel, en Kobus Meintjes het hulle van Frekie Verneuk laat ompraat; daarop is Kobus Meintjes na de Baai gegaan, om te zien wat de mense van de Baai en Uitenhage daarvan seg; maar de Baaise mense het hem ronduit geseg hulle wil daarvan nie hoor nie. Hulle verkies dat al de grens distrikten zal *een* Kolonie uitmaak, met *een* Gofferneur en *een* Parlement. Dan kom al de grens inkomste in *een* kas, en dan zal daar gelt wees om on-

se publieke werke zoo als paaye, brugge, enz., te laat maak. Dan is de Baai de Zeehaven van de grens, en dan zal alles voorspoedig gaan. Wel, Kobus Meintjes kon niks aan de Baai uitvoer nie, en daarvan daan is hy na Grahamstad gegaan,—en daar is het net zoo gegaan. Op Somerset het de Afscheidings Committee ook een besluit gemaak dat hulle niks met die Graaff-Reinetse voorstel wil te doen hebbe nie.

*Jan.*—Goed zoo,—en ons moet ook zoo maak. Nou ziet ik de ding reg. De Kaapstad is te ver van de grens. Laat hulle een aparte Gofferneur en Parlement hebbe, en ons een aparte Gofferneur en Parlement op de grens,—dan zal alby kolonies beter prospereer.

*Klaas.*—Reg zoo, oom. Dat is nie noodig dat ons met de Kaapse mense twis nie; maar ons is nou te oud om onder een stiefvader te staan. Kyk oom, als oom zyn Jan nou trouw, en hy wil op zyn eige gaan boer, zou dit dan reg wees als oom hem wil belet, en zyn wolgelt neem om Damme en huize op oom zyn plaats te bouw? Het oom gehoor wat de Magistraat van Cradock aan de Parlement aan de Kaap geseg het, toe hulle hem voorgehad het om hem vrage te doen van die Afscheidings dinge?

*Jan.*—Ik het gehoor dat hy voor was, en dat hy de waarheid aan hulle geseg het, en dat alle mense met zyne verklaring zoodanig te vrede is, maar ik heb de verklaring nog nie gelees nie. Het jy dit gezien?

*Klaas*—Ja, oom, de Baaise mense het my dit voorgelees, en ik kan oom segge dat dit krachtig is. Maar oom, hy het een koddige ding geseg, wat ik nie zal vergeet nie. Hy seg de Kolonie, van Groot Rivier tot na de Kaapstad, lyk nets een schape achterbout, —de dikflys is de grens-districte,—en daar onder by de voetbeentje zit de Kaapstad; dits heeltemal te ver van de dikflys af, waar al de kracht van de bout zit.

*Jan.*—Wel, saavels! dats koddig, maar dats waar

ook. Elsie, breng my toch een *heele* schaapbout, laat ik dit ter dege bekyk. [Tant Elsie brengt een bout, en al drie bekyken het, en oom Jan lacht dat hy zoo schudt.]

*Klaas.*—Nou, oom,—ons wil de dun ent van de schaapbout afкap—maar de Kaapse mense wil die dikflys nie los laat nie? En de laatste man op de grens moet nou help om de mes scherp te maak. Waarom moet ons jaar voor jaar onse dikflys aan hulle afgeve, en ons kryg geen waarde terug nie van hulle kale beentje?

*Tante Elsie.*—Ja, neef Klaas, de laatste Dopper verstaat nou de ding, en allemaal zal help. Kyk, myn ouwe, ik wil voor onse vrouwe ook een Afscheiding Committe maak. Ik het daarover zit te denk zoo lang als julle gepraat het. Myn plan is zoo;—alle boere vrouwe en nooijens moet hulle naam by onse Committe inschryve,—en hulle moet een schrif tyken, de moeders dat hulle hulle dochters nie zal laat trouw nie, of de man moet voor Afscheiding stem; en de nooijens dat hulle geen jongman of weduwnaar na hulle zal laat vry nie of hy moet voor Afscheiding stem. De weduvrouwens ook zoo. *Wat denk julle daarvan?*

*Jan.*—Dit zal nie noodig wees nie, vrouwtje lief, want iк denк alle mans zal hulle voordeel in Afscheiding zien, zoo als ik reeds geseg het, de Boer is wel dom, maar nie stom nie. Hy kan ook zien wat reg en onreg is.

*Klaas.*—Nou, oom, daar hang nou veel af van onse Boere mense. Op de 29ste Detsember, weet om mos, zal daar een byeenkomst wees om de mense zyn gevoelens te hoor omtrent de Afscheiding. Daar is tegenspreekers, om daarom moet ons wakker wees, ik, en oom, en zoo veel als maar mogelyk kan, moet naar de byeenkomst gaan, en ons moet stem voor Afscheiding;—laat de tegen-spreekers hulle rede voorbreng; en wie nie na be byeenkomst kan gaan nie, moet zorge

om geen memories te tyken nie wat *tegen* de Afscheiding is, want de mense zal hulle zoeke om te praat. Zoo als ik hoor, zal daar over een korte tyd memories by al de Veldkornets wees voor de Afscheidings mense om te tyken, en de memories moet ons allemaal tyken;—en as daar een Byeenkomste op Burghersdorp is, dan moet ik en oom ook daarnatoe gaan; en nets zoo maak als ik reeds geseg het.

*Jan.*—Daar kan jy op staat maak, neef. Van myn kant zal daar niks mankeer nie. Ik zal alles doen wat ik maar kan, want ik ziet nou zelfs dits een noodzakelyke ding, wat de welvaart van lant en volk betref. En al kom ook twintig Frekie Verneuks, hulle zal my geen appel voor een eyer verkoop nie. En ik seg jou nou, hulle zal de ouwe Doppers nie maklyk mislei nie met hulle soldade praatjes,—en Middelandse Provincie, en zulke bogtery. En ik zal ook zorge dat ik geen memorie tyken nie voor dat ik goed weet wat daar in staat. Ik zal hem eers van Meester laat voorlees, en daarna lees ik hem zelf. De Afscheidings memorie zal ik met twee handen tyken.

*Tante Elsie.*—En ik ook. Waarom kan ons vrouwe ook nie memories maak nie?

*Klaas.*—Wel, oom, ik denk dat ik oom nie meer behoef te vertel van de Afscheidings ding met de koddige naam zoo als oom geseg het van *Spacie* of *Sukkelatie*. Oom kan nou andere mense ook leer. Zoo gaat dat in de wereld; als een mens wil luister, dan is hy nooit te oud om te leer nie. Nou vertrek ik. Goede dag, Tante Elsie. Goede dag oom Jan. Oom moet nie die rympie vergeet:—

O heere wilt ons toch verlosse,
Van al die Kaapstads osse,
En leidt ons toch naar wense
Ons arme ondervelts Christemense."

Amen!

# DE COLESBERG BYEENKOMST

NO. III.

## ZAMENSPRAAK TUSSCHEN KLAAS WAARZEGGER
EN
JAN TWYFELAAR.

"Die ter kaatsbaan is, moet ook den Bal verwachten."

[Klaas Waarzegger klimt voor de deur van Jan Twyfelaar af, voor de laatstgemelde daar is om hem te ontvangen. Hy komt echter spoedig uit, en zegt :—]

*Jan Twyfelaar.*—Goede morge, neef Klaas, ik het iemand te pert zien aankomen, maar ik kon jou nie, want ik was jou in een karretje te wagte, met nigge Saartje, zoo als jy belooft het; en nou kom jy alleen, en dat nog al met een vreemde pert, zoo dat ik jou nie eens kon nie. Waarom maak jy dan zoo? Geef jou pert aan Wildebeest, en kom binne.

*Klaas Waarzegger,* na gegroet te hebben, antwoord, —Ja, oom, zoo gaat het met ons arme boere. Daar staat myn kar, en oom weet ik het twee flukse trek-peerde, maar ik durf het niet wage om met de kar langs Plankfontein te ry; de pad was altoos sleg, maar

nou moet oom dit zien—en dit nog al de groote pad tussen Cradock en Kweenstown; reg oom, dits een schande, en ik erg my zoomaar van de plek af.

*Jan.*—Dits waar, neef Klaas; ik wens dat de laatste Gofferneur, en Juts, en andere groote lui wat van de Kaap kom, hulle asse, en speeke, en wagens en karre daar breek, dan zal hulle ook kan voel wat ons boere moet ly. Maar wat voor vreemde pert het jy dan daar?

*Klaas.*—Dit is oom Pienaar zyn eige rypert, oom, wat hy my geleen het om na de Colesbergse byeenkoms te gaan, om dat hy zoo een maklyke gang het, dits nog een van de ouderwetse perde, oom; hy loop zoo een vinnige pas-achter-steek, wat hulle tegenwoordig een trippel noem. Ja, oom, ik wens dat alle Boere zoo fluks was als oom Adriaan Pienaar, dan zou hulle hulle nie laat om praat nie van alle skorrie-morrie goet—opdrifsels—wat hulle verbeel dat hulle de Boere alles kan wys maak,—en dat ons altoos na hulle pype moet dans. Oom weet ik was zelfs daar, en ik het my klaar gemaak om de mense alles te vertel; maar denk oom dat ik, of een andere fatsoenlyke mens, een gelegenheid kon kryge om te spreek? Nee, oom, die Colesbergse Afscheidings vyande het een heele party smeerlappe by makaar gemaak om een lawai en spektakel op te schop; hulle het gedenk dat hulle kon maak nets hulle wil by de byeenkomst,—maar toe hulle merk hoe dat zou gaan, toe begin hulle de mense wat daar gekom is, als voorstanders van Afscheiding, te beledig en allerhande laster en leugentaal te gebruik. Ik het altoos gedenk oom, dat een Parlements lid ons Boere moet voorgaan in alles wat fatsoenlyk en betaamlyk is,—en voor lant en volk opkom; maar nou het ik gezien, oom, dat onze ouwe rympies toch maar waar is—

Al draag een aap een goude ring,
Hy is daarom toch een lelyke ding.

*Jan,*—Ja, myn neef, ik het daarvan gehoor, en

alle mense spreek schande over die byeenkomst;—maar al is ons *Boere*, ons moet toon dat ons onse fatsoen veels te goed acht, om scheldname en leugentaal te gebruik om onse zaak goed te maak. Ik is ouwer als jy, neef Klaas, en al weet jy meer van de nieuwe dinge als ik,—ik het daarom nie verniet over de zestig jaar geleef nie, dat ik nie weet hoe het in de wereld gaat nie. Kyk na de Kaffers, toe hulle van honger wou vergaan, was hulle mak en goed,—maar toe de Boer hulle vet gevoer het, denk hulle ons kan nie zonder hulle klaar kom nie; toe schop hulle achter-op, en nou is hulle zoo wys, dat een boer amper nie meer zyn boerdery kan voorzet nie. Met de Parlements lede is het netzoo;—voor ons hulle gekies het, was hulle mak, en nederig,—dit was—"*Myn lieve oom, voor, en myn lieve neef, na*"—"*als oom voor myn stem, zal ik alles in de Parlement regmaak,*" en zoo voorts. Maar nou dat hulle de baantje eers het, wil hulle onse BAASE wees, in plaats van onse *dienaars*. Maar "*stank voor dank is 's wereld's loon.*" Alles ontstaat uit DOMHEID, en jy weet mos hy is de vader van HOOGMOED en *eige-verbeelding*. Daar val my nou een storie by, wat myn vader van myn ouwe Grootje gehoor het. Zy was met een Uitlander getrouwt—zyn natie heet *Mof*,—en jy weet hulle weet van alles. Die storie gaat zoo:—"Daar was een wyfie Padda—van de groote soort wat savonds net zoo hart brul als een babejaan—zy had een heele trop kinders, en het haar verbeel dat zy de slimste en mooiste Padda was van de heele vley waar hulle in woon; nou, een dag kom daar een groote vette os in die vley, en de kinders van de padda het hem nie gezien, en hy trap allemaal doot, uitgenomen één. Die een loop hart na zyn moeder, en zeg aan haar—"Moeder! een *groote* bees het in de vley gekom, en al myn broertjes en zussies dood getrap,—ik is alleen over geschiet—en O! moeder! het is een ijsselyke groote beest." "Groot!" seg de oude Padda, "hoe groot? Was hy zoo groot?"

en zy blaasde haar op. "O !" zeg de kleine padda— "veel, veel grooter als dat." "Wel, was hy zoo groot ? (nog een opblasing). "Ja, moeder ! al blaas jy op tot dat jy bars, kan jy nooit zoo groot wees nie." Zoo was de hoogmoed van de oude Padda ten hoogste, en zy perbeerde nog een slag om haar op te blaas,— en——zy barste !"

Zoo is het gewoonlyk, neef Klaas,—wanneer iemand grootheid en wysheid die hem niet toekomt, wil na-apen. Maar vertel my nou verder van de Colesbergse Byeenkomst, want Elsie haar steek was weer zoo erg dat ik onmogelyk nie daarnatoe kon ry.

*Klaas.*—Wel, oom, dat was kerkdag op Colesberg, —de byeenkomst zou vroeg in de namiddag gehou worde, maar toe was de mense allemaal in de Kerk, en de byeenkomst het nie begin nie voor drie ure. Ik kon met eens zien dat alles nie reg was. De drie Parlements lede was daar, en nog een heele spul *Kaapenaars*, en hulle had een heele boel jonge Boertjes van Achter Winterveld daar, net maar om een spektakel te maak,—sommige daarvan het ook nie brandewyn *gedrink* nie,—hulle het net daaraan *geruik*, en toe het de waasem in hulle kop geslaan. Wel, daar was paskewelle aangeplak—en rondgestuur. De een was een soort van nageaapte "*Zamenspraak* tussen Neef David en Neef Kobus,"—een smeerige ding, vol van lage lastertaal omtrent twee fatsoenlyke inwooners van Colesberg district,—maar het is te sleg, oom, om over te spreek. Niemand als een lage ziel het dit geschryf, al was hy ook een Parlements lid. En als ik my nie te fatsoenlyk gehou het, kon ik sommige van die mense vertel het wie *hulle* vaders en moeders was,—en wat *hulle* was voor hulle hier gekom is om "*Mynheertje*" te speul. Maar wat het een man zyn geslag met de kwestie van Afscheiding te doen ?

*Gedrag* toont de man,
Gebrek aan dat—de smeerkan.

*Jan.*—Daar het jy gelyk in, neef Klaas. Maar jy zal dit gewoonlyk vinde,—als iemand verspeul wordt hy kwaad, en begin te liege en te schelde. Ik hoop toch nie dat de voorstanders van Afscheiding hulle op zoo eene wys gedraagd hebbe.

*Klaas.*—Nee, oom. De meeste mense was fatsoenlyk, maar oom weet mos, drie of vier rustverstoorders maak alles onderste bove. De eerste ding was, dat hulle de broer van de Parlements lid Maltitz voorzitter gemaak het—vogels van eender veere, en tegenstanders van Afscheiding. Wel, oom, hy het de mense goed vermaan om de zaak met rede te onderzoek, en hulle fatsoenlyk te gedrage. Daarop het die voorzitter de afgezanten voorgestel,—eers de Secretaris van de Baai,—dezelfde bleek-vale Doktertje wat eers op Burghersdorp gewoon het, met name Way,—oude Skanle, Nelson, en W. Cawood, en zoo een lange schrale kereltje, met zwarte hare op zyn kin, nets een Slamse Priester, zyn naam is Kit, of zoo omtrent, —dat's hy wat nou de Cradockse Hollandse krant zal schryf; en dan was daar Oom Piet Venter, en Piet Venter, Veldkornet, oom Theunis van Wyk, en Andries Bester, Veldkornet,—allemaal Afgezante van Cradock. Daarop kom daar een kerel vooruit, zyn naam is *Roos*, maar hy lyk meer na een aartappel,— en hy zeg met eens,—"Mense, julle moet oppas, hier is mense van Cradock gekom om julle te mislei en julle ooge te verblinde," en zonder aan de mense iets voor te legge om te bewys dat Afscheiding nadeelig voor de grensmense zal wees,—lees hy met eens een stuk papier voor, dat ons de Kolonie maar zoo moet laat bly, met de Gofferneur en al de Kantore daaronder by de Kaapstads voetbeentje,—en ons moet maar alle jare onse geld afstuur na de Kaapstad om in de Zee te laat gooi.

*Jan.*—Hoe is dat nou mogelyk! Maar ik verwonder my daar nie om nie. Die Roos het ik van gehoor. Hy kom van de Perl. Ik ken hom,—en ik zal jou

een dag zoo een klein levens schestie van hem geve. Hou *durf hy* de mense van Cradock schinder,—ouwe verstandige mense, zonder eers hulle rede te hoor?

*Klaas.*—Ja, oom, maar ik moet oom de heele ding eers vertel. Na dat Roos uitgepraat het, was daar een ander Kapenaar, eene Louw, een hoedemaker. Hy het Roos ondersteun, maar zyn heele aanspraak was niks als lastertaal tegen de *Engelse* en de *Engelse* Goffernement. Ik het nooit een mens zoo glad hoor lieg nie. Maar hy is nie de moeite wert nie, oom, om van te praat. Die smeerige goed het zoodanig geraas, oom, dat de mense moes na buitenkant gaan, om daar de byeenkomst voort te zet. De bleek-vaale Doktertje van de Baai wou de mense vertel hoe het aan de Baai en ander plaase toegegaan is, en hoe eensgezind de mense op al de dorpe, en de Boere buite, is over Afscheiding; maar hulle wou hem amper nie laat praat nie. Eers zeg de Parlements Lid Maltitz—"*hy* moet niet spreek nie!" Daarop zeg de Voorzitter—"Zoo als broer Ludwig zeg, zeg ik ook, *hy* moet nie spreek nie." Maar de Engelse het aangehou, en toe het Dr. Way de mense vertel dat de mense aan de Baai, Grahamstad, Somerset, Cradock, Uitenhage, Fort Beaufort, Bathurst, Kweenstown, Salem, Alexandria, Katrivier, Waterford, Adelaide, Alice, Jansenville, Bedford, Winterberg, Humansdorp, Lady Grey, en Aberdeen, allemaal *eenparig* gestem het voor Afscheiding van de Kaapstad; en dat een heele trop Afscheidings Rade wat hy opgenoem het, ook geweiger het om geen Goffernements grond meer te laat verkoop nie voor dat daar Afscheiding is, zoodat onse gelt op onse eige dorp en districte kan uitgegeef worde. Toe seg Dr. Way, denk julle nou mense, dat die inwooners van die *Twintig* dorpe en districte, wat over de *Vyftig duizend* blanke inwooners bevat, nie weet wat hulle doet nie, toe hulle voor Afscheiding gestem het,—want op geen *een* enkelde van die *twintig* dorpe, was daar *een enkelde man* wat

de Afscheiding tegenspreek het nie ;—al de Vyftig duizend mense, Boer, Engelsman, een heele party naties, het allemaal moet beken dat het tot voorspoed en welvaart van de grens districte zal wees als ons van de Kaapstad afgescheide worde.

*Jan.*—Ik kan my nie verbeel nie, Neef Klaas, hoe dat de Colesbergse mense hulle zoo kan laat verblinde nie. Maar ik ziet hoe dat is,—hulle het de *Boere* tegen de *Engelse* opgemaakt, en jy weet mos neef Klaas, als een Boer eers kwaat is, dan help daar niks aan. Maar als een mensch hem tyd geef om te denk, en hem de zaak duidelyk uitleg, zoo als jy met my gemaak het, dan kies hy wat reg is,—en dan laat hy hem nie omhaal nie.

*Klaas.*—Nou het oom de zaak net geraai. Dit was ook zoo, hulle het de Boere tegen de Engelse opgemaak. Maar ouwe Skanle van Cradock, het hulle de waarheid vertel. Reg, oom, maskie lyk hy zoo droog, hy het hulle op de plek uitgedaag om te bewys dat de *Settlaars* of de Engelse Goffernement de Boere kwaad gedaan het. Maar daar stond die lafaarts met hulle mond vol tande,—geen een durf hulle woorde goedmaak nie. Toe seg Skanle,—"Kyk, mense, wat ons in Cradock gedaan het,—de dorpse mense, byna allemaal Engelse, het eers een byeenkoms gehou, en gestem voor Afscheiding ; maar toe het ons de byeenkomst uitgestel tot de Juts daar was, wanneer daar eene menigte Boere in de dorp kom,—en toe was daar een byeenkomst van de Boere, en de laatste Cradocksche Boer het voor Afscheiding gestem." Ouwe heer Skanle het hulle toe vertel van de schandelyke wys waarop de Kaapse Parlement ons *alle jare* kryg met vermorse van onse gelt,—en hy het hulle geseg om na onse paaije en riviere te kyk. Hy het nog veel meer geseg, maar de tyd is te kort om alles te vertel. De ouwe heer het hem fluks geweer, en hy was nets zoo koel oom als een waterlemoen.

*Jan.*—Wel, ik is reg bly dat ouwe Skanle die vre-

debrekers goed uitgeklop het. Kon hulle nie over Afscheiding praat nie, zonder mense teugen makaar op te maak, wat altoos in vreede geleef het nie? Ik schaam my over Maltitz, de zeun van een Uitlander, wat met de dochter van een Settlaar getrouwt is. Dits een slegte vogel wat zyn eige nes bevuil.

*Klaas.*—Na ouwe Skanle het oom Piet Venter gepraat. Reg, oom Jan, ik was zoo reg hoogmoedig toe ik oom Piet Venter daar ziet staan, en de Parlements lede daar een les hoor voorlees. Hy had geen tyd om veel te spreek nie, want het was toe al laat, maar wat hy gezeg het was van klink. Hy het de mense gezeg, dat hy, en de laatste Boer van Cradock de zaak onderzoek het, en hy was overtuig dat onse Grense noit zou prospereer nie, of ons moet heeltemal van de Kaap afgeschei wees. Verder het hy onse landgenoote geraai om geen slechte gevoele tegen de *Engelse* Mense te koester nie, (zoo als slechte mense hulle wil opmaak.)

*Jan.*—Ik is regte bly, neef Klaas, over wat jy zeg van myn ouwe vrient, Neef Piet Venter,—maar wat voor soort *Boer* is toch de Colesbergers? ik zou denk neef Piet zyn woord moest verder by hulle gaan als een heele waagevragt van zulke goed as Louw en Roos?

*Klaas.*—Zoo was dit ook, oom, en was dit zoo laat nie,—en had de voorzitter nie naderhand opgespring, en heeltemaal weggeloop nie, zoo dat oom Piet, zoo als hy wou doen, nog kon praat, dan was de tegenstanders heeltemal in de zand. Maar nou kom de mooiste van de grap, oom. Na oom Piet staat Theunisse op. Hy is een van de Parlements lede. Wel, oom, hy had een groote Engelse *boek* in zyn hande, amper zoo groot als een van de ouderwetse schepels. Ik denk nog oom dat het nie een boek was nie, maar zyn vrouw zyn *stoof* wat hy zoo overgetrek het. Hy begon toe met die *soldade* praatje [en toe kon ik sien wie daar de uitstrooyer van was] en hy slaat een paar

maale op de boek,—en toe zeg hy—"Is julle gek, boere, om voor Afscheiding te stem? Weet julle nie, as daar afscheiding is, dan moet julle julle plaase verlaat, en op de Grens gaan leg om met de vyand te vechte. De Koningin het aan my een brief geschryve,—dit staat hier in die boek, en zy zeg daarin—Neef Theunis! zeg aan de mense, als hulle voor afscheiding stem zal ik myn laatste soldaat van de grens wegneem, en de mense zal hulle dan zelfs moet bescherm." Daar spring ouwe Skanle op, en hy seg—"Maak oop jou boek, en lees de brief. [*Ik denk hy het gezien dat het een stoof was*]: daar staat geen brief in die boek nie wat aan jou of eenige andere mense in de Kolonie geschryf is nie, wat zulke dinge in staat." Zoo schreef een heele trop mense! lees! lees! lees! Nou oom weet, al was dat een ware *Boek*, Theunissen kon dat nie lees nie, te meer een Engelse boek, daar stond hy toe vas, nets de aap by de timmerman.

*Jan,*—Wel, neef Klaas, dat's mooi gevang; jy moet dan ter dege opgelet hebbe, dat jy alles zoo goed kan vertel: maar wat is dit van de aap en de timmerman?

*Klaas.*—Daar was eenmaal een wyse aap, wat niet na de andere aape wou luister nie; en daar was een timmerman die kloof groote blokke hout by de bosch waar de aap in woon. Een dag kloof die timmerman een blok, en hy sit wigge in de scheur, om dit ope te hou, hy gaat toe na huis om te eete. Toe seg de aap aan zyn maats, nou zal ik julle wys dat ik kan nets soo maak als de timmerman; en hy begin aan die wigge te trek,—en steek toe zyn hande in de scheur, en trek de wig uit,—daar slaat de scheur toe, en hy zit vas aan de blok tot dat de timmerman kom, en hem doot slaat." Ziet oom, zoo gaat het met mense wat hulle bemoei met dinge wat hulle nie verstaat nie. Wel, oom, nadat ouwe Skanle voor Theunisse zoo gekry het met zyn boek, was hy bek af, zoo als ons dit noem. Hy het toe gepraat van de groote koste wat

in de Oostelyke distrikte gemaak is met de Zuurberg pat, en van een ander pat wat hy Paardepoort of Ezelskop genoem het, of zoo omtrent; en ook van de pat van Graafl-Reinet na Middelburg,—en van de Kowie, een nog een heele party andere dingetjes,—maar een mens kon zien hy het nie *lekker* gevoel nie over die boek, en de brief van de Koningin. Ik denk hy het geseg dat die mooye kleine Prinse, wat nou kort hier was, het aspres van Engeland gekom om hem de brief te breng, en daar was *zes* groote rooye zegels op!

*Jan.*—Maar kon ons anders van die Boevenlanders verwagte, Neef Klaas? Ik ken hulle allemaal. Theunisse is ook in de Boveland geboore en groot geworde, digt aan Stellenbosch, en was daar op een plaats. *Ik ken hulle allemaal*, en ik zal jou eendag van stukkie tot beentje vertel. Ik zal nie schinder nie, want dits gemeen, maar net zoo een skets. Maltitz zyn vader was een *Uitlander*—ik denk een "*Geelvoet*," maar een brave man. Het jy al die storie van die *Geelvoete* gehoor? "Daar was drie Zwape, hulle laai een karretje met eyers op, om na de mark te breng, maar al de eyers kon nie in de karretje gaan. Toe seg de een aan de ander twee, blyf een van julle nou by de eyers om dit optepas, en ons zal eers die wat in de karretje is gaan verkoop en aflaai. Nee, seg de ander twee, dits te veel moeite, ons moet die wat in de karretje is *intrap*. Toe trek die twee hulle houte skoene uit, en hulle spring op de kar, en begin de eyers in te trap! Nou kan jy denk, neef, dat hulle voete gou *geel* was, en van die dag af heet die dorp waar hulle van kom *Geelvoete*. Die twee Zwape wou nie luister nie na de waarheid, en hulle raak hulle eyers heeltemaal kwyt."

*Klaas.*—Ja, oom, maar dit het niks met de zaak van Afscheiding te doen nie, wat een man zyn vader was nie.

*Jan.*—Juist, neef; maar as een mens in een huis woon wat van glas gemaak is, moet hy nie de eerste

wees nie om een ander zyn ruite aan stukken te gooi. Had die domme tegenspreekers hulle by de *waarheid* gehou, en over de zaak van Afscheiding gespreek, dan het niemand hem met haarle bemoei nie. Als jy nou in een gevecht gaat, neef Klaas, kan jy dan klage als jou tegenparty met dezelfde koegels schiet als jy? En het hulle nie de eerste begin nie, in hulle smeerige paskewel, om van een fatsoenlyke man zyn moeder te spreek nie?

*Klaas.*—Dit verstaat ik alles, oom Jan; en het is ook beter dat onfatsoenlykheid nie aan onze kant is nie. Ik zal nou maar aangaan om oom te vertel hoe het verder by de byeenkoms gegaan is. Wel oom, na Theunis van schaamte zyn mond het moet hou over de brief wat Nigge Victoria aan neef Theunis geschryf het, stond daar een klein Uitlandertje op, met name Ortlip; zyn stem was een beetje te zwak, maar hy het aangetoon dat wat Theunis zeide omtrent de *wegneme* van soldate onwaar is, want dit is een kolonie van Engeland, en als de Koningin haar raadgevers zoo dom zou wees om zoo wat voortestel, dan moet de kolonie heeltemal *opgegeef* worde, en daar is ander naties genoeg wat zal bly wees om zoo een kostbare kolonie te kryg. De ding, oom, seg Ortlip, is net soo dwaas als die praatje dat ons sal soldate *gemaak* worde. Waarom, seg hy, neem de Koningin nie de troepe weg van Port Natal nie? Is dit nie afgeschei van de Kaap nie, met hulle eige Gofferneur en Parlement. Het de Koningin nie nou kort King Wilemstown van de Kaap Kolonie *afgeskei* nie, met een aparte Gofferneur, en het sy de Soldate daarvan daan weggeneem? Ortlip het de drie Parlements lede fluks uitgeklop, soo dat hulle koppe het moet weg steek. Hy het haarle geseg dat hulle haarle moet schaam om de *Engelse* en *Afrikaander* tegen makaar op te maak. Toe het hy getoon dat onse landsinkomste van de grens alleen £281,000 is, en onse uitgaaf voor onse eige Gofferneur, en Parlement op de grens, *en al de Kantoore wat*

*nou* aan de Kaap is, zou nie £200,000 kost nie.—dan het ons *Tagentig Duizend Ponde alle jare* over om paaije, en brugge, en andere verbeteringe te maak. Hy het nog veel meer aangehaal, maar het wordt laat oom, en ik moet weg. Als ik weer kom, dan kan ons de rede uitpluis oom. Watermeyer het ook veel gepraat, maar niks over afscheiding nie—alles was scheldtaal en bangpratery voor ons boere.

*Jan*—Dats waar wat jy zeg, neef Klaas ; dit wordt laat, en ons moet de heele zaak ter dege onderzoek, want alle dage kom daar mense hier om my te vraag wat ik denk. Myn gedachte is al lang opgemaak, en de meeste Boere ook ; maar daar is altoos bange, haperige mense, wat alle dage hot-en-haar omspring nets de wind, en te dom is om te zien dat al onze tegenwerkers Kapenaars, of Bovenlanders, of *Agente* is, wat hulle nou voor melk-koeye gebruik. Zal *hulle* dan zeggedat Afscheiding goed is ? Zou een byeenkomst van muishonde of wilde katte beken dat het kwaad is om snagts hoenders te steel ? Ons is maar alle zwakke mense, en weinig van ons zou tegen onse eige voordeel spreek.

*Klaas.*—Zoo is het oom ; als de Boer de ding reg wil beschouw, dan zou hy dit gou zien nets ik en oom. Maar party is bang,—party laat hulle ompraat,—en party is onverschillig. Nou het hulle weer een nieuwe praatje, dat als ons afscheiding kryg, dan zal onse Hollandse Gereformeerde Leeraars nie meer goffements traktement kryg nie. Ik zal oom wys als ik weer kom, dat als ons aan de Kaap vas blyf, *dan zal die ding eindelyk gebeur,* want die kleine Solomon perbeer *alle jare percies* om de Vrywillige Stelsel in te voer, en hy zal dit verkryge ook, als ons een paar jare met de Kaapstad vereenigd blyf. Maar als ons afgeschei worde, zal hulle dit nooit verkryg nie. Dit is een ding waar ons van moet praat als ik weer kom. Ik wil oom nou maar segge dat de heer Mosenthal en neef Andries Bester de twee beste aanspraken gemaak

het, maar hulle is te. lang om oom nou te vertel, maar als ik weerkom. Maltits was zoo nydig, dat hy Mosenthal uitgeschel het voor een *Jood*. En die Maltits noem hemself een Wel-Edele-hooggeboren *Honorabele* man. Ach ! oom, ik is al moeg van die brulpaddas. Overmorge kom ik weer.

---

## VERVOLG VAN DE COLESBERG BYEENKOMST

### NO. IV.

### ZAMENSPRAAK TUSSCHEN KLAAS WAARZEGGER EN JAN TWYFELAAR.

"De waarheid die in 't duister lag,
Die komt met klaarheid voor den dag."

[Klaas Waarzegger den vorigen avond laat by Jan Twyfelaar aangekomen zynde, zitten zy beide in den frischen morgenstond op de stoep, elk met een kopje koffy, en zyn pyp.]

*Klaas Waarzegger.*—Wel, oom Jan ! toe ik eergister hier was, het ons uitgeschei met praat, omdat het laat was, net in de helfte van de Colesberg byeenkomst, toe de kleine Uitlands kereltje, Oortlip, gepraat het. Maar ik het vergeet om oom te vertel wat hy op de ent geseg het. Hy zeide— "ik hoop nie dat de Parlement na onse Colesbergse parlements heertjes zal luister nie, als hulle tegen de Afscheiding spreek en stem. Hulle het wel de naam, zoo als de Kaffers zeg, dat hulle "onse mont," is, maar dit is nie zoo nie. Hulle weet dat de heele Oostelyke Provincie, en de grootste deel van Colesberg ook,

voor Afscheiding is; daarom al spreek hulle tegen Afscheiding, dan is het hulle eige gevoelens, en nie de mense zyn."

*Jan Twyfelaar.*—Maar, neef Klaas, vertel my nou, als ik een man aanstel, en hem een prokeratie geef, en als hy nou nie doet na myn zin, dan kan ik de prokeratie terugtrek. Waarom kan de Colesberg mense dan nie net zoo doen nie? De Parlements lede is gekies om na de Kaapsead te gaan om onse welvaart te bewerk en gevoelens te verklaar, en als hulle dit nie doet nie, kan de mense wat hulle gekies het, hulle mos afsit. Waarom doet hulle dit nie? Sapperloot! ik wens dat ik een Colesberger was, ik zou hulle gou wys dat hulle nie ons *baase* is nie, maar wel onse *dienaars.*

*Klaas.*—Oom het gelyk; als de Colesbergs Parlements mense *heere* was, wat op hulle fastoen gesteld is, (ik denk hulle noem dit op Engels *jintelman*)dan zou hulle aanstonds hulle baantje bedank, zoo als hulle ziet dat hulle gevoelens tegenstrydig is met de gevoelens van de ingezetene wat voor hulle gestem het, want als een man net maar *zyn eige* gevoelen wil verklaar, en niks om de ingezetene geef nie, dan is hy nie langer een *volks-vertegenwoordiger* nie. Een opregte, eerlyke, fatsoenlyke, man zou zegge: "Wel, mense, myn gevoele is tegenstrydig met julle zyn, ik leg myn baantje af, en julle kan een ander in myn plek aanstel." Dit is beter oom als een man eerlyk en fatsoenlyk terug wyk, als dat hy tegen wil en dank uitgezet wordt. En dit kom zeker daarvan. Maar al gaat hulle met de eerste Parlement na de Kaap wie zal na hulle luister, als de mense een brief na de Parlemeut stuur dat hulle stem nie moet aangeneem worde, want *hulle* gevoelens is nie de gevoelens van de *meeste* mense in hulle district nie. *En dit weet ik zal gedaan worde.* Dan kom naberouw, en dit weet oom mos, is galge-berouw. Maar laat ik aangaan met de byeenkomst.

*Jan.*—Ja, neef Klaas, vertel my eers alles, dan kan ik aan ander mense ook segge wat my alle dage kom vrage hoe het op Colesberg gegaan is.

*Klaas.*—Wel, oom, na Ortlip staat Watermeyer op. Oom weet hy is nooit mooi nie, maar ik kan oom segge hy was die dag lelyk van kwaatheid. Hy seg met eens, dat de heele ding van Afscheiding *eigebelang* was, en de afgezante wat daar gekom was, was ook voor eigebelang. Dr. Way, seg hy, wordt betaal, en daarom is wat hy seg niks werd nie—zyn gevoelens het hy verkoop voor geld! en de mense moet oppas dat hulle nie moet geloof nie wat die *Uitlanders* seg. Die ding van Afscheiding, seg hy, het die *Uitlanders* tegen de *Afrikanders* opgemaak. Hy het altoos in de Parlement de *Afrikaanders* bescherm, en nie Uitlanders nie. Wat maak de afgezante hier, seg hy, hulle het hier niks noodig nie. Hy het toe aangegaan om de Engelse en Uitlanders te versleg,—maar hy het zyn vrouw zyn *stoof* tuis gelaat.

*Jan.*—Wel, ik is verstom,—want de kerel zyn vader was mos zelfs een *Uitlander*. En als ons Dr. Way nie moet geloof nie om dat hy geld kryg voor zyn werk, en zyn reiskosten, hoe kan ons Maltitz, en Theunissen, en Watermeyer dan geloof; want kryg hulle nie een sieling voor elke myl wat hulle na de Kaapstad gaat, heen en weerom,—en *Vyftig* ponde zoo lang als hulle aan de Kaapstad is nie—alles te zame byna Twee duizent Ryksdaalers voor elk. Hoe durf *hulle* van gekochte gevoelens praat? En waar kom de geld van daan wat hulle kryg—*uit onze zakke;* —als ons nou moet segge *hulle* spreek Afscheiding tegen door *Eigebelang*,—om nie hulle jaarlyksche geld te verloor nie,—en de wins wat hulle maak van wagens en karretjes, en andere dinge wat hulle van de Kaap breng, en aan de boere verkoop,—dan zou hulle kwaad worde, maar hulle vergeet dat mense wat in glase huise woon, nie moet steene gooi nie.

*Klaas*—Oom het gelyk,—want waar het een mens

ooit zoo wat gehoor! Wordt onse gofferneurs, en Jutse, en andere ambtsmense ook nie betaal nie? En moet ons hulle ook nie geloof nie? Dit was een zwakke rede tegen Afscheiding. Maar denk, oom! toe de Engelse mense wat daar was gevraag het om Watermeyer zyn pratery te laat overtolk, toe seg de Parlements lid Maltitz, dit kon nie toegelaat worde nie. En dit noem hulle, zoo als de Engelsman seg, "*ver pley.*"

*Jan.*—Neef Klaas, hoe meer ik van de Colesbergse Parlements lede hoor, hoe meer ik my over hulle schaam.

*Klaas.*—Toe staat Mosenthal op. Hy is een *Uitlander*, en oom weet hy is de baas van al de groote winkels op Burghersdorp, Graffernet en andere plaatse. Hy seg toe "Heere, ik het gedag my te bepaal by de zaak van Afscheiding, om julle te bewys dat het een goede ding voor de grens-mense zal wees. Maar hier het ik een paskewel in myn hand, wat geschryf is door iemand wat tegen de zaak is, en dit begin, "*Pasop voor de Slang in de Gras!*" Ik het nooit zoo een afkeer gehad als toe ik die ding gelees het, want dit bevat nie alleen leugentaal, maar is aspres geschryf om de *Hollandsche* mense tegen de *Engelse* op te maak, en als zoo een gevoelen eers opgewek is, dan zal het jare lang duur, en zal veel kwaad doen, daarom zeg ik aan julle "*Pasop voor de Slang in de gras,*" wat zoo een gevoele wens op te wekke. Wy is allemaal koloniste, broeders, en ons het maar een oogmerk, dat is om getrouwe Burghers van de Koningin te zyn, en in liefde en vriendschap met malkaar te leve. En dit is slegt, dit is schandelyk, om leugens op te maak om vyandschap te verwek onder mense die nou zoo goed de een met de ander is. Ik is ook een voorstander van Afscheiding, om dat ik de zaak ter dege onder zoek het, en overtuigd is dat het tot verspoed van lant en volk zal strek, maar ik zou my schaam om zoo eene laagheid te begaan om myn zaak goed te maak door

julle met leugentaal te mislei nets die infame paskewelle. Al wat wy doen is openlyk en voor de vuis,—al onse Comtee en ander byeenkomste, en al wat ons doet en seg, is openbaar.

*Jan.*—Bravo! neef Mosenthal! jy is een man. Zoo moet een man praat.

*Klaas.*—Maar gedult dan oom, anders raak de ding uit myn kop. Toe zeg Mosenthal—"Daar is nog een ander paskewel, genoemd "*Zamenspraak tussen neef David en Kobus Platkop,*" maar die is te laag en te smeerig om van te spreek,—die paskewelle kan aan de zaak van Afscheiding geen kwaad doen, maar alleen om vyandschap tussen *Engelse* en *Hollandse* te verwek. De schryver of schryvers van die twee paskewelle is niks anders als een gemeene smeerlap."

*Jan.*—Dats waar! neef Mosenthal. Maar een mens kan nie een zye beursie uit een vark zyn oor maak nie.

*Klaas.*—Maar hou dan op, oom Jan!—Toe seg Mosenthal,—"Hulle seg ons wil de Britse Gofferment weg maak, en een *Engelse* gofferment oprigte. Als daar mense hier is wat dit nie weet nie, dan kan ik hulle seg dat dit een en deselfde ding is,—en dat dit een regte goeye gofferment is. Ik durf segge dat nie ik alleen nie, maar alle Afscheiding mense, van gevoele is dat ons nog nooit een beter gofferneur gehad het en nooit een beter zal kryge, als Sir George Grey. De zaak van Afscheiding is enkel dit—ons wil onse eige Gofferneur en Parlement op de grens hebbe, en *onse eige geld* op *onse* eige paaije en andere verbeteringe uitleg. En om van de Britse Goffernement te spreek,—ik is een Uitlander, maar ik zeg julle ik het nooit onder een beter gofferment geleef; en dit zal julle allemaal moet getuig. De heeren Watermeyer en Theunissen het *Uitlanders* versleg, maar stam julle nie allemaal van Uitlanders af nie,—van Hollanders, Duitsers, Franse, of Engelse? en hoe zou dit met die heere gegaan hebbe als hulle vaders nie na

deze land gekom is nie?

*Jan.*—Dat mag jy wel zegge, Mosenthal! dats gelukkig voor sommige mense dat hulle nie voor hulle vaders gebore was nie!

*Klaas.*—Maar waarom hinder oom my dan zoo? Toe houw Mosenthal aan: "Hulle zeg dits *eigebelang* wat ons Afscheiding mense maak, en ons hier gebreng het. Dats onwaar; wat voor *eigebelang* het neef van Wyk, neef Venter, en neefs Bester om hier te kom. Hulle is gekom om hulle landgenoote de waarheid te laat hoor, en hulle nie door "eigebelang" zoekers te laat mislei nie.

*Jan.*—Alweer waar, Mosenthal! maar een mens wat kwaad doet, seg gemeenlyk "dits nie ik nie." Waar de hart van vol is, loop de mont van over.

*Klaas.*—Waarom laat om my dan nie eers vertel nie, en maak dan oom zyn aanmerkens?—Mosenthal zy verder "Wat my betref, vele van julle kan my al 25 jare lang; en ik schaam my nie om te segge dat ik zelfs met een roer op myn schouwer achter een trop schape geloop het van hier na de Kaap. Ik bezit landgoet in al de districte, zelfs in de Kaapstad, zoo dat ik nie behoef om te geef nie waar de Gofferment is. Maar ik ziet de noodzakelyheid voor de grens mense om een regeering op de grens te hebbe, want de ouwe spreekwoord seg—"ver van de huis naby de schade." Kan een van julle nou segge, dat in eenige van de districte Mosenthal de mense geraai het om een ding te doen wat voor hulle nadeelig zou wees? Ik seg daarom dat wat gezegd was van "eigenbelang" een schandelyke affront is aan die heeren die hier gekom is om deze byeenkomst by te woon.

*Jan.*—Maar, neef Klaas, dat ik jou weer in de rede val (ik kan dit nie help nie) de kwestie van Afscheiding is mos nie een *Colesbergse* kwestie nie, maar voor de heele Oostelyke Afdeeling, en hoe kan hulle dan wens om een ingezeten van eenige Oostelyke district te wille belet om eenige byeenkomst by te woon, en

zyne gevoelens te verklaar?

*Klaas.*—Dats waar oom, maar ziet oom nie die Colesbergers sag dat de mense wat daar gekom is, nie brul paddas was nie, en daarom het hulle bang geworde, en wou de boere afschrik om nie na de afgezante te luister nie. Maar laat ik aangaan met Mosenthal zyn aanspraak. Hy zei toe verder:—"Wat de heer Theunis gezeg het van wegneme van troepe, is onwaar,—en is te belagchelyk om verder over te spreeke. Dan seg de heer Theunis weer de Westelyke Provincie mense het de grens mense gehelp in *alle* Kaffer Oorloge,—dits ook onwaar, en dit behoef ik julle nie te zegge nie. Nou van de Zeebreeker: ik seg nie dat het nie een goeye ding zal wees nie; maar het is alleen tot voordeel van de Kaapstad en aanleggende districte—hulle zal alleen de voordeel daarvan trek, en hulle moet zelfs voor hulle *eige* werk betaal. Maar ik vraag aan julle, waar gaat al julle wol na toe, en waar kom al de goed van daan wat julle gebruik—Algoa Baai, en als ons onse eige Gofferment het, kan ons onse eige zeehavens verbeter, want hulle is sleg genoeg. De geld wat nou gestem is voor de Zeebreker, is groot, maar het is *klein* gerekent by wat de werk zal koste voor het klaar is;—en als wy Afscheiding verkryg, dan is wy vry van de betaaling voor werken wat voor *ons* onnuttig is en wat *ons* geen voordeel toebring nie, en ons net in groote schuld dompel, zonder de Oostelyke Provincie op eenige wys te verbeter. Ook moet ik julle segge dat het waar is wat Dr. Way geseg het dat byna de heele Oostelyke Provincie gestem het voor Afscheiding, buiten de plaatse waar nog geen byeenkoms gehou is nie. De mense het my verscheidene malen verzoek om een lid van de Wetgevende Raad te worde, en ik het beloof om dit aan te neem, mits de heele Oostelyke Provincie my daar toe verzoek. Ik het nu de verzoekbrieven ontvangen van Port Elizabeth, Grahamstad, Graffernet, Middelburg, Cradock, en van andere dorp-

en dit is verzoeken wat van de mense zelfs kom, buiten dat ik het gevraag het, en dit is een duidelyk bewys dat de mense van die districte voor Afscheiding is, anders zou hulle *my* nie gevraag hebbe nie. Nou wil ik spreken van de voordeelen van Afscheiding, en dit kan ik in weinige woorden segge. Ons wens de Gofferneur en lantsbestuur hier by ons op de grens te hebbe,—en onse geld zelfs uittegeef, want ons is nou zelfs in staat om een Gofferment te onderhou. Waarom zou ons dan nie onse eige zake regeer nie, en al de benoodigde kantore en beambte by ons op de grens hebbe nie? Overdenk nou by julle self, wie is beter bekwaam zyn eige boerdery te regeer, de baas op de plaats, of mense wat 40 skoffe ver van hem af woon? Als ons onse eige Gofferment het op de grens, dan zal nie alleen onse paaije en brugge verbeter worde, maar de beschaving zal voort gaan. Ons wens nie met de Westelyke Provincie te twis nie, maar ons weet beter àls hulle wat ons noodig het. Sommige van julle kan segge, ja, maar ons het ons Parlements lede wat jaarlyks na de Kaapstad gaat, maar julle weet self dat dit nie maklyk is om een mens zyn plaats of besigheid alle jaar te verlaat nie voor zoo een lange tyd. Dit is rede genoeg om wat ons seg te bewys, dat een Gofferment op de grens beter voor ons zal wees als een Gofferment zoo ver van ons af. Byna de eenigste tegenstreevers van Afscheiding van daag, is julle Parlements lede gewees, en hulle het niks als scheldname gebruik in plaats van hulle *rede* voor julle te leg waarom hulle tegen de Afscheiding is. Maar ik het niks tegen hulle persoonlyk te seg nie; ik ken hulle al veele jare, en hulle het reg om hulle eige gevoelens te hebbe,—maar ik wens net maar dat julle wil onthou dat net maar een maant geleden—en dit is de waarheid—was *dezelfde* heeren voor Afscheiding, maar hulle wou maar een Midlantse Provincie hebbe. Daarom kan ik nie verstaan nie waarom hulle nou zoo sterk de Afscheiding tegen werk nie. Maar julle kan daarop staat

make, dat de afscheiding eindelyk zal geskiede, en hulle zal jammer wees voor wat hulle gedaan het. Mosenthal het nog veel meer gepraat, maar ik kan nie oom alles vertel nie

*Jan.*—Wel, neef Klaas, het jy die ding van afscheiding nie al lang zoo mooi uitgeleg, dan zou ik deur Mosenthal zyn aanspraak alleen daarvoor gestem hebbe. Ik zal jou zegge wat dat is, die bange mense denk als daar *Afscheiding* is, dat de Kaap zal heeltemaal wegraak in de zee, en dat een mens nooit weer van Aferkaander zal hoor nie, of een zal zien nie. De voorstanders moet de mense seg de Kaap blyf waar hy is, en ons ook; de eenigste *verandering* is maar dat hulle voor hulle Zeebreeker, paaije en gebouwe *zelfs* betaal, met hulle eige gelt, en nie met onse gelt nie,—en dat ons de reg kryg om selfs onse paaije en andere werke te laat maak en betaal met *onse* gelt, zonder eers hulle toestemming te vraag ofons dit mag doen of nie. Als die Kaapse mense zoo veel voor ons zorg als Maltitz, en Theunis, en Watermeyer ons wil wys maak, waarom wil hulle ons dan nie die reg geef nie om onse gelt zelf uittegeef nie?

*Klaas.*—Na Mosenthal het neef Andries Bester de byeenkoms aangespreek. Hy seg "Broeders, ik verwerp de gevoelen wat hier uitgedrukt is dat er vyandschap tussen die *Afrikanders en Engelse* bestaat; de Engelse is onse mede-onderdanen en broeders, en ons het veel aan hulle te danke,—hulle het altoos voor de heele lant opgekom; waar het ons ooit van publieke byeenkomste gehoor om onse gevoelens bekend te maak, voor de Engelse hier gekom is; kyk na de groote waarde van onse produkte, en ons vee, en onze plaatse, aan wie het ons dat te dank? Het is een schande om te tragte ons tegen makaar op te maak. De Engelse het net zoo veel belang in de land als de Afrikaander, —en als hulle ons zou wille kwaad doen dan zou hulle voor hulle zelf kwaad doen. Ik ontken verder dat ons hier gekom is voor ons persoonlyke eigebelang, en ik

als een van de afgezante van Cradock na myne landgenooten, beschouw het als een schandelyke beleediging. Ons oogmerk is voor goed van land en volk,—ons het de Afscheiding zaak ter dege overwege, en gezien dat het tot groote voordeel en veiligheid van de grens zal strekke, en daarom is ons hier gekom om onse gevoelens publiek uit te spreek, en te antwoorde wat onze tegenstrevers seggen—Waarom kom hulle nie met de zaak reg voor den dag, in plaats van ons te beleedig, en Boer en Engelsman tegen makaar op te maak?

*Jan.*—Goed gespreek! neef Andries; ik is regte hoogmoedig, neef Klaas, dat de Boere, wat hulle voor dom uitgeskel het, zoo verstandig gespreek het.

*Klaas.*—Reg oom, Maltitz was zou kwaad na Mosenthal gespreek het,—dat hy zoomar met eens uitbars —"Mense, Mynheer Mosenthal het geseg *'Pasop voor de slang in de gras,—nou seg ik pasop voor de Jood ! ! !* Hierop schreef al de mense Schande! Schande ! ! schande ! ! ! en toe spring ouwe Skanle vooruit, en seg "heer voorzitter ! ik eisch dat de heer Maltitz aan de Heer Mosenthal publiek om verschooning vraag voor die schandelyke beleediging. Ik zal nie toelaat dat de Heer Mosenthal zoo behandelt wordt.

*Jan.*—Zoo, zoo! de mus het Maltitz zeker gepas anders het hy dit nie aangetrek. Een *heer* zou geseg hebbe—Ik keur die paskewel af, en ik seg nou aan de byeenkoms dat ik my veels te goet hou om my met sulke lage dinge in te laat.

*Klaas.*—Dat zou een heer geseg hebbe, oom; maar Mosenthal zyn blinde schot was net in de kol,—anders het Maltitz nie "raak" geschreef nie. Wel, oom! na ouwe Skanle gespreek het wordt Maltitz zoo wit als een Kaffer, en zoo mak als een hans-lam; en toe seg hy aan Mosenthal *"Het jy op myn gemeen; als jy nie op my gemeen het nie, dan trek ik myn woorde terug."* Mosenthal gaf daarop antwoord, "ik het niemand zyn naam genoem, ik het van de paskewel schryver gespreek." Toe seg Maltitz "dan trek ik myn woorde

terug, en vraag uwe excus."

*Jan.*—Bravo, Bravissimo, Mosenthal ! jy is een flukse kerel. Klaas, als jy hem siet, seg hem hy moet een dag by my kom eete. Elsie haar grootmoeder het haar geleer om sasaatjes, en rysbrensie, bobootie, en andere lekker kos te maak, en jy kan my geloof ons zal die Uitlander de beste geef wat ons het.

*Klaas.*—Ik hoor oom, hulle wil nou segge, dat Maltitz nie EERS voor Mosenthal uitgeskel het nie, maar dits onwaar, oom ; hulle schaam hulle, en nou wil hulle de ding verdraai. Dit is net zoo gebeur als ik oom vertel het. Ik het aan oom Piet Venter, en Theunis van Wyk, en Andries Bester en andere gevraag, en hulle seg allemaal dits nets als ik oom vertel het. Wel, oom, de einde van de byeenkomste was zoo,—toe hulle ziet dat hulle de zaak verspeul, en dat de Afscheidings afgezante hulle zou baasraak met de ware uitleg van de zaak,—toe moei Maltitz hem weer met de Voorsitters dienst,—en hy seg wat teugen Afscheiding is moet na een-kant gaan, en wat voor Afscheiding is, aan de anderkant. Toe moes oom de spektakel sien ! Dit was alles in eene oproer ! Met eens spring de voorzitter op, en hy schreef uit—" Mense ! ik verklaar die byeenkomste opgebreek ;" en hy neem de spat de straat af. Toe hy een heele ent weg was, draai hy weer terug en seg—ik verklaar dat de meeste stemme tegen Afscheiding was !"

*Jan.*—En ik verklaar dat hy een knolkool is,—wat nie weet om een byeenkomste te bestuur.

*Klaas.*—Zoo was de einde oom van de Colesberg byeenkomste—de schandelykste, oom, wat IK ooit gehoor het. IK wou oom van de Burgersdorp byeenKomst vertel, maar het is te laat, en IK moet weg. Maar IK KOM weer. Tot wederziens, oom Jan. Groetenis aan Tante Elsie.

# DE WAARHEID.

## NO. V.

### ZAMENSPRAAK TUSSCHEN KLAAS WAARZEGGER
EN
### JAN VLYSKOP.

De.Waarheid die in 't duister lag,
"Die komt met klaarheid voor den dag."

[Klaas Waarzegger zit in zyn voorhuis, met pen, ink en papier op de tafel voor hem, en verscheidene pakken Gofferments kranten, en groote boeken liggen open. Zyne vrouw Saartje komt hard naar binnen loopen, en segt—"Klaas! daar kom neef Jan Vlyskop aan, wat zou *hy* toch hier kom zoeken?—julle zal zeker van dag roesie hebbe, want hy is mos amper de eenigste Boer in die district van Middelburg wat tegen Afscheiding is."]

[Jan Vlyskop houdt voor de deur stil, en Klaas Waarzegger gaat hem te gemoet, zeggende :—]

*Klaas Waarzegger.*—Goede morge, neef Jan, ik is zoo reg bly om jou te zien. Wil jy nie afsaal nie?

*Jan Vlyskop.*—Goede morge neef Klaas; ik zal afsaal, want ik is ver gekom om jou te zien. Van dat jy aan de Baai gewees is, en de nieuws gebrag het van die Afscheidings dinge, praat de heele werelt van jou. Waar jy maar kom, praat de mense van niks anders nie, als Afscheiding en Klaas Waarzegger. Ons lant is mos in een heele oproer, en daar is zoo veel stories, dat ik nou zelfs na jou gekom is om de WAARHEID te hoore. [*Zy gaan na binnen.*] Goeijste ! ! wat een trop boeken, en krante het jy dan daar !

*Klaas.*—Ja ! neef ! jy weet mos ik is nie een wat my alles laat wys maak nie; dit is al jare lang dat ik voor Karante getyken het, en oom Stephanus Veldkornet geef my altyd zyn Gofferments Karante,—kyk daar boven op de muur, elk pak is een afzonderlyke jaar, en dits al amper 20 jare van dat ik getrouwt is, dat ik de karante by makaar hou; en zoo als daar een kwestie ontstaat, dan zoek ik dit op, en ik oordeel voor my zelf. Tyken jy ook in voor die nieuwe "*Cradocksche Nieuwsblad*?"

*Jan Vlyskop.*—Nee, neef; ik het nie ingetyken nie, maar ik *leen* die krant. Maar ik het amper vergeet om neef te vraag, wil neef nie een pruimpie neem nie. [Jan trekt omtrent een half el Boere tabak uit zyn zak, en snydt een paar duim af, die hy in zyne mond steekt.]

*Klaas.*—Dankie, ik pruim nie. Zoo gaat dit, neef! voor een krant is veele Boere te zuinig om te tyken, en daarom word hulle van alle kante gekul.—maar hulle vermors meer gelt met Tabak, en daadels, en pieperment en zulke goet, in een jaar, wat hulle tien jare lank krante kan kryg. En dan nog al, waar hulle kom, spoeg hulle de huis vol. Zelfs in de Kerk is sommige mense zyn banke roodbont van tabak. En jy hoor van alle kante "tjirts! tjirts!" Ik het zelfs dominies gezien, wat hulle plek voor de preekstoel bont gespoeg het.

Ik wou wel zoo een mens zyn maag zien! Nee, neef! ik pruim nie; *maar ik tyken voor de krant,*—en ik leer daaruit veel,—en myn kinders ook. En als Saartje my een zoen geef, is my mont schoon. Als onse leeraars nou moet op de preekstoel pruim, hoe zou dit de mense geval, en waarom kan hulle dit nie nets zoo wel doen nie als de dominie, en veel ouderlinge, en diakens?

*Jan Vlyskop.*—Ja neef, dits een slechte gewoonte, en ik zal my dit afleer;—maar kom laat ons nou van die Afscheiding praat, want ik is aspres daarvoor gekom. Neef was zeker op de Colesberg byeenkoms?

*Klaas.*—Ja, neef Jan, en ik het jou ook daar gezien, maar jy is voor de byeenkomst klaar was, weggery.

*Jan.*—Dit is zoo neef,—maar de Parlements lede het my en andere, wat aspres gekom is voor Afscheiding te stem zoo bang gepraat, en zoo veel vertel wat de Engelse met ons zal doen als daar eers Afscheiding is, dat ik nie wist wat om te doen nie, en toe ik is maar liever weggery,—en ik dog voor dat ik iets tyken zal ik zelfs na jou kom, want jy is zelfs een Aferkaander en ik weet jy zal geen mens verkeert raai, of iets doen wat tegen de welvaart van ons eige land is nie.

*Klaas.*—Daarmee het jy wel gedaan, neef Jan, want jy weet de ouwe spreekwoord,—"dits een slechte vogel wat zyn eige nest bevuil." Kyk nou, daar is vyf voorname punten wat de tegenstrevers van Afscheiding gebruik van maak om bange, en ongeleerde mense mee afteschrik, naamlyk, 1. De Engelse zal ons soldade maak. 2. Hulle zal de Hollandse Gereformeerde Kerk uitroei;—3. Onse Hollandse Erfwet zal afgeschaf worde; 4. De Kaapse Parlement het zoo goed *voor ons gezorg*, dat wy niks te klage het, omtrent Wege en Brugge, en andere dinge;—5. De kosten van *twee* Parlements zal zoo veel kosten dat ons nie genoeg geld zal hebbe om daarvoor te betaal nie. Al die tegenwerpingen, myn neef, is *leugens*, en ik zal jou dit bewys.

*Jan.*—Wel neef! als jy dat kan doen, zal ik dadelyk tyken voor Afscheiding. Laat ons nou by de eerste ding beginne. Jy weet Theunisse het by de byeenkoms geseg dat als ons Afscheiding kryg, neem de Koningin al haar troepe van ons weg, en dan zal de Settlaars als daar oorlog is, ons op de grens laat legge voor maande lang.

*Klaas.*—Wel, neef Jan, ik het nooit kan denk dat daar een enkelde mens was, zoo onnozel om *dat* te geloof. De brief waar Theunisse van spreek, is geheel anders, en het was in Parlement voorgebreng aspres om de Afscheidings lede bang te maak; maar hulle het daarom gelag. In de eerste plaats, seg dat nie dat de Koningin zal de troepe *wegneem*, maar wel, dat as daar Afscheiding kom, dat zy hoop dat *dat al de kolonies* zal *behulpzaam* wees om *een gedeelte* van de koste van soldade te betaal wat in de twee kolonies is. Nou dit word in geen één kolonie gedaan nie,—Port Natal het Engelse soldade, maar betaal *niks*:—King Williamstown het ook soldade, maar betaal *niks*;—de Kaap het ook soldade, maar betaal *niks*, en waarom zou ons dan moet betaal? En dan is weer een andere ding,—ons het geen soldade noodig nie,—want de omstandigheden is nou heeltemal veranderdt. In de laaste oorlog was daar geen Kweenstown nie, dit was vol *Kaffers*, nou is dit vol flukse Boere en Engelse, zoo dik op makaar als byen,—verlede oorlog was al de Hottentots in de Kat Rivier, en overal, Rabelsen *vyande* nu is Kat Rivier nets zoo als Kweenstown, vol flukse Boere en Engelse;—Vadanna zyn grond was vol Kaffers, dat zal ook gou opgevuld worde;—King Williamstown en de heele lant daaromtrent was vol Kaffers, nou is dit vol flukse Boere en Engelse; daar was toe geen Polies op de grens, nou is daar vyf honderd; Kreli was toe aan de Kei, nou is hy over de Bassee. Daar is dus de minste vrees nie voor een ander Kaffer oorlog, en dus heeft geen mens te vrees nie om op de grens te gaan leg,; maar al zou daar weer een Kaffer

oorlog kom, dan moet dit *ver* van ons af wees, want al de veld voor ons in nou *bewoont,* en de Kaffers is over Bassee,—en de soldade zal buitenkant onze kolonie wees in King Williams town. En dan weer waar is haarle kruid, en lood, en geweere? Als ons een Parlement op de grens het, zal ons wel ter dege zorg drage dat geen Kaffer of zwart natie zal kruid en lood kry nie. Aan wie het ons dit te danke dat daar in al de oorloge zooveel kruid en wapens in Kafferland was?—Aan de Kaap. De grens-mense het altoos gezeg, plaats de kruidhandel in hande van Gofferment, zoo als dat vansleve geweest is,—maar de Kaapenaars het altoos daartegen gestrei,—en byna elke Parlement hou hulle nog aan om de *kruid-wet,* wat ons aan de *Setlaars* te danke het, afteschaf. Als daar geen kruid en lood is, kan de kaffer geen oorlog maak; en als ons eers Afscheiding het, zal ons daar voor zorg. Had ons na 1846 zyn oorlog ons eige Parlement gehad, dan was daar nooit geen oorlog van 1850 geweest. Nee, nee! Jan, die reede van de soldade weg te neem, en de Boere soldade te maak, is te kinderachtig en belagelyk. Ons kolonie is van te veel aanbelang, dat hulle nooit zal denk om ons zonder soldate te laat. Maar als de Koningin nou zoo een dwaze stuk zou begaan, en de Kaffers zou een oorlog maak, en de grensmense trek vrywillig tegen hulle op,—dan klop ons haarle in tyd van een maand, dat jy nooit een Kaffer zal zien nie;—en dan, als ons zelfs de koste moet doen, en de gevaar ondergaan, dan verkoop ons de land wat ons van hulle afneem, om onse koste te bestryk. Nee, nee, neef! beschouw die zotterney reg, en jy zal zien dits maar een soort van baboulie, of asmannetje, om kinders mee bang te maak, die *soldade* praatje.

*Jan.*—Neef Klaas! ik het de ding nooit zoo ver beschouw nie; nou ziet ik dat jy reg het. Dit is maar bangpraatery. Van van daag af, steur ik my nie meer aan *die* praatje nie. Maar nou van onze kerk, wat seg jy daarvan!

*Klaas.*—Die praatje is amper verachtelyker als de ander. Kyk neef, toe de Kaap de Goede Hoop aan de Engelse overgegaan is, was daar artikelen van Capitulatie gemaakt. Kyk hier staat dit in *myn* groote boek, en dat nog al in Hollands, dus kan jy voor jou zelfs lees. Nou, een Capitulatie is nets een kontrakt. De Capitulatie wat hier staat is dus een kontrakt tusschen de Engelsche en Hollandsche Goffernment, en dit kan nie deur de een of ander verbreek worde. De Koningin van Engeland en de Engelands Parlement, zal nooit een jota of tittel van de Capitulatie aan hulle kan laat verbreek nie. Nou lees jy nou zelfs de 8ste artikel. [Jan Vlyskop leest hard op, als volgt :—]

"Art. 8.—De Burghers en Ingezetenen zullen alle hunne Regten en Voorregten, welke zy tot hiertoe hebben genoten, blyven behouden; *de Godsdienst, zoo als dezelve thans in gebruik is, zal insgelyks zonder verandering gemainteneerd worden.*"

*Jan.*—Wel oom, ik het al veel van die Capitulatie gehoor, maar nooit reg kon verstaan nie. Nou ziet ik dit met myn eige ooge, en nou praat geen mens my meer om die ding bang nie.

*Klaas.*—Wag een beetje, neef Jan, jy is te haastig! ik zal jou toon dat geen Koningin, of geen Parlement, die 8ste artikel kan verbreek nie. Onse Godsdienst, zoo als zy was op de 10 January 1806, namelyk de Hollandse Gereformeerde Kerk, MOET "gemainteneerd" worden "zonder verandering,"—dat is nets dit in 1806 bestond, toe de akkoord gemaakt was. Nou als ons Afscheiding kryg van de Kaapstad, het ons geen Afscheiding van de Koningin van Engeland nie; ons blyf dezelfde Kaap de Goede Hoop wat ons altoos was; de eenigste onderscheid is, dat onse Koningin ons een Gofferneur stuur wat onder ons zal woon, en een Parlement van ons eige, om onse eige wette te maak; maar alles moet door haar goedgekeurd worde. Elke wet wat ons maak, of wat de Kaapstad maak,

moet door haar goedgekeurd word. De Capitulatie zeg, onse Godsdienst "moet gemainteneerd worden, zonder verandering." Wie het dus de reg om het te "verander," of uitteroei, en een ander Godsdienst op te rig, zoo als de leugenaars van Burghersdorp de onnoozel Boer wens wys te maak? De Koningin van Engeland het zelfs nie de reg nie. Zy durf dit nie doen. Want de Capitulatie is *de wet*, en de wet kan nie verander of afgeschaft worde, zonder toestemming van de ingezetenen. Maar de koddigste van de heele ding, neef Jan, is dat de *tegenstanders* van Afscheiding *alle jaare* perbeer om de traktemente van onse leeraars weg te neem,—zoo dat alle gemeentens hulle eige Predikante zelfs moet betaal. Dit noem hulle de Vrywillige Stelsel en de grootste voorstander van de Stelsel is de grootste vyand van Afscheiding, namelyk Saul Solomon. *Alle jare* percies breng hy de kwestie voor Parlement, om onze leeraars zyn gofferneements traktemente weg te neem. En als hy zoo aanhou zal hy met der tyd een meerderheid van stemme kryg,—en dan kom weer de kwestie, *zal* de Gofferneur zoo een wet goedkeur. Ik zeg nee, want het zou de Capitulatie verbreek, en dat kan geen Parlement doen tegen de wil van een groote meerderheid van het volk,—want het zeg de Godsdienst moet *gemainteneerd* worden, zonder verandering. Niemand kan een mens belet om een ander geloof aan te neem, als hy verkies, —nets zoo als veele Boere nou haarle ouwe Kerk verlaat, en een ander leer aanneem, zoo als op Burghersdorp met Dr. Postma,—maar dit is hulle eige zaak, niemand kan hulle belet,—en de Goffernement moet daarom een Gereformerde leeraar aanstel en hem betaal. Geen Parlement, hetzy ons Afscheiding verkryg of nie, kan onze geloof afschaf of verander. De man die de Boer dit wens wys te maak, is een gemene vent; *hy durf nie* met zyn naam voor den dag kom. Neef Jan, stuur my net *de naam* van de man op een stukkie papier, wat zoo een schandelyke leugen vertel, en

kyk hoe hy zal worde behandel. Als het *waarheid* is het niemand noodig om bang te wees nie Nou *ik* seg dits *leugentaal*, en laat ik nou de man zien, die durf met zyn naam voor den dag kom, en seg, "*Het is de waarheid julle geloof zal uitgeroei worde!*" Ik wil dit maar zien.

*Jan.*—Neef Klaas! jou rede is te krachtig; ik ziet nou zelfs dat ik my het laat mislei,—en nou geloof ik die Maltits en Hopley spul nooit weer nie. Zies! hoe kan een mens tog zoo lieg, om zyn eigen voordeel te bewerk?

*Klaas.*—Ik zou nog veel meer over die kwestie kan praat,—by voorbeeld, de Gereformeerde mense is een *groote meerderyeid* aan de Kaapstad en op de grense. Laat iemand maar net op een Hollandse dorp met Nachtmaals dage kom, en dan segge of een *Vrywillig Stelsel* ooit in ons land kan ingevoerd worde, als de Boere hulle pligt doet. Maar de 8ste artikel van de Capitulatie is voor my voor eers genoeg.

*Jan.*—En voor my ook, neef Klaas. Dit spyt my meer als ik hare op myn kop het, dat ik nie na jou gekom is nie voor die Colesbergs byeenkoms. Dan kon ik ander mense ook reg gehelp hebbe. Waarom het jy nie de byeenkoms aangespreek nie, neef Klaas?

*Klaas.*—Ik wou dit doen, neef Jan; maar het jy dan nie gezien nie, zoo als een vrint van Maltits spreek, wat teugen Afscheiding is, dan was alles stil, en hy kon praate en skelde zoo veel als hy wil, maar zoo als een Afscheidings mens spreek, dan was daar een lawaai, dat een mens niks kon hoor nie?

*Jan.*—Ja, neef Klaas, ik het dit gezien, en daarom is ik na huis gery, want ik dog, die Maltits en zyn vriende het een slechte zaak, anders zou hulle nie raas en skel nie. En om jou de waarheid te segge, eers het ik met hulle megestem omdat hulle my zoo veel van de Engelse vertel het, maar ik het my naderhand geschaam, en daarom is ik weggery.

*Klaas*—Wel, neef Jan, de derde ding waar hulle de

Boere mee bang maak, is dat onse Hollandse Erfwet zal afgeschaf worde. Maar hulle weet zelf dat dit een onwaarheid is, want met de Capitulatie is het ook bepaal dat de Hollandse wette in de kolonie zal blyven, zonder verandering, nets met de Godsdienst. De Parlement kan een wet maak om de Engelse mense de reg te geven om hulle Testamente te maak, volgens Engelse wet, zoo als hulle verkies, maar hulle kan de Rooms Hollandse wet nie afgeschaf nie. En dit was ook nooit de meening van de Engelse nie, wat over de verandering gespreek het,—al wat hulle graag wil hebbe, is dat hulle de reg kan kryg, om hulle goed te vermaak, nets zoo als hulle zou kunne doen als hulle in Engeland woon. En wat voor onredelykheid ziet jy daarin? De tegenwerkers van Afscheiding maak daar een groote bahaai over,—alleen om de Boere afteschrik,—want andere mense kan hulle nie bang maak. Volgens de Wet van Engeland kan een man zyn wereltsgoed vermaak zoo als hy wil—hy kan zyn kinders gelyk op laat erve, of hy kan hulle heeltemaal afsny. Nou als zoo een wet ingevoer wordt kan de Boer dit ook doen,—wil hy zyn goed laat verdeel volgens Hollandse wet, dan maak hy zyn testament daarna,—en wil hy aan zyn vrouw of oudste zeun zyn plaats vermaak, zoo dat dit nooit aan een vreemde mens verkocht worde nie als hy sterf, dan kan hy dit doen. En als een man of vrouw sterf zonder testament, dan moet de boedel behandel worde volgens de Hollandse wet. Reg, neef Jan, die ding is toch zoo duidelyk en zoo niks beduident, dat het nie de moeite wert is om over te praat nie. En als een Boer zoo dom is dat hy nie kan zien nie, dan is dit te vergeefs om te perbeer hem te overtuige. Julle moet nie na de tegenstanders van Afscheiding luister nie, of hulle moet met hulle *rede* voor den dag kom,—en in plaats dat hulle rondloop, om de Boer dit of dat wys te maak, laat hulle in de publieke krante hulle rede laat zit, zoo dat alle mense dit kan zien;—als hulle rede goed en krachtig is, dan

zal dit te vergeefs wees voor Afscheidings mense om daar tegen te werk,—maar als hulle rede sleg is dan zal de WAARHEID voor den dag kom.

*Jan.*—Neef Klaas, jy het my heeltemal in die drie voornaamste punte overtuig, voornamelyk van de Kerk, en nou ziet ik hoe verkeerd dat ik was.

*Klaas.*—Ja, neef, zoo gaat dit in de werelt,—eerst luister jy na belangzoekers, en doet jou best om alle Boere om te praat,—en daarna kom jy na de *waarheid* by my zoek. Waarom is jy nie gekom nie voor jy de mense het zoeke om te praat? Of wil jy voor eeuwig de naam van Jan Vlyskop drage; zou dit nie beter wees nie als jou naam verander wordt voor Jan *Harsenskop*, in plaats van *Vlyskop*.

*Jan*—Neef Klaas, ik beken schult; ik beken dat ik my het laat verlei van de Colesbergers, maar nou tyken ik voor Afscheiding, want ik ziet nou zelfs wat hulle oogmerk is, en dat hulle te sleg is om met jou fatsoenlyk over die dinge te kom praat. Jy overwin hulle glat, maskie is jy een Boer, en hulle kom met schande daarvan af.

*Klaas.*—Laat ons nou over de 4de tegenwerping praat, namelyk—"de Kaapse Parlement het zoo goed voor ons gezorg, dat wy niks te klage het omtrent Wege en Brugge, en ander dinge! En op die punt is ik bly dat Maltits *zelfs* zyn aanspraak op de Colesberg byeenkoms het laat druk. Hy zegt :—

**"Er is iets gezegd over de fraaye wegen in de west en hier moet de menschen over bergen en slooten ryden. De natuur heeft ons bevoorregt met rydbare wegen hier in onze district. In het andere gedeelte van de oost zyn verscheidene wegen gemaakt en nog aan 't maken, zoo als van de Baay naar Graaff-Reinet en Middelburg, van de Baay naar Grahamstad en Cradock, Zuurberg, en ook Bruggen en andere wegen, daarvan spreken zy niet. De Zuurberg pad alleen kost £9,000.**

**"Het is waar dat in de west veel meer gedaan is als in de oost; maar als wy ook zien wat zy meer betaald hebben als wy. In de loop van tien jaren heeft de west ruim £117,000 meer aan wegbelasting betaald dan de oost. Is er dus onregt aan ons gedaan? Ik zeg NEEN!"**

Reg, neef, ik is toch zoo bly dat hy *zelfs* zyn aanspraak het laat druk, want hy kan nou nie seg nie, ik het nie zoo en zoo gezeg nie! Ik zal nou eers zyn aanspraak vat. Is dit nie de *waarheid* dat de wegen in de west *fraai* is, en dat de mense hier over bergen en slooten moet ry? *Durf* neef Maltits dat ontken? Wel, en hoe kom dat zoo? Wat seg de *wet* wat gemaak is in 1843 voor repareeren van Wegen en Bruggen—"Alle weg-verponding geld wat in eenig district ingevorder is, moet op de groote wegen van *die distrik* uitgelegd worden, *en op geen ander.*" Dat is de *wet.* Wel, in 1844 het hulle begin om geld voor weg-verponding in te vorder. Graffernet, Somerset, Cradock, Colesberg, Fort Beaufort en ander plekke het betaal, by duizende van ponde. Is die geld in die districte uitgeleg? Nee, *geen dubbeltje,* maar wel in het *westen.* Waar was de honderde bandieten? in het westen! waar de duizende en duizende ponde wat uit de *algemeene publieke kas* geneem was, besteed? In het *westen.* En was dit *wettig*?—nee! de Jutsen van de Hooge Raat aan de Kaap het verklaar dat dit alles *onwettig* was. En is er dan geen *onreg* aan ons gedaan? Maltits seg van *Neen*! maar de Jutse seg van Ja. Nou *ik* denk Maltits weet meer van een achterbout als een Juts, maar een Juts weet meer van *wet* als hy. Hoe lank het die onreg aangehou? Over *tien jare,*—tot dat neef Kobus Meintjes van Graffernet glat geweiger het om meer wegverponding te betaal. Toe dagvaar de gofferment hem, en onse tegenwoordige Juts Watermeyer het voor hem gepleit; en het de *onregvaardigheid* van de heele zaak aangetoon,—en al de Jutse het met Advokaat Watermeyer (wat nou een brave Juts is) meegestem dat de Gofferment onreg gehandeld het, en Meintjes het zyn zaak gewin. Dit was in de jaar 1855,—en toe had hulle al *twaalf* jare lank met die *onregvaardigheid* aangehou, en toe had hulle al byna al hulle fraaye wege, en brugge, en berg passe in het weste klaar, met een uitgaaf van

£486,865, (denk byna *vyf maal honderd duizend ponde*),—en toe had hulle nog maar £36,896 in de Oostelyke Afdeeling uitgegeef, en dit was maar alleen op *twee* wegen, Howison's Poort en Zuurberg,—en repareeren van de post pad tussen George en Uitenhage,—geen *oortje* is op eenige andere weg besteed, ofschoon de mense wegverponding betaal het. Maar na de vonnis in de zaak van Meintjes, toe schrik hulle, en toe begin hulle de paaye te maak waarvan Maltits spreek, van de Baai na Graffernet en Middelburg, en van de Baai na Cradock. Maar waarom het hulle toe nie met *hulle* paaye opgehou! Nou seg Maltits weer, hy *beken* dat daar veel meer gelt in de West is uitgegeef als in de Oost, maar de west het in tien jare £117,000 *meer* aan wegverponding betaal als de Oost. Neef hy "jok maar,"—(ik wil nie segge "*lieg*" nie, want dat zou onfatsoenlyk wees) waar het hy dit van daan gehaal? Kyk, neef, daar leg al de Gofferments krante,—van 1844 tot 1859, dat is *vyftien* jare, het al de westelyke districte *alles te zame,* maar £53,591 aan wegverponding betaal. Ik ziet waar Maltits zyn nommers van daan gehaal het. Daar staat in de boek met de blaauwe vel wat daar leg, en waar alles in staat van Afscheiding, dat daar in de westelyke districte, in *drie* jare, namelyk, van 1844 to 1846, £117,000 uitgeleg is op paaye in de heele kolonie, waarvan maar £6,000 voor de Oostelyke districte was. Nou, *een* van twee dinge is zeker, Maltits is te dom om de onderscheid te wete tussen betaling van wegverponding, en uitgaaf op publieke wegen, of hy het opzettelyk by de byeenkomst geseg wat nie waar was nie. Van de twee kan by kies wat hy wil. Maar hoe staat de WAARHEID van die zaak. Zoo lang als de Sentrale Weg Collegie aan de gang was, namelyk, van 1843 tot 1858, dat is *vyftien* jare het hulle £569,000 in de Westen uitgegeef voor hulle paaye, en maar £77,000 in de Oost;—van 1844 tot 1859 het hulle over de *zesmaal honderd duizend pond* uit de *publiek kas* ont-

vang, buiten weg-verponding, en hulle het *zesmaal honderd duizend pond* op hulle wege uitgegeef, en een *beetje meer als eenmaal honderd duizend ponde* op de Oostelyke Wegen,—voor elke *een* pond wat hulle aan ons gegeef het, het hulle *zes* pond voor hulle geneem. Is dat *regt*? moet maatschappy geld zoo *verdeelt* worde,—als ik en jy een trop schaape op de helf het, dat jy kan *zes* lammers alle jare voor jou neem, en *een* lam aan my geef, en dit nog al by *duizende* wys, en voor zestien jare lank. Hoe denk jy, is dit nie tyd nie dat zoo een maatschappy uit raak?

*Jan Vlyskop.*—Neef Klaas, daar is nie een man op de heele grens nie, wat de ding zoo duidelyk gemaak het als jy. Dats de grootste onreg in de wereld. Ik het nooit zoo wat gehoor nie. Hoe is dit mogelyk! Het neef al die dinge daar uit die groote boeke uitgehaal?

*Klaas.*—Ja neef, daar staat dit alles in, van stukkie tot beentje,—alle jare staat daar een veslag in van alle geld wat door de Collegie ontvang is,—en alle geld wat hulle uitgegeef het, en de naam van elke distrikt, en elke pat,—en ik daag Maltitz, en de "klein Boertje van Colesberg," en Theunis, en Watermeyer, en Hopley, en de heele boel by makaar uit, om my te bewys—nie met uitskel nie, maar met cyfer-nommers uit de boeke, dat ik verkeert het. Ik zal hulle jaar voor jaar laat zien op wat voor weg de geld uitgegeef is, en hoeveel elke distrik aan weg-verponding betaal het.

*Jan.*—Neef, Klaas, laat dit tog in de krant zit, dat alle mense dit kan zien.

*Klaas.*—Ik het de heele ding al aan Neef Kit gestuur, en hy zal dit zeker in zyn krant zit. Kyk maar in die Cradocks krant dan zal jy zien hoe hulle ons aan de Kaap verneuk het. En zou jy dit geloof myn neef, nou in de laatste Parlement van 1860, het hulle alweer *zestien duizend* ponde *meer* gestem voor hulle wege als voor onze zyn.

*Jan.*—Wat! buiten de dam in de zee, neef?

*Klaas.*—Ja, neef, buiten die £200,000 voor die *Zeebreeker*,—en buiten £500,000 voor hulle Spoorweg, —en buiten £30,000 voor hulle gebouw waar hulle allerhande opgestopte goed in zit; [hulle moes die drie lede van Colesberg, en die een van Burghersdorp, en ik het amper gezeg voor *jou* ook, laat opstop en in die gebouw zit] en buiten £20,000 voor een nieuwe Ziekenhuis—en buiten £20,000 voor een Brug over Bree Rivier, en ik weet nie wat al meer. En dit noem Maltitz *reg* ! ! !

*Jan.*—Maar, Klaas, hy het zeker die dinge nie zoo nagegaan nie als jy.

*Klaas.*—Dan moet hy zyn mont hou, en nie mense uitskel nie voor "Jood" en "Uitlander" wat meer verstand in hulle pinkie het als hy in zyn heele lyf.

*Jan.*—Neef Klaas, ik is te vrede met de vier punte, maar ik zou toch voor de aardigheid jou rede van de 5de punt wou hoor, dat ons in staat is om een goffernment van ons eige te onderhou.

*Klaas.*—Dit zal ik jou segge. Kyk—onse inkomst regte aan de Baai is nou omtrent £150,000 per jaar; als ons Afscheiding kry, dan het ons 22 distrikte in de Oostelyke Afdeeling, als volgt :—

Humansdorp, Uitenhage, Port Elizabeth, Alexandria, Graham's Town, Bathurst, Fort Beaufort, Victoria, Peddie, Bedford, Somerset, Stockenstrom, Queens Town, Cradock, Middleburg, Burghersdorp, Aliwal, Colesberg, Hopetown, Richmond, Graaff-Reinet, en Murraysburg. Zeg, nou dat de 22 distrikte door de bank, maar £4,500 elk per jaar opbreng met recognie, heereregten, en andere dinge. Sommige zal minder opbreng, maar de groote distrikte veel meer; dit maak nog £100,000, dus te zamen £250,000,—daar is ons zeker van, zonder verkoope van ons gofferments grond. Nou de koste van de heele kolonie is nou maar £500 000; dus is de helfte maar £250,000; maar van die £500,000, kost de Westelyke afdeeling ten minste £350,000;—nou ons het zoo een groote uitgaaf

nie noodig. Ik het alles berekend, voor een Gofferneur, —£50,000 voor Polies,—en alles wat maar immer noodig is, en alles te zamen bedraag knap £200,000, dus zal ons zeker £50,000 per jaar over hebbe, om te bestee op onse wegen, brugge, enz. dit is net zoo veel in "een" jaar als ons van de Kaap in "acht" jaar gekry het,—en dan het ons nog al onse gofferments gront over ! ! Maltits kan dat nie verstaan, maar als hy durf zyn naam tyken onder de brief, en ontken dat wat ik seg nie WAARHEID is nie,—sal ik hom al de somme opnoem, van de Gofferneur af tot de laatste Hottentot of Kaffer diender. Ik was meer als een maand bezig om de heele ding te bereken, in ik daag hem uit voor een wedenschap van £50, dat ik zal bewys dat, met Polies en al, ons Gofferment nie *meer* als £200,000 zal koste, en dan zal alle ons ambtenaren goed beloond worde. Maar in onse nes moet allemaal bye wees—geen leegloopers en waterdragers—maar allemaal angeldragers wat werk. Kyk, voor tien jaren was de "heele" inkomste van de "heele" kolonie maar £250,000, en daarmede het ons toe al de ambtenaren van de heele kolonie betaal; dit kan ook in myn groote boeke gezien worden,—(daar leg hulle),—en waarom zal ons dan nou nie met die zom de helfte van de Kolonie kan betaal nie? Daar leg de ding op papier uitgeschryf, jy kan daar na kyk, dits Hollands geschryf [Jan Vlyskop neem de papier op, en ziet het bedaard na.]

*Jan.*—Jy het my heeltemal overwin, neef Klaas, en ik dit zal aan al de mense vertel.

# DE BYEENKOMST DER AFGEZANTEN TE SOMERSET,—EEN SCHETS VAN DE AFGEZANTEN,—EN WAT NU VERDER GEDAAN MOET WORDEN.

## NO. VI.

### ZAMENSPRAAK TUSSCHEN KLAAS WAARZEGGER EN JAN TWYFELAAR.

[Saartje Waarzegger komt uit hare kamer, en zegt aan haren echtgenoot "Kyk, Klaas, zit myn kragie nie scheef nie ?" Klaas, half kwaad, "Reg julle vrouwe is toch lastige goed ; jou kragie zit goed." Saartje, "Ach ! seg dan reg, Klaas, jy weet mos hoe Tante Elsie en nigge Annie Gousblom, en Betta Stokroos na een mens zyn kleere kyk ; eers was jy toch een beetje hoogmoedig op jou vrouw, maar van dat jy van Somerset terug gekom is, het jy geen rus of duurte nie, en jy wil nie eens na myn fraaije nieuwe zye dubbelskirt tabbert kyk nie." (Saartje begint zoo effentjes te huilen.) Klaas, heel zacht, "Ach ! myn lieve vrouwtje, jy ziet daar zoo regt fiks uit, voornamelyk met de lucht-bal onderr———" (Saartje had haar hand op zyn mond voor hy het woord kon eindigen.) Op dat oogenblik kwam de kar met twee fraaije blaauw schimmels voor de deur, en Saartje en Klaas sprongen er op, en reden weg naar de plaats van Jan Twyfelaar.

*Annie Gousblom.*—Tante Elsie! myn lieve tante ! hier kom nigge Saartje eindelyk aan ! [Ter zyde—" O ! wat ben ik bly, die lieve vreyer die kom na my."] Kan tante Elsie nie zien nie, of daar iemand anders in de karretje is nie, buiten neef Klaas en nigge Saartje ?

*Elsie Twyfelaar.*—Hoe kan jy tog zoo mal wees, Annie ? Neef Klaas is eers eergister van Somerset thuis gekom. Wildebeest ! jou luije dit en dat ! staat voor de perde.

Klaas Waarzegger springt uit de kar, gevolgd door Saartje, en de vrouwen beginnen malkaar te zoene dat het zoo klapt. Jan Twyfelaar en Klaas Waarzegger, na malkaar de hand gegeven te hebben, spannen de paarden uit, en na ze gekniehaltert te hebben, gaan ze het huis in.]

*Jan Twyfelaar.*—Nou ben ik tevrede, neef Klaas, want ik was tog zoo nieuwsgierig om jou te zien; was jy by de byeenkomst van Afgezante op Somerset, en hoe is dit toch daar afgeloop ?

*Klaas Waarzegger.*—Ja, oom ; ik was daar, en ik is nou

aspres gekom om oom alles te vertel, zoo als ik beloof het, Ik is Dingsdag avond daar gekom, en ik was by oom Jeremie thuis,—en de andere dag morge om 9 ure percies het hulle de byeenkomst begin in een groote pakhuis van ouwe heer Koeper. Dit was regte mooi om te zien. Daar was 24 Afgezante,—en hulle name was eers afgelees, nets een jurie wat met een Juts zit. Ik kan oom segge, dat was mooi om te zien. Ik het die Afgezante zoo zit en bekyk toe elk een uitroep "hier," zoo als zyn naam afgelees was, en ik kan oom segge daar was flukse kerels by. Eers was daar ouwe heer Harries, van de Baai, en zyn maat Pearson.

*Jan.*—Ja ! ik het veel van die ouwe Harries gehoor, maar nooit gezien. Hoe geval hy jou, neef Klaas ?

*Klaas.*—Oom ! ik kan nie anders segge als goet. Hy is een beetje oud, maar zoo rat als een kieviet, en zoo glat met zyn tong als een Advokaat. En hy verstaat de zaak van Afscheiding amper net zoo goed als ik en oom Jan. Dats hy, oom, wat my alles aan de Baai vertel het. Zyn maat Pearson, lyk ook een flukse kerel,—en zyn tong zit ook nie verkeert in zyn bek nie. Toe was daar weêr die twee afgezante van Grahamstad, Wood en Ayliff,—ook twee mannetjes, dat kan oom geloove. Wood lyk voor my een man wat een goeije kop het,—hy praat nie zoomaar nie ; een mens kan zoomaar zien dat hy de zaak goed overweeg het, en zyn rede kan een mens op gaan. Ayliff is zoo een bastert Advokaat, ik geloof de Engelse noem dit *Attornee*, en ik kan oom vertel die hem wil kul, moet vroeg opstaan. Hy praat regte stadig, maar als hy lostrek kan oom maar segge—"raak." Die twee kerels is zeuns van Engelse *Setlaars*, en die wat de Setlaars uitskel moes op Somerset gewees hebbe, nets ik, dan kon hulle zelfs gezien en gehoor hebbe. Wel, oom, na hulle was de twee afgezante van Uitenhage, alleby Afrikaanders, maar hulle lyk heeltemaal *anders* als die Colesbergse en Burghersdorp Kaapenaars. Hulle name is Aspeling en Van Reenen. Die Aspeling het zoo de manier van die ouwe Franse Skoolmeester wat vansleve by oom Gert Haaroor gewoon het ; oom weet mos, ik geloof zyn naam was Monseer Triktrak, als daar een os of een Fingo by hem verby loop dan groet hy hulle met een diepe kompelment. Aspeling is amper net zoo, maar hy het nie veel gepraat nie. Met zyn maat Van Reenen, oom, het ik amper een groote fout gemaak. Hy lyk op een druppel water nets die Cradockse Magistraat ; ik wou zoo na hem toegaan om hem te groet,—maar ik wis mos dat de Magistraat op Cradock was. Oom ik denk hulle moet een tweeling wees, maskie is hulle

name anders. Van Reenen lyk een stille bedaarde kereltje maar een mens kan zoomaar zien dat hy een *jentleman* is. Daar was nog vyf andere Afrikaander afgezante,—ouwe heer Stephanus Hartman, een bedaarde verstandige man, wat groote ondervinding op de grens gehad het, hy praat regt stadig, en hy lyk een man te wees wat nie zoomaar een ding zal aanvat nie wat hy nie verstaat nie. Hulle seg hy het groote invloed by de Hollandse boere van Keiskamma, en Fort Beaufort, en Alice, en hy is glat voor de Afscheiding. Jan van Aardt is een kerel wat my reg geval,—hy lyk op een druppel water nets Dikke Jan, of Hans van Zyl. Hy woon aan Kat Rivier, en lyk een verstandige kerel, maskie het hy een boekpens. Hulle zeg hy het ook groote invloed onder de Kat Rivier boere. Wippenaar en Cloete is ook twee flukse kerels; hulle is afgezante van Dordrecht en Lady Grey, en de mense kan nie twee beter kerels gekies hebbe nie. Hulle het de byeenkomst reg verstandig aangespreek, Moolman, de afgezant van Humansdorp, digt aan Uitenhage, is een bedaarde verstandige man, van die soort wat weinig spreek maar veel denk. Maar al die Afrikaander afgezante het hulle goed gedraag.

*Jan.*—Ik is bly en ook hoogmoedig om dat te hoor, neef Klaas. Maar wie was de andere?

*Klaas.*—Daar was ouwe heer Bell, en Powell van Kweenstown. Bell is de Juts wat nou opkom, zyn broer. Hy het regte veel gepraat; hy is een mooije ouwe man, met spierwitte hare, en een kromme neus, nets een aasvogel. Zyn stem is nets een klok; hy wou nie weet nie van Hollands, of Scots, of Engels, of Frans; hy seg ons is allemaal land- en bondgenooten, en wat nadeel is voor één, is nadeel voor de ander. En dats waar ook; maar ik kan oom nie alles vertel nie wat hulle allemaal geseg het. Powell is ook een bedaarde man, en het lank op de grens, en naderhand dig aan Graffernet gewoon. Soudy, wat nou Gofferneme nts Secretaris aan de Kaap is, is zyn zwager. Hy lyk een stadige man, wat veel ondervinding op de grense gehad het. Ik geloof hy is jonk in onse land gekom met de Settlaars, en dit lyk ver my dat hy meer kennis in zyn pinkie het als al de Colesbergse Parlemens heere in hulle heele lyf. Daar was nog drie wat jonk in onse land gekom is met de Settlaars,—Paynter, en Skanle, en Robert Bowker, alle drie Parlements lede. Oom die kleine Payntertje is een kwaije kerel, hy is nie eindelyk *klein* nie, net maar kort in de beene, nets van die langlyf en kort been haantjes, wat sommaar de grootste haan aanpak. Hy is nets zoo warm als een ertappel wat zoo uit de pot kom, en hy word ook nie kout nie. Hy is een man

wat veel voor de zaak van Afscheiding in de Kaapse Parlement gepleit het. Zyn rede is altoos krachtig, en hulle kan hem nie overrompel nie. Zoo als hy opstaat om te spreek kan een mens zien dat dit met hem *meening* is,—maar ik moet oom van de andere ook vertel. Skanle ken ons almaal, hy is een vrient van Aferkander zoo wel als Engelsman, en bezit goeye verstant. Maar hy het nog nooit in de Parlement een " spiets " gemaak nie. Nou denk veele mense dat hy nie kan praat nie, maar de Afscheiding zaak het hem heeltemal op streek gebreng. Oom kan my geloof hy het goed gespreek, en nie klein beetje ook nie, op de Somerset byeenkomst, en ik hoop dat hy zal nou in de Parlement aan die Kaap ook zoo doen, want hy het veel ondervinding, en is bekwaam genoeg. Robert Bowker spreek en schryf nie klein beetje nie, en dits byna altyd goed ter zake; hy is een van onse beste grens Parlements lede, maar somtyds gaat hy te vroeg van de Kaap weg eer de Parlement voorby is. Booth van Fort Beaufort, King van Bedford, en Richards van Salem, is alle drie zeuns van Settlaars; hulle het geen een gespreek nie, en daarom kan ik oom niks verder van hulle vertel nie, als dat Booth met de laaste oorlog door rabbelse Hottentots in De Bruins Poort, dig aan Grahamstad, zwaar gekwes was. Maar als een mens die slimme zeuns van Settlaars wat daar op de byeenkomst was, beschouw, en jy denk dan om Maldiets en Theunisse, en Hopley, dan moet jy zoomaar segge, de onderscheid is nets zoo groot als tussen een gouwe pont en een kooper dubbeltje, wat hulle aan de Kaap " ouwe lap " noem. Tucker van Cradock lyk ook een verstandige man, en hy het goed gespreek. Hy is ook vúúr warm voor Afscheiding ; en ik is bly om te zien dat hy een Parlements lid zal worde. Dan was daar nog ouwe landmeeter Stretch, en Maakmaster van Somerset. Ouwe Stretch is ook zoo een halve Monseer Triktrak in zyn maniere, en hy is *nou* Afscheiding gezind ; ik is bly om dit te zien oom, maar ik is altoos twyfelachtig voor een man wat zoo dikmaals zyn mantel na de wint draai. Daarom zal ik niks meer van hem segge, voor dat ik hem aan de Kaap in de Parlement hoor praat, en dan zal ik oom Jan omstandige schryvens stuur. Maakmaster het nie veel gepraat nie, maar hulle zeg hy is fiks ; hy lyk naar een man wat gek is voor lekker kos. Joseph van Burghersdorp ken oom mos goed, en dus hoef ik oom niks van hem te vertel nie. De laaste is een ouwe kerel wat zyn hare wonderlyk kam, met een voetpaatje in de middel van zyn kop, nets nigge Annie Gousblom, (nie zoo mooi gelyk nets ons Doppers nie) en hy lyk daarom zoo half-jongetje-half-meisie achtig ; zyn

bynaam by de Kaffers is " SKIPPIE," en ik hoor hy noem hem zelvers "*Leeuw*" (maar dan moet hy een wyfie Leeuw wees) —maar hy was regte fluks in de twee Kaffer oorloge van 1846 en 1851, ik het hem na '46 zyn oorlog aan Fort Cox gezien,—hy was Kommandant van de Kaffer Polies, en zyn naam is Davies. Nou het ik oom een beschryving van al de Agezante gegeef, en als de Grens Parlement net zoo goet gaat als de Somerset byeenkomst, zal het de moeite waard wees. Maar als hulle stem steek hulle nie hulle hande op nie nets ons, hulle schreef allemaal "*Aai*."

*Jan.*—Wel, ik is bly neef Klaas, dat jy na die byeenkomste gegaan is, want dit was zoo een soort van kleine Parlement.

*Klaas.*—Dat mag oom wel segge ; en ik is aspres daarna toe gery om zelfs alles te zien, en my niks te laat wys maak nie ; want ik was ook een soort van *Afgezant*, ofschoon de mense by de byeenkomst dit nie wis nie. Ik is gegaan als afgezant van de Doppers, zonder iemand iets te laat merk. En van drie dinge is ik nou net zoo zeker als dat ik zeker is dat oom daar zit. De *eerste* is, dat de Voorstanders van Afscheiding bedaarde en bekwame manne is, wat nie de zaak voor een grap of een speulletje aangevat het nie, maar daar ter dege over gedenk het, voor jare lang, toe ons Doppers nog gerust in de slaap was, en ons op de nekke laat trap het zonder onse koppe te roer. De *tweede* is dat dit *meenig* met de mense is, en dat het nou *bewys* is, dat dit nie een Engelse Settlaars zaak is nie, maar dat negentig van elke hondert van de grens-mense, Hollandse zoo wel als Engelse, voor Afscheiding is. De *derde* en voornaamste ding is, dat alles wat de voorstanders van Afscheiding tegen de Kaapstads Parlement en regering ingebreng het, de *waarheid* is. Hulle durf nie ontken nie dat hulle in de laaste 16 jare *zesmaal honderd duizend ponde Sterling* op hulle paaije uitgegeef het, en net maar *eenmaal* honderd duizend ponde voor ons ;—dit is nu ook *bewys* en hulle durf dit nie tegenspreek nie, dat die Zeebreker affering *onwettig* en onregvaardig is ;—dat is in de Cradock krant getoon, en hulle durf dit nie tegenspreek nie, dat de Westelyke Provincie maar weinig meer aan Weg Verponding betaalt het als de Oostelyke, maar dat de *zesmaal honderd duizend* ponde wat op de Westelyke paaije uitgegeef is, uit de *algemeene kas* geneem is. Al die onregtvaardige dinge durf die Kaapse nieuwsbladen nie tegenspreek nie met behoorlyke bewyze, zoo als in de Cradocks krant gedaan is. Al die dinge, oom, is bedaard en koel door de Voorsitter van de byeenkomst, de heer Harries, en door de heeren Paynter, Skanle, E. R. Bell, en meer andere

spreekers aangetoond.

*Jan.*—Maar, Klaas, was het dan noodig om weer van die dinge te praat? Ik en jy, en byna al de boere geloof dit mos.

*Klaas.*—Ja, oom, die dinge kan nie te dikmaals onder oog gebrag worde nie,—want weet oom nie dat er mense is, ja zelfs leeraars van onse Gereformeerde Kerk, wat hulle invloed stil by de mense gebruik om hulle van de zaak van Afscheiding afteschrik nie. Hulle kom nie voor de dag, en reg voor de vuis, nie, met hulle bewyze, zooals de Voorstanders van Afscheiding, maar by hulle is alles agterbax en onderduims. Daarom is dat noodig oom, dat hulle gedurig die onregtvaardigheid onder de neus gewryve wordt. En als daar dan nog hier en daar een malkopschaap onder onse Afscheiding trop is wat wil staan en ronddraai, in plaats van met de trop na de kraal te gaan, dan kan ons dit nie help nie.

*Jan.*—Maar zou dit dan waar wees, neef Klaas, dat daar van onse kerk zyn leeraars is wat hulle met zulke zake agterbaks bemoei? Foei! ik kan dit amper nie geloof nie.

*Klaas.*—Ik vertel oom net maar wat ik van twee fatsoenlyke boere op Somerset gehoor het; een Predikant het hulle alleby glat om gepraat, maar ik het hulle name nou weer op een lys aan Tucker gezien, dus moet hulle weer gedraai hebbe; en ik het van een ander Boer gehoor dat een ander Leeraar by hem aan huis was, en ook geperbeer het om hem om te praat. Maar hy was een *Cradocks* Boer, en zyn geloof in Afscheiding was te sterk om hem zoomaar te laat ompraat. Die twee leeraars, kan oom denk, is alleby Kaaps gezind, en daarom verwonder ik my nie over hulle gevoelens nie. Maar hulle ambt is geestelyk, om hulle gemeenten van een ander zaak van Afscheiding te winne—*Afscheiding van de Zonde.* Die zaak is gewigtig genoeg,—laat hulle daarby blyve. Ik het my voorgeneem, oom, als ik dit weer hoor van eenige bemoeying van leeraars, zal ik hulle name in de krant laat zit. Ik kan ook preek, oom, als ik maar wil; maskie is dit plat; maar ik zal myn predikasies in de krante laat druk, zoo dat alle mense dit kan lees. Maar ik hoop dit zal nie noodig wees nie, oom.

*Jan.*—Ik hoop ook zoo, neef Klaas, want dat zou my alteveel spyt om te hoor dat onse leeraars hulle met zulke dinge bemoei. Als ons aan een verkeerde lyn trek, dan is daar krante genoeg aan de Kaap om dit te *bewys.* Maar nou weêr van de Somersets byeenkomst. Hoe is dat verder gegaan?

*Klaas.*—Ja, oom, laat ons liever daarover praat. Wel, oom, die Afgezante het daar in die groote pakhuis *drie* dagen gezit, nets een Parlement. Daar was lange Tafels,—met pen, ink, en papier,—

ouwe heer Harries was Voorsitter (net maar dat hy nie een pruik op hat nie) ; de Secretaris Dr. Way, was ook daar,—en al de Afgezante het by de tafels gezit. Zoo als de name de eerste dag afgelees was het hulle ouwe heer Harries voorgestel als Voorsitter, en hy het toe plaats geneem, en een fraaye aanspraak gedaan. Ik kon nie al de woorde verstaan nie, maar de zin van zyn aanspraak ; en hy het hulle geseg dat hy hoogmoedig was om over zoo een byeenkomst voorsitter te wees. Maar al die aanspraake was in de Cradocks krant, zoo weet oom Jan dit al. Daarna was de Adres van de Port Elizabeth Comtee aan de Afgezante gelees,—en daarna al de Voorstellings, wat allemaal eenparig aangeneem was, en wat ook al in de krant gedrukt is.

*Jan.*—Maarik is tog nieuwsgierig om te weet wat die Afrikaansche Afgezante geseg het. Het hulle goet gepraat, neef Klaas ?

*Klaas.*—Dat het ik wel gedog oom, en daarom het ik een krant meegebreng, en oom kan dit nou zelfs lees. (Jan Twyfelaar leest de volgende aanspraken luid voor)—

Hr. van Aardt (Afgezant van Eland's Post) zeide: Als afgevaardigde van Eland's Post geeft het my groot genoegen de gelegenheid te moogen hebben deze vergadering aantespreken, en de gevoelens te uiten van de ingezetenen die my hier gezonden hebben. Zy zyn allen overtuigd van de noodzakelykheid om afgescheiden te worden van de Westelyke Provincie, niet alleen onder de Engelsche ingezetenen, maar ik zeg zonder vrees van tegenspraak dat die gevoelens nu meer heerscht onder de zoogenaamde Hollandsche boeren, al is het dat er veel gezegd is omtrent de Hollandsche Gereformeerde Leer. Ik vraag uzelven en oordeel voor uzelven. Heeft het Britsche Gouvernement ooit een of andere gezindheid tegengewerkt of onderdrukt? heeft het niet alles aangewend ter beschaving en bevordering van alle klassen. Ik ben zeker dat allen die de Afscheiding voorspreeken nooit wenschen zullen zonder Britsche beheersching te zyn. Neen, wy zoeken integendeel voorttegaan onder haar bstuur, en in het genot van voorregten door haar geschonken, te zoeken haar ryk uittebreiden. Ware dit niet onze gevoelen, zouden wy misschien thans zyn in een van de ongelukkige staten over de Oranje rivier.

Hr Hartman, (afgevaardigde voor Victoria) die in het Englsch sprak, zeide dat hy een Hollandsche boer was, en verscheidene Engelsche gekend had. Hy had nooit, sedert hy een jongen was (en hy was thans 55 jaren oud) gehoord dat er eenig kwaad gevoelen in de harten der eerste tegen de laatste bestonden. Waar hy ook geweest was, waren zy allen vereenigd. Hy had in verscheidene distrikten der kolonie gewoond, en hetzelfde gevoelen had overal bestaan. Hy had te Uitenhage en Oliphant's Hoek gewoond, en woonde thans te Victoria, waar allen vereenigd en van eenen geest waren. Terwyl zy onder een Kaapstadsch Gouvernement allen geknie-halterd waren (gelach), en zichzelve vry zoude maken. Zy waren een volk. Hy wist geen onderscheid tusschen Engelsche of Hollanders, en hy had nog nooit hooren zeggen, waar hy ook geweest

was, dat de Engelschen de vijanden der Hollandsche kolonisten waren. Te Colesberg hebben zy de boeren verteld dat zy soldaten van hen zouden maken, en dat heeft hen bang gemaakt. Ook hebben zy nog gezegd dat de tegenwoordige erfwet vernietigd zal worden, en de toelaag der Nederduitche Hervormde Kerk te doen ophouden, maar dat waren lage trekken, ten einde hen tegen Afscheiding te laten stemmen.

HR. WIPPENAAR, van Dordrecht zeide: "Wy zyn niet alleen gekniehalterd maar getoomd, en zy leiden ons waar zy willen."

HR. MOOLMAN, (Afgezant van Humansdorp.)—In het Distrikt door my vertegenwoordigd (Humansdorp) zyn wy eenpariglyk tot het besluit gekomen dat eene Afscheiding plaats vinden moet, daar wy beschouwen dat wy ten onregt behandeld worden, zoo als hier door verscheidene leden is uitgelegd. Het spyt my te vernemen van een trachting om tweedragt optewekken tusschen Engelsche en Hollandsche kolonisten ; en om bekend te maken aan anderen, kan ik zeggen dat eensgezindheid te Humansdorp heerscht, daar Engelsch en Hollandsch, ryk en arm, hand aan hand te werk gaan ter bereiking van het oogmerk van deze vergadering.

HR. CLOETE, (afgevaardigde van Lady Grey.)—Ik ben afgevaardigde van Lady Grey, en ben bekend met de ingezetenen van het distrikt van Albert. Er was reeds lang een gevoelen dat er een verandering noodig was in het bestieren van het Gouvernment. Het eerste gevoelen was dat de zetel van Gouvernment verplaatst moest worden ; doch wy beschouwden dat het verplaatsen daarvan met vele moeijelykheid, en zelfs met wat ontregt, gepaard zoude gaan ;—nu is het gevoelen opgesprongen dat de Afscheiding der Oostelyke Provincie van de Westelyke het eenigste middel zyn zal ter bevordering van beide Provincien. Er is een tegenspraak gemaakt, doch wat is die tegensprak ? Pesonen zyn gekomen in dat distrikt met het oogmerk om geld te maken, den een door Agentschap, de ander door handel, en hebben hun connectie met de Kaapstad. Zy moeten trachten hunzelven te helpen; en hunne familie en vrienden in de Kaapstad, door de omstandigheden in de Kolonie, worden bevoorregt door dat alles in die verre zetel van Gouvernment verrigt moet worden. Indien de Afscheiding plaats vindt zal veel van hun winst ophouden en hunne vrienden krygen niets meer. Dan weer is er verpleegd een schandelyke poging om de Afrikaansche optewekken tegen separatie, en niet alleen tegen dit voorwerp, maar het spyt my te zeggen ook tegen onze Engelsche mede kolonisten. Dit is goed bekend en ik zal daarover niets meer zeggen. Maar vraag zoodanige personen wat was de Afrikaansche Boer toen de Settlaar hier kwam. Wy slachten onze kaapsche schapen en van de vel maakten wy gedeelte van onze kleeding. Aan wie hebben wy te danken die schreden van beschafdheid en bevordering die wy nu beleven ? Zekerlyk niet aan de personen die nu trachten onkundige personen te misleiden.

HR. WIPPENAAR.—Gisteren heb ik U aangesproken in de Engelsche Taal, doch myn maat—zyn rechte naam ken ik goed, maar julle zeg ik moet zyn geboekte naam hier zeg—(een stem—Lady Grey) ik zeg myn maat Lady Grey. Nou hy zeg ik moet Hollandsch praat, want julle Engelsch kan hy verstaan, maar myn kombuis Engelsh is te slecht om

te verstaan. Nou als ik myn taal praat, moet ik net praat zoo als ik praat op myn plaats met myn vrouw. Nou ja, de lyn moet gemaakt wordt om de een of de ander niet te laat klaag nie. Die oom (wyzende op Pearson) het reg bepraat, die Distrikte die wil, moet maar achter blyf, en julle zien hulle zal gou weer achteraan kom want hulle belange is met ons.

Hr. Cloete.—Ik ben van gevoelen dat de afscheiding lyn, als voorgedragen, goed wezen zal, doch ik moet zeggen dat de distrikten daaraan grenzende vry gelaten moeten worden zich by de Ostelyke provintie te voegen of te ontrekken. Zoo ver Graaff Reinet aangaat weet ik dat alhoewel het geen uitdrukking van gevoelens gedaan heeft, hunne gevoelens moeten met ons wezen, al is het dat zy naar de West wachten, want hunne belangen zyn begrepen in die van ons. Zy moeten echter niet gedwongen worden, daar zy voor hunne stappen daaromtrent alleen voor zichzelve verantwoordelyk zyn.

*Jan.*—Wel, neef Klaas, die aansprake is goed. En hoe is de ding geëeindig ?

*Klaas.*—Hulle het een ding ingebreng, wat hulle een "Bill" noem, oom ; en dat zal nou in de Parlement voorgebreng worde, om van de Westelyke Provincie afteschei ; maar al de afgezante, oom, het de groote noodzakelykheid voorgestel om *Memories* na de Parlement te stuur. Oom ! dat's een al te voorname ding. *Dit help niks nie als onse Parlements lede perbeer om Afscheiding in die Parlement te bewerk, als ons hulle nie help nie, met Memories.*

*Jan.*—Dat begryp ik wel, neef Klaas, maar hoe kryg ons die memories getykend ? Hier in onse district zal dat goed gaan,—maar jy weet hoe onverschillig de mense is ; hulle denk als hulle maar seg ik is Afscheidings gezint dat dat genoeg is.

*Klaas.*—Ja, oom, dat is zoo ; maar de mense moet almaal opgewek worde. Kyk oom, hoe maklyk is dit nie voor elke velkornet om aan zyn wyk bekend te maak, dat daar op een zeker dag in die wyk, op een gelege plek, een byeenkoms zal wees, *om memories na Parlement te tyken.* De mense kan dan byeen kom, en elke man moet zyn naam tyken voor Afscheiding. *De laaste een. Daar moet nie een man overschiet nie.* Elke man moet zyn naam *tweemaal* tyken, want daar is twee memories ; een aan de Volksvergadering, en de ander aan de Wetgevenden Raad. *Dit moet die mense nie vergeet nie, oom.* Elke man moet tweemaal zyn naam tyken, op elke aparte papier eenmaal. En ik, en oom Jan, en elke vrient van Afscheiding, moet rondry onder de mense, al verzuim ons een beetje onse werk, dat is al te noodzakelyk. *Zonder memories is al onse werk niks werdig nie.*

*Jan.*—Maar, Sapperloot ! neef Klaas, kan die Kaapenaars dan nie zien dat de heele land voor Afscheiding gestem het nie ? Al is daar geen memories nie.

*Klaas.*—Nee, oom, in de Parlement gaat het nets in een Raad. Alles moet *bewys* worde ; al weet een magistraat dat een ding zoo en zoo is, hy kan daar geen noticie van neem nie, of dat moet behoorlyk *bewys* worde door getuige ; net zoo in de Parlement ; dat help

nie dat een Parlements lid seg, de ingezetenen, of de grootste gedeelte, in myn district is voor Afscheiding ; dit moet bewys worde, en de *Memories* is zyn *getuige* dat wat hy seg waar is. En al is daar Parlements Lede van de Grens wat seg, hulle districte is nie voor Afscheiding nie,—*dan zal de Memories tegen hulle getuige dat het nie zoo is nie* zoo als hulle seg. De Memories zal aan weers kante goed doen. Ziet oom dit.

*Jan.*—Ja, neef Klaas ! jy het gelyk ; de laaste Boer moet by der hand wees. Ik wou dat jy een Parlements lid was. Want ik is daarom maar nog *twyfelachtig* voor de ander Grens lede als hulle nie zoo een kerel als jy is het nie om haarle op te brant, en wakker te hou. Daar is zoo veel *Jabroers*. Zeg jy aan één, ons moet zoo en zoo doen, dan antwoord hy J—A—H ! ! maar daar kom niks van nie. Reg, neef Klaas, ik erg my alteveel om die Slaappapawers. Al wat hulle weet is J—A—H ;—J—A—H ; en zoo als hulle van jou af is, is hulle weer vas in de slaap.

*Klaas.*—Oom het gelyk, en dit is net wat ik onse Burgers wil inprent. Daar is nie een oogenblik te verzuim nie. Op de 26ste April begin die Parlement, *en dan moet al de Memories klaar wees*, dat onse *lede dit kan voorstel.* Aan my zal niks makeer nie, en aan oom Jan, weet ik, ook nie, maar die *Slaapers*—die *Jabroers* ! die *Tydgenoeg* mense. Wat van daag moet gedaan worde, stel hulle tot morge uit, en als *morge* daar is, dan is daar weer iets anders in de weg,—en dan is het wêêr *Morge,*—en die *morge* vang hulle nooit nie, en de ding blyf onklaar.

*Jan.*—Maar wat is dit dan met Tucker van Cradock ? Ik het mos gehoor hy zou Parlements lid worde voor Cradock, en nou hoor ik weer dat dit verander is.

*Klaas.*—Ja oom, dit is zoo. Kyk oom, daar moet in alle dinge een leyer wees ;—een span osse moet op een zware of gevaarlyke plek een lyer hebbe ; als een trekboer of een smous een trop schape door de water wil jage, dan staat hulle op de wal op makaar, de een is banger als de ander om te begin, en als een mens geen goeye lybokke het nie, kryg hy hulle nooit door de water nie. Zoo is het ook met mense ; één is bang om te begin, en de ander kryg beveratie, en de ander skuil weg om dat hy bang is dat hulle zal *hem* voorzit, en op die wys wordt daar niks uitgevoer nie. Maar als hulle weet dat daar een *leidsman* eenparig gekies is, en hy is een man van bedaardheid, en verstand, wat de zaak goed verstaat, dan kryg allemaal kouragie. Zoo als hy begin, druk hulle van agter op, en de zaak wordt met krag en eer deurgedryf. Nou het de Afgezante op Somerset gezien dat daar geen *lyer* in de Volksvergadering is nie voor de Oostelyke Provincie, ofschoon dat daar bekwame manne onder de lede is ; en net op die tyd kom de nieuws dat de Heer Greathead, lid van de Wetgevenden Raad voor de Oostelyke Afdeeling, bedank het, omdat hy nie van Engeland hier kan kom nie. Wel, dat was noodig om een goeye lid in Greathead zyn plek te kryge,

en toe kryg hulle gelukkig de inval om Greathead zyn plaats door Tucker op te vul, en ouwe heer Harries, wat de Afscheidings zaak zoo goed verstaat, in plaats van Tucker in de Volksvergadering te zit, als een *lyer* van de Oostelyke lede Daarom is ouwe heer Harries op de 26ste van verlede maand, op Cradock benoemt geworde als Vertegenwoordiger van Cradock. *Maar daar is nog een ander rede.* Oom Jan weet mos, voor een lid van de Wetgevende Raad stem de kiezers van de *heele* Oostelyke Afdeeling, en wie de meeste stemme *het van al de distrike by makaar,* die wordt gekies. Nou seg Maldiets en andere dat Graaff-Reinet, en Richmond, en Middelburg en Colesberg, en Burghersdorp, tegen de Afscheiding is. Ons ontken dit, ons bewys dat dits nie de waarheid is nie. *Nou kan ons perbeer wie de waarheid spreek.* De Afscheidings mense het Tucker voorgestel. Laat die wat tegen Afscheiding is, ook een van hulle kant voorstel, en dan, wanneer het tot opneme van stemme gaat, kan de wereld zien wie de sterkste is. *De Afscheidings mense daag hulle nou uit om een Tegenwerker van Afscheiding voor te stel, als hulle durf.* Doet hulle dit nie, dan is dit een *bewys* van de zwakheid van hulle zaak, en dan moet hulle voor eeuwig hulle mont hou.

*Jan.*—Wel ! dat is nou eers mooi ; daar het ik nie over gedenk nie. Hulle kan mos nou *Frekie Verneuk* voorstel,—of Theunisse, —of Hopley,—of Watermeyer,—of van de groote mense wat zoo een lawaai opschop. Nou is hulle tyd.

*Klaas.*—Ja, oom, ons geef hulle nou, zoo als de Settlaars seg, *ver pley,*—laat hulle nou toon dat hulle manne is. Laat hulle nou de Boere gaan bang maak met hulle laffe praatjes en dan zal ons de uitslag zien. *Maar oom moet nie Memories vergeet nie. Zeg toch aan alle de mense daarvan, de Boere moet nie langer verzuim* nie om te tyken.

[Saartje Waarzegger en Elsie Twyfelaar komen op dit oogenblik uit de kamer ;—hulle had een byeenkomst gehou over dubbel-skirts, —en crinoline,—en wie aanstaande Nagmaal de bruid zal wees, en wie zyn kind zal gedoopt worde,—en hoe fraay de kante sluyer van Annie Gousblom zal wees als zy van neef Kit de bruid is,—en veele dinge meer wat mans nie verstaat nie, en vrouwe gouw zal begryp. Onder tusschen was de kar ingespannen en voor de deur, en daar was een gezoendery onder de vrouwe, en Klaas en Jan het makaar gegroet, en Klaas Waarzegger en Saartje ryden weg,—maar Klaas had eers aan zyn oom Jan belooft dat hy na de Kaapstad zal gaan, als Afgezant van de Boere, om hen ware rapporten te zenden, van al dat in het Parlement gezegt en gedaan wordt.]

# VERSLAG DER INKOMSTE EN UITGAAF VOOR PUBLIEKE WEGEN
IN DE
# OOSTELYKE EN WESTELYKE PROVINCIEN.

*(Uit het Gouvernements Courant.)*

| Jaren | Bedragen uit de Publieke Kas. | Wegverponding betaald. | | Uitgaaf op Wegen. | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | West. Prov. | Oost. Prov. | West. Provincie | Oost. Provincie |
| 1844 | 22,479 5 0 | 10,802 14 4 | | 35,129 11 3 | 839 14 10 |
| 1845 | 21,665 0 0 | 5,215 14 2 | 5,413 12 8 | 47,513 17 4 | 4,084 3 1 |
| 1846 | 27,421 10 6 | 2,794 8 10 | 680 11 7 | 34,771 17 0 | 1,382 1 0 |
| 1847 | 27,511 0 4 | 6,984 18 1 | 984 1 2 | 24,706 13 10 | 906 14 9 |
| 1848 | 34,101 12 1 | 3,768 15 10 | 721 9 6 | 46,597 1 6 | 3,223 13 8 |
| 1849 | 61,433 12 5 | 8,286 2 7 | 1,793 9 11 | 46,249 18 4 | 3,947 0 0 |
| 1850 | 49,558 19 6 | 6,186 6 0 | 611 17 2 | 46,612 18 6 | 5,313 0 2 |
| 1851 | 41,700 18 2 | 569 0 2 | 40 1 2 | 36,739 19 2 | 3,208 14 5 |
| 1852 | 35,401 1 1 | 6,544 11 6 | 433 11 0 | 35,893 6 8 | 3,254 17 0 |
| 1853 | 47,486 12 3 | 4,716 8 0 | 1,348 9 1 | 41,109 17 4 | 1,884 0 2 |
| 1854 | 45,896 2 2 | 793 2 2 | 615 6 5 | 49,943 19 11 | 3,807 8 8 |
| 1855 | 38,282 4 6 | 94 7 5 | 1,152 4 8 | 41,604 9 3 | 5,049 11 1 |
| 1856 | 21,479 16 2 | 958 18 8 | 473 5 9 | 31,550 4 0 | 5,653 9 1 |
| 1857 | 26,585 17 4 | 1,552 0 4 | 830 11 5 | 19,297 19 5 | 5,864 0 6 |
| 1858 | 53,312 8 0 | 2,693 17 9 | 3,584 3 6 | 32,059 1 8 | 28,055 14 1 |
| 1859 | | | | 37,080 11 10 | 38,578 11 4 |
| Totals | £554,315 19 6 | 61,961 5 10 | 18,682 15 0 | 606,861 4 0 | 115,052 13 10 |

# J. S. BOLD & CO.

**Drukkers en Boekverkoopers**

*Bree-straat, Cradock.*

Uitgevers van het *Cradocksche Nieuwsblad,* geheel in het Hollandsch gedrukt, en hetwelk elken Buitenman behoort te lezen.

SCHRYFBEHOEFTEN EN SCHOOL BOEKEN ZYN ALTOOS BY HEN TE KRYGEN.

Ook verwachten zy eene groote assortement Hollandsche Bybels, Psalm en Gezang, en Predikatie Boeken.

## REUKENDE WAREN,

Lavendel, Reukende Zeep, Eau de Cologne, Pomatum, Haar Olie, en allerhande *Lekkergoed* voor de Jufvrouwen.

ANNIE GOUSBLOM LAVENDEL,

*EN*

KLAAS WAARZEGGER HAAR OLIE.

☛ Heeren en Jufvrouwen kome naar de Winkel en oordeel voor hunzelve.

*AGENTEN VOOR HET CRADOCKSCHE NIEUWSBLAD.*

Middleburg By den heer Wentzel
Burgersdorp ........ Johnson en A R Tennant.
Colesberg D. Moodie
Graaff-Reinet C. E. Ziervogel
Fort Beaufort R. J. Painter
Chumie B. Woest
Port Elizabeth J. M. du Toit
Riebeck Boven Albanie H. Webb
Graham's Stad James Thomas
Achter Sneeuwberg J. J. Sanders
Vlekpoort P. J. Venter,
Tarka Noord J. L. Martin
Alice, By den heer S. Hartman
Aliwal Noord, F. H. Halse
Hope Town. H. C. Fisher
Queenstown H. Bertram
Bedford B. Solomon
Kat Rivier J. J. van Aardt
Olifants Hoek P. J. Woest
Adelaide, F. Holland.
Brak Rivier (West) A. E. Bester
Brak Rivier (Noord) S. Buis
Klaas Smits Rivier Z Pretorious
Tarka (Zuid) D. J. Welgemoed
Zwart Kei E. Grobbelaar

HET

# AFSCHEIDING

## KLEEDEREN PAKHUIS

JUIST ONTVANGEN VAN ENGELAND.

**Overrokken, Baatjes, en Onderbaatjes, van alle fatsoenen, grotte, kleuren, en Materielen, en Wolle Polkas, Jufvrouwen Mantels, Tjaals, Kleeden en Hoedjes, zoo wel als**

*ALLE SOORTEN GOEDEREN*

**Vereischt door het kind, de middeljarigen en de ouden, hetzy zyn getrouwd of ongetrouwd, heeren of bedienden, gelukkig of ongelukkig, Boeren, Winkelliers, Rechtgeleerden, Predikanten of Werklieden,**

*HUN GELOOF KOMT ER NIET OP AAN.*

**Ongeloovigen, Heidenen, Episcopalen, Wesleyanen, Gereformeerden, zullen evenveel attentie ontvangen, en goed bediend worden uit bovengemelden Voorraad Negotiegoederen, tegen pryzen geschikt gelyk voor**

**DEN KOOPER ALS VERKOOPER,**

**Slechts een klas personen behoeven niet te komen, namelyk,**

**TEGENWERPERS**

**van Afscheiding, daar de ondergeteekende niet wenscht met dezelve te handelen.**

HENRY TUCKER

## AANTEKENINGE BY ZAMENSPRAAK.

In die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek berus drie eksemplare van die boekie, op die buiteblad van een daarvan staan in Meurant se handskrif „I. Noble, Esqr. with the author's best regards." In hierdie komplimentêre eksemplaar is verskeie velle beskryf, die sketse (meestal dramaties ingeklee) was vermoedelik vir die vermaak van mnr. Noble bedoel. Meurant se gesprekke is grotendeels om die episodiese karakter daarvan interessant en lewendig; en hierdie stukkies lewer weereens die bewys hoe maklik hy ter opheldering van 'n argument uit sy ryke ervaring kan put — en tewens openbaar hulle terloops Meurant se gesindheid t.o.v. die Boere en die Engelse staatsbeleid. Hier laat hy in oomblikke van intiemheid aan sy vriend baie deurstraal wat hy wel nie in die openbaar sou bely nie; dit bly tog onteenseglik duidelik dat die Dopper Neef Klaas net vir die ware Meurant as lokvink in sy werk help, dat baie van Neef Klaas se uitsprake en betuiginge van sy Doppertrots, bevoorbeeld, net „diplomatieke" waarheid is. Terwyl hy as 'n egte, ware volksgenoot en familielid poseer, lag hy in sy vuis om die onberekenende eenvoud en goedgelowigheid van die Boer.

Ons laat sy situasietekeninge dit self verduidelik. Aan die binne-keersy van die titelblad staan:

Logic:—

> If a man who "Turnips" cries,
> But does not *cry* when his father dies,
> Is that a reason that he would rather
> Have a *Turnip* than a Father?"

Scene at the Brak River — Asst. Com. — and Interpreter outspanned under the shelter of a "kopje" — tents pitched — escort of 12 — 12th Lancers. Interpreter notices smoke issuing from kopje, sees two "Doppers" there — goes up to them — "What are you doing?" Answer — "Ons brant *Ganna*" — What was supposed to be a "kopje" was a huge mount of bush called Ganna — Interpreter — "But we shall be smoked out, suffocated." Boer — "What's that to us — who told you to outspan here on our farm — the wind blows, and we must set fire to the Ganna?"

Interpreter returns to Asst. Commissioner, and tells him of this. Commissioner — What's to be done? We cant shift our tents. Can't *you* think of something?" Interpreter — "Well, tell Donovan to go with me" (Donovan was a 6-foot Lancer, with a red or scarlet face, like the full moon just rising. The *measles* was then in the country, and

(Dan vervolg hy dit aan die voet van die volgende bladsy waarop die *Voorrede* begin het:)

and the Boers awfully frightened.) Interpreter, taking Donovan, goes back to the burning heap, and after talking with the Boers, about Mooi River Dorp, &c. at last says to Boers — "By the bye . . . . .

(vervolg dan op volgende bladsy net na die slot van die *Voorrede*)

bye, I forgot to ask you, — Have you not a "Huis Apotheek" (Medicine Chest) at the house?"

*Boer* — Yes! What do you want with it?

Interpreter (pointing to Private Donovan with his scarlet face) — "Look at that poor man, don't you see he has got the measles?"

Both Boers gave one frightened look, and ran off like lamplighters — Escort put out fire, which was just beginning to burn — Donovan disappointed that he could not fight the two Boers — No more disturbance — spanned in next morning after breakfast — two figures observed on a koppie at some distance watching proceedings.

Op dieselfde bladsy waarop die *Voorrede* begin staan aan die bokant:

Mynheer!

„Ik zend U een Hottentot, — hy is een groote schelm, en hy is *scheel;* en jy kan hem *gerust* 25 houwe laat geve."

Hierdie laaste is waarskynlik 'n briefie wat iemand aan hom as magistraat gestuur het; die werklik snaakse momente vir hom het hy onderstreep. Die eerste kan betrekking hê op die reis in 1851 en 1852 na die Noorde toe hy die onderhandelaars as tolk vergesel het, soos ook die volgende geval: Bo-aan die bladsy waarop die eerste samespraak begin, staan:

Scene on Market Square Bloem Fontein (1852). "I say, M. you have been persuading all the Boers in the country that you are related to them. I lay you ½ doz. Champagne, there is *one* Boer in Bloem Fontein you can't persuade?"

In — Who may *he* be?

Doubter. — Commandant G. J."

In. — Done for ½ doz. Champagne.

Commandant G. J. comes up at the moment and going up to M. "How are you, myn Neef?" I heard you were here. — How is (Mrs. M.) —

Doubter, to Commandant — Stop, Mynheer, is Mr. M. related to you? — "Wel zeker, hy is myn eige bloet-neef." Doubter *sold.* Pays up 6 bottles Champagne.

Die *In* (vir Interpreter) en *M.* vir *Meurant* word hier gelykwaardig langsmekaar gebruik, sodat dit ook aanneemlik is dat die aanduiding *Interpreter* in die eerste stuk op Meurant self van toepassing is, en dan word onder *Asst. Commissioner* die heer Hogg bedoel wat op pad terug op Bloemfontein in 1852 oorlede is. 'n Insident waarin Meurant en Hogg weer albei optree is die volgende wat op bls. 49 begin, bo-aan die vyfde samespraak:

Scene on the Zand River — (Sovereignty) Asst. High Commr. and Interpreter on their way to Potchefstroom (Transvaal) arrive at the Farm of Mr. Piet Venter (Piet Patriot) on the Zand River, with an order to "press" or hire horses. — Piet very sulky — will see the English Govt. d-d örst before they shall have *his* horses. Interpreter tried to get him to look at English Dogcart, in which they were travelling. Piet would look at nothing English, called the Interpreter a spy, and traitor to his nation, &c.

Interpreter — "Well, Oom, if you won't look at the English cart, come down with me to it, and I'll let you taste some real *Hollands Jenever* (Old Tom) just come from *Holland.* Piet went down to the Dogcart, and stood with his back to it, for fear he should even *see* an *English* cart. Inter-

preter brings him from the Cart a large kommetje "old Tom" Piet Drinks —
*Piet.* — "Ja, dat laat ik gelde! dat's *wåre Hollandse Jenever,* — de Engelse kan *dat* niet maak niet." Interpreter repeats the doze. Piet's heart softens. Interpreter gives Piet a bottle, and tells him it is excellent for ladies on going to bed. He must give Tantje Saartje some of it. Piet calls the Interpreter "Myn Neef!" — Interpreter — see page 63 —

(die voortsetting vind dan aan die onderkant van pagina 63 plaas, soos die aanduiding in Engels ook lui; dit is op die gedeelte van die bladsy wat oorbly na afsluiting van die vyfde samespraak:)

Interpreter parts with two more bottles. Piet calls Interpreter "Myn Oúwe." Old Tom has gained the day. Piet gives the *English* Government six magnificent horses to Potchefstroom and back, without payment which he positively declines, and sends his son Barend, with a "gezoute paard" (a horse which has got over the horse-sickness) to accompany the party, and introduce them to all the "patriots" (Anti-English) as *his* friends!!! (I saw 700 horses in this man's kraal.)

Die lese van die geval laat 'n mens wel soms wonder of ons hier nie 'n sleutel-episode vir die Klaas Waarzegger-figuur het nie. Dit moet deeglik in aanmerking geneem word dat Oom Jan, Tante Elsie en Neef Klaas nog baie vaag as karakters in die eerste twee samesprake uitgeëts word, maar al vaster en duideliker word die lyne van Neef Klaas se karakter getrek, hoewel hy eers in die *Brieve* enigsins vol en lywig voor ons staan.

Neef Klaas is 'n Dopper, dit is een van 'n groep patriargale mense wat 'n allerbesliste afkeur van Engelse en alle ander nuwighede gehad het: hulle was dus „patriotte" in die sin wat Oom Piet Venter een was, ook 'n Dopper. Neef Klaas, wie se vrou ook Saartje heet, „draai" egter later, en Meurant het sy plesier daaraan om hom tot 'n kykbeluste bewonderaar van die Engelse gedagte te maak en nà sy omkering, 'n persoon word wat van dans en drank op feesmale geen afsku het nie, inteendeel, sy vrou Saartje, sy Tante Elsie en Nig Annie graag na die gouwerneurlike „Baal" wil neem nà die toekenning van 'n eie staatsvorm en dus iemand is wat vir die nuwe ideologie aktief optree. Sy Dopperpak, wat hy afgelê het, volgens sy eerste brief, is die uiterlike teken van die innerlike omwenteling en die aflegging van die egte Dopperideale. Hierdie tot-vriend-making van Oom Piet Venter is dieselfde as die in-diens-stelling van Neef Klaas aan 'n ander gedagterigting wat bepaald on-Dopperse momente inhou en die gangbare opvatting van die begrip 'n growwe kraak gee.

Hoe dit sy, al het Meurant nie juis bepaald aan die geval van hierdie Oom Piet Venter (oorgeplaas na die Oostelike Provinsie, vgl. bls. 8 r. 23 van *Zamenspraak*) gedink nie, dan is daar in die geestelike trekke tog veel ooreenkomstigs tussen hom en Neef Klaas en geen wonder dat hy die storie met soveel smaak oorvertel nie!

Op die binnekant van die laaste bladsy (skutblad) lees ons verder in handskrif:

Scene at the Orange River. Klaas Waarzegger enters a house in the evening, where a "Meester" and two young Doppers are sitting with slates.

*The Father* — "Meester, laat Neef Klaas zien hoe mooi de kinders skryf."

*Meester* — addressing the eldest to make a pot-hook. — "Jannie, hou jou lij reg, en jou griffie ook — trek nou een streepie „*hot*", trek hem nou „haar" — zoo dat's mooi — trek hem nou oupappa zyn kant toe." Jannie does as ordered. and produces a pot-hook to the admiration of Papa Dopper and "Meester".

Papa Dopper to „Meester". — Meester, kyk nou dat een skaap geslag wordt. „Meester" goes to superintendent the killing of a sheep.

Op die buitenste kant van die laaste bladsy staan eindelik te lees:

Scene in the Sovereignty (now Free State) in 1852 —

A Noted Dopper "*Bore*."

Asst. High Commissioner — and — Interpreter, — on a return visit to Sir Geo. Cathcart at Whillesen — just taking their breakfast, and don't want to be "*bored*" — mule-drivers sitting at the fire having their breakfast — very cold morning — Approach "Dopper" — addresses interpreter — "Myn heer — wat ver nieuws is daar by de Gofferneur ?" Interpreter — "Oh ! I cant speak *Dutch* — speak English, Sir — Dopper, going to Asst. Commissioner, repeats the same question, receives precisely the same answer in English. Dopper, at fault, goes to a black mule Driver (an Afrikander) sitting at the fire — "Jong, vraag aan jou baase wat ver nieuws is daar by de Gofferneur ?" Driver (whose native tongue is Dutch) — taking up the cue — "Oh ! can't speak *Dutch*, speak English, baas ! Dopper turns on his heels, swears an oath, and mutters, as he departs — "Die dit en dat's Engelse — hulle span op een mens zyn plaats uit, en geen *één*, zelf nie hulle *volk*, kan Hollands praat nie. Noem jy *dat* een *Tolk*. — Exits grumbling.

Behalwe die een geval van die skeel Hotnot wat gerus 25 houe moet kry, is almal reminisensies van die tog noordwaarts in 1851—2. In die voorlaaste stuk noem Meurant hom anakronisties *Klaas Waarzegger*.

Bls. 6. (Let Wel: alle aantekeninge geskied na aanleiding van Noble se kopie). Die woorde *twyfelagtig*, *Engelsche* en *Pollegris* het Meurant in die eks. onderstreek (r. 9 en 10). Van die begin af word Oom Jan voorgestel as iemand wat nog skrikkerig vir Engelse pille en middels is, en „altoos twyfelmoedig over die nieuwe dinge." Vgl. Dr. Okulis in *Doppers* (Nas. Pers) oor dié trek, veral in die Bylae.

Bls. 6, r. 24, *skofte*: 'n Skof (dag- of nag-) of 'n trek per wa is ongeveer vyftien myl.

Bls. 7, r. 13, *kom de Juts af*: hierby het Meurant 'n voetnoot „Voor de Oostelyke Districts Raad opgerigt was"

Bls. 7, r. 17: *weg verponding* is 'n belasting met die oog op aanlê van weë en die bou van brugge.

Bls. 7, r. 29: *reconie*, d.i. *recognitie*. „Eigenaars van recognitie Plaatsen (moeten) hun recognitie penningen

betalen voor . . . . ." *Het Cradocksche Nieuwsblad*, 28/12/61. Dit is 'n jaarlikse belasting van eiendomserkenning bereken volgens die grootte van die plaas en 'n vaste bron van landsinkomste.

Bls. 7, r. 29: *heere regte*: Wanneer 'n reg uitgeoefen word (werklik of potensieel) om eiendomsreg te verkry, vorder die staat 'n sekere belasting in.

Bls. 9, r. 13: *kruije soopie*: Dit word in die *Brieve* beskryf.

Bls. 10, r. 14: Die bedoeling is wel om die ramme vir wolteel (*uitlanse ramme*) te vervang deur *Kaapse* ramme en so die wolbelasting vry te spring. Die wolskaapboerdery en die omteel is nog in sy begin, vgl. *Inleiding*.

Bls. 11, r. 26: *diezes*: Meurant skei dit hier tot *die zes*.

Bls. 12, r. 21: *kring*, lees *kreng*.

Bls. 13, r. 7: *Ope grond*: Kroongrond; *Nie in de zee gooi nie*: Nie aan 'n „Breekwater" bestee nie. Vgl. egter later. Dit is 'n knap aansluiting by: *Jou geld in die water gooi*.

Bls. 13, r. 24: Meurant onderstreep *eenparig* hier.

Bls. 13, r. 30: *Knopedraaijers* (in letterlike sin 'n *knoopmaker* met 'n draaibalk), is 'n *huigelaar*.

Bls. 14, r. 7—10: Dit laat 'n mens weer baie dink aan die „Patriot" Piet Venter van Transvaal.

Bls. 14, r. 26 en 27: Hier het ons 'n interessante verwarring. Op bls. 5 is *Nigge Saartje* die vrou van Neef Klaas en *Tante Elsie* die vrou van Oom Jan (reëls 12 en 16), maar aan die einde van dieselfde samespraak het Meurant getoon dat die familieskap vir hom maar baie vaag is. Dit is wel eienaardig, dat Meurant, wat sy karakters later beter geken het, nie die verwarring in die rolbesetting hier opgemerk het nie!

Bls. 15: Hierdie samespraak is die voortsetting van nr. 1, soos beloof op blss. 13 en 14, en vorm 'n eenheid daarmee.

Bls. 16: Dr. J. du P. Scholtz het reeds daarop gewys dat Meurant 'n besondere voorliefde vir hierdie versie gehad het en in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* word op blss. 183—4 van die 12e Jg. die geskiedenis daarvan nagegaan soos deur Meurant self meedeel in sy *Sixty Years Ago*, dit na aanleiding van die gebruik van die paskwil in 'n brief deur Meurant in 1844 en daarna. In die 13e Jg. van dieselfde tydskrif (3e afl., bls. 326) word in 'n voetnoot op 'n ooreenkoms gewys in G. Brandt se *Leven van Vondel*, waarin vertel word dat die digter na sy terugkeer uit Denemarken aan sy vriende gesê het dat hy daar menigmaal gedink het: „O Heere, wilt my verlossen, Van deze Deensche ossen." Juis op grond van die versie meen dr. Scholtz die outeurskap van 'n klompie briewe in *Het Kaapsche Grensblad* met redelike sekerheid te kan bewys.

Ten einde die oulike aanpassing by plaaslike toestande te verduidelik haal ek die versie

aan soos dit in *Sixty Years Ago* meegedeel word:

O Heere der heere!
Wie zal hier in Afrika meer regeere;
Alle die uit Engeland zijn gebannen,
Worden hier groote mannen;
En ons arme Hollandsche gezellen,
Kan men de ribben op het lijf al tellen.
Met een schelling per dag moet men zich mee geneeren,
En als je daar niet genoeg mee hebt, dan moet je naar Wagenmakers Vallei passeeren,
Naar oude Van Riet de Sequester:
O heere, wilt ons toch verlossen,
Van al den Engelsche ossen,
En leidt ons toch naar wenschen,
Ons arme Hollandsche Christenmenschen,
Amen."

Bls. 16, r. 26—27: As hy bedoel dat hy dit vanmôre langs die pad by hulle omstandighede aangepas het, kan dit deurgaan, andersins is dit 'n versinsel terwille van die werklikheidsillusie.

Bls. 17, r. 11: „een" word nou *één*.

Bls. 17, r. 14: „nukkerig wees nie" word onderstreep.

Bls. 17, r. 26 e.v.: *Setlaars* was 'n skeldnaam, dink bv. aan die aanhaling uit die hoofartikel van *Cradock News* van 8 Jan. 1861 (Inleiding). Hier word ook die neerbuigendheid ten opsigte van die „Engelsche kerels" duidelik, en die weersin in die nuwe baard-mode val ewe-eens op. Tante Elsie is nou weer egte „Dopper."

Bls. 18, r. 2: Hy het dus reeds 'n plan om die Colesbergse byeenkoms by te woon; vgl. nog bls. 19, r. 14.

Bls. 18, r. 20: „gelyk" word nou onderstreep.

Bls. 18, r. 37: *Myn ouwe* is 'n troetelnaam wat intiemheid uitdruk; vgl. die episode van Piet „Patriot."

Bls. 20, r. 37: *Zeebreker* vir *breekwater*.

Bls. 21, r. 24: Die identiteit van Frekie Verneuk kon ek nie vasstel nie. Soms kom dit voor of dit net die skeldnaam van Klaas Waarzegger vir J. *Frederik* Ziervogel is en veiligheidshalwe word hulle as *twee* persone aangedui, sodat Ziervogel geen aksie kan instel nie, want hoewel hy bedoel mag wees, is hy tog ook as 'n *ander* party genoem.

Bls. 21, r. 29: Toespeling op *Rip van Winkle*, die bekende karakter in 'n episode van W. Irving se *Sketch Book*. Hy het twintig jaar geslaap.

Bls. 23, r. 27: *zoodanig*, lees zoo dánig.

Bls. 24, r. 12: Dit is die eerste keer dat die woord *Dopper* in die teks voorkom. Die bewoording „de laaste Dopper verstaat nou de ding", en r. 15 op bls. 25 „ . . . . hulle zal de ouwe Doppers nie maklyk mislei nie . . . ." gelees tesame met die eintlike doelstelling (vgl. Inleiding) wek die vermoede baie sterk dat dit die Dopper-element was wat veral teen afskeiding gekant was en dat die

*Zamenspraak* hom in die eerste plek tot hulle rig. Oor die afleiding van die woord, kyk Boshoff, *Etimologiese Woordeboek van Afr.* en behalwe sy bronne lees nog die belangrike artikel in *De Goede Hoop* van Julie 1904, bls. 16.

Bls. 24, r. 31: *29ste Detsember*: bedoel word die vergadering op Colesberg.

Bls. 26: Die slagspreuk „Die ter kaatsbaan is . . . ." vertel baie duidelik dat hierdie verslag 'n propagandastuk is. Daarom dan ook die skeltoon orals, bv. op bls. 27, van reël 17 tot 37. Meurant kaats met krag en patos terug en dit kan hom blykbaar nie veel skeel as hy vyande maak nie.

Bls. 27, r. 10: In die *Cradock News* van 8 Jan. 1861 staan o.a. „Our delegates have returned from Colesberg . . . Klaas Waarzegger also begs to tender his best thanks to Mr. Pienaar for his kindness in lending his *own* riding horse to assist Klaas to reach Colesberg."

Bls 27, r. 25: Bepaald 'n growwe onwaarheid, 'n miskenning van die feit hoe hoog die gevoelens geloop het. Vgl. Inleiding wat hieroor gebaseer is op die mededeling van die *Cradock News* en dus nie van voorspraak kan beskuldig word nie.

Bls. 27, r. 31: Sinspelende daarop dat die heer Maltitz die „Een Boertje van Colesberg" is.

Bls. 28, r. 25: *Mof*: Duitser.

Bls. 28, r. 26: Dit is 'n aanpassing van die bekende fabel.

Bls. 29, r. 35: Meurant het „geslag" onderstreep.

Bls. 29, r. 37—38: Hierby merk Meurant aan: „Original translation by Klaas Waarzegger (worth makes the man, and want of it the fellow, &c. &c.)"

Bls. 30, r. 33: *Voetbeentje* het betrekking op die beeld dat die Kolonie soos 'n skaapbout is (bls. 24).

Bls. 33, r. 36: *Stoof*, bedoel: *voetstoof* vir verwarming.

Bls. 34, r. 15: *Schreef* vir *het geskreeu*.

Bls. 35, r. 12: *Boevenlanders*: in die oorspronklike koerantafdruk staan *Boven*. Die gebruik twee reëls verder laat vermoed dat hier geen opsetlike woordspeling op dialektiese grondslag is nie.

Bls. 36, r. 5: 'n Aanpassing van die slagspreuk bo-aan die stuk.

Bls. 38: Die spreuk bo-aan die vierde samespraak word ook later vir die hele boek gebruik en verskyn op die titelblad.

Bls. 43 *Een die met aandacht luistert* kom in verset teen die verslag van die *Cradock News* en sê o.a.: „De aanspraak van den heer Maltitz heeft veel indruk gemaakt. De uitslag was, op een voorstel van den heer Maltitz diegenen die tegen separatie waren, hunne plaatsen moesten nemen aan zijne regter zijde, en die er voor waren aan zijne linker zyde, dat 350 naar de regter zijde gingen, de afgezanten met omtrent 30 aan die linker zyde latende. Onder veel gejuich voor de sprekers ging de vergadering uiteen, en liet hunne verslagene vrienden verbaasd staan over

de nederlaag die zij gekregen hadden." Die redakteur van *H. C. N.* sê weer dat die grootste gedeelte hiervan „leugentaal" is (26 Jan. 1861).

Bls. 48, r. 5: Oor *sasaatjes* (d.i. *sosatie*): „vleisstukkies in kerrie en asyn ingelê en aan stokkies ingeryg"; *rysbrensie* „geelrys, kerrierys" en *bobootie* „gemaalde vleis met kerrie", sowel as oor die woord *borrie*, „soort geel kruiepoeier", wat ons reeds vroeër gehad het, kyk Boshoff, *Etimologiese Woordeboek van Afrikaans* s.v.

*Oor die 3e en 4e samespraak in die algemeen*: *The Cradock News* van die 18e Des. 1860 (dus in die eerste aflewering na die tweede samespraak waarin ook van die onverwagte sukses van die stukke gepraat word) meld o.a. „Our friend Klaas Waarzegger writes us that he has been continuing his „Zamenspraak" and it is not unlikely he may furnish us with his notes for No. 3 and 4. We understand he has a biography of „Frekie Verneuk" and will intersperse No. 3 and 4 with some other amusing biographical sketches not generally known. We shall see when he returns from his trip to Colesberg and when *Het Cradocksche Nieuwsblad* makes its appearance."

Dit is duidelik dat hierdie aankondiging, wat voor die Colesbergse vergadering gemaak is, 'n ander program in die vooruitsig stel as ons toe werklik gekry het. Dit is die eerste vermelding van Frekie Verneuk.

Hierdie twee dialoë het nodig geword om die rampspoedige uitwerking van die Colesbergse vergadering te ondergrawe, en daarom moes alles wat ten gunste van afskeiding gesê is, in die beste plooie gelê word terwyl die teenstanders verkleineer word op 'n nie al te vriendelike manier deur Neef Klaas wat sy mond vol het van wat 'n „jintelman" moes gemaak het en Oom Jan oor die gedrag van 'n „heer"! — rekbare begrippe, soos blyk.

5e *Samespraak*: Dit is die eerste keer dat ons aan huis van Neef Klaas self kom en nou sal ons merk dat hy nie net welingelig is as gevolg van sy besoek aan die Baai (Port Elizabeth) nie, maar omdat die omstandigheid dit nou vereis, ook op grond van 'n wye belesenheid voorligting kan verskaf! Bls. 50, r. 12).

Bls. 50, r. 21: Propaganda op elke moontlike manier!

Bls. 50, r. 29: Vgl. ook die Inleidingsartikel van *Cradock News* van 8 Jan. 1861 (Inleiding). In ieder geval klink die aanmerkinge bevreemdend in die mond van 'n gasheer op hierdie stadium.

Bls. 52, r. 36: . . . *de minste vrees nie*, lees: *nie de minste* . . .

Bls. 53, r. 11: Meurant onderstreep van „plaats" tot „Gofferment."

Bls. 53, r. 32: *Asmannetje*, my onbekend.

Bls. 55, r. 5: *De leugenaars van Burghersdorp*: daarvan mag ons seker aflei dat die beswaar veral in daardie

afdeling gangbaarheid geniet het?

Bls. 55, r. 15: Hy onderstreep „Vrywillige Stelsel."

Bls. 56, r. 25—30: Tog 'n bekentenis, hoewel indirek, dat daar aan sy verslag van die vergadering wel iets haper!

Bls. 57, r. 9: *Rooms Hollandse wet*, d.i. die Hollands-Romeinse reg.

Bls. 59, r. 27: *Kobus Meintjes*: Die *Cradock News* (29 Jan. 1861) sê aanvullenderwys hieroor: „The Central Road Board was formed in 1843 . . . ." en het byna alles in die Weste gespandeer. „So great had the dissatisfaction become on the Frontier, that Mr. J. J. Meintjes, the present member for Graaff-Reinet, having already paid a road rate for the year 1844 under the provisions of the Road Ordinance, refused to pay another rate, assessed in the year 1852 — an action was instituted against him, which was tried in the Supreme Court on the 13th and 14th July 1855, and judgment was recorded for the defendant — the Chief Justice, i.e. the late Sir John Wylde, declaring that the 'court was bound to interfere in his (defendant's) behalf, in like manner as they would be bound to interfere in any other case of injustice brought before them.'"

Bls. 63, r. 2: £50,000 het hy hier verander tot £5,000.

Bls. 63, r. 17: „Bye" onderstreep.

Bls. 64, r. 5: *Stokroos*: Dat hier van 'n *nigge Betta* sprake is, kan op verhole spot wys. Op 29 Jan. 1861 het Andries Stokroos, 'n wewenaar, van Eensaamheid, geskryf, 'n plaas wat naby Koolsberg, dit is Colesberg, geleë was, en vir Tante Elsie na haar lys van aspirant-vrouens gevra om vir hom een uit te soek. Is hy nou met *nigge Betta* getrouwd? Dit is sowat 'n twee maande later. Net verder verneem ons dat Annie Gousblom nie baie bekoorlikheid vir die Afskeiders kon gehad het nie! maar die slot stel 'n huwelik in die vooruitsig.

Bls. 65, r. 17: „Amper" onderstreep. Nogal 'n hoë eiedunk van die leerling!

Bls. 66, r. 32: *Soudy*: lees *Southey*; Robert Bowker (r. 38) was in 1863 kandidaat van die Engelse vir die Vrystaatse presidentsverkiesing.

Bls. 66, r. 42: Die vergelykinge is soms treffend, bv. *zoo rat als een kieviet, zoo koud als een waterlemoen*, en hier: *zoo warm als een ertappel wat zoo uit de pot kom.*

Bls. 75, staat: Hierdie staat is die een waarna op bls. 68 verwys is en wat in *The Cradock News* van 29 Jan. 1861 verskyn het.

# BRIEVE

# BRIEVE

## A Van Klaas Waarzegger aan Jan Twijfelaar

*Brief nr* 1

Uit *Het Volksblad van* 28 *Mei* 1861

*Klaas Waarzegger aan Oom Jan Twijfelaar.*

*Klaas Waarzegger* zijn eerste brief uit de Kaapstad aan Oom Jan Twijfelaar is in het *Cradocksche Nieuwsblad* verschenen. Hij begint met eene beschrijving van "de plek waar bijna al de grenslede woon", — de *Hotel d'Europe* namelijk, — of liever de straat waarin dat staat, als volgt: —

"Oom! dits een naauwe straatje, met een slootje aan elke kant, — in de middel van de straat durf een mens nie loop nie, want dan wordt jy onderste boven gery van een wonderlyke soort van rytuig wat hulle hier het, waar de dryver *agter zit,* — en een enkelde brandziek pert voor trek, — en op zij in die twee slootjes, loop twee riviertjes zwarte stinkene vullis gedurig af, wat genog is om een Dopper zoo als ik wat frisse lug gewent is, de pokkies te laat kryg. Oom as ik een grens Parlementslit was, zou ik daarom alleen voor Afscheiding stem."

"Is dit nie," voegt hij hierbij, "een schande nie, om mense veertig schofte ver te laat kom, om hulle met stank te vergeef;" maar verder af was hij toch verbaasd, dat "van Cradock tot dat ik aan de Kaap van de schip afgeklim het was maar zes dagen."

Hij gaat dan over meer omstandig zijne reis te beschrijven, — de slechte weg van Cradock naar "die Settlaars dorp" (Grahamstad), — van "de loutere flouse en homboggery" van de bruggen, die te Tarka en Espags Drift gebouwd worden, — en eindelijk van Grahamstad zelve, die wij overschrijven: —

"Die Settlaars Dorp is maar een mooye plek. Daar loop geen stinkslootjes deur de voornaamste strate nie, — en ik het nie een Winkel of Koopmans Pakhuis in de heele Kaap gezien nie zoo groot en mooi als op die Settlaars Dorp. Nou kan ik zien, oom, waarom hulle voor Grahamstad jaloers is. Denk oom die plek is maar veertig jaar out, en de mense wat hem aangeleg het is zoo kaal daar gekom als oom zyn Kaffer Wildebeest by oom gekom is. Maar kyk wat hulle in die veertig jare uitgevoer het! Hulle straate oom is allemaal nets die straat op Cradock wat by ouwe Cawood en Skanle hulle deure voorby gaat, en hulle boome en tuine is de moeite weerd om te zien. Hulle het nou een Dam daar gemaak, in dezelfde kloof waar om Jan in Graham zyn oorlog die groote zwarte Kaffer wat oom my van vertel het in de waterloopie doodgeskiet het. De Dam oom kos gloof ik vyf duizend pond, en daaraan alleen kan een mens zien hoe fraai al onze grens dorpe kan gemaak worde, als ons maar onse eige gelt op onse eige werk kan bestéé.

"Maar, oom, die Settlaars is toch vriendelyke mense. Tucker het my by party van de voornaamste koopmans gebreng, en dit was toe gouw bekend dat Klaas Waarzegger in hulle dorp was. Reg, oom! die ouwe Settlaars is van alle kante gekom om my te kom zien en te kom groet. Ik hat nog myn ware Dopper's pak aan, en waar ik maar op straat loop, hoor ik "Dere's Klaas Waarzegger," en hulle het my overal gevraag om by hulle te kom eete. Oom! die Settlaars Dorp is een *mooye* plek, en de menze byzonder vriendelyk. Hier aan de Kaapstad is het heel anders. Overal waar hulle my kryg, seg hulle "Ik zal bly wees, Mynheer Klaas Waarzegger, om jou aan myn huis te zien," maar hulle verzoek een mens nie om by hulle te kom *eet* nie, zoo als op Grahamstad. Als ik een stem het dan stem ik voor Grahamstad dat onse Gofferneur daar moet woon."

Van Port Elizabeth zegt hij:—

"Oom! als een mens verstomt is over Grahamstad, moet hy nog meer verstomt wees over de Baai. De eerste

ding wat een mens ziet als jy inry is een groote, fraaye gebouw van steenen, met wonderlyke deuren en vensters, en balkonne, en allerhande soorten goed, nets die goedjes wat een mens op een bruidkoek ziet wat de Engelse bakkers maak. Tukker was by my, — en ik seg aan hem, — Wel, Tukker, die Baaise mense is regte slim, — hulle het zeker daar die groote huis gebouw voor de Grens Gofferneur als ons Afscheiding kryg, zoo dat daar een plek voor hem klaar is. Maar denk oom! Tukker wou my wys maak dat het de nieuwe TRONK was, — en hy al de Baaise mense ook omgepraat om my dit wys te maak. Maar weinig wis hy, oom dat ik aan de Baai geweest was, toe ouwe Harries my alles vertel van seperatie, en toe het Harries my vertel dat dat de Gofferneur zyn huis was. Wel, oom, die Baaise mense het die Kaapsche Parlement glat verneuk, — hulle het geld gevraag voor een *Tronk* en hulle het toe maar stilletjes een Gofferneurs huis gebouw. Maar hulle het gelyk oom zoo als de ouwe spreekwoord seg *"Leer voor leer, kul jy my, ik kul jou weer!"* Reg, oom, ik het my *amper* over die Baaise mense geërg, — hulle het zoomaar toegeloop toe hulle hoor dat Klaas Waarzegger daar was met Tukker om na de Kaap te gaan. Nets of een Cradocksche Dopper ook nie een *mens* is nie! Oom weet ik het my nieuwe pak wat Saartje gemaak het, aspres meegeneem om aan de Kaap te draag en ik het dit op Grahamstad en de Baai aangetrek, maar de mense het my toegeloop, nets of ik een wilde ding was, en ik het mij zoomaar geërg, en ik is in een van hulle kleere winkels aan de Baai ingeloop, en mij zoomaar een van hulle Engelse pakke gekoop, en dit met eens aangetrek. Toe kon ik in de straat loop zonder dat iemand my kon, — maar *ik* het nie *lekker* gevoel nie met zulke wonderlyke gulp-broeke, en "jeckets," en een hoed amper nets zoo klein als wat de nooyens nou tegenswoordig op de achterste ent van hulle koppe draag. Oom kan aan Tante Elsie en Saartje segge, dat ik voorgeneem het om de kleere net maar te draag tot dat ik zoo als ik terug kom Grahamstad voorby is, — dan verhandeld ik dit aan de

eerste Vink, of Leunsriem wat ik by kom, en ik trek myn ouwe Doppers pak aan. Oom, die Baai is een mooye plek, — dit lyk ver my dat de mense nooit gaan slaap nie. Dag en nag is de straate vol mense. Oom weet ik staat vroeg op, maar als ik op staat, dan is de heele plek al in de roer, nets een bye nes in de zoomer. En de winkels, en pakhuize, oom! dat is werd om te zien, hier aan de Kaap is niks wat daarna lijk nie, — de Kapenaars moet na de Baai gaan om pakhuize te zien."

Na voorts verteld te hebben, hoe "die vent Tukker" en de Baaise-kerels, geslepen goet, hem aan boord gelok het, — hoe dat hij eerst "gevoel het nes zijn maag twee of drie maal boldermakiesie gespeul het," maar een "glas krok" dit weer verhielp, maar hoe "lekker" voorts het gegaan was, en hij zelfs een idee gekregen heeft om naar Engeland te gaan, om zelf met "Niggie Victoria" over die Afscheiding te gaan praat, komt hij eindelijk aan de Kaapstad:—

"Ons is in de avond om zes ure aan de Kaapstad gekom, en een-twee-drie, was de schip rond om vol met schuite, en Tukker het my met eens weer op de harde grond gebreng. **** Toe ik op die plek gekom was, wat hulle hier de "hoof" noem, was daar een heele spul mense, wat aspres gekom was om MY te zien. De Gofferneur en de Attornie Jinraal was ook daar. Hulle het zeker gedog om my in myn Doppers pak te zien. Ik hoor maar van alle kante de mense segge — zelfs de Attornie Jinraal ook — "*Wat ver een is Klaas*?" Ik het Tukker by de arm begryp dat hy toch nie moet my naam noem nie. Maar geen een kon my nie uitvinde nie. Toe hulle nie met de kleere kon reg kom nie, toe zoek hulle na die een met de aasvogel neus, maar hulle was glat verneuk, en moes nets zoo wys weg gaan als hulle gekom is. ***************

"Op de 27ste van de maand (April) is ik na de Goffer-ments Huis gegaan, met de lede van de Parlement, om te zien hoe hulle de Parlement begin. Dit is gebeurd in een fraaye groote zaal, — op een ent is een roote vergulde preekstoel, wat hulle my seg een "troon" genoemd wordt,

en de ander ent is een galdery, amper nets die twee van de Cradockse Hollandse Kerk. Voor de preekstoel (of ik wou segge "troon") — was daar stoele gezet voor de hooge jufvrouwe, en op zy banke, — en agter onder de gallery was een plek met paale afgeschort, amper nets een scheerkraal, — daar staat al de mans in, — en de vrouwe is op de gallery. Oom! daar was zoo veel mense, dat ik oom nie kan vertel nie wie hulle allemaal was. Net om twaalf ure, het de Gofferneur ingekom, met zijn volle mondeering en toe het de Muziek gespeul, ik geloof de Koningins Psalm, — maar dit staat gloof nie in oom zijn psalm boek nie. Daar was een heele boel mense wat van kop tot toon toegetakel was met goud, en zulver, en rooye bant, en party hulle kleere was gemaak van goed nets ons voor zaalkleedjes gebruik. En toe kom de heere van de Wetgevende Raad binne, — voor hulle loop een karel met een lange zwarte kirrie, — zoo als Tukker my vertel, is dit om op te pas dat van de lage mense niet aan hulle kleere vat nie, en voor de leden van de Wetgevende Raad was die mooye, kleine, dikke Jutsie wat net maar eenmaal onder by ons was; hy is de President, — zyn kleere was koddig, — maar de koddigste was een groote witte bokvel mus wat hy op zyn kop had. Die ding hang af tot na zijn schouwers. Dit het ver my gelyken, oom, nets die mus gemaak is van een gebreide bokramsvel, van de lang harige, gekrulde blouwschimmel soort. Ik het eenmaal zoo een ram onder myn bokke gehad, wat de hare veel mooyer van was, als van die groote mus wat de kleine Jutsie op hat. Wel, oom! na de heere van de Wetgevende Raad, en de man met de lange zwarte kirrie, en de Juts met de bokvel mus gaat zit het, toe kom de heere van de Volksvergadering in. Voor hulle loop een lange magere kerel, — met zijn mont in de plooi, en zijn heele lyf nets hulle hem eers in een vat styfzel gesteek het, en toe een ystere laaistok het laat insluk. Hy draag een groote gouwe pop, wat hy werk het om met twee hande vast te hou, en dan moet jy nog jummers zyn tande gebruik, — en achter hem loop de President van de Volksvergadering.

ouwe heer Advokaat Brand; hy hat ook zoo een schimmel bokvel mus op, maar veel kleinder als de ander, en de krulletjes van die bok zyn hare was kleiner als de ander; daarom denk ik dit moet van een ooybok zyn vel gemaak wees, — maar ook van de lang harige gekrulde soort. Nadat hulle allemaal gaan zit is, — klim de Gofferneur op de preekstoel en hy lees met eens zyn jaarlyks predikatie voor. Dit was Engels, oom, en ik kan dit nie reg verstaan nie, — maar ik hoor daar staat vele dinge in wat ons op de grens nooit van te voore van gehoor het nie. Als oom, altemits, de predikatie in de krante gedruk ziet, moet oom dit nie alles geloof nie, — want de mense hier jok een beetje, — en party seg daar staat dinge in wat nie reg is nie. Ik zal oom zelfs de predikatie stuur, en dan kan de Doppers zelf oordeel wat de waarheid is. Wel, toe de Gofferneur de Predikatie gelees het, het hy drie male zyn kop gebuk, net een mooye kopspeulder rypert, — en toen is hy weggegaan om gloof te gaan eete, — en toe is al de andere mense, en de bokvel musse, — en de zwarte kirrie, en de gouwe pop, en de fraaye jufvrouwe (een lyk veel na Annie Gousblom) ook allemaal vertrek. En daar van daan is de Parlements heere regelreg na de Parlement gegaan. En ik is achteruit op een kleine bankie gaan zit. Toe is de President met de bokvel mus (ik meen de ooy-bok) ook op een preekstoel geklim, en al de lede is op de kleine bankies gaan zit. Met eens hoor ik de President myn naam noem! Oom kan denk ik was verslagen, — en ik het al omgekyk of daar wel een deur was waar ik kon uitbars. Maar gelukkig het niemand my geken nie, (want ik had de Engelse pak kleere aan, wat ik in de Baai gekoop het) maar ik vraag aan een Kapenaar wat naas my zit wat die President geseg het, en toe hoor ik dat hy geseg het — "Waarde Lede van Parlement — julle moet van deze keer voorzigtig wees wat julle doet, want ik hoor Klaas Waarzegger is aspres van de grens gekom om aan deBoere schryvens te stuur wat julle van Afscheiding seg!" Met eens ziet ik dat al de Parlements lede na my kyk. Oom! ik kan oom segge dat ik bang

was. Een lid, ik hoor zyn naam is Lord Bricks, moest zijn heele lyf omdraai om zyn kop na myn kant te kryg. Ik wou al bang worde, maar gelukkig het niemand my geken nie, en zoo is ik vrij geraakt.

„Nou zal ik maar uitskei, oom, en ander week zal ik oom vertel alles wat hulle hier in de Parlement gemaak het; — en hoe al de lede lyk; — en hoe dat ik op een groote eetmaal gevraag is wat de President met de bok-ooy mus aan de lede gegeef het, — en hoe hulle my in die Vrymesselaars Locie gekry het, en my met twee letters V.M. op de linker bout gemerk het. En hoe die Kapenaars my overal na hulle huize vraag om met hulle te praate, — en nieuwsgierig is om te weet of ik wel getrouwt is, — want veele van hulle het groote dochters, — en nog een heele boel dingejes meer wat ik nooit gedroom het nie om te zien, en wat oom ook nooit zal raai nie. Daarom moet oom maar geduld hebbe tot aanstaande week." *************

Verblijve, Waarde Oom,

Jou Neef,

KLAAS WAARZEGGER.

## AANTEKENINGE.

*Hotel d'Europe* verskyn later as *Ottel van Stroop* (lees: *Ot-tél*).

*"Wonderlyke soort van rytuig"*: *'n Hansom*.

*Ik hat nog myn ware Dopper's pak aan*: "De breede-rand-hoed; het haar geknipt als beschreven; het korte baatje, met stijven kraag, of liever, geen kraag; de broekpijpen breed van onder, gelijk die van matrozen; een klein mesje, zooals vroeger te Genadendal vervaardigd werd, in een lederen zakje gestoken en aan de heup gedragen, — die alle waren onderscheidingsteekenen van den "dopper." Aangehaal uit *De Goede Hoop*, Julie 1904.

*Vink of Leunsriem*: Kaffer of Engelsman.

*Boldermakiesie*: Die vorm *bolder-* lê meer moeilikhede in die weg van die aangenome afleiding uit *Kobold Schiessen* (*Etim. Woordeboek*, s.v.) *Krok*: uit Engels *grog*, dieselfde soort verafrikaansing as by *Attornie Jinraal* (Attorney General), en *homboggery* (humbug). Die manier om dit te maak beskrywe Elsie Twyfelaar in haar eerste brief (12 Jan. 1861).

*Koningins Psalm*: „God save the Queen."

*Karel met een lange zwarte kirrie*: Sergeant-at-Arms

*Bokvel mus*: pruik.

*Een groote gouwe pop*: mace.

*Vrymesselaar*: Meurant was een (*Die Huisgenoot*, 21 Feb. 1930).

*Brief nr* 2

Uit: *Het Cradocksche Nieuwsblad*, 18 Mei 1861.

*KLAAS WAARZEGGER AAN OOM JAN TWYFELAAR.*

Stinkstraat, Kaapstad,
den 7 Mei, 1861.

Myn Lieve Oom!

In myn laatste brief het ik geschryf hoe dat de Parlement opegemaak is, — en van die tyd het de Parlements mense nie een klein beetje gestoei nie. Maar oom, een Parlement is toch maar een wonderlyke ding. Dits amper nets de Colesbergse Afscheidings byeenkomst, net maar dat daar nie dronke mense in is nie — (hulle seg dat is sommige keere ook zoo). Oom! ik het gedenk dat het alles stil en bedaart zou toegaan, en dat als een lid spreek de andere moet *luister*, en stil wees, dat een mens een spelt zou kan hoore valle. Maar nee, oom, dat is nie zoo nie. — ik het gezien als een lid spreek, dan loop de andere rond, en hulle praat en rinkink dat een mens niks kan hoor nie. Dat is mos onfatsoenlyk. Oom, als ik een Parlements-lid was, dan zou ik met eens aan die Bokooy musdrager segge — "Oom Brant! seg tog een beetje aan die ooms en neefs, dat hulle moet op hulle plekke blyve zit, en stil wees, als ik praat, anders zal ik myn bek hou." Oom, daar is nog een ander wonderlyke ding van die Parlement. Ik het gedenk dat in zoo een groote plek als de Kaapstad, dat byna al de mense zal daar wees om te hoore wat daar gedaan en gezegt wordt. Maar nou het ik gezien dat de mense hier niks om de Parlement geef nie. Sommige dage is daar knap zes mense, en ik het de Parlement nog nooit van ik hier gekom is, zoo vol gezien nie als de Magistraats Kantoor op Cradock, wanneer onze Magistraat zaake uitmaak. Wel! doch ik by myzelve, maak hulle *zoo* wette wat alle mense onder moet buk. Dit lyk mos nets een regte "traak-my-niet" gedoente! En toe ik eerst met de *Kapenaars*, dats te segge, met de fatsoenlyke Aferkaanders — de ware Burghers — bekent geworde is, toe hoor ik eers, dat *hulle*

nie in alle die dinge toestem nie wat in de Parlement gedaan wordt; de grootste deel van de Kaapstads Burgers is net zoo ontevreden met de werkzaamheden van die Parlement als wy.

Wel, oom! ik het julle allemaal beloof voor ik vertrokke is, dat ik julle alles omstandig zal schryve, — en nou kan ik oom voor de waarheid vertel dat *alles* wat de mense my aan de Baai vertel het — de WAARHEID is. Oom! ik was zelfs in die gebouw waar hulle de opgestopte diere, en de boeke, in hou. Die gebouw, oom, is prachtig! aan de buitenkant lyk dit nets de pryntje van Solomons tempel wat in oom zyn groote bybel staat, — en de geld om die tempel te bouwe kom uit onze zakke, — de hospitaal wat TWINTIG duizend ponde sterling kos, het ik ook gezien; en de nieuwe Tronk, wat ook duizende kos, — en hulle Tuin, wat alle jare een heele hoop gelt aangegeef wordt. Ik het ook de plek gezien waar hulle onze gelt in de Zee gooi. Oom! hulle kan seg wat hulle wil, maar ik verwet myn plaats, en myn heele trop schape, en myn Saartje nog bovenop, dat de ding wat hulle een *Zeebreker* noem, *nooit kan klaar kom nie.* Oom! onze land is te arm om zoo een werk aan te vat! Hulle kan maar gerus die tweemaal honderd duizend pont wat de Parlement daarvoor gestem het, in een bokvel knapzakkie, of in een van die twee Presidents bokvel musse naai, en dat met eens in de Zeewater gooi. Dan weet ons dat daar zooveel geld weggegooi is, en de ding is afgedaan met een korte proces. Maar nou hoor ek, oom, dat die mense wat verlede jaar op die parade-plein die grenslede zoo uitgeskel het omdat hulle nie voor de Zeebreker wou stem nie, — *de grootste eigenbelang in de heele zaak bezit.* Ik wens dat de grens parlements lede, Maldits, en Theunisse, en Hopley, en Watermeyer, en Ziervogel, een beetje wou verneem WIE de eigenaars is van gront aan Sebastopol, en digt by de Zeebreker, — WIE zyn groote pakhuize daar in de buurt stad, — en WIE zyn landgoet dubbel en dubbel in waarde zal rys zoo lang als die *Zeebreker* ding aan werk is — want *klaar* kom dit nooit nie? En als hulle de waarheid wil vertel dan zal

hullle segge, dat de geheele gedoente *Eigebelang* is, en dat de grootste gedeelte van de Aferkaanse Kaapstads burgers tegen die Zeebreeker zou stem als hulle de magt had.

Oom! als een mens de onderscheid wil zien tussen de Oostelyke en Westelyke Provincie, dan moet hy na de Kaapstad kom, en dan moet hy rondry, zoo als ik gedaan het, na Hottentots Holland, en Stellenbosch, en de Paarl, en Wagenmakers Vlei, en over de Bains' Kloof na Caledon, en zoo voorts, dan kan hy eerst reg zien wat paaye make is. Toe ik vansleve aan de Kaap was, oom! is ik na Stellenbosch gery, — en toe was dit eene ZANDDUIN, zonder een stuk pat. Maar nou, oom! is die ontzaggelyke zandduine *beplant* met boome, en daar is een harde pat, veel fraayer als de bovenste straat op Cradock wat julle Stads Kommissarisse nou zoo mooi gemaak het, — daar leg geen klippe in de weg nie — en daar is geen draaye, of uitdraai plekke in die pat nie — alles nets zoo gelyk als een pyl uit een boog. Nou, oom! ik *klaag* nie daarover nie, — *de geld is goed en wel uitgeleg*; — en als die Parlement aangehou het om de heele Kolonie zyn paaye zoo te verbeter, dan zou hulle nooit gehoor hebbe nie van ontevredenheid onder de mense, of van Afscheding nie. Maar, oom! ik het nou ZELFS met de Kaapenaars gepraat, — en ik zit alle dage zelfs in hulle Parlement, en niemand zal my nou wys maak nie dat die Gofferment voor de *grens* gezorg het. *Nee, oom! hulle het voor hulle zelfs gezorg.* Waarom het hulle nie onze paaye laat maak nie, toe hulle paaye klaar was? Die twintig of dertig duizend ponde voor hulle Opstop Huis, en die twintig duizend pont voor hulle Hospitaal, — en de twintig of dertig duizend pont voor hulle Tronk, — die vyf maal hondert duizend pont voor hulle spoorweg, — en die tweemaal hondert duizend pont voor hulle Zeebreeker, kon veel beter uitgelegd geweest hebbe op al onze paaye en bergpasse, om goeye wege te make uit bergachtige, maar vruchtbare, landstreke, naar de dorpe — zoo als by voorbeeld, van Zwagers Hoek naar Cradock, — en van Queenstown naar Cradock. Maar van zulke plekke weet de Kaapse Parle-

ment nie, — en als een of ander Grenslid — wat geen Kaapse oogediender of knoope draayer is nie — hulle de waarheid seg, dan skel hulle hem uit, en dan perbeer hulle om oneenigheid tussen ons op te wek. Oom! eer ik naar de Kaåpstad gegaan is, was ik, zoo als oom weet, Afscheidings gezind, maar van dat ik hier gekom is, oom — is ik sterker voor Afscheiding als ooit te vore.

Kyk, oom, hoe dit met onze Brugge gegaan is. Daar is de Zondags Rivier, waar meer waarde in een jaar over gaat, als in tien jare over eenige pat in de Westelyke Provincie. Daar *zou* een Brug over gemaakt worde, maar nou het ouwe Harries in de Parlement gevraag waarom die Brug nie gemaakt is nie? Wat denk oom was de antwoord, — dit zal twintig duizend ponde koste, en daarom kan dit nie gemaak worde nie. Denk toch! een Brug op de *voornaamste* pat in de kolonie! Twintig duizend pond — na dat hulle al zesmaal honderd duizend ponde op hulle paaye en brugge gespandeert het, — en twintig duizend uitgegeef het voor een huis om opgestopte baviane in te zit. Dan weer, het Harries gevraag, waarom ons nie twee poote in de week kan hebbe nie, — de antwoord was ook, daar is geen gelt nie; — maar waar blyf dan die veertig duizend ponde wat nou een paar maande gelede gemaak is van onze *Kroon Grond*? O! dat zal wel noodig weese voor Zeebreekers en Spoorwege aan de Kaapstad. En dan weer de Brug aan de Tarka, — Harries het gevraag, waar is de ijsterwerk daarvan? — denk, wat was de antwoord — de Brug het meer gekos als hulle gedenk het, en nou het hulle de ijsterwerk *nie laat kom nie*. Met de Brug over Espags Drift is het net zoo gegaan. De pilaren is al lank klaar, maar de ijsterwerk is nog absent, — en ik gloof nie, oom, dat dit ooit zal kom nie. En dan weer met onze Landbouw Genootschap — al de andere het £100 van de Parlement gekryg, maar ons kan toezien. Nou! oom, ik hoop dat de Cradockse Genootschap aan de Gofferment een brief zal schryf, dat hulle volstrekt niks wil aanneem nie — De *eerste* jaar had ons die gelt hoog noodig, — want dit was een nieuwe ding, en hulle

wou ons nie help nie. Laat ons hulle nou laat zien dat ons zonder hulle kan klaar kom, en hulle gelt nie noodig het nie. Ons boere is ryk genoeg om een Landbouw Genootschap te onderhou zonder hulle hulp. Oom! seg aan al de Doppers hulle moet nie uitskei nie om over Afscheiding te woel. Zoo als ik weerkom, zal ik overal byeenkomste laat maak, en ik zal de Boere zelfs vertel wat ik met ooge gezien, en met myn oore gehoor het. En als de Doppers wil gelt by malkaar maak om my na Engeland te stuur, dan gaat ek zelfs na nigge Victoria, en ik zal haar zelfs alles vertel hoe onregtvaardig dat de ingezetenen van de Oostelyke Province behandelt worden.

Maar denk toch, oom, daar was in de Parlement twee memories voorgebreng TEGEN de Afscheiding, — een door de Heer Ziervogel, geteekend door 140 inwoonders van Somersets district, en een door die kleine rooye Watermeyertje wat op de Colesberg byeenkomst zoo veel gepraat het, geteekend door 130 inwoners van Colesberg en Middelburg. Oom kan nie denk hoe bly die Kaapstads krant schryvers en die Kaapstads Parlement heertjes, is nie, om die twee memories. Hulle zal wel zeker weet dat dit een knoeyery is, en dat de onoozele zielen wat die memories getyken het, nie wis wat hulle doet nie, — maar daar geef hulle nie om nie. Als hulle de Oostelyke Provincie maar kan vas hou, en uitmelk, totdat daar geen druppeltje melk meer in onze speene is nie. Oom! als dit nie voor de Kaapstad *voordeelig* is nie om ons aan hulle riem vas te hou, waarom laat hulle ons dan nie gaan nie? Maar wag tot onze memories voor den dag kom, dan zal ons zien wat hulle zal segge. Oom! ons zal de name van 140 en 130 laat druk, en dan zal ons van de mense zelf hoore op hoe een wys hulle name op de memories kom. Ik wil wedde, oom, als ik by die zelfde mense gaat, en hulle de *waarheid* uitleg, dan tyken hulle zoomar op de plek een memorie voor Afscheiding. Wag, oom, zal de grap zien. Ik zal de laatste man van de 270, memories laat tyken voor de Afscheiding. Maar zoo is een Boer! Hy laat hem alles

wys maak, en heuning om de mond smeer. Hy wil nie *voor hemzelf denk nie.* En dan tyken hy maar om van de ding ontslage te wees. Waar was die 240 onnoozele ziele toe daar Afscheidings byeenkomste op Middelburg en Somerset gehou was? Waarom het hulle nie voor de dag gekom nie om hulle rede tegen de Afscheiding in te breng?

Oom! Ik het een ding uitgevinde van dat ik hier gekom is. De Parlement is niks anders als *homboggery.* Dit lyk ver my of hulle dit aspres opgerig het om de mense zyn ooge te verblinde, — om hulle te laat *denk* dat hulle de mag het om alles te doen, maar hulle het waarlyk nie de minste mag nie. Zoo als daar een ding door de Goffer-ment gedaan is, wat de een of de ander ledemaat nie aanstaat nie, of wat onreg is, dan wordt daar een vraag aan de Koloniale Secretaris gedaan, — om brieve gevraag, — en sommige keere maak de Parlement een *besluit.* Maar hulle kon nets zoo goed wel stil geblyf hebbe, want dit help nie. Hulle kryg een antwoord van de Koloniale Secretaris, of hulle kryg de brieve, en daarmee is het afgedaan — *gouwe fluit, stories uit.* Daar wordt *niks verander* nie, — en de Parlement kan nets zoo wel zyn smoel hoe. En is daar een Parlements wet dat één zaak maar net éénmaal in dezelfde zitting kan voorgebreng worde, dan wordt dit met een leugen of een flous verdraai, en de zaak wordt twee en driemaal ingebreng — nets dit met die Zeebreker gegaan is — als dit maar tot voordeel van de Kaapstad is. Voor ons Grensmense, oom! is die Parlement de grootste bogtery wat ik ooit gezien het, Ik het oom een krant gestuur waar al de dinge wat voor-gebreng is, instaat, en daaruit zal oom zien dat het net verlore werk is om te klage. Over Zondags Rivier kon nie een Brug gemaak worde nie — dit zal £20,000 koste — maar £20,000 kan aan Berg Rivier voor een brug uitgegeef worde. Oom ik is al moeg van die stinkende Kaapstad, en die eenzydige Parlement. Ik verwag dat hulle de Afschei-dings kwestie net zoo zal verdraai. Ons moet de zaak na nigge Victoria verwys. Van de Kaapse Parlement kry ons

nooit niks nie. Hulle is allemaal met dezelfde kwas geteer.

Tot wederziens, oom! Groetenis aan alle vriende. Is Tante Elsie haar steek al beter? Ik zal zien om van een of ander ouwe wyf hier voor haar medecyne te kryg.

Jou Neef,

KLAAS WAARZEGGER.

## AANTEKENINGE.

*Gebouw (vir) opgestopte diere en boeke*: Museum en biblioteek.

*Twee poote in de week*: lees *twee poste* (posbeurte).

*Ik is al moeg van die stinkende Kaapstad*: Dit moet onthou word dat Meurant sy jeugjare hier deurgebring het. Die onvriendelike aanmerking het waarskynlik sy grond in die anti-separatistiese houding van Kaapstad en die Parlement aldaar gevestig. Die „stank" het betrekking op die visbedryf, seegeure en gemengde bevolking van kleurlinge, en veral Maleiers.

*Brief nr* 4

Uit: *Het Volksblad,* 20 Junie 1861.

*KLAAS WAARZEGGER AAN OOM JAN TWYFELAAR.*

Het laatste nommer van het "Cradocksche Nieuwsblad," bevat weder een brief van *Klaas,* dien wy, uit aanmerking van den byval welken de vorige ontmoet hebben byna in deszelfs geheel overnemen:

Stinkstraat, Kaapstad.

Myn lieve Oom! — Ik kon dit nie langer hier uithou nie, en zoo was ik uitgery na buite, en daarom het ik oom nie met de laatste pos kon schryf nie. — Oom! een mens moet regte ver uit de Kaap uitry, eer jy frisse lug kryg; want kyk oom, die Tafelberg is zoo hoog, dat al de Kaapstads stinke *vas gekeer* word — en ons grensmense, wat zulke fyne neuse het, kan de ruik van die zwart slootjes nie zoomaar kwyt raak nie. Daarom is ik uitgery. Daar is nie veel in de Parlement uitgevoer nie, van dat ik oom Klass schryvens gestuur het. Maar laat ik oom een grap vertel, Denk ook, de Gofferment is *bankrot!* ja oom, mors bankrot! die nieuwe Setlaars Sekertaris wat van Grahamstad gekom is, het dit ronduit aan de Parlement gezeg. En toe moes oom de lede hulle gezigte zien! Oom weet mos, als een mens een regte wyze, barmantige, Kaffer een pak geef, dan stel hy hem aan nets hy dit nie voel nie, maar een mens wat *kennis* het kan aans aan zyn gezig zien dat dit maar aanstellens is; zoo was dit met my oom! Ik kon aan de *gezigte* zien van de Westelyke lede — en sommige van de Oostelyke ook — wat in hulle gedachte was. Daar was Frekie Verneuk, wat ouwe heer Ziervogel en neef Kobus Meintjees op Graaffernet by de private byeenkomst het zoeke te mislei, (want *hy* is ook in de Parlement) hy *kon nie* stil zit nie, elkens (?) deur steek hy zyn nek uit, nets een waterschulpat wat de groote plooye in zyn nek draag, — of van die halfwasse verkykertjes wat een mens zoo lank uittrek! Aha! doch ik, neef Frekie! hoor je nou, — de Gofferment is *tweemaal honderd*

*duizend* ponde sterling achteruit, buit-rente moet betaal worde, voor *Zeebrekers* en Opstop Huize en Tronke en Spoorwege; dat kom van julle gelt vermorsery. Had julle na de grenslede geluister, was dit nooit zoo gekom nie, dan het julle veel geld uitgespaar en rente ook. Wel, oom, toe het de Sekertaris gevraag om een Committe van Crediteuren te laat aanstel, waarvan hy moet Trustie wees en dit het de Parlement toegestaan en nou zit de Crediteure alle dage, in een zykamertje van de Parlement, om raad te schaf hoe hunne zal gelt kryg om de Gofferment gelyk te maak met de werelt. Oom! toe hunne daar in die bouweratie was, wou ik zoo opstaan en segge — "Oom Bokooy Mus! ik zal julle vertel hoe om te maak, mits dat al die neefs en ooms my beloof om voor Afscheiding te stem;" maar net zoo als ik wou praat, kyk die gestyde ouwe kerel, wat jummer met die gouwe pop rondloop, na my en van schrik zak myn hart met eens in myn maag weg.

Oom! daar was nog een ander mooije gedoente, wat ik lekker over gelag het, want ik het van de begin af geweet dat zou zoo kom. Oom weet mos, dat daar eene Louw in Parlement is; hy was nou kort na Engeland, en toe is hy na de grens gegaan om te zien hoe het by ons gaat. Ik het veel met hem gepraat, en ik zal oom nader schryvens stuur wat voor een kerel hy is, en ook andere, zoo als de Afscheidings kwessie klaar is. Wel, oom! hy het gevraag om te weet hoe veel gelt daar al op de *Nekbreeker*, (of Zeebreeker) uitgegeef is. Toe kom dit uit, oom! dat daar al byna *eenmaal honderd duizend* ponde uitgegeef is, voor gereedskap, en bouwe van huize voor werkmense, en tronke voor de bandiete wat daaraan zal werk, en een heele skip vol perde wat hulle van Engeland het laat kom, maar wat op de pat gevrek is omdat hunne nie zeewater kon drink nie. Denk, oom! de *helfte* van de gelt is al gespandeert, en daar nog maar *één* klip in de zee, wat die mooye kleine Prinsie daarin gegooi het. En ofschoon dat onze heele lant vol flukse perde is, het die slimme Kaapse heere na *Engelant* gestuur om trekperde voor de Nekbreker te laat kom, en die is de laatste gevrek! Zoo gaat

onze geld op. Nou hoor ik, oom, zal Louw ander week voorstel, om karretjes en kruywagentjes te laat maak, met de gelt wat nog over blyf, om al de gereetskappe met kruywagentjes en al in de zee te gooi, om die *èén* klip gezelschap te hou, en dan weet ons *waar* onze £200,000 leg. Dan is dit mos nie *verloor* nie, want ons weet mos waar dit is. Ik denk Louw het gelyk. Dit zal *goedkooper* wees als om met die *Nekbreker* aan te hou. Plaats dat hulle dit dan *Zeebreker* noem, kan hulle maar segge — Parlements *Zeekoegat.*

Wel, oom, nou moet ik oom nog vertel dat ouwe heer Harries, wat nou lit voor Cradock is, een wet voor de Parlement gebreng het, om die onkruid wat nou zoo sterk op de grens toeneem, en zoo nadeelig is voor wol, te laat uitroei, om alle veldkornets mag te geef om dit te laat uitroei, op Gofferment koste, en al de mense in de boete te slaan wat dit nie op hulle plaase uitroei nie. Oom, daar kon nie een beter wet gemaak worde nie, want als die onkruit eers de overhant kryg dan zal dit *naar* met de wol boere gaan. Maar zou oom dit wil geloof, die Frekie Verneuk het ouwe heer Ziervogel glat omgepraat om zoo een wet tegentestaan, en Watermeyer, de Colesbergs lit, en Theunisse, en Hopley, het hom gehelp. Eenige mense seg dat Botma ook tegen de wet was, maar dat moet oom nie gloof nie. Die kleine kwaaddoender Solomon, die grootste vyand wat de grense ooit gehat het, seg dat zal te veel gelt koste, en die mense het ook nie memories gemaak nie om die ding te laat uitroei! Maar hy het vergeet om de memories te wys wat de mense ingestuur het om trekperde van Engeland te laat kom, en gereedskappe voor die *Nekbreker* te koop, wat voor jare lang nie zal noodig wees nie, en nog al met *geleende gelt*, wat *ik* en *oom*, en veel andere, rente voor moet betaal. Hy moes met eens aan oom Brant gezeg hebbe — "Mynheer Bokooy Mus, ik stem tegen de onkruit-uitroei-wet, omdat dit *voor de grense is*." Hat hy zoo geseg, dan het ik hem geloof. Ik hoor hulle het nou die onkruit verdoop — hier aan de

Kaap noem hulle dit nou *Ziervoglium Spinosum.* Oom moet dit aan alle Doppers segge.

Oom! een van de grootste vyande van Afscheiding in de Parlement is Advokaat Watermeyer — een broer van de Juts wat alle mense lief het. Die neef is nou in kort een Advokaat geworde, en de mense seg hy is een slimme kereltje. Hy is gekies geworde als lit voor Graaffernet, in de plek van neef Kobus Meintjes, waar ons alle zoo veel van hou, en sommige mense seg dat dit zyn broers en familie is wat op Graaffernet woon wat hem laat kies het. Ik ken hem nie, — maar toe ik aan de Baai was op myn reis na de Kaapstad, het de mense my daar vertel, dat hy een skoonzeun is van die Verbern wat vansleve ons Boere en de Settlaars ook, zoodanig geskender het. Oom weet mos hy het de Settlaars uitgeskel voor "spelde-makers", en dat als een Kaffer hulle maar aankyk, dan is hulle al doodgeskrik al. Dit was in 34 zyn oorlog, toe hy de arme Settlaars zoo jammerlyk geskender het. Ik meen Verbern. Nou oom, seg de mense aan de Baai, dat skoonvader en skoonzeun kop-in-één-mus is; dat skoonzeun de skryver was van een Kaapstads krant, wat hulle "Observer" of zoo omtrent genoem het; dat hy in de laatste oorlog te danig geskryf het in zyn krant, en de mense van de Westelyke afdeeling afgeraai het om de grensmense nie te kom help nie tegen de Kaffers en Rebelse Hottentots; en dat toe zyn skoonvader na Engeland gegaan is, om te help om de Parlement te kryg wat nou nets een slypsteen om onze nekke hang, hy zyn krant geskryf het, diezelfde "Advertiser" wat nou nog zoo veel leugens van Afscheiding skryf. Of dit alles waar is, weet ik nie, maar ik seg oom maar wat ik gehoor het, zoo dat de Afscheidings mense hulle vyande en vriende kan ken. Nou, oom weet mos, dat de Colesbergs en Burghersdorpse tegenstanders van Afscheiding de Boere het geperbeer om afteskrik van Afscheiding met aan hulle te vertelle dat als ons Afscheiding kryg, zal de Settlaars onse Hollanse Erfwet verander of afschaf. Ik het oom vertel dat dit nie zoo was nie, en dat de Settlaars maar net de reg wou hebbe

om hulle testamente te make zoo als hulle wil, — nou het Watermeyer, de lit van Graaffernet; zoo een wet ingevoer — en dus is het geen Settlaars werk nie. Hy perbeer ook om Registratie kantore op de grens te kryge, — net maar om te zien om de Afscheidings mense te zus; maar dit is te vergeefs, oom! dits nou te laat om ons heuning om de mond te smeer. Die afvalletjes wat hulle ons nou wil toewerp, is een bevestiging van de waarheid van alles wat ons tegen de Parlement en de Kaapstads Gofferment ingebreng het. Ik kan hul goed zien, oom! dat die kwaaddoender, Solomon, zyn woord zal breek. Hy het de laaste Parlement een verklaring ingebreng, dat as de Oostelyke Provincie voor Afscheiding vraag — dan zal hulle dit kryg. Nou oom, de Oostelyke Provincie, dat is een groote, een ontzaggelyke meerderheid, het nou gevraag — de memories wat reets ingelever is, bedraag over de vyf duizend name, — en daar kom nog jummers memories in; — maar de Westelyke lede is te veel in getal, en dan is daar nog een party grens-aanvogels by hulle, zoo dat hulle stemme zal mee wees! Maar dats niks oom, — "De agter-os kom ook in de kraal," en "aanhouwer win." Afscheiding, oom, is net zoo zeker als dat Solomon geen man van zyn woord is nie, of dat de naasagter os voor de disselboom trek. Daar is nie een enkelde memorie van de Westelyke Provincie ingelever nie, wat vraag om de Afscheiding aftekeer, en die twee of drie wat daar ingelever is van de Oostelyke Provincie, is een bewys dat nege van elke tien grensbewooners voorstanders is van Afscheiding! Oom! hulle kan dit net verdraai zoo als hulle wil, maar de waarheid is onbetwistbaar. Misschien zal de rooye Watermeyertje van Colesberg nou zien, dat zyn groot praatery, en de rondry om onnoozel mense bang te praat, en dan te laat tyken, hulle niks zal help nie. Zoo als de Parlement voorby is, dan moet ons de zaak voor Nigge Victoria leg, zy zal ons zeker van de Kaapstads slaverny verlos; en wanneer de Parlement aanstaande jaar byeenkom, dan zal onze vyande moet styf staan. Oom, ik het my voorgeneem om de Engelse taal te leer en dan kom ik zelfs af als een

Parlements lit. Ik zal hulle van veel dingetjes vertel waar hulle nie om denk nie. Oom weet mos de ouwe spreekwoord — "Bang-make, is nie doodmake nie!"

Wel, oom, ouwe heer Harries het zyn wet voor Afscheiding voor de eerste maal laat voorlees, en hy het toe in korte woorde geseg wat de grensemense zyn meening is. Oom weet, een wet moet driemaal voorgelees worde, voor dat het als een wet deurgaat. Wel, toe stel Harries voor, dat zyn wet de volgende dag, of een paar dage daarna, voor de tweedemaal zal voorgelees worde. Maar toe moes oom die spul zien! Dit was nets jy een party wortelblare voor een bye nes gegooi het, of nets een mens daar een stok ingesteek het. De goet het die Parlements kamer deurgeloop, dat hulle een mens kon doodtrap. Daarop spring Colesbergse Watermeyer op, en hy seg, hy het nooit gedenk dat het meening van de mense was nie om voor Afscheiding te vraag, de mense van Colesberg wis daar niks van nie, en nog meer zulke leugentaal. Hy stel dus voor dat de tweede leezing de gewone drie weken volgens Regulaties moet uitgestel worde; maar hy, en Solomon, en de Nekbreker knoeyers het vergeet om te verklaar waarom die wet om tweemaal honderd duizend ponde sterling uit de publieke zak te haal, om in hulle zeewater te gooi, ook nie drie weken voor de twede lezing moes wag nie. Wel, oom, hulle kant was te sterk, en hulle het dit toe gewin, onze kant was maar elf lede, en hulle had achtien. Zoo zal de tweede lezing eers op de 7 de Juny voorkom, en dan zal de ware stryd wees. Oom kan daarop staat maak, dat ik jou alles van de stryd omstandig zal schryven stuur, want daarvoor is ik na de Kaap gekom, en zoo als dit klaar is verlaat ik die Kaapse stankpot en kom weer frisse lug in myn lieve Dopperland haal. Maar denk toch! oom! achtien mense moet de vurige wense van duizenden vernietig, en dan nog onder de achtien zulke goet als Theunisse, en Hopley, en meer andere wat ik nader zal opnoem. Dit noem hulle een Parlement! Ik noem dit een Paskewel!"

Vervolgens maakt *Klaas* melding van zekere Memories tegen Afscheiding ingeleverd, en, na in een vergelyk getreden te zyn van de beweringen van hemzelven en den heer Maltitz op de Colesbergsche byeenkomst omtrent het bedrag der wegverponding in het Oosten en het Westen uitgegeven, gaat de koddige schryver, ten slotte, aldus voort:—

"Oom Jan het nie mooi gemaak nie om myn heele eerste brief in de Cradocks krant te laat druk nie! Dit moet oom niet weer doen nie, net maar zooveel als noodig is om de Doppers te laat zien hoe het hier met die Parlement gaat. Kyk nou! oom het laat druk dat ik oom zou schryf hoe ik by de Vrymesselaars Locie met de letters V.M. op de linker bout gemerk is. Maar weet oom dan nie dat een Vrymesselaar nie *al* zyn geheime kan vertel nie. Hy kan zyn *merk* wys. Kyk oom! hulle het my in een zykamertje vas gekeer, waar een *groote vuur* van steenkole brant, en voor die vuur was daar een kerel met een lange yster, met twee kleine kooper letters op de punt wat hy warm maak, en toe kom daar een kerel na binne met een kom pekelwater, en een ander met een groote vadoek, en een ander met een lange spuyt (amper nets die wat Tant Elsie haar wors mee maak) — en een ander met een rooye flennise nagkabaai wat ik moes aantrek, en toe het hulle myn Engelse gulp broek uitgetrek, en toe — (maar oom ik was al half dood geskrik, en ik zal jou als in geheim vertel als ik thuiskom, en jou de letters op myn bout ook wys, maar seg tog niks hiervan aan Saartje en Tante Elsie nie). Wel, oom! ik was ook op de eetmaal by de Goffeneur, en ook de Bokooy Musdrager. En hulle het opzy myn bort een groote blaauwe glas met water gezet, wat ik *driemaal* mors opgedrink het, en toe seg Tucker eers aan my, die water was nie om te *drink* nie, maar om myn vingers aftespoel, na ik razyntjes geëet het! En denk! oom, knap het ik gaat zit, of de Gofferneur seg aan my hard op, zoodat ik heeltemaal verbouwereert was "Meester Waarzegger, een glas wine met jou!" Nou dog ik, de Gofferneur seg ik moet zyn gezond-

heid drink; en ik maak toe met eens myn glas vol wyn en ik staat regt op, en ik seg "Gesontheit, oom Gofferneur! mag ons lant altoos zoo een goeye een kryg als jy is!" Daar was een gekikkel en gelag, ik wist nie waarom niet. Naderhand hoor ik eers, ik moes blyve zit hebbe, en net maar met myn kop geknik en ik moes ook nie de *heele* kelk wyn uitgedrink hebbe nie, net maar geproef. Reg oom! die avond het hulle myn gekryg. Daar was een soort wyn, zoo als hulle dit opemaak, gaat die nets zoo hart als een revolver — en dan loop de skuim uit — nets een pert wat perdeziekte het. En elke tien-tellens was dit maar "Meester Waarzegger, een glas wine met jou!" Ik het nie geweet nie van die *proeve*, en oom kan denk dat ik naderhant spraakzaam geworde is — en de mense vertel my voor ik weg gegaan is, het ik onze ouwe Doppers lietje gezing —

"Toen Pierlala was nog een kint,
Sprak hem zyn vader aan,
Gy zyt die een die ik bemint,
Myn eenigste Erfgenaam," &c.

Oom weet die liet is regte lank, maar hulle zeg ik het dit op de ent uitgezing, 36 versies. Nou is ik weer gevraag, oom! by de Gofferneur zyn Baal; maar hulle seg aan myn die mense dans hier nie *Riele* nie, nets in ons Dopperlant, zoo neem ik nou danslesse by een Fransman in de Shandstraat, zyn naam is Phlippies; en as ik thuiskom kan ik Tante Elsie ook leer (misschien is dit voor haar "steek" goet) en Saartje ook. Ik zal oom skryvens stuur hoe dit op die Baal gegaan is, en hoe die mans en vrouwe op zulke plekke hier in de Bovelant gekleet is. Beste groetenis aan alle vriende, oom, ook aan Tante en Annie Gousblom.

Tot wederzins, jou Neef,

KLAAS WAARZEGGER.

## AANTEKENINGE.

*Aans*: aanstonds.

*Frekie Verneuk*: Die persoonsbeskrywing kom baie ooreen met dié van Ziervogel self. Vgl. aantekening by bls. 21, r. 24 van die *Zamenspraak* en die beskrywing van Ziervogel verder, wat die gedagte versterk dat *Frekie Verneuk* die skeldnaam vir Ziervogel is, of sy „bose self".

*Om de Gofferment gelyk te maak*: om die agterstallige skulde te vereffen.

*Verbern*: Fairbairn, wat as redakteur van die *Commercial Advertiser* so'n leidende rol as diktator gespeel het gedurende die stryd teen die toelating van die tronkvoëls aan boord die Neptune.

*Ziervoglium Spinosum*: toespeling op die onkruid *Xanthium Spinosum*

*Grens-aanvogels*: lees: *-aasvogels.*

Die „wine" is sjampanje.

*Toen Pierlala was nog een kint*: Vermoedelik 'n baie bekende kinderlied destyds, die plat-duitse *Als Bürlala geboren wär, dann wär he noch so lütt, jo, jo,* in Nederlandse vorm.

*Brief nr* 6

Uit: *Het Volksblad* 4 Julie 1861.

*KLAAS WAARZEGGER AAN JAN TWIJFELAAR*

Onze koddige vriend Klaas Waarzegger gaat voort met zijne snaaksche brieven te schrijven, en op eene wonderlijke wijze waarheid en leugen, gezonde zin en ongerijmdheden, door elkander te mengen. Een ding is zeker dat zijne leugens en ongerijmdheden voor den meest onkundigen dikwijls zoo blijkbaar moeten zijn dat zij veelal hun doel moeten missen. Het laatste product van onzen kortswijlenden vriend, is gedagteekend van "Ottel van Stroop, Stinkstraat, Kaapstad, 11 Juny 1861."

"Myn lieve oom!" dus begint hij, "ik was tog zoo bly om oom Jan zyn brief te ontvangen, en daaruit te verneem dat alles nog wel gaat, en dat myn waarde Dopper vrinde zoo standvastig is in de groote zak van Afscheiding.

"Lieve Oom! nog nooit het ik zoo een ding beleef nie, als ik nou gezien het. Oom weet mos, op de 7e van deze maand — een dag wat ik nooit zal vergeet nie — zou die groote zaak van Afscheiding *eindelijk* voor die Paskewel Parlement voorkom. Wel! dit was dan ook zoo. De Parlement, moet oom weet, begin alle middags om 2 uur, maar lank voor 2 uur op de 7de, was die groote zaal zoo dik met mense gepak, als oom zyn kraal met skape is. Wel, oom, toe lui de klokkie de eerste gelui, en toe storm al de lede na binne, en een mens kon in haarle gezigte zien dat hulle klaar was om makaar te pak; en toe hulle al binne was, het oom Brant (met de bokooy mus) een gebed gedoen. Ik kon dit nie *heeltemal* verstaan nie, maar ik het tog duidelyk gehoor dat hy geseg het, op Engels,

"O heere wilt ons tog verlosse," enz.

"Oom! ik was verslage! want in de eerste plaats was dit myn rympie, en in de tweede plaats lyk dit nie mooi om zoo te spot. Want wat is dit as *spot* oom! om een gebet te doen als mense bymakaar kom om de waarheid te verdraai, en hulle *eige* belange voor te staan, en onreg te doen?

Oom! ik dog by myzelve, oom Brant kon maar die biddery laat staan, want ik twyfelde of daar een enkelde lit in die groote zaal was, wat eenige andere gedachte had als om zyn tegenparty te verslaan. Na die spot biddery klaar was, het hulle eerst verskeide niets beduidende dingetjes voorgebreng en toe spring een groote dikke Engelsman op, zyn naam is Kluf, met eene memorie van een heele party Boere van Oost Riet Rivier voor Afscheiding; — reg, oom! dit was nets een mens Saa! Saa! geseg het, want na Kluf, spring Bowker van Somerset, en toe wêer Aspeling van Uitenhage, en toe weer *onze* ouwe Qweenstown Bowker, en toe weer Kluf, en toe weer Somersets Bowker, en toe weer Aspeling, en toe weer Stretch, en toe weer onze ouwe Scale, en toe weer Kluf, en toe weer Harries, en toe weer Somersets Bowker, en toe weer Harries, *allemal* met Memories aan de Parlement *voor* Afscheiding onder die Memories was daar drie van Graaff-Reinets distrik altezame met over de 250 name,—en op Stretch zyn memorie was *duizend en vyftien* name van die flukse Baaise kerels. Oom kan denk dat die tegenstanders van Afscheiding geskrik het, — ouwe Heer Ziervogel het heeltemaal *vaal* gelyk, en Frekie Verneuk het amper zyn nek verrek.

"Na de memories allemal voorgelees was, was daar een klop aan de deur, en toe kom een kleine wakkere kereltje in, wat ik hoor de Goufferneur zyn achterryer is, en toe gryp die ouwe laaistokslukker met eens zyn gouwe pop van de stellasie, en hij loop voor de achterryer, en toe hoor ik dit was een boodskap van de Goufferneur om de Parlement te laat weet hoeveel geldt daar al op die Nekbreker affering vermors is met bouwe van bandiete woonings, en huize voor gehuurde volk, voor *skole* (denk, oom, voor skole voor die volk wat die Nekbreker zal maak) voor kantore, en sekertarisse, en klerke, en opzienders, en een heele partij andere dinge voor die Nekbreker wat ik nie kan opnoem nie, en waaruit een mens kan zien dat hulle van meening is om met die ding aan te hou ten minste tot dat myn klein Klaasie mondig is, als hy zoo lank leef, en hy is nog maar drie maande out. Toe die booskap afge-

geef was, wou die achteryer uitgaan, maar de Parlements wet is dat hy zyn gezig altyd na die Bokooy mus moet hou. Het het geperbeer om zyn kop achterstevoor te draai, maar hij kon nie, en toe het hij *agteruit* gestapt, en daar hij geen ooge van achter hat nie, het hij amper in een vette jufvrouw haar schoot geval, maar gelukkig het ik naas haar gezit en ik het hem gekeer. Zoo als hy uit de zaal was, begon oom Brant te spreek. Dit was nets een predikant wat een lijkrede zou doen, zóo *akelig* het ik nog nooit een president gezien nie. Een mens kon maar zoomaar zien, oom! dat hy *gewigtige* woorde zou praat, want de hare van zyn bokvel mus het eers een kleine entje opgereis, — ja, oom! *opgereis*! ik dit zelfs met myn ooge gezien, en toe krul een heele boel krulletjis wat eers slap was, met eens in makaar, amper nets Annie Gousblom haar hare als zy dit met Nagmaals dage 's morgens uit die papiertjes losmaak wat zy papiljotte noem. Ik denk oom Brant zyn kop moet regte *warm* onder de mus gewees hebbe, daarom het die bokhare zoo gekrul.

"Maar oom moes die predikatie gehoor hebbe wat hy toe uitgespreek het. "Lede!" seg hy, "ik waarschouw julle om julle fatsoen van daag te hou, en op julle plekke te blyve zit, en nie rontespring nie zoo als julle almeleve maak als daar een lit praat. Het julle nie gezien nie wat Klaas Waarzegger aan de Doppers geskryf het over julle onfatsoenlijkheid? En is dit nie een schande nie dat een *Dopper* na de Kaapstad moet kom om ons modes te leer? Ik seg julle nou ronduit, dat as julle nie luister nie, en die Afscheidings mense nie aandagtig aanhoor, dat ik julle allemal in de nieuwe hospitaal zal laat zit op ryswater." Toe seg hy "Neef Laaistok! jy moet terdege kyk, en als daar iemand praat, wat nie moet praat nie, vang hem zoomaar op de plek, en breng hem naar my!" Daarop staat de ouwe popdrager op, wat ik oom al over geskryf het, — reg, oom, hy was net zoo styf als een velbroek wat de heele nag in een zware ryp buite gehang het, een mens kon hem hoor *kraak* zoo als hy een beweging maak. Hy was aan een degen vas gemaak (nets die wat in oom zyn stok is) en hy

slaat met eens op de kop van de deegen, nets zoo veel als te segge "Pasop!" Oom! dat was akelig! myn bloed het amper koud geworde. Die ouwe kerel zou een mens kan laat skrik als jy hem met ligte maan by een kerkhof kryg, hy lyk op een druppel water nets die geraamte afbeelsels van de *Dood* wat een mens in die groote boek ziet. Oom! ik hat my voorgeneem om aan Oom Brant te vraag om my ook te laat praat voor hulle die kwessie uitmaak, maar ik het my *stil* geskrik, en ik was bly toe ik ouwe Heer Harries ziet opspring.

"Hy seg met eens dat hy nou opstaat om die tweede lezing van zyn Afscheidings wet voor te stel; en hy het hulle toe vertel hoe dat hy, toe hy in diezelfde Paskewel Parlement was, als lit van Port Elizabeth, een voorstander van Federacie was (dat is, oom, om de Kaap, en de grens, en de Vrystaat, en Port Natal, en Kafferland, allemaal *aparte* kolonies te maak, elk met een Gofferneur en Parlement, en één *Hoof Gofferneur* en Hoof Parlement over allemal, nets in Amerika), maar hy het zoomaar gezien dat dat onmogelyk, of te kosbaar, was, en toe het hy met eens zyn gedachte verander voor Afscheiding of Separatie."

Vervolgens geeft Klaas een verslag van de hoofdpunten van de aansprak van den Heer Harries natuurlijk in zijn "Doppers Hollandsch" en aan het einde geeft hij zijne bewondering van dien spreker te kennen als volgt:— "Oom!" ouwe Harries het voor een en een half uur gepraat, en ik kan oom verzeker, en oom moet ook aan al de Doppers seg, dat hy de zaak zoo duidelijk gemaak het als dit kan maar wees, en Cradock moet hoogmoedig wees dat ons zoo een man gekies het als onze Vertegenwoordiger in de Paskewel Parlement wat ons nog moet onder buk, maar waarvan ik hoop dat wy zal van ontslage wees voor ik en oom veel ouwer is. Die aanspraak is te lank om oom alles te vertel, maar ik kan oom seg dat daar geen ding is nie wat de ouwe heer gezeg het, wat nie waar is nie; en ik kon aan de Westelijke lede hulle gezigte zien dat hulle dit ook gevoel het; maar een mens kon ook zien dat de *waarheid* nie de zaak zou win nie, die spot gebiddery,

oom! wens nie dat de waarheid moet zegepraal. Hulle weet dat hulle meer stemme het als ons, en hulle *zal* ons nie los laat nie, of daar moet ander stappe geneem worde, en dat hoop ik zal ook zoo wees.")

Na deze ontboezeming gaat hij in zijn verhaal voort. Bij den Heer Ziervogel gekomen is Klaas meer er op uit om zijne eigene denkbeelden omtrent dien heer op den voorgrond te stellen, dan diens woorden terug te geven:— "Toe staat ouwe Heer Ziervogel van Graaffernet op. Hy lyk maar altoos vaal, maar die dag was hy eindelyk nets hy een week lank niks geeet het nie, en niks anders gedrink het als borrie. Frekie Verneuk het op zy hem gezit, en ik kon jummers zien hoe Frekie die arme ouwe man aanpor om de waarheid te verdraai. Oom! hy het veel dinge gezeg, en ik het hem bedaart aangehoor. Ik weet net zoo veel (nee, ik het mis, *veel meer* van de grense als hy), en ik kan oom voor de waarheid vertel, dat de grootste gedeelte van de dinge wat hy voorgebreng het onwaarheid is. Ik seg nie, oom! dat hy aspres geseg het wat hy *weet* dat onwaar is. Nee! oom! dat geloof ik nie, want hy is een fatsoenlyke ouwe heer, maar hy het hem laat mislei, oom, van die Frekie Verneuk. En hoekon dit anders wees? Kyk, oom! hy het zelfs aan die Parlement in zyn aanspraak geseg, hy lees nooit geen krante niet maar enkelde keere bren syn vrinde (hy wou nie seg Frekie Verneuk nie) een krant na hem toe. Nou, oom, hoe kan een man een Parlements lit wees, en wette voor een lant maak als hy geen *krant* lees nie! Dats mos een *onmogelyke* ding. En kan zoo een man dan *weet* wat de gevoelens van de mense is, als hy nie grenskrante lees nie? De mense zal mos nie na hem kom nie, van afgelege distrikte, en seg "Oom Ziervogel! ik denk zoo en zoo," Nee, oom! een man wat *zoo* een publieke ambt bekleet, en geen *krant lees* nie, kan nie verwagte dat een mens *zyn* praatjes zal navertel. En dus zal ik oom niks meer van hem seg nie, en hy zal ook nie *weet* nie wat ik aan oom geskryf het, maskie zit ook dit in die Cradocks krant. Maar Frekie Verneuk zal dit misschien zien, en aan de oude heer vertel.

En hy kan met eens aan hem ook seg, Klaas Waarzegger zyn raat is om *al* de krante te lees wat hy maar kan bykom, of anders liever zyn baantje als Parlements lit af te leg, en iemand te laat aanstel wat krante lees.

Hy het verder geseg, oom, dat hy nie teugen de *Engelse* mense is nie. Dit kan waar wees. Ik stry nie daar voor nie. Maar *een* ding weet ik zeker, en dat is dat Frekie Verneuk Grahamstad *haat*; de rede, oom, weet ik ook; en wanneer een mens met zoo iemand goeye vriende is, dan neem jy tog maar, min of meer, zijn gevoelens aan, zonder dat jy zelfs weet waar jy daar aan kom. Misschien is dit met ouwe Heer Ziervogel ook zoo. Frekie Verneuk zal hem wel eens alles vertel hebbe wat die Settlaars teugen hulle Aferkander Luit-Gofferneur gedaan het, en ouwe heer Ziervogel zal zeker al die praatjes van Frekie voor *waarheid* aangeneem hebbe, en nou is hy voor Grahamstad kwaat, *zonder dat hy dit zelfs weet.* Dit kom daarvan, als een mens nie *krante* lees nie! Wel, oom! ouwe heer Ziervogel het zyn lange aanspraak geëindigd, door een voorstel te doen, dat ouwe Heer Harries zyn Afscheidings wet die dag over *ses* maande voor de tweede keer moet gelees worde. Dit meen, oom, dat dit nie moet aangeneem worde nie, want Parlements taal en Doppers taal is heel anders. ****

"Toe staat die flukse kleine Paintertje op; *hij* is een kerel wat krante lees, hy het my vertel dat hy zelfs voor de Cradocks krant getyken het. Wel, oom, hy het van zyn hart geen moordkuil gemaak nie, en ofschoon die tegenstanders van Afscheiding hulle aangestel het nets hulle Paintertje zyn steeke nie voel nie, het *ik* meer als eens zyn *koegel* hoor klap. Oom kan my geloof, daar was meer als een schot in de passersteek."

Klaas gaat dan voort met Painter zyn aanspraak te vertellen. By de Kafferoorlogen gekomen zegt hy:—
"Oom! ik het zelfs, zoo als oom weet, in die drie Kaffer oorlogs diens gedoen, en is ook gekwes, *ik* weet wat dit is om kruit te brant, beter als ouwe Heer Ziervogel en Frekie Verneuk, en was dit nie voor de popdrager met

zyn degen dan het ik zelfs opgestaan en geseg. "Oom Brant, alles wat die oom Painter van de grens geseg het, is *waar*, en julle kan net praat hier aan de Kaap zoo als julle wil, maar een grensboer zal nooit julle praatjes geloof nie, want wat die Oompie nou aan julle vertel het, het ons gezien en *gevoel*." En by de 's Heeren Painter vergelyking van de mooije Westelykse paden by de slechte Oostelyke wegen, bekrachtigt Klaas dit met den uitroep: ("Oom! wat Painter van de paaye geseg het; is net zoo waar als oom zyn bybel, *ik* het dit met myn oogen gezien; ik het zelfs langs de fraaye, Westelyke paaye gery. Al de *praatjes* van ouwe heer Ziervogel en Frekie Verneuk zal dit nie verander nie!)

Na nog veel meer verteld te hebben van wat Painter gesproken had, vervolgt de briefschryver:—"Oom die kleine flukse Painter het nog veel meer geseg, maar dit is te veel om in een brief te skryf, en oom kan zien uit wat ik reets aangetijken het, dat de zaak waarvoor hy gestry het, regtvaardig was. Zoo lank, oom! als ons zulke manne als grenslede in de Parlement het, behoef ons nie kop onder te steek nie. Ons zal nie van dit jaar Afscheiding kryg nie, maar ander jaar is dit zoo zeker als twee en twee nie *vyf* is nie.

De inhoud van de aanspraak van den heer Bowker, van Somerset, tegen den leeraar van die gemeente, kortelijk medegedeeld te hebben, sluit Klaas zyn brief:—"Oom! ik moet nou ophou tot ander week. De Parlement het Vrydag de heele nag aangehou. Zaturdag weer om twee uur begin, en weer aangehou tot middenacht. Ouwe Bowker van Queenstown, het *vyf uur en een half* over een boeg gepraat. Maandag is dat weer om twee uur begin, en ver over middag uitgeschei, en vandag (Dingsdag de 11de Juny) zal ouwe Harries zyn antwoort uitspreek. Ons zal de zaak deze keer verspeul, want hulle het meer stemme, en wordt door drie of vier grens aasvogels gehelp. Maar de grenslede staat styf, en hulle praat om vele dinge te laat doen wat de Westelyke heertjes zal laat schrik. Ander week zal ik oom een korte inhoud van andere "spieker" stuur,

en oom ook myn gevoele verklaar hoe dit verder gaan zal, en wat de grensmense verder moet doen. Dus, tot wederzins, oom Groetnis aan Tante Elsie en Annie Gousblom.— Jou Neef, KLAAS WAARZEGGER."

*Brief nr* 7.

Uit: Bijvoegsel tot *De Zuid-Afrikaan* van 11 Julie 1861.

*KLAAS WAARZEGGER AAN OOM JAN TWIJFELAAR.*

(Uit: *Het Cradocksche Nieuwsblad*)

Ottel van Stroop,
Stinkstraat,
Kaapstad, den 18 Juny 1861.

Myn lieve Oom! — Ik myn laatste brief het ik uitgeskei met die aanspraak van Somersets Bowker, en voor ik oom iets verder vertel van die Afscheidings aansprake wil ik oom met een ding te reg help. Ik het oom geskryf dat ouwe heer Ziervogel aan de Parlement gezeg het dat hy nooit krante lees nie. Oom! dit was alles opsteking van Frekie Verneuk. Ons het dit nou uitgevinde. Ouwe heer Ziervogel *lees* wel krante, maar hy *tyken* voor geen een nie. Hy gebruik die arme krantdrukkers hulle werk voor niet, — want de mense seg Frekie Verneuk gaat 'savonds in de Graffernets leeskamer, en hy haal de krante uit, en dan lees om Ziervogel dit by maanlig, — daarom is dit dat hy party dinge nie kan zien nie, onder andere de gevoelens van de mense over de Afscheiding.

Oom! van ik jou laas geskryf het, het ik zelfs een kerel gezien, wat NOU met de poskarretje van Graffernet gekom is. Hy het my die dinge alles omstandig vertel. Hy seg ons moet nie geloof nie dat de mense van Graffernet TEUGEN Afscheiding is nie. Vele van hulle was onbekend met de zaak tot dat hulle, nets julle mense, die gezelspraatjes van Klaas Waarzegger gelees het. Nou verstaat hulle de ding eers reg, — en de Parlement moet nie alles aanneem nie wat Frekie Verneuk en ouwe heer

Ziervogel seg, nets of hulle â Brakel en Smytegelt is nie. Nee, myn neef! de Graffernetters wat over die zaak DENK, is voor Afscheiding, — hulle is maar net BANG voor Grahamstad. Als de Afscheidings mense zou segge, "ons is te vrede dat UITENHAGE zal de plek wees voor de Gofferneur", dan stem de laaste Graffernetter voor Afscheiding. Maar dit is onkunde! oom! en zal ook met der tyd verhelp worde. Die neef vertel aan my verder, dat die Parlement nie moet denk nie, dat de brave ouwe heer Ziervogel de gevoelens van GRAFFERNET uitspreek nie. O, nee! seg hy, de mense wat na hem luister is net VEERTIEN, en hulle woon in de achterstraat, wat hulle op Graffernet GROENLANT noem, waar de zon in de winter net maar Woensdags en Zaturdags schyn. Ziet oom Jan nou, dat een mens nie ZOOMAR alles voor waarheid moet aanneem nie wat Parlements lede seg. Als ouwe heer Ziervogel maar twee-maal in de week de zon ziet, hoe kan hy dan krante-lees, voornamelyk als hy bril? Hy kan mos nie weet nie wat de mense zyn gevoelens is waar de zon alle dage schyn, en ons kan hem dus nie kwalyk neem nie.

Wel, oom! na Somersets Bowker het die rooye Watermeyertje van Colesberg opgestaan; hy het van de plek af met leugens begin; — hulle het almaal geschrik voor die *zes duizend* name wat op die memories voor Afscheiding getyken is, en hulle het dit op alle maniere zoeke te verdraai. Hy seg met eens ouwe heer Harries het geseg daar was 145,000 inwoonders in de Oostelyke Afdeeling, — en 6,000 het maar getyken, dus was daar 139,000 tegen Afscheiding. (Hierop spring ouwe heer Harries met eens op, en hy zeg dat l--- jy, ik het nooit zoo geseg nie, ik seg daar is al te zame, — zwart en wit, mans, vrouwens en kinders, 145,000, maar blanke inwoonders, is daar maar 45,000, — en als een mens daarvan aftrek de vrouwens en kinders, dan blyf daar *negen duizend* volwasse manspersone, en daarvan het *zes duizend* voor Afscheiding getyken dus een groote meerderheid.) Daar staat Watermeyer toe met zyn bek vol tande, — hy was in zyn eige

strik gevang. Toe wou hy weer toon dat die 6,000 name met skelmery verkryg was, — en toe pak hy *my* aan. Denk, oom! zyn zaak was zoo sleg dat hy die arme Dopper Klaas Waarzegger moes aanpak. Hy seg die schryvers van Klaas was overal rond gestuur om de mense zyn ooge te verblinde, en daar was niks als leugens in de schryvens nie. Ik wou zoo op spring, en segge "Oom Brant! dat lieg hy, laat hy my aantoon waar daar een onware ding in myn skryvens staat." Maar, oom! die styve kerel, met die gouwe pop en deegen, kyk jummers na myn kant toe en ik was toe bang om te praat. Maar Watermeyer het met Klaas Waarzegger aangehou. Hy seg Klaas het leugens geskryf van die Zeebreker, en de mense wys gemaak dat de Kaapse Parlement een brug, of dam, dwars deur de zee wil bouw vau de Kaap naar Engeland. Ik behoef oom nie te seg nie, dat dit maar *grootpratery* van Watermeyer was, want hy weet dat dit onwaar is, — en ik daag hem nou publiek uit, oom! om een plek aan te te wys in onze Gezelspraatjes waar dit staat. *Hy* kan dit in zyn Colesberg krant voorbreng, en ik zal my in de Cradocks Nieuwsblad verantwoorde. Nou, oom! als hy een man is, laat hy begin, en dan kan de laatste Dopper zien wie de waarheid spreekt. Oom! hy het verder geseg, dat die Breekwater of *Nekbreker* goed zal beantwoorde! Maar hy weet van beter; anders waarom het hy daar teugen gestem? Ouwe Harries, en ouwe heer Poat (wat in de groote raat met Tucker zit) het die Nekbreker wel ter dege uitgeleg. Kyk oom, dit was zoo. In 1858 is daar een wet gemaakt, dst de Gofferneur £200,000 kan leen om een Zeebreker te maak, en die wet seg duidelyk dat alle gelt wat ontvang wordt op die hoofd (hulle noem dit wharfage) zal borg wees voor die geleende gelt; daar staat nie een woort in de wet nie dat de landinkomste daaronder zal verpant worde nie; en toe die wet in 1858 deurgegaan is, was dit ook duidelyk verklaar dat onze land inkomste nie daaronder zal verpant wordt nie, net maar die ding wat hulle warfage noem. Nou oom, na die 1858 wet gepasseer is, het de Gofferment geperbeer om gelt te

leen onder borg van de warfage, maar de mense in Engelant het geseg: "Is julle gek? wie zal julle op zoo een ding gelt leen?" Wel, oom! toe hulle ziet dat hulle nie kon gelt kryg nie onder de 1858 wet, toe het hulle eerst in 1860 geperbeer om een ander wet in te voer om £400,000 te kryg voor een Nekbreker (ik wou seg Zeebreker), maar die ding is tweemaal voorgebreng, en tweemaal afgekeur, — Kobus Meintjes, en Ziervogel, en Frekie Verneuk, en Watermeyer, en al de Oostelyke lede het daartegen gestem Wel, oom! toe hulle ziet dat de Oostelyke lede niks met hulle wet wil te doen hebbe nie, het hulle eers een byeenkoms in de Beurs op de Parade gehou, en Oostelyke lede uitgeskel voor alles wat slegt was, — maar dit het nie gehelp nie. Toe vindt hulle eers uit (tjakie tjakie) dat daar een mistek in de wet van 1858 was, — (die mistek het hulle nooit gezien nie voor dat de mense in Engelant geweiger het om gelt te leen op die warfage ding, — en voor de nieuwe wet tweemaal uitgegooi was) en toe breng hulle weer een ander nieuwe in, waarin dit seg dat daar twyfel bestaat, of die gelt wat in 1858 zyn wet staat, kan geleen worde onder borg van de lands inkomste en om die twyfel reg te maak, en te seg die gelt kan geleend worde *op borg van landsinkomste.* Nou, oom, daar was nooit geen twyfel nie, — die wet van 1858 was goed verstaan toen dit gemaak was, — wel, oom! van de Oostelyke lede was al naar huis vertrek, — die wet het hulle in de Parlement gebreng een week of zoo voor de Parlement klaar was, — de Oostelyke lede het daarteugen geprotesteer. dit was nie een kleine gedoente nie, — maar alles het nie gehelp nie; de wet het hulle nie *drie weeke* laat wag nie voor de tweede lezing, — en toe hulle tot stemming kom is, toe was al de Oostelyke lede wat nog aan de Kaap was daar teugen en Westelyke het voor de wet gestemd, want de gelt zou by hulle uitgegeef worde, en hulle had toe een stem meer en zoo is de landinkomste belas met tweemaal honderd duizend ponde. Oom! ik vertel jou de ding net zoo als ouwe heer Harries dit aan my vertel het; lieg hy, dan lieg ik ook. Maar als dat waar is, dan is ik BANG om

jou te segge wat ver naam zulke handelwys verdien: en dan seg ik gerus, en ik daag Watermeyer, en Ziervogel, en Frekie Verneuk, en andere uit, om my tegenspreek, dat de grensmense zoo een Parlement nie kan vertrouw nie. Paskewel Parlement is geen naam daarvoor nie. Oom! daar is nog maar een ding wat Watermeyer geseg het, en dat is, dat de grensmense Afscheidings wou hebbe, net maar om hulle zakke te vul ALTEMITZ OM MEER GRONT VAN DE ZWART NATIES AFTENEEM!! Ja, Oom! dit het ik hem zelfs hoor segge; denk tog, en dit nog al van een Oostelyke Parlements lit, dat ons de arme Kaffers wil plunder, net maar om onze zakke te vul. Ik zou graag wil weet of al de gront wat de Kaffers bezit ons zou kan goedmaak voor al de schade wat hulle de grensmense in die drie Kaffer oorloge aangedaan het. En dit is een van de tegen-standers van Afscheidings! Oom, hy wis dat dit een schandelyke leugen was, toe hy dit gezeg het. Daar is nie een fatsoenlyke grensmens nie wat wens om de Kaffers hulle gront te plunder. Al wat ons wens is om VREDE op onze grens te hebbe, en dat daar behoorlyke wette gemaak wordt tussen heer en Dienstbode; om die Kaffers wat de grensmense alle dage plunder, en zoo brutaal is dat een boer nie meer weet wat te doen nie, behoorlyk te straf. Maar oom, dit is nie de moeite wert nie om verder over zoo een kerel zyn praatjes te skryf nie.

Toe die grens aasvogel klaar was, toe het die dikke ouwe Settlaar Kluf opgestaan, en hy was zoomaar vas aan Watermeyr. Hy seg, — dats een mooye grap om van Klaas Waarzegger te spreek! Hy is een arme domme Dopper wat vol grappe is, en een nette schoot doet, — zyn roer is altoos op schoot, en als hy aftrek, dan is dit maar raak, en hy het Myneer Watermeyer meer als een kwesschoot gegeef, wat nog nie gezont is nie. En daarom praat hy van Klaas Waarzegger. Maar wat het de Parlement met Klaas te doen? Hy is een koddige slimme Dopper, wat zyn eigen gevoelens, en die van zyn Neefs en Ooms en Tantes en Nigges verklaar, in zuiwer Dopper Taal, wat die

Parlement nie verstaat nie, — maar wat Watermeyer en Frekie Verneuk goed verstaat. Klaas het de waarheid vertel van die Colesberg byeenkoms, waar de meeste mense net die dag brandewyn gestook het, en te veel VOORLOOP geproef het; maar een lit van de Engelants Parlement zou net zoo wel kan klaag dat *Puns* (dit is een Engelse skryver moet oom weet, wat ook net schiet) hem afgebeel het met een Ezelskop op zyn schouwers! Oom moes die lede zien lag het! zelfs Frekie Verneuk, (wat almeleve lyk nets een magere Wildebeest biltong) hy het ook gelag, — maar dit was nie een regte vrolyke Doppers lag nie, wat een mens zyn maag goet doet. Oom! ouwe Kluf het hulle veel vertel, en aangetoon hoe schandelyk de grense behandel is van die Parlement. En hy het geseg dat als die Parlement ons nie Afscheiding geef nie, zal ons na de Koningin gaan. Ons zal aan onze lieve Tante Victoria seg dat ons jaar voor jaar over die onregte dinge by die Paskewel Parlement geklaag het, en ons wort maar altoos uitgelag, om det hulle weet dat hulle meer stemme het as ons.

Aspeling, van Uitenhage, het ook goet gepraat. Hy zei dat in zyn distrik was de boere nie mislei nie, — allemaal het die memories uit hulle eige vrye wil getyken om dat hulle wis dat dit de beste ding voor de grens zou wees. Daar was NEGE publieke byeenkomste in zyn distrik gehou, en hy was zelfs by drie daarvan by en hy kon de Parlement verzeker dat in zyn distrik was daar geen ompratery of bangpratery noodig om de boere te laat tyken. Oom! die kereltje het niet veel gepraat nie, maar het het bewys dat alles wat hulle in zyn distrikt gedaan het, OPENLYK was, nets in Cradock, en nets in alle andere distrikte uitgenome Colesberg en Burghersdorp, waar de tegenstanders van Afscheiding de boere ALLES het zoeke wys te maak, net maar om hulle afteskrik. Maar, oom! zoo lang als Aspeling gepraat het, dog ik by myzelve — "Kerel! jy gooi paerels voor zwyne! al praat jy dat jy blaauw in jou gezig is, die Westelyke lede zal maar altoos segge dats nie waar nie. HULLE zal nooit voor Afschei-

ding stem nie. Waar het een mens ooit gezien dat een trop aasvogels hulle aas zal laat staan. Al schiet een mens onder haarle hulle draai een paar slage over jou kop rond en klaps is hulle weer op hulle aas, — en als jy nie oppas nie, goedkoop pak hulle jou nog aan. Nee, oom! al de pratery in die Kaapse Paskawel Parlement zal ons nie help nie. Afscheiding zal ons nooit van HULLE kry nie, — ons moet verder gaan, en ons moet nie langer met die ding verzuim nie oom. Seg aan al de Doppers, oom! om hulle KLAAR te hou, zoo als ik terug kom zal ik een byeenkomste hou, en dan zal ik hulle seg wat te doen.

Oom, na Aspeling het ouwe Skanle gepraat; hy het nie veel vertel nie, maar hy het haarle ronduit geseg, dat dit eers sleg genoeg was, voor dat daar een Parlement was, maar van dat de Paskewel Parlement aan de gang was, is dit tienmaal erger. Hy het ontken dat de name op de memories op een onbehoorlyke wyse gekry is, maar wel op de memories wat teugen Afscheiding is.

Oom, dit was al laat, ouwe heer Harries het toe verzoek dat de Parlement moet opgeskort worde tot de volgende dag, — maar hulle wou nie; en toe moes onze grenslede aangaan.

Neef Botma, van Burghersdorp, het toe een paar eenvoudige woorde gepraat; hy zei dat hy een Dopper was, wat al twintig jare geboer het; hy wis wat de onstandighede van de grens was, en hy het hem nie laat omhaal nie, maar hy was overtuigd dat Afscheiding noodzakelyk was voor de welvaart van lant en volk. Hy wens de Parlement aandachtig te maak op de geschiedenis van Lot en Abraham, en daaraan een exempel te neem, — dan zou de oneenigheid een einde neem, en de afzonderlyke deele van de kolonie zou beter prospereer.

Toe spring Theunisse op. Hy wou ook perbeer om Engels te praat, nets Botma, maar zyn tong praat jummers Colesbergs Hollans. Hy zei dat in Colesberg en de grootste gedeelte van de grens was de laaste man teugen Afscheiding. (denk toch! oom!) en al de "piepels" wat voor Afscheiding was, was arme drommels wat niks daar

gebreng het nie, en ook niks in hulle zakke hat nie, — maar zoo als hulle zakke vol is, gaat hulle weg. Hy seg dat was jammer dat hy zyn groote boek nie kon meebreng nie, en ook de brief wat hy van Nigge Victoria ontvang het, — anders zou hy de Parlement gou wys hoe de vork in de steel zit. Maar seg hy, de Parlement moet nie bang wees nie, dat de Afscheidings mense na Engelant memories zal stuur nie. Dit zal hulle nie help nie. HY zal zelf na Nigge Victoria schryf, en haar vertel dat zy nie Afscheiding moet toestaan nie, want anders zal hy zyn baantje als Parlements lit verloor, en hoe zal dit DAN met de lant gaan als neef Theunisse nie daarby is nie om wette te maak?

Wel, oom, toe is de Parlement opgeschort tot Zaturdag en daar ik oom graag wil vertel wat Advokaat Watermeyer en Solomon teugen Afscheiding gezeg het zal ik nou maar op hou tot ander week.

Jou Neef,

KLAAS WAARZEGGER.

AANTEKENINGE.

*Tjakie tjakie* „kammakastig (by albasterspel), nie vir wins nie." (Boshoff: *Etimologiese Woordeboek*, s.v.)

*Mistek* vir Eng. *mistake*, net soos *Puns* vir *Punch* en *Piepels* vir *peoples*.

*Brief nr.* 8.

Uit: *Het Cradocksche Nieuwsblad*, 6 Julie 1861.

*KLAAS WAARZEGGER AAN OOM JAN TWYFELAAR*

Ottel van Stroop, Stinkstraat,
Kaapstad, den 25 Juny, 1861.

Myn Lieve Oom!

Toe ik oom laats geschryf het, het ik gedenk, en oom ook beloof, om de verdere praatjes van Advokaat Watermeyer en Salomon aan oom te stuur, — maar ik het my nou weer bedenk, en dit zal nie noodig wees nie om oom veul over die dinge te skryf, als alleen om oom te seg, dat hulle geen een bewys het nie, dat "onze bezwaren's"

waar ik en oom de eerste maal over gezels het, nie waar is nie. Hulle beken allemaal, oom! dat ons veel rede het om te klage, — maar de een seg "*Ons* het dit nie gedoen nie, dats de slegte Gofferment voor ons een Parlement hat," de ander seg "ons ziet nou julle skop zoodanig agterop, *nou* zal ons nie meer zoo maak nie, — julle moet nou maar stil bly over al die onregte gelde wat ons julle van besteel het, en ons zal julle nou van van daag af een beetje meer gelt alle jare laat kryg, net maar om julle smoele toe te maak." Advokaat Watermeyer wil perbeer om een of twee kleine veranderingkies te maak, en dan zal Afscheiding nie noodig wees nie, *seg hy*, — maar hy weet van beter, — want hy pleit voor zyn zaak nets alle andere advokaats. Hy het geperbeer om de grooe *waarde* voortebring van wat hy de Middelandse Provincie noem, om te toon dat de distrikte van Graffernet, Richmond, Murraysburg, Hopetown, en Colesberg meer waart is als de andere distrikte! Die cyfer nommers, oom! het hy en ouwe heer Ziervogel van Frekie Verneuk gekry, — maar Frekie het hulle glat verneuk oom. Hy het hulle wys gemaak dat de waarde van gront in Graffernets distrik alleen £1,900,000, en dat hy en ouwe heer Ziervogel; de is twee lede van Graffernets kies-afdeeling, vertegenwoordigers is van distrikte wat *drie milloen* ponde wert is, en dat *al de ander distrikte van de Oostelyke Afdeeling te zame*, net maar een beetje meer as *zeven* milloen wert is, dus is hulle twee byna zoo veel als al de andere te zame. Nou, oom! ik wil met hulle allebei wedde, en hulle kan Frekie Verneuk byneem om hulle te help, dat de heele ding homboggery is! Kyk oom! de waarde van Graffernet distrik, zoo als by de Afdeelings Raad uitgemaak is, is £878,880, — daar gaat met eens *een* millioen uit de DRIE weg, — en dan moet een mens nog daarby voeg dat over de 300 mense van Graffernet distrik een memorie gemaak het voor Afscheiding, — waar blyf die mense hulle goet, moet dit ook nie afgetrek worde nie? Dan seg hy weer Colesberg, en Middelburg, en Hopetown is ook een millioen, — dats ook nie waar nie; laat hy de waardeering

van de Afdeelings Rade van die plekke voorbreng als hy durf, dan zal een mens zien, — en dan vergeet hy ook dat daar vele mense in die drie distrikte is wat voor Afscheiding stem, — in Middelburg voornamelyk, — en in Colesberg ook; — Oom weet mos net zoo goet als ik dat Cradocks distrikt *alleen* net zooveel wert is als een van die distrikte waar Watermeyer van spreek, — als een mens de pryze van plaase neem, wat hulle nou wert is, dan is Cradock ver over een millioen ponde, — maar by de Afdeelings Raad boeke staat dit maar bekent voor £632,290, — de lede van de Afdeelings Raat het de waarde aspres klein gemaak om nie zoo veel wegverponding te betaal nie; Colesberg is in de Afdeelings Raat Boeke gewaardeert £211,873, — maar de waarde is veel grooter. Ziet oom nou! zoo mislei Frekie Verneuk ouwe heer Ziervogel, en dan mislei hy weer advokaat Watermeyer. Maar weet oom waarom de nommers voorgebreng is? Ik zal oom seg. — Hulle oogmerk is om meer lede in de Parlement te kry, wat Kaaps gezind is, — want als hulle kan lede kry voor Murraysburg en Richmond, wat onder Graffernet boort, — en voor Hopetown wat onder Colesberg hoort, dan denk hulle meer stemme hebbe als de andere Oostelyke dorpe. Maar hulle is gek oom! Dits maar net om sand in de mense zyn ooge te gooi. *Ons* weet van beter! Ons *weet* dat Graffernet en Colesberg, de *eenigste* twee distrikte wat *hulle* seg wat tegen Afscheiding is, nie meer wert is nie als Cradock en Kweenstown. Hulle cyfer nommers zal niemant aanneem nie wat op de grense woon. Oom! de heele praatje van Advokaat Watermeyer was op dezelfde koers, — de mense is met een wet gekom, seg hy, maar daar wort nie geseg nie waar de hoofplaats voor de Gofferneur zal wees nie, — en al de mense, seg hy, is bang voor Grahamstad en zulke laffe praatjes meer.

Salomon zyn aanspraak was amper net zoo. Hy het nooit *gemeen* nie, dat als daar een meerderheid voor Afscheiding was nie dat hulle dit zal moet kry; hy het maar gemeen dat de mense moet *eenparig* wees, — en dat als de twee lede van Graffernet teugen die Afscheiding

was, dan kan dit nie deurgaan nie! Oom! dits om mislyk te worde om die man zyn draayerye, en krulletjes, en krommetjes aan te hoor. Hy het hem voorgeneem dat daar *nooit* zal Afscheiding wees nie als *hy* dit kan belet, an de voorstel wat hy verlede jaar gedaan het, en wat de Parlement aangeneem het, was maar oogverblindery. Hy het dit nooit *gemeen* nie, en hy het ook nie gedenk nie dat dit zou zoo kom, dat daar zooveel memories zou ingestuur worde, met zooveel name voor Afscheiding. Nou skrik hy, en wil hy zyn woorde verdraai, maar dats voorniet, oom; de Engelse Gofferment zal de regte beteekenis op die voorstel zit, — en de mense wat nou de zaak na Engeland zal moet breng, om voor de koningin te leg, zal weete om al de verdraaide dinge te laat voorkom volgens de waarheid. Kyk, oom! daar was nog een ander ding waar Salomon hem mee gekul het; — hy het een lys laat opmaak van de opbrengs van de twee Provincies van de jaar 1830 af, en hy neem de 31 jare om te bewys dat de Oostelyke distrikte in de begin maar weinig ingebreng het. Maar zyn lys, oom! bewys de groote waarde van de Oostelyke Provincie. Die lys, oom, bewys dat onse inkomste *nou*, in 1861, veel *meer* is als die van de Westelyke Provincie, en dat ons dus in de tyd van *dertig* jare meer uitgevoer het als de Westelyke Provincie in TWEE HONDERT jare; want 30 jare gelede was de grootste gedeelte van de Oostelyke Provincie WOESTE velt, en in die dertig jare het ons nog bovenop drie Kaffer oorloge, en vervoesting moet deurstaan, — maar ons is daarna op de been geraak, en NOU lever onse Oostelyke Provincie MEER op als de Westelyke, onze verstandkieze begin nou eers uittekom, — maar die ouwe Westelyke Grootmoeder haar tande is glat uitgeslyt, en maskie het sy twee of drie maal geperbeer om valse tande te laat inzet, het haar dit nie gehelp nie, en zy wordt alle dage magerder en ons vetterder! Maar oom! de woordbreker Salomon het VERGEET om aan te toon hoeveel gelt daar in de dertig jare GESPANDEER is in de Oostelyke en Westelyke Provincies, zoo dat ons kan zien hoeveel van de gelt wat

ons opgebreng het, waarlyk onder ons uitgeleg is. Die Nekbreker ding, oom! het hy ook zoeke te verdraai, maar hy wis wel heel goet oom dat daar nooit geen MISTEK was nie in de wet van 1858, — en dat hulle die skelmstuk van 1860 aangevang het, omdat de mense in Engelant hulle geen gelt wou leen nie op die wet, nets ik oom verlede werk geskryf het. Hulle kan die ding zoeke te verdraai zoo als hulle wil, maar hulle zal MY nooit wys maak nie, oom, dat dit nie een van de schandelykste dinge is nie wat nog ooit in een Parlement gemaak is nie. Waarom breng hy nie die "spiekies" voor nie, oom! wat in 1858 gemaak is, toe hulle die Oostelyke Provincie lede wou zus om die Nekbreket wet te laat deurgaan. Dit zal BEWYS oom of daar een MISVERSTAND of mistek in die ding was. Toe wou hy weer zoeke, oom! om de nommers te verdraai wat uit de Gofferments krante geneem is, om te toon dat over de £600,000 ponde in 17 jare op de Westelyke paaye uitgeleg is, en net maar £100,000 op onze. Maar die nommers kon hy ook nie verdraai nie, oom, want dats de WAARHEID. Oom! ik zal jou nou maar verder vertel dat toe de Afscheidings kwestie tot stemming gekom is, was daar 22 stemme tegen, en 15 voor, — dus was daar 7 stemme meer tegen Afscheiding, maar van die 22 lede is daar net de HELFTE WAT IN DE KAAPSTAD WOON, en vier of vyf andere dig aan de Kaap; — daar was 20 Oostelyke lede wat gestem het, en van die twintig het VYFTIEN voor Afscheiding gestem; dus kan een mens zien dat ons van geen Kaapstads Parlement, zoo als dit NOU bestaat, ooit regt zal kryg nie, want meer als de helfte van de Westelyke lede WOON AAN DE KAAPSTAD, en zal hulle dan segge dat hulle vis stink? Wel, oom! in de Wetgevende Raad is dit net zoo gegaan. Zoo als oom weet, het Tucker daar ook een wet ingevoer, en de kerel het een aanspraak gedaan wat zoo krachtig, en zoo vol waarheid was, dat zelfs onze ergste vyande het moet beken dat dit fraai was. Hy het begin van de BEGIN af, en het hulle aangetoon hoe noodzakelyk Afscheiding voor onze welvaart was, en hoe WAAR al

klagte teugen hulle was. Oom! Tucker het vier ure agter een boeg gepraat, en toe staat de Westelyke lede met hulle ope monde! Onse ouwe vrient Mosenthal hetook goet gepraat, en HY het hulle getoon dat hy nou kort op de grens was, en overal ront gery het, en dat van elke TIEN mans persone wat op de heele grens woon, was daar NEGEN voor Afscheiding. De twee Cawoods en ouwe Poat van Grahamstadt het ook goet gepraat, — en de President van de Raat, de kleine dikke Jutsie met de groote bokvel mus waar ik oom van geskryf het, hy het ook gepraat, en hy het geseg, dits verniet dat julle ontken dat de Oostelyke distrikte bezwarens gelei het, DIT IS DE WAARHEID, en die dinge kan nie langer zoo gaan nie; die mense klaag nie verniet nie, — ons moet die dinge verhelp, — en toe breng hy een ander plan van Afscheiding voor, om twee aparte kolonies te hebbe, met aparte Gofferneurs, en aparte Jutse voor elk, en een Governeur over alles. Maar die plan, oom! is te kostbaar, en de mense zal ook nie daarmee te vrede wees nie. Wel, oom! toe het hulle voorgestel om die kwestie voor veertien dage uittestel, en toe dit op stemme kom, was daar eveveel lede aan elke kant, en toe het de President zyn stem gegeef voor de uitstel. Dit, oom? is net zoo goed als of de ding verspeul is, maar oom moet onthou daar is 7 Oostelyke lede in die Hooft Vergadering, en van die 7 het 6 voor Afscheiding gestem, net Maldiets alleen het daar teugen gestem.

Wel, oom Jan, na die twee dinge in de Volksvergadering van de hand geweze is, het ouwe heer Harries een voorstel gedaan, om de Gofferneur, met alle Kantore, naar de gens te verplaats, zoo als verscheide van onse voornaamste Gofferneurs aangeraai het. Toe moes oom Frekie Verneuk zien! Hy buk met eens na ouwe heer Ziervogel, en hy seg aan hem hoe nou! oom? daar teugen moet oom nie praat nie, en oom kan ook nie seg nie dat oom nie krante lees nie, want oom weet al de Graffernetters zal BLY WEES als de Gofferments kantore op Uitenhage is, in plaats van de Kaapstad, — oom moet

maar liever stil bly." Daarop knik ouwe heer Ziervogel voor Frekie, en hy seg met eens — "Oom Brant, dits een strik voor ons, — ik zal geen woort praat nie en ik hoop al myn vriende zal net zoo maak." "Julle durf nie, julle is bang," seg ouwe Harries, — en denk oom, Harries en Painter, en al de Afscheidings lede het lange aansprake gemaak, en de heele spul Westelyke lede fluks de baatjes uitgeklop, maar geen van hulle het hulle bekke opgemaak nie; — de kleine kaartemannetje Salomon het niks gedoen als gefluister, en rontgeloop, dat ik, wat maar een domme Dopper is, my geschaam het. Oom! dit was net zoo erg als de Colesberg byeenkoms, net maar dat geen een van hulle durf haarle mont opemaak nie. Wel, toe dit tot stemming kom, toe was dit nets met de Afscheiding ding — de flukse Afscheidings lede het daarvoor gestem, maar Ziervogel, en Frekie Verneuk, en Colesbergs Watermeyer, en Hopley het hulle by onse Westelyke verdrukkers gevoeg, en dus was die zaak ook van de hand gewys. Ouwe heer Harries het dit verwag en hy het dit ASPRES voorgebreng om de grensmense te laat zien hoe onredelyk en onregtvaardig die Parlement is. Want als hulle wil hebbe dat daar geen Afscheiding zal wees, laat de Gofferment dan NADER by de grens kom, dan kan weerskante, oost en west, daarnatoe gaan als het noodig is. Wel, oom weet hulle het de grens mense zyn memories verach, en geseg de mense is omgehaal, hulle weet nie wat hulle getyken het nie, — de mense is nie Afscheidings gezint nie, en zulke leugental meer, wat hulle weet dat onwaar is. Toe die voorstel van ouwe heer Harries van de band gewys is, toe seg ouwe heer Stretch, nou het ik een voorstel om de Gofferneur te verzoek om de tegenwoordige Parlement te ontbinde, dats te segge, om nieuwe lede te laat kies nets met de Afdeelings Rade, — dan kan de grensmense toon of hulle Afscheidings gezint is of nie, — want als daar meer mense *teugen* Afscheiding is in een distrik als voor Afscheiding, zal hulle nie Afscheidings lede kies nie, — maar als daar een meerderheid Afscheidings mense is, dan zal geen man gekies worde wat teugen Afscheiding is.

Nou oom? als hulle zaak regvaardig is, dan zou hulle die voorstel aanneem, want *ons* is nie bevreest nie wat de grensmense zal doen als daar weer een kiezing is. Maar nee, oom! weer was hulle bang, — hulle *durf* nie na hulle distrikte gaan nie? Zelfs *Groenlant* oom! waar de zon maar tweemaal in de week schyn, zou ouwe heer Ziervogel voor zyn verdere dienste bedank, — en hulle met de voorstel van Stretch net zoo gemaak als die van ouwe heer Harries, — hulle het nie daar teugen een woort durf seg nie, maar net daar teugen gestem, en zoo is die ding ook van de hant gewys. Maar oom moet nie denk nie, dat hulle *lekker* voel! hulle ziet wel heel goet dat ons grensmense hulle heeltemaul overompel het, — want als ons nou na de Koningen afgezante stuur met memories, dan zal zy zien hoe onredelyk die Parlment is, — zy zal zien dat de Oostelyke Provincie de kostbaarste van de twee is, en dat een of ander ding *moet* geschiede *Afscheiding of Verplaatsing van de Gofferment* na een middelplek; zy zal ook zien dat de grensmense wens om Afscheiding of Verplaatsing, want anders waarom is de Westelyke Parlements heere *bang* om eene nieuwe kiezing te laat maak? Omdat hulle heel goet weet dat geen zal gekies worde of hy moet afscheidings gezint wees. Geen Ziervogel, of Frekie Verneuk, of Hopley, of Theunisse, of Watermeyer, of Mundy zal een kans hebbe nie, — dit weet hulle, en daarom is hulle bang, en dat zal de Koningin zien, en ons zal zeker *een* of ander verkry, — *ik hoop Verplaatsing, oom! dat zal beter wees als Afscheiding!*

Oom moet nou maar aan alleonze Dopper vriende seg hulle moet nie moed op geef nie. De Zaak is zoo goet als gewin, maskie seg hulle hier ons het dit verspeul. Ik hoop nog om met Tante Elsie, en myn Saartje, en nigge Annie Gousblom een Riel te dans op de Gofferneurs baal op Uitenhage. Zoo als de Parlement opbreek, dan zal de poppe eers reg aan danse gaan, want *nou* weet ons wat om te doen. Oom! ik het my voorgeneem om *twintig* van myn beste hamels aan de *Afscheiding* of *Verplaatsing* verbond te geef, en ik hoop elke ware landsvrint zal net zoo

doen. Dan kan de hamels verkoop worde, en met die gelt kan ons ouwe Heer Harries en nog andere Afgezante na Engelant stuur; en oom kan daarop staat maak, voor deze tyd aanstaande jaar het de onregtvaardige Paskewel Parlement zyn laatste snik gegeef. En hulle weet dit ook, oom! maar hulle stel hulle maar aan, nets of hulle nie bang is nie. Ik hoop, oom, om gouw thuis te wees, en weer frisse lug te kryg, want die Kaapstads stinke zal ik lange tyd nie uit myn twee neusgate kry nie. Tot wederzins, lieve oom! beste komplements aan Tante Elsie en alle vrinre.

Jou Neef,

KLAAS WAARZEGGER.

*Brief nr 9.*

Uit: *Het Cradocksche Nieuwsblad*, 20 Julie 1861.

*KLAAS WAARZEGGER AAN OOM JAN TWYFELAAR.*

Ottel van Stroop,
Stinkstraat,
Kaapstad, den 9 July, 1861.

Myn Lieve Oom!

Daar is nou nie veel meer om van te vertel nie, wat in de Paskewel Volksvergadering gebeur nie, — en ik zal dus oom een beetje verhaal wat in die "ander plek", zoo als hulle dit hier noem, gebeur is. Oom weet daar is *twee* Vergaderings, maskie is dit maar *één* Parlement. Zoo als daar een wet in de een "huis", zoo als hulle dit noem, goed gekeur is, dan wordt dit naar de ander "huis" gestuur, en dan kan dit in de een of ander "huis" verander of heeltemaal verwerp worde. Dit kon nie tot een wet gemaak worde nie, of dit moet by alby "huize" deurgaan. En als de lede van een huis wil spreek van iets wat in de ander voorgeval of geseg is dan seg hulle nie — "Neef Grootsmoel of Oom Kakkerlak, het zoo en zoo in de Volksvergadering of Wetgevende Raad, gister geseg." O! nee, oom, Jan! hulle stel haarle aan, nets of hulle nie weet nie dat daar TWEE

Parlements plekke is, en nets of hulle nie weet nie dat de een zonder de ander niks kan doen nie, (maar de lede van de een Parlements huis ziet een mens maar jummers in de Parlements huis luister, nets toe de Afscheiding kwessie in de Volksvergadering voorgekom is) en dan wanneer hulle van iets wil praat wat geseg is door een Parlements lit, dan seg hulle dits in een "ander plek" zoo en zoo gezeg. Wel, oom! in die Wetgevende Raad is die kleine dikke Jutsie, wat de groote ramsbok mus, met de groote krulle, draag, Voorzitter of President. Zyn naam is Seur Willem Otjes, en ik kan oom seg dat hy een flukse mannetjes kerel is. Hy laat hem nie lomp nie, oom, — en hy het de lede van de Wetgevende Raad meer als eens geseg, dat de grensmense haarle klagte regtvaardig is. Maar, oom, hy is nog een beetje *baar*, zoo als ons dit noem, en zoo als hy meer *oorlams* wordt, zal hy beter weet wat goet en wat sleg voor de kolonie is. Oom zal wel in de krante gezien hebbe, dat toe Tucker *zyn* wet voor Afscheiding in de Wetgevende Raad voorgebreng het, het hulle voorgestel om een Kommissie te benoem, om mense zyn verklarens af te neem of Afscheiding noodig is of nie, — en die kleine Seur Willem Otjes het voor die Kommissie gestem, en toe een plan van zyn eige voorgestel voor Afscheiding. Maar oorlamse Doppers, zoo als ik en oom, kan zo een plan nie goedkeur nie, — dit lyk voor my een soort van Verbastering tusschen Afscheiding en Vederacie, en die baster half-meissie-half-jongetjie dinge deug nooit nie. Nee, oom! ons moet een *zuivere* ding hebbe — heetemaal Afscheiding, of heetemal Vederacie, of heeltemal Verplaatsing van de Gofferment na de grens, — en daar de Westelyke lede zoodanig teugen Afscheiding is, oom, denk ik dit zal beter wees dat ons maar met eens memories van de grens na de Koningin stuur om de Gofferment te verzit na de Grens. Wel, oom! daar was nie veel in die Volksvergadering te doen nie, en toe is ik na de "ander plek" gegaan om te luister. Ik het gehoor dat de President, Seur Willem Otjes, in een bak zit, nets de Cradocks magistraat, maar toe ik daar kom, kon ik netmaar die blaauwschimmel mus zien (want oom weet ik

is een beetje stikziende) en naderhand eers, toe ik reg kyk, zag ik de mooye kleine Jutsie onder de krulle uitkom. Knap was ik in die mooye groote zaal, of toe kom de Gofferneur zyn achterryer, (wat amper in de "ander plek" in die vette jufvrouw haar schoot geval het) na binne, — hy het een booscap van de Gofferneur gebreng, omtrent de gront over de Kei. Na hy weg was, staat onze Cradocks Tucker op, en hy stel voor dat de raad maar moes opschort tot Zaturdag, (dit was Donderdag, 4 July,) en dat de Afscheidings zaak dan moes eerste voorkom. Toe was daar een stemming, — 5 het voor Tucker zyn voorstel gestem, en 6 tegen. Toe het hulle weer een heele trop memories over allerhande dinge ingelever, en eindelyk kom de wet voor van de Kaapstads Municipaliteit. Die wet, oom, is om al de water wat aan de Kaapstad is alle maande eenmaal bymakaar te keer, en de Kaapstad *te was*, ja, oom, *te was*, nets de Kaffers meide onze broeke by de riviere was. Die wet, oom, zou een goeye ding wees voor de Kaap, want dan zou een mens toch enkelde keere zonder stank wees, — maar daar is sommige mense aan de Kaad wat zoo lank aan die stinke gewoont is, dat hulle nie meer zonder die reukies kan klaar kom nie, en hulle is teugen die wet. Nou seg Tucker — en ik denk hy het gelyk, oom "die wet kan nie deurgaan nie, want julle is nie daarover eensgezint aan de Kaap nie, — de Afscheidings wet kon nie deurgaan nie omdat julle seg ons is nie eensgezint nie." Oom moes de Raadslede zyn gezigte gezien hebbe! Zoo als hulle een versie van de wet voorstel, dan het Tucker iets daarteugen. en dan is daar een heele boel praatjes, en zoo het dit voor een heele rukkie aangehou, tot dat Tucker reg kwaat was; en toe, oom, het hy die raad uitgebrant dat dit de moeite werd was en hy het hulle vertel dat hy hulle wet nie *zal* laat deur gaan. Oom, dit was een mooye grap! hulle het geraas en gesoebat, en uitgeschel. Maar Tucker was vas op zyn stukke — "Traak my nie!" seg hy "ons kan nie Afscheiding kryg nie, omdat ons nie *eenparig* is. — en julle ook zoo, julle is ook nie eenparig nie, — de Slamse mense het na my een memorie tegen

julle wet gestuur." Oom! die heele raad, wat anders zoo stil is, was een-twee-drie nets katte en honde, en Tucker het hem uit de speul zoo los gebyt nets oom tyn groote vale bulhont. Tucker seg "de mense wil hulle *zelfs* was, hulle wil die water nie aan de Municipaliteit geef nie, — hulle seg hulle is moeg van de Municipaliteit, — hulle is te vuil en morsig, en hoe zou hulle ons dan eenmaal allemaande wil was. *Ik zal julle wet nie laat deurgaan nie*! Toe het ouwe heer Jarvis, en Breda gepraat, en Tucker uitgeskel, — maar dat was voor niet; oom! Tucker had een groote boek by hem, en hy seg julle is almaal te dom, en nou zal ik julle een predikatie voorlees uit die boek, zyn naam is Enkaaiklopedya (dit was nie zoo nie, oom, dit was myn "Donderslag der Godloose," wat ik zelfs aan Tucker by de Ottel geleen het.) Toe begint hy te lees. Hou jou smoel seg de President op Engels. Order! order! schreef al de lede! "Wel," seg Tucker "julle is mooi onbeschof om een mens zoo te hinder." Toe lees hy weer, hulle kon hem nie stil kryg nie. Daarop seg Reitz, hy kon nie hoor nie; — "dat spyt my", seg Tucker, "ik is verkouwe, en jy is doof; kom een weinig nader." Seur Willem Otjes zei hy kon ook nie hoor nie. "Dat spyt my nog meer," seg Tucker, "en dit is zoo een fraaye predikassie wat de mense leer om aan andere te doen, nets hulle wens dat andere aan hulle moet doen. Ik zal weer van de begin af begin." Oom! ik het nog nooit zoo een grap gezien nie. Tucker was de heele raat glat baas, — en hulle kon met hem niks uitvoer nie. Hulle wou hem belet om te lees, maar hy gaat maar voort, en hy het de heele *Donderslag* van begin tot einde gelees, (net maar het hy dit een lange Engelse naam gegeef) en zoo lang als hy gelees het, loop de lede ront van de een tot na de ander om planne te maak om hem te stop. Oom, dit het regte lang zoo aangehou, net maar dat een ander Grahamstad lit, wat Kenley heet, elkendeur voorstel dat de raat maar moet opschort, en die kleine vale Cawood help hem fluks. Toe hulle Tucker nie kon belet om de *Donderslag* te lees nie, praat hulle zoo hart, dat Tucker met eens seg, "Oom Otjes! die kerel naas my

praat regte hart; hy steur my. Hy is zeker bang voor die Slamse memorie wat ik gekryg het; en hy is zeker jaloers dat hulle dit aan my gestuur het, plaats van na hem. Ik zal de memorie lees! En toe, oom, lees Tucker die Slamse memorie teugen hulle Municipaliteits wet. Na dit klaar was lees hy weer uit die *Donderslag* en toe hy daarmee klaar het, vat hy weer een ander boek op, wat voor my na *à Brakel* gelyk het, maar wat hy ook by een Engelse naam genoem het. Toe vraag hy of de klerk nie à Brakel kon lees nie, want hy was moeg, maar hulle wou dit nie toelaat nie. Toe seg Seur Willem Otjes hy zou hulle een storie vertel. Daar was eens, seg hy, een jongetje wat een groote pert wil ry, maar hy kon hem nie regeer nie, en toe is de pert met hem ophol gegaan. Nou, seg hy, zal ons Tucker maar laat begaan, en dat zou met hem ook zoo gaan, — zyn tong zou met hem ophol gaan. "Ja, oom Otjes!" seg Tucker, "jou storie is regte mooi: voornamelyk om in een Parlement te vertel. Ik zal julle ook nou een storie vertel, wat ik van Klaas Waarzegger gehoor het. Daar was eens op een tyd een dief, wat de nagmaals servies uit een kerk gesteel het, maar de deure was toe, en hy kon met zyn buit nie uitkom nie. Toe zag hy een lange touw wat van de kloktoren afhang, en hy doch hy zou met de touw na bove klim, en dan van buite afzak. Toe het hy geklim tot dat hy amper bove was, maar toe zag hy dat daar een klok aan de ent van de touw vas was; die klok begon ook met eens te lui, en die gelui het de bure wakker gemaak, en zoo is de dief gevang. Toe kyk de dief reguit na de klok, nets ik nou na oom Otjes kyk, en hy seg aan de klok, was dit nie voor jou lange tong en leege kop nie, dan was ik nie nou in zoo een sukkelatie nie." Toe seg Tucker zyn storie was op niemand in die groote raat toepasselyk nie, — maar hy dog hy kon ook stories vertel nets oom Otjes! Oom! zoo is de heele middag omgegaan. Toe dit zes uur was is de verdere werkzaamheden omtrent de Municipaliteits wet afgeschort, en zoo is daar de heele dag *niks* in de Wetgevende Raat uitgevoer nie — en Tucker het hulle ronduit getoon dat als hulle nie die

Afscheidings wet van hem goedkeur nie, zal hy nie hulle Municipaliteits wet laat deurgaan nie.

Hulle is regte kwaat, oom; dat Tucker hulle zoo dwarsboom, en hulle stel hulle aan nets of dit nie *reg* is nie, oom. Dats een mooye grap oom. Hulle het ons dertig jare lank van onse gelt besteel, en op hulle paaye, en Nekbreker, en opstop huize gespandeer, tot dat de lant bankrot is. En nou dat ons van zoo een spul deurbrengers wil afgeschei wees, en zelfs onse *eige* gelt op onse eige paaye spandeer, verwerp hulle glat onse memories met *zes duizend* name, en seg ons is nie *eenparig* nie; — en toe onse lede hulle vraag om de Parlement te laat opbreek, zoo dat de algemeen kon *aantoon* dat de heele grens om Afscheiding wens, verwerp hull dit ook, — en toe onse lede hulle weer vraag om de Gofferment nader by de dikflys te breng, dat ons nie zoo ver na de voetbeentje moet kom nie, dat verwerp hulle ook!!! En dan als een mannetjes kerel zoo als Tucker seg, — wel ons kan die spulletje ook speul, dan schreef hulle met eens uit, nets of hulle vermoort wordt. Oom! Tucker het gelyk! dats maar jammer dat al onse Parlements lede nie aan dezelfde lyntje trek nie. Dits "*leer om leer, kul jy my ik kul jou weer*, en dits de eenigste taal wat de Paskewel Parlement verstaat. Hulle zal ons nooit van hulle laat afschei nie zoo lank als hulle ons kan vas hou, en onse gelt by hulle vermors. Ons is dus *verplig* om hulle te veg met hulle *eige* wapens. Hulle het hulle woort verbreek en alle regtvaardigheid verwerp; — al onse kragte wat ons ingebreng het, het hulle belag, net maar om dat daar drie of vier grens knoeyers met hulle zamegespan het, en dat hulle dus meer stemme het als ons. Nou is ons *verplig* om net zoo te handel. Ons lede moet al hulle wette tegenwerk; hulle moet nie een dubbeltje kryg nie om paaye of brugge, of ander dinge te maak; onse lede moet net maar stem voor alle noodige gelt voor de Gofferment, en verder niks. Dan zal ons gou zien wie zal moeg worde. Dats regte jammer, oom, dat zoo iets noodzakelyk is, want de heele lant zal daar-

onder moet lei; maar dits hulle schult. De Kaffers zou nets zoo wel in tyd van oorlog aan de boere kon seg, julle moet ons nie raak schiet nie, maskie kwes ons julle! Nee, oom! die Kaapse kerels het ons al dertig jare lank gekwes, en nou dat ons hulle onse wonde *wys*, en aan hulle seg, ons vergeef julle alles, laat ons loop, lag hulle ons nog uit; en als ons kwaat wort, en onse roere laai, en hulle ook kwes, dan skreef hulle — "julle maak ons zeer! moetnie zoo onvoorzigtig schiet nie!" Nee, oom! als hulle nie anderste *wil* nie als bakkley, laat weerskante dan zyn best doen; *zoo* kan ons nie langer aangaan nie. Laat hulle Kaapse krante maar raas en uitskel, — wat behoef ons daar om te geef. Ons wil van de Kaapstad ontslage wees! Ons kan nie TREK nie zoo als onse broeders na 34 zyn oorlog gedaan het — maar ons kan voor onse reg stry, — en ons zal skop, en krap, en byt tot dat ons onse zin kryg. Ander week zal ik oom vertel hoe dit met Tucker zyn Afscheidings wet gegaan is. Beste groetenis oom aan Tante Elsie en alle Dopper vriende.

Jou Neef,

KLAAS WAARZEGGER.

## AANTEKENINGE.

*Seur Willem Otjes*: Sir William Hodges.

*Oom tyn groote . . . . bulhont*, lees: *Oom zyn . . . . . .*

*Enkaaiklopedya*: Ensiklopedie.

*Donderslag der Goddeloozen*, word dikwels onder Voortrekkerlektuur genoem.

## B. *Van Jan Twijfelaar aan Klaas Waarzegger*

*Brief nr* 1.

Uit: *Het Volksblad* 2 Julie 1861.

*JAN TWIJFELAAR AAN KLAAS WAARZEGGER*

Myn lieve Neef! — Na jou alle heil en zegen toegewens te hebben, moet ik jou segge dat ik en Elsie nog wel is (uitgenome die steek) en hopende dezelfde van jou te hoore. Lieve Neef! jou drie briefe heef ik ontvangen, en na ik en Elsie, en de kinders en meester, en vele bure dit gelees het, het ik dit met Wildebeest aan al de boere gestuur, en ook in de Cradocks krant laat zit. Jy kan myn gloo' myn lieve neef! dat ons Doppers bly is, dat jy na de Kaapstad gegaan is, wat nou weet ons tog wat ver een plek dit is, en nou kan ons ook zien wat daar in die Parlement uitgevoer is. Neef, staat jou dit nog voor, hoe dat ik van de begin af aan jou geseg het, de Parlement staat my nie aan nie. Ik het nooit nie daaraan gegloo' nie, want ik weet nie hoe dat kom nie, maar as myn hart nie gerus over een ding voel nie, dan val dit maar sleg uit. Neef! waarom praat jy nie in die Parlement nie? Jy *kan mos* praat. Maskie is jy nie gekies nie, jy is daarom van ons Doppers gestuur, — en seg aan hulle als hulle ons nie verhoor nie met de Afscheiding, dan zal ons jou na Engelant stuur. Seg aan hulle, myn neef! dat hulle nie moet *denk* nie, dat ons zal tevrede blyf als hulle onse verzoek voor Afscheiding weiger, ons zal stoei en roey net zoo lank als ons maar kan, en als ons nie gelt het nie zal elke Dopper twintig hamels geef om die zaak te laat deur dryf. Zies! wat denk die kleine Solomon van hemzelf? Seg aan hem ons het gedenk dat hij een man van zijn woort is, maar nou ziet ons dat hy niks anders als een *Lunsriem* is nie. Hy het beloof als de grensmense voor Afscheiding *vraag*, zal hulle dit kry, — en nou dat ons gevraag het, het hy allerhande grille en prulle om ons dit te weiger.

Neef! seg aan die man wat de wonderlyke blaauwschimmel mus draag (ik meen van die bokooy vel) dat dit

alle leugens is van die Memories wat hulle tegen Afscheiding gestuur het. Na ik jou brief gekry het was ik zelfs aan Groot Vlei; ik het Jan Vlyskop zelf gezien, zyn naam staat ook op die memorie, en hy het my alles vertel. Neef! seg aan die Bokooy Mus, hulle het met die ding *rondgery*, — by elken boer zyn huis, — en aan hulle allerande dingejes vertel, dat de Engelse Gofferment nie meer soldade hier in onse lant zal laat nie, maar hulle alle zal wegneem, — dat zoo als de soldade eers *weg* is, dan zal de Kaffers weer oorlog maak, en dan zal al de Boere moet optrek van hulle plaase, en op de grense moet gaan leg, op hulle eige koste, voor zes maande, dan kan hulle voor een week na huis gaan om schoone kleere aan te trek, en hulle vrouwes te gaan zoen, en dan moet hulle weer kom, en die wat weiger zal zyn plaas afgeneem worde, en aan de Settlaars gegeef worde; en aan de jonge mans en meisies het hulle geseg dat die Settlaars van meening is om een Wet te maak dat hulle nie meer van hulle vayers en moeyers kan erf nie, en dat alles zal Rooms wees, — dat de mans en vrouwes alle weeke aan hulle Priesters zal moet vertel wat hulle gedoen het, — dat van elke twaalf jonkmans en elke twaalf meisies wat in een Veldkornetskap woon, net maar zes alle jare kan trouw, — de ander zal moet gus loop, — anders teel de Boere mense te veel aan, en dan is daar nie plek in de lant voor die mense wat nog alle jare van Engelant kom. Toe het hulle aan die Jan Vlyskoppe geseg, als julle nou die memorie *tyken* dan zal dit nie zoo kom nie, en dan zal die Kaapenaars *maar net* julle gelt spandeer — en dit is tog beter als om Soldade te worde, — en Rooms te wees, — en nie van jou vayer en moeyer te kan erf nie, — en gus te loop — *daarop, Neef! het die onnoozele mense die memories getyken* wat nou voor die Parlement gebreng worde *teugen* de Afscheiding!

Neef! de Burghersdorpse en Colesbergse, en Winterveltse, (Hopetown) memories is net zoo alles is met bedrog en skelmery verkry. Jy het nie noodig nie, Neef Klaas, om bang te wees om dit te seg nie. Seg hulle moet *mij*

voor hulle Parlement laat dagvaar, dan zal ik hulle de *waarheid* vertel. En hulle moet nie denk nie dat de Doppers zal *stil blyf* nie zonder Afscheiding nie! Toen jy eers onze Gezelspraatjes in die Kradocks krant laat druk het, toe was de mense nog dom over die ding; en veule, nets ook ik, was *twyfelagtig*. Maar toen jy eers die ding aan ons uitgeleg het, en zelfs aan de Baai was, en nou weer alles zoo mooy en zoo omstandig aan ons uit de Kaap geskryf het, *nou* is de mense slim en kloek geworde, — *nou* gloo' de mense nie *zoomaar* alles nie, — en nou het hulle zelf gezien dat wat jy van de paaye gelt uit de Gofferments krante getrek het, de waarheid is. Neef Klaas! hulle soldade praatjes is *nou* voorby, en als de Afscheiding nie *nou* aangeneem worde nie in die Parlement, dan is dit anderjaar duizentmaal erger, — want dan zal de laatste man zyn naam tyken, — en van elke Veldkornetskap zal ons twee Afgezante naar de Kaapstad stuur om met de Gofferneur te spreek, en hem te seg hy moet die Parlement tot niet maak, — ons wil daaraan nie luister nie — en als hij dat nie doet nie dan zal ons byeenkomste hou in alle Veldkornetskappe en ons zal een *ander* ding aan de gang maak, wat de Kapenaars gou hulle lietje zal laat verander. Nou lieve Neef! ons wag op skryvens hoe het op de zevende Juny gegaan is met ouwe Harries zyn wet. Seg aan Harries, en Tucker, en Scanle, de mense hier is regte hoogmoedig over hulle, en als Tucker, en Skanle weer thuis is, zal ons Harries ook hier na Cradock nooi, en ons zal al drie een eetmaal geef dat van klink zal wees.

Lieve neef Klaas! moet jou tog nie verder van die Vrymesselaars zal brant nie. Dit staat tog nie mooi nie om *letters* op op een mens zyn lyf te hebbe, voornamelyk op jou — nets een os. Hulle seg ook hier dat Vrymesselaars toovergoot, (ik gloo' Elsie noem dit *Paljas*) by hulle draag, en Annie Gousblom en Elsie is nou voor jou bang al. Moet tog nie weer met die *Rookskip* na onder kom nie. Ouwe Cawood het my vertel hoe die skip wat zyn broers na de Kaap in gegaan is, amper omgeval is. Koop voor jou een osse wage, of perdewage, en kom daarmee met

osse of ezels af, slaat dit dan om, dan het jy tog *gront* onder jou voete; — maar hoe zou jy maak als de Rookskip omval, neef Klaas! Luister na jou oom, die blaauwe pat is te deurslagtig! Ik stuur jou hierin een brief van Saartje, zy verwens die Parlement, en voornamelijk die kwaaddoener Salmon al te danig, — en zy seg dat zy is bang dat de mense jou zoo ophol gemaakt het, dat jy na Engeland zal gaan om Nigge Victoria te gaan spreek, en goedkoop kom jy nooit weer nie.

Groetenis van *alle* Doppers en hulle Vrouwe, — ook van alle jou ouwe vriende, voornamelyk van Jan Vlyskop, Stephanus Buys, en ander misleidde, jou ouwe Oom en Tante, en nigge Annie Gousblom niet te vergete.

JAN TWYFELAAR.

*Sedert geruimen tijd staat deze brief reeds over. Eerst heden kunnen wij hem in onze kolommen opnemen.

AANTEKENINGE.

*Rookskip*: Stoomskip, toe nog 'n soort nuwigheid.
*Blaauwe pat*: Seeweg.

*Valse Jan Twyfelaar*

Uit: *Het Volksblad*, 16 July 1861.

Haans Kraal, Dopperland, Julij.

Aan mijn Neef Klaas Waarzegger.

Lieve Neef, — Ik het jou laatste brief gekrij, en het het naar die drukker gestuur om in de krant te laat zit. Ik wil nou heh dat jij die brief van mij ook in de krant laat zit, want ik wil jou een grap vertel, en nie ver jou alleen nie maar ver al die Westerlingen. Nou dit was verlede Vrijdag aand dat ik jou brief krij, waarin jij zoo van die blaau glaze praat bij die Governeur zijn tafel. Die Zaturdag morre kom bij mij plaas een rooije Engelsman, reg ik word zommaar boos want ik doch dat hij teen

afscheiding is, en ik zeh toe ver hem wat zijn plan is, of hij teen afscheiding, toen zeh hij ver mij hij het niks met afscheiding te doen nie want hij is een Engelsman, en behoor aan Victoria, toe was ik bly en ik zeh toe hij moet maar afkom en uitspan, nou hij kom dan ook af en ik breng hom binne. Toe dit aand was het ons na die schaap kraal gegaan en toe wijs ik verhem al mij schapen en bokke, die gus ooi en die lammerooije, maar hij zeh hij het nog nooit zoo wat gezien nie, hij zeh in die Westelke Provincie is nog nooit zoo veel schape nie. Ik zeh toe ver hom maar ou neef, jij moet reken ons leg op schaapvlijsch alleen maar toe, moei jy toch gezien hoe hij zijn neur opgetrek het. Ik doch toe maar wag, dan moet Elsie van aand kleutjes sop maak, want anders gaat die rouw riem doot. Elsie het toe ook gemaak maar jij kan gloo ons het die aand ge-eet. Die kerel het gou klaar gehad. Ik weet nie hoe hij dit reg krij nie, want hij zeg die kos is regte lekker, maar ik en Elsie het vluks opgedruk. Ik gloo die kerel doch ons kom nooit nie klaar nie, vooral Elsie, want toen ik en hij al lang zit te praat en te rook, zit zij nog aan een been in haar hand te pluk. Nou toe ons eens tijd gepraat had toe ziet ik dat die kerel verduikers slom was, toe doch ik wag ik zal ver hom toch vraa, omtrent die Afscheiding en het ook ver hom gevraa, en toe vertel hij een heele hoope vrimde dinge. Ik zal ver jou net zeh hoe begint. Mijn lieve meester Twijfelaar, het is een groote zaak de Afscheiding — en zoo het hij aangehou met praat — maar voor ik nou verder gaan moet ik ver jou zeh dat, zoo als Elsie hoor dat ons van Afscheiding praat, smijt zij haar been weg en lek haar vingers af, en kom zommer zoo bij die vrimde man zit en toe begin ons te praat. Ik kan nie als ver jou vertel nie want ons het zoo een hoop gepraat en zoo langk dat toe ons klaar had zit mijn Hannie en Klaasie vas aan die slaap en Elsie zijn oogen was zommaar bloed rooi en zij gaap laat dit nie moolijk was nie, maar ik zal daarna ver jou de voornaamste dingen vertel.

Hij zeg Die Zeebreker, of zoo als jij dit noem die

Nekbreker is een regte goeije ding, toen ik hoor wordt ik zoo maar zoo koud en Elsie word zoomaar woedend, zoo kwaad als zij was, maar toen leg hij dit uit. Hij zeg zeg jij is verkeerd, jij verstaat gloo nie Engelsch genoeg nie, want hulle wil nie een brug na Engeland maak nie, zoo als jij denk nie. Hulle wil probeer om die kwaaigeid van die zee af te keer zoo dat die schepen nie zoo banja kan omslaan nie, en die mense verdrink nie, zou ik denk as dit waar is dat dit reg goed is, want zeh nou meester Postma, onse Leeraar, die wil nou na zijn familie gaan kuijer dan kan die schip mos nie omsla nie, en dan ook als meester Postma ander leeraars laat kom van anderland af dan is dit tog goed. Zo Elsie eers hoor hoe goed het ver ou meester Postma is, toe was zij toch zoo blij, toe zeh zij het dit zeker mis want jij kan nie Engelsch verstaan nie. Die Zondag morre het ons eerst godsdienst gehou, Elsie het een pesalm voorgelees en toe een ander pesalm laat zing en mijn Haans het gebid, jij weet mos hoe slim die klein vent is, hij ken hal al die gebetten uit ons lesboek. Zoo dit klaar was het ik ver Haans op die peerd gezet en na Annie Gouwsblom zyn man gestuur en ook na andere Doppers in die buurte om ver hulle te vraa om na mijn te kom om te praat daar er hier een vrimde mensch is en hij zal ver ons van afscheiding vertel. Nou hulle kom dan ook almal. Annie was bij haar man, want zij zeh zij was bang hij zal hom laat ompraat van die Engelsman.

Zoo het Elsie die voorhuis gaauw uitgesmeer en die tafel in die middel van die vloer laat zit, en daarom stoele. Daar was zoo veel mense dat Elsie verplig was Haans zijn katel uit die buite kamer te laat haal, en toe het partij daarop gezit, en toe begin die Engelsman en vertel ver ons oor afscheiding, hij verhaal ons hoe hij op ander plekke gezien hoevel kwaad Afscheiding gedaan het zoo dat partij plek zoo arm geworde is dat hulle nie hulle schulde kon betaal nie, toe zeg hij kijk nou zoo als in julle bijbel staat van Lot en Abraham. Lot wou nie bij

Abraham blij nie. Nee, hij is al groot genoeg om ver hom zelf te zorge en toe kom die volk die net zoo als die Kaffers nou hierbij ons lijk en neem ver hom en al zijn goed weg en wou hom een slaaf maak, maar toe het Abraham ver hem gehelp en het die mensche gewen.

Toe, zeg hij, kijk nou julle Oostersche mense aart nou banja na Lot, want Lot het rijk geworde omdat hij bij Abraham gewoon het. Nou kom daar roesie onder die oppasters van hulle schapen. Nou zeg hij julle schawagters die ver julle goederen zorge is die Parlementsleden, zoo als Stanten en Tocker en die klein Paintertje. Nou kom daar roesie tusschen julle Parlementsleden en de Westerse Parlementsleden die gelijk is aan Abram zijn schawagters. In plaats, nou zeg hij dat julle julle Parlementsleden afset omdat hulle twist maak, met die ander leden wil julle Afscheiding heh, en zoo als julle Afscheiding het dan kom die Kaffers draag julle weg en maak van julle veewachters, en julle vrouwen neem hulle ver hulle. Toe Annie dit hoor verkleur zij zoomar, en trek haar kappie reg as of zij nou met die Kaffers wil gaan baklij, en Elsie zeh zoomar hartop: Daar zal ik een stokke voor steek.

Nou zeg hij is daar nog iets wat aan julle wil vertel. Julle is nou banja net as die jongste Zoon in die bijbel. Julle is nog nie groot genoeg nie om julle zelf te onderhou nie, en nou vra julle net as kinders na julle portie om weg te gaan, en zoo as julle bankrot is dan kom julle trug, en kijk wat een schande dan ver julle; hij zeg dan Stanten en Tucker en die Bowkertjes die Governeur zijn voete zoen en die voete van die Westersche leden, vooral van klein Salemo van wie jij zoo banje schrijf, want hij zeg klein Salemo is die kwaaiste van almal, en hij zeh dan moet ik en Elsie en Annie Gousblom en haar man, en al die Doppers ver een jaar langk kom potte schoon maak en water dra ver alle die Kaapsche mense. Ik zeh jou, toe hij dit zeg, kook ons almal zijn bloed zoomaar. Annie Gousblom trap tog met haar velschoen op die grond en zeg dit wil ik toch zien, en Elsie was zomar vaal.

Ik moet nou in die middel van my storie ophou, maar die papier is op, en Haans gaat môre na die Dorp dan zal ik ver hom een oulap gee om papier te koop, en dan zal ik verder ver jou vertel wat hij zeg van Frekie Verneuk en ou Zuurvool. Ik hoor hal ver Elsie na mij roep die kos is klaar, en dit is nog hal een lekker jonge schaap die Haans van achter middag uit die veld gebring het, hij het gevrek aan die grassiek. Een paar van mij schapen is hal daaraan gevrek. Elsie zijn steek is ook beter, die lieve man het haar die raad gegee om haar zij daarmee warm te vrijf, en dit het haar die zelfde aan gehelp; nou kan jij gloo hoe goed ons ver die kerel is. — Groetnis aan jou vrouw. — Ik is jou Neef,

JAN TWIJFELAAR.

P.S.—Die Engelsman is nog bij ons. Nou het Elsie bijna al aan de Kluitjes Zop.

## AANTEKENINGE.

*Neur* vir *neus.*

*Die zelfde aan gehelp*: lees: *aand*, net soos in P.S. *al aan de*: *aande*.

*Brief nr* 2.

Uit: *Het Volksblad*, 8 Augustus 1861.

### *JAN TWYFELAAR AAN ZIJN NEEF KLAAS WAARZEGGER*

Mijn lieve Neef, — Ik het al jou fraaye brieve ontvange, en daaruit verneem dat dit nou gebeur is nets ons altoos gedenk het dat Salomon zyn woord nie gehou het nie, en dat de Westelijke lede onze memories verwerp het. Nou, Neef Klaas, die ding kon nooit beter geweest hebbe nie, want nou ziet ons mos dat ons hulle nie kan vertrouw nie en dat de vorstelling van Salomon wat verlede Parlement aangeneem is, net maar oogeverblindery was. De laaste Dopper, neef, ziet dit nou, want dits te duidelijk, en ons wag maar net tot jy, en Tucker, en ouwe Skanle terug

kom van die Stinkstraat Kolonie, en dan zal ons klaar wees om te doen wat de welvaart van lant en volk vereis.

Neef Klaas! ik het die stukkie in de Kaapse krant wat jy my gestuur het, die *Volksblad* van de 16de van deze maand, gelees, waarin hij skryf dat jou laaste brief aan mij van de 18 Juny, nie waardig is nie om in *zijn* krant te druk, — en dat jy baas blyf om nieuwe leugens uittevinde, en ouwe leugens te vertel wat hulle geantwoort het. Neef, toe ik die ding gelees het, toe val my een storie by wat in de oorlog van 1846 gebeur is by de lager van ouwe Jurie Lombaart, aan Visch Rivier, digt by Grahamstad. Jy weet dat een heele boel van ons Cradocksche Doppers daar op de wag geleg het. Wel, een avond het de Kaffers ons in de sloot bekruip, en ons vuur warm geskiet. Een Dopper wat de Kaffer verag het, het net zijn kop uitgesteek, toe skiet een Kaffer schram bij zijn kop voorbij. Ik was dig bij hem, en skreef met eens uit: "Neef Jan! kyk hoe *onvoorzigtig* skiet die vrotte Kaffer!"

Nou, neef, dit gaat met de *Volksblad* net zoo; — jou schoote is allemaal te *onvoorzigtig* voor die Kaapenaars. Hulle wil nie zuiwere waarheid hoor nie, zoo als jy dit vertel. Daarom seg hulle jy kan nie de "ingewikkelde redeneeringen" van de voor- en tegenstanders van Afscheiding verstaanbaar voorstel nie, en daarom is het nie de moeite waard nie om jou brief van de 18 Juny in zyn krant te zit nie. Maar wie het *hem* ooit gevraag om jou brieve in *zyn* krant te zit? Die brieve het onze ooge oopgemaak, zoo als hulle nog nie van te vore opegemaak is nie, en ons het *zyn* hulp of goedkeuring nie noodig nie. Maar als daar *leugens* in jou brieve staat, zoo als hy seg, ouwe leugens en nieuwe leugens, laat hulle dit opnoem op welke plek die leugen staat, en dan kan jy jou verantwoorde. Dits maklyk om te seg, maar om te *bewys* zal zwaarder wees als hy wil denk. Ik het jou brief nagezien, neef Klaas, en daar staat te veel *waarheid* in, daarom is het nie waard nie om in een Kaapstads krant te zit. Jy het aan ons daarin uitgeleg van die twee Nekbreker

wette, en ons verstaat die ding nou te goet, — hulle "ingewikkelde" praatjes het jy te zuiver losgedraai; en seg aan die *Volksblad* skryver hy moest liever zyn tyd bestee om aan Salomon en veel meer andere Westelyke lede, en de Oostelyke Aasvogels ook, te leer om de 9de Gebod te gehoorzaam, als hem met jou te moey

In die zelfde *Volksblad* van die 16de staat een brief met *myn* naam daaronder. Seg aan die Volksblad skryver, Neef Klaas, dat ik wel Doppers taal praat, skryf, — dits geen Hoog Hollands niet, maar dits ook geen Hottentotstaal nie, zoo als die nageaapte brief. Alle mense zal wel zien dat die brief nie in Cradocks distrikt geskryf is nie, maar wel aan de Kaapstad, en die praatjes wat daar in staat is heetemaal te laf, zelfs voor Doppers. Wie het ooit ontken dat die *Nekbreker* nie een goeye ding is nie *voor de Kaapstad*? Daar is maar net *één* kleine fout in, — dat het veel noodzakelyker was om *Brugge* over onze Oostelyke riviere te maak, waar alle jare *precies* mense verzuip en osse en wagens afgespoel wordt, als om onze kolonie bankrot te maak met een werk wat ten minste vyfmaal zoo veel zal kos, en misschien dan nog nie zal klaar kom. Die gelt, neef, moes op onze paaye en brugge uitgeleg gewees hebbe, zoo als hulle altoos beloof het, wanneer hulle paaye en brugge klaar was.

Zyn toepassing van Lot en Abraham kan *ons* ook nie mislei nie, — want die Kaapse Abrahams het ons nie in 185 oorlog gehelp nie, — de eenigste hulp wat ons ooit van hulle gehaat het is, dat hulle help onze gelt optemaak, en de kolonie te laat bankrot speul. Seg aan die *Volksblad* skryver, neef Klaas, dat hy te dom is om een Na-aaper te wees. Hat hy myn brieve en die van jou, terdege deurgelees, dan zou hy gezien hebbe, dat Dopperstaal nie Hottentots taal is nie, — 2dens, dat myn nigge Annie Gousblom geen man het nie, en dat onze vrouwe en dochters, en niggies, ook geen veldschoene draag nie. Die Jan Twyfelaar wat in de *Volksblad* skryf moet zeker een Hottentot wees, wat brutaal genoeg was om zyn meit Annie Gousblom te noem, 3dens — Onze schape vrek wel

van gylziekte, maar van "grassiek," het ons nog nooit gehoor nie; 4dens weet ons hier nie van "oulap" nie om papier of iets anders mee te koop. Ons gebruik zulvergeld. Seg aan die Kaapsche "oulap", Neef Klaas, dat ons op de grens nie zoo goouw "opraak" nie, onze harzens is te zuiver, maskie skryf jy alle weke uit die Stinkstraat, en onze zaak is te *regtvaardig*. Ons zal nooit "opraak" nie, en ook nie uitskei nie om te skrijf om onze landgenoote te verlig omtrent Westelijke *schraapzucht, valsheid, woordbrekery, en leugenagtigheid*, tot dat ons onze oogmerk bereik het, en Afgeschei is van die Woordschenders, of de Gofferment nader by de grens kryg. Dan zal ons "opraak" en uitschei, — maar zoolang als ons nie een van die twee dinge verkryg nie, — zal ons die ouwe spreekwoord *"aanhouwer win"* voor oogen hou, en ons zal aanhou om voor onze reg te stry. Seg aan die Kaapstads Hottentots Jan Twyfelaar, das onse vrouwe nie gewoont is nie om kos te maak van gevrekte schape; en als zyn Baas een dag naar die ondervelt kom, kan hy gerust naar de huis van de ware Jan Twyfelaar kom, en ons zal hem hamelsvlys geef om te eet, dat hy nooit weer zal wens om na zyn snoekpekelaar lant te gaan nie; — want was dit nie voor haarle snoek nie, zou meer als een Kapenaar van "hongerziek" vrek. Beste groetenis, neef Klaas, van jou tante, en alle ouwe vriende. Zoo als jy die brief kryg, moet jy de stinkplek verlaat, en weer na onder kom, want ons het jou noodzakelyk hier noodig om de Afscheidings kwessie verder te help uitwerk. Ons zal nooit rus nie tot dat ons dit verkryg.

Jou liefhebbende Oom (nie neef nie)

JAN TWIJFELAAR.

## C. *Elsie Twijfelaar*

*Nr 1.*

*Uit: Het Cradocksche Nieuwsblad,* 12 Jan. 1861.

*ORIGINEELE CORRESPONDENTIE.*

Afscheidings Fontein
10 Jan. 100080061.

Beste Neef Kit,

Ik stuur stilletjes een schepsel met name Slegtehout na jou toe, over een brief wat ik van drie Parlements heere zyn vrouwe ontvange het. Hulle woon aan Ezelsvley in de district van Blomkool. De arme vrouwe het gehoor dat daar op Cradock een nieuwe soort Pille en Zalf is, zoo als in jou Engelse krant gestaan het — *Afscheidings Pille en Zalf* en hulle zeg hulle mans is zoo neerslagtig om dat ons ondervelts mense ook nou ons vrydom van de Kaap zal kryge — nets de Appryntjes — dat hulle nie meer weet wat om te doen nie. Nou wil hulle die Pille en Zalf perbeer. Hulle schryf aan my dat hulle die pille zal fyn maak, en in hulle mans zyn *krok* gooi (die krok word geloof ik met brandewyn en poeijer-zuiker en water, en zuurlemoen, en nog een of twee ander dinge aangemaak) — zoo dat hulle dit nie kan proef nie, — en de Zalf zal hulle savonds op hulle mans koppe smeer als hulle slaap. Stuur my toch met Slegtehout drie dosies Pille en zalf.

Jou toegenegene Vriendin;
ELSIE TWYFELAAR.

P.S.—Jy moet toch nie aan myn ouwe iets zegge dat ik de pille het laat haal nie, en zeg ook aan Slegtehout dat hy nie moet zegge nie. Myn man stuur met hem een brief aan jou van Klaas Waarzegger, en ik neem nou de gelegenheid waar.

E.T.

P.S. No. 2. — Ik het vergeet om jou te zegge' als jy uitgaat om te vry, — dat daar hier een regte mooije Afscheidings Nooije is, — groote zwarte ooge, — fraaije zwarte haare, — kuiltjes in haar wange, — nie te vet en nie te mager, ryzig van gestalte, — mooije voete, wat julle Engelse zoo na kyk, &c. Zy het *myn* lys geteken om nie te trouw nie of de man wat *haar* wil hebbe, moet voor Afscheiding tyken. Kom haastig!

E.T.

P.S. No. 3.—Ik het al drie en veertig nooyens haarle naame op myn lys, en elf wedevrouwens, — je kan dit aan jou ongetroude vriende op Kradock zegge, zoo een kans kryg hulle nooit weer.

E.T.

P.S. No. 4.—De nooye wat jy na moet kom vry haar naam is Annie Gousblom, maar jy moet aan niemand zeg nie, anders vry hulle jou af.

E.T.

AANTEKENINGE.

10 Jan. 100080061, lees: 1861.
*Appryntjes*: Apprentices.

*Brief nr* 2.

Uit: *Het Cradocksche Nieuwsblad*, 12 Sept. 1861.

*AAN AL DE DOPPERS*

Cradock, den 12 Sept. 1861.

*Myn Lieve Ooms en Neefs!*— Seg overal waar julle kom dat myn Neef KLAAS WAARZEGGER *weggeraakt* is. Hy is met Tucker na de Kaapstad gegaan, maar voor hem vertrokke en geen mens weet nou nie waar hy is nie. Sommige mense seg hulle het hem in de Kaap opgesluit, en hem met alderhande lekker kos gevoer, en hy wordt van drie Kaapenaars opgepas, zoodat hy nie kan wegloop nie, en schryven durf hy nie, want hulle vang al zyn brieve

op. Ander mense seg weer hy is over Groot Rivier, en dat de mense hem gevraag het om President van de Vrystaat te worde. Verneem toch, myn lieve Ooms en Neefs! zoo dat ons Klaas by ons kan terug kryg, want hoe zal ons Doppers zonder hem klaar kom. Seg ook aan alle mense, myn lieve Ooms en Neefs, dat Klaas in zyn laatste brief aan my geskryf het dat ons Doppers nie moet verzuim nie om een memorie aan de Koningin te maak om Afscheiding. Hy seg ons zal dit *nooit* van de Kaapse Parlement verkryg nie, want hulle koeije is al lank opgedroog, en de Oostelyke Provincie is nou de eenigste koeij wat melk geef. Als hulle ons zou Afscheiding geef, is hulle bang dat al de *Snoeke* en *Kreefte* ook uit hulle zee zal vertrek en na de Baai gaan en hoe zal de Kaapenaars dan maak? Klaas schryf my in zyn laaste brief dat het jammerlyk is om de arme Kapenaars nou te zien! Waar jy maar kom, praat hulle van Klaas en Tucker alderhande baantjes aangepresenteer, als Klaas wil beloof om nie meer over Separatie te *schryf* nie, en TUCKER; hulle het aan Klaas en Tucker om nie meer te *praat* nie. Maar Klaas schryf my dat hy weer zal begin, zoo als hy maar terugkom. Julle kan daarom denk hoe angstig ons is om hem weer terug te zien. Als die slechte Kapenaars hem tog maar nie dood maak nie, daarvoor vrees ons!

Ik verblyf, als altoos,

Julle bedroefde Tante en Nigt,

ELSIE TWYFELAAR.

P. S. Daar kom nou een kerel van Groot Rivier by my met een Bloemfontein krant waar een lange brief instaat van klein Klaas Waarzegger aan zyn vader, — en die kerel seg aan my, hy het klein Klaas zelf gezien, en dat ouwe Klaas ook in de buurt was. Ik het de brief van klein Klaas zelfs gelees, en ik stuur julle net de begin daarvan; — nou kan julle zelfs zien hoe danig de mense aan ouwe Klaas geloof slaat. Hoe zou *ons* hem dan kan

mis. Kyk hier is een stukkie uit de brief wat klein Klaas aan zyn vader schryf:—

Verkeerde Vley, Vrystaat,
Augustus 24, 1861.

Geachte Vaayer. — Alle mense, vaayer, wie het ooit kan denk dat vaayer ooit zo een groote man zou worde, van zo veel belang in de wereld, vaayer zyn naam is in alle menschen zyn mond, groot en klein, wie is toch wezenlyk die Klaas Waarzegger, word aan alle kanten gevraagd. Mense die nooit van krant geweet het die teken nou in, die te zuinig is voor hulle gelt, ry 3 tot 5 uur te paard om de krant te hoor lees waarin staat van vaayer. De ou Emigranten of Maatschaapyers maak hulle oogen wyd oop en schut hulle kop als hulle de vernukkerij wat vaayer uitbreng, hoor lees, en zeg het is net zo waar als de Schrift. En vaayer, myn brief ook in de "Vriend" het baanje ophef gemaak, en veel menschen zeg hulle wil voor die krant teken, oom Dantje ook.

KLAAS WAARZEGGER, Klaas zoon.

P. S. No. 2. — Ik hoor nou van Tucker dat daar memories aan de Koningin by al de winkels leg aan onze lieve Koningin, wat om Afscheiding vraag. Myn lieve Ooms en neefs! julle moet de laaste man aie memories tyken. Dit is in Hollands geschryf; ik het dit zelfs gelees, — en julle moet nie schroom nie. *Tyken*! *tyken*!! *tyken*!!! De dorp is nou vol Boere, en geen een van julle moet de dorp verlaat zonder die Memories te tyken.

P. S. No. 3. — Seg aan julle Vrouwens, Dogters, en Zusters, dat ik en Annie Gousblom bezig is om een *Vrouwe*

Memorie na onze Tante Victoria te schryf, waarop al de vrouwe moet tyken. Onze Koningin is zelfs een *Vrouw*, en een bestige goeye, vrouw en als zy ziet dat ons vrouwe onze mans help, dan zal zy zeker onse smeeke verhoor. Myn *Vrouwe Memorie* zal ander week klaar wees. Maar julle mans memorie moet julle nou tyken. Ik zal aan de drukker vraag, om al de mans name wat getyken het te laat druk, en dan zal ik zien wie van julle te sleg gewees is om zyn naam te tyken.

ELSIE TWYFELAAR.

# Het Nieuwe Afscheidingslied

Uit: *Het Cradocksche Nieuwsblad,* 26 Jan. 1861.

*HET NIEUWE AFSCHEIDINGS LIED*

genaamd

*THEUNIS EZELSVLEY,*

of de Drie Snyders van Koolskop, voormaals genaamd Tooleystraat. Zangwyze: "Kaatje Kekkelbek;" — of "Calder Fair;" — of "The days when we went Gypsying, &c."

Theunis Ezelsvley en Jan Vlyskop zitten in zyn studeerkamer; Theunis heeft een groote Boek onder zyn arm, en een "Letterkunst" voor hem en zingt;

Myn naam is Theunis Ezelsvley,
Ik kom van Grootrivier,
Drie snyers zit daar op een ry,
En "Boertje" met een slier;
Ons les door na de Kaap te gaan,
Ons leer een kleine beetje,
Maar kom daar net zoo stom van daan
Als onze ouwe Peetje.

*Hy spreekt* — Reg, dats amper waar wat oom Jan Twyfelaar van party van de Afscheidings tegenwerkers van Koolskop zeg, hulle is nets die ouwe wyfie brulpadda, wat van domme hoogmoed gebars het.

Met myn tol de rol &c.

Om van de Kaapstad af te schei,
Ik dag met ons oom Louwtje,
Is niet zoo goed als zoo te bly,
By vette achterboutje;
Dus na de meeting zoo heel koel,
Ons is na toe gegaan,
Om al de Engels Settlaars *fool,*
Met leugens te verslaan.

*Hy spreekt* — Ja, neef Jan Vlyskop, jy kan my gloo', ons het die Settlaars en Uitlanders gekry; ons het hulle uitgeskel en alles wat sleg is gezeg, om net maar die Kaapstad Krantschryvers te laat denk dat al de mense van Koolskop teugen Afscheiding is. Zoo een krantschryver is toch maar een domme ding, een kleine kint kan hem verne . . . k.

Met my tol de rol &c.

Maldietz zyn broer was in de stoel,
En Roos en Watermeyer
Was daar met maats een heele boel,
Twee lummels en een knoeijer;
Ons het de Boere bang gemaak,
Waar hulle mees voor vrees,
*Settlaars* zal ons Soldade maak
Met een pont brood en vlees.

*Hy spreekt* — Reg, Jong! zoo een Cradocks Boer is een moer slimme ding. Eers was hy net zoo dom als die achtervelts schuyf-broek dragers; maar nou het die Settlaars en die ouwe Harries van de Baai hem slim gemaak. Hulle gloo' nou nie meer aan ons koolskoppe nie, wat zoo veel jare hulle zoo lekker met Agentschappe gepluk het, maskie het een mens ook een *groote* Boek by hem. Hulle zeg hulle wil ons nie langer van een Kaapstads Parlement laat verarm nie, en hulle wil schei; ons het hulle by die meeting boeglam uitgeskel maar hulle *wil nie* bang worde nie

Met myn tol de rol, &c.

Drie uren lank het ons gepraat,
Van Koolskops knoeierij;
Maar Mosenthal wou nie toelaat,
Dat ons de Kaapenaars vlei;
Toe Maldietz hem voor *Joot* uitskel,
Spring ouwe Skanle op,
En wou ons niks meer laat vertel
Van onse Louw Koolskop.

*Hy spreekt* — Zoo een Settlaar en een Uitlander! kon hulle nie stil blyf nie, dat ons *Boer* en *Engelsman* teugen makaar kon opmaak? Wat het hulle noodig gehat om na Koolskop te kom om *onze* plukvogels slim te maak? Want als ons afgeschei is van de Kaap verloor ons alle jare onze reisgelt waar ons zoo lekker van leef, — en de mense zal ons nooit kies nie voor lede van een grens Parlement. Nou dat ons amper die Wintervelts Doppers omgepraat het, en hulle wysgemaak het dat die Kaapse Parlement *zoo danig* voor de grense zorg, nou kom die Cradockers en verbrouw de heele spul

Met myn tol de rol, &c.

De Kaap, dit is een lekker plek,
Was daar nie zoo veel stink,
Maar als ons daarna toe vertrek
Kry ons goed eet en drink,
Waarom zal ons nou dan weg bly,
Van zoo een lieve Kaap,
Daarom wil ons nie laat afskei,
Waar ons kan raap en schraap.

*Hy spreekt* — Die Doppers denk nooit daaraan nie hoe lekker ons alle jare op hulle koste na de Kaap gaan, — en als ons de Afscheiding tegenwerk dan word ons met ope arme aan de Kaapstad ontvang; zoo vern . . . k ons alleby

Met myn tol de rol, &c.

Oom Klaas hy maak de Boere slim,
Met zyn lang Zamenspraak;
Ons zal Koolskop nou moet opklim,
Om uit zyn pat te raak;
Ons kan geen enkeld rede kry,
Wat zal ons nou dan maak,
De grens zal worden afgeschei
En ons zal bankrot raak.

*Hy spreekt* — Dats onreg, de grootste onreg van de werelt, dat Klaas Waarzegger al de Jan Twyfelaars, wat zoo lank geslaap het, nouw *met eens* wakker maak. Kon hy nie nog

een paar jare gewag het nie, tot dat daar nog drie en viermaal zoo veel schult door de Parlement gemaak was nie dat onze grens zodanig belast was dat ons nie durf van Afscheiding praat nie? Als ik myn baantje verlies, maak ik een aksie tegen hem voor vyf jaren zyn Parlements gelt, en dan zing ik

Met myn tol de rol &c.

Ons moet een nieuwe ding prakseer,
Om de zaak weer te knoei,
Die ouwe Greformeerde leer,
Zal worden uitgeroei;
En dat de Settlaars ons Erf wet
Die allemal het zoo lief
Uit ons lant glat zal verzet,
Al zeg ons "asseblief!"

*Hy spreekt*:— Laat Klaas Waarzegger maar aangaan, ons zal hem met veel meer leugens bezig hou. Reg, neef Jan Vlyskop, ik erg my om die Kaapstads Krantschryvers, allemaal prys hem, Engels en Hollands, dat hy zoo slim en zoo fraai schryf. Hulle moes hem uitskel die domme goet, anders het hy nou maar de laaste Dopper omgehaal om voor Afscheiding te stem. En daar is die ouwe hexs Elsie Twyfelaar, wat raak haar dit als onze vrouwens ons stilletjes Afscheidings Pille met onze krok laat inneem, en zalf op onze koppe smeer als ons slaap. Die vrotte zalf het my amper laat draai. *Ik* het van die byeenkoms gedroom, en dat daar een ouwe wyf op myn kussing zit, en zy schreef jummers in myn oore — "Stem voor Afscheiding!" — toe schrik ik wakker

Met myn tol de rol, &c.

(Beiden vertrekken uit de studeer-kamer en gaan de straat af.)

## AANTEKENINGE.

*Koolskop* vir *Colesberg; Theunis* vir *Theunissen*, L.V., en *Drie Snyders* vir *The Three Tailors of Tooley Street* wat vir die digter as voorbeeld gegeld het. *Jan Vlyskop* tree in die Vyfde *Zamenspraak* as 'n onbekeerde op.

*Een groote Boek*, kyk *Zamenspraak No.* 3.

„*Boertje*" vir *Een Boertje van Colesberg*, skrywer van die gewraakte paskewel (*Zam. no.* 3).

*Louwtje* vir *Louw*, 'n „hatter" en teenstander van Afskeiding. Kyk *Zam. no.* 3.

*DIE PATRIOTVERENIGING*
*VIR AFRIKAANSE TEKSUITGAWES*

---

KOMITEE:

Dr G. S. NIENABER
(Hoofredakteur-sekretaris).

Dr F. C. L. BOSMAN.

Dr A. J. COETZEE.

Prof. J. L. M. FRANKEN.

Prof. M. S. B. KRITZINGER.

Dr P. J. NIENABER.

Prof. C. M. VAN DEN HEEVER.

## *KONSTITUSIE VAN DIE VERENIGING.*

1. Die doel van die Vereniging is om belangrike Afrikaanse stukke van vóór 1900 in soverre as wat hulle moeilik toeganklik geword het, te laat uitgee ter verspreiding onder die lede en vir verkoop aan die publiek.

2. Intekengeld vir die eerste jaar is een pond, vooruitbetaalbaar.

3. Vir sy intekengeld ontvang elke lid nie meer as drie werke nie. Die boeke van lede is in linneband en genommer.

4. Die beheer van die sake van die Vereniging berus by bogenoemde komitee van sewe lede.

5. Die Vereniging se publikasies word deur die Voortrekkerpers, Beperk, Hoekstraat 18-24, Johannesburg, vir sy rekening uitgegee en versprei.

6. Alle korrespondensie omtrent lidmaatskap, intekengelde en sake rakende die administrasie moet gerig word aan die uitgewer.

7. Briefwisseling in verband met die uitgee van tekste moet met die Hoofredakteur-sekretaris gevoer word. (Adres: Natalse Universiteitskollege, Pietermaritzburg).

8. Die komitee sal wenke van sy lede i.v.m. die uitgee van tekste verwelkom.

## *AANKONDIGING.*

---

Die komitee het uit die nege tekste wat aan hom voorgelê was, die volgende drie vir die Vereniging se tweede jaargang reeds gekies:

Nr 3: Magrita Prinsloo en ander toneelstukke voor 1900, deur dr F. C. L. Bosman.

Nr 4: Gedigte van C. P. Hoogenhout, deur dr P. J. Nienaber.

Nr 5: Stukke in Afrikaans vóór 1860, deur dr G. S. Nienaber.

## *LEDE VAN DIE PATRIOTVERENIGING.*

1. Dr Abel Coetzee, Randse Universiteit, Milnerpark, Johannesburg.
2. Prof. dr D. F. du T. Malherbe, Voortrekker-Universiteit, Pretoria.
3. Mnr J. H. van Dijk, Monument-Hoërskool, Krugersdorp.
4. Mnr M. J. Gregory, Ottostraat 15, Krugersdorp.
5. Die Hoof, Monument-Hoërskool, Krugersdorp.
6. Die Bibliotekaris, Natalse Univ.-kollege, Pietermaritzburg.
7. Mnr T. R. Ziervogel, Posbus 73, Port Shepstone.
8. Mnr C. J. Nienaber, St. Patricksweg 18, Pietermaritzburg.
9. Germistonse (Carnegie) Publieke Biblioteek, Bus 246, Germiston.
10. Mnr J. C. de Beer-Wiid, Bulwerstraat 278, Pietermaritzburg.
11. Prof. J. S. van Heerden, Joubertstraat 178, Pretoria.
12. Prof. J. J. le Roux, Natalse Univ.-kollege, Pietermaritzburg.
13. Mnr J. P. Scannell, Uitkomst, Utrecht, Natal.
14. Mnr P. J. Conradie, Langstraat 13, Lichtenburg.
15. Mnr P. W. S. Schumann, Bus 115, Lichtenburg.
16. Dr H. G. Luttig, Bus 3512, Johannesburg.
17. Mev. A. J. Theron, Bus 3512, Johannesburg.
18. Mnr P. J. Kloppers, Sherborneweg 4, Parktown, Johannesburg.
19. Mnr A. C. van Wijk Stroh, Derdelaan 52, Linden, Johannesburg.
20. Prof. Geo. Cronje, Voortrekker-Universiteit, Pretoria.
21. Mnr P. R. Nel, Kirk Kilissi, Senekal, O.V.S.

22. Mnr Thos. Blok, Bus 280, Bloemfontein.
23. Prof. dr C. M. v. d. Heever, Randse Universiteit, Johannesburg.
24. Dr J. G. M. Richter, King-Edwardlaan 181, Pietermaritzburg.
25. Mnr H. C. van Niekerk, Oranjestraat 71, Kroonstad.
26. Die Bibliotekaris, Merensky-Biblioteek, Universiteit, Pretoria.
27, 28 en 29: Dieselfde.
30. Mej. P. A. Hendrikz, Rhodes-Universiteitskollege, Grahamstad.
31. Mnr Ernst van Heerden, Bus 10, Pearston, Kaapland.
32. Dr P. de V. Pienaar, Randse Universiteit, Johannesburg.
33. Insp. C. M. Booysen, Onderwysdepartement, Pietermaritzburg.
34. Prof. J. D. A. Krige, Randse Universiteit, Johannesburg.
35. Dr L. S. Steenkamp, Bus 6, Ladysmith, Natal.
36. Mnr O. Maarschalk, Whiteweg 14, Ladysmith, Natal.
37. Mnr D. J. Potgieter, „Die Skuur", Bayviewlaan, Tamboerskloof, Kaapstad.
38. Boekhandel - bestuurder, Unie-Volkspers, Beperk, Riebeekplein, Kaapstad.
39. Die Parlementsbiblioteek, Kaapstad.
40. Prof. dr. J. C. Coetzee, P.U.K. vir C. H.O., Potchefstroom.
41. Mej. Killie Campbell, Marriotweg 221, Durban.
42. Mnr Dirk Mostert, Hartenbos, Kaapland.
43. Mnr. J. H. Stander, Weststraat 42, Pietermaritzburg.
44. Mnr M. C. J. van Rensburg, Erfdeel, Bus 10, Hennenmann, O.V.S.
45. Mnr T. J. Heyns, Cambridgestraat 68, Bethlehem, O.V.S.
46. Die Volksblad-Boekhandel, p/a mnr H. Roux, Posbus 267, Bloemfontein.
47. Dr S. J. du Toit, Frankfort, O.V.S.

48. Bibliotekaris, Hoofbiblioteek, Witwatersrandse Universiteit, Milnerpark, Johannesburg.
49. ditto.
50. Bibliotekaris, Gubbins-Biblioteek, Witwatersrandse Universiteit, Johannesburg.
51. Mnr J. H. Swart, Posbus 41, Petrus Steyn, O.V.S.
52. Pastor A. Witthöft, Pk. Motchelie, oor Zeerust, Tvl.
53. Mnr J. Semmelink, Posbus 88, Warmbad, Tvl.
54. Mnr J. J. Boshoff, Bayonne, Mooirivier, Natal.
55. Dr T. J. Buning, Universiteit, Pretoria.
56. Die Bibliotekaris, Afrikaans-Hoër-Seunskool, Lynwoodweg, Pretoria.
57. Mnr P. J. van Niekerk, R. Bowie-skool, Tempe, Bloemfontein.
58. Mnr A. H. Jonker, „Die Suiderstem", Buitengrachtstraat, Kaapstad.
59. Mnr H. C. Kuun, Posbus 95, Umtali, Suid-Rhodesië.
60. Prof. M. C. Botha, Woodsideweg 17, Tamboerskloof, Kaapstad.
61. Mnr H. A. Heijl, Welgemeenstraat 7, Tunie, Kaapstad.
62. Dr F. C. L. Bosman, „Vorentoe", Grottoweg, Rondebosch, Kaapstad.
63. Dr W. de Vos Malan, Dept. van Onderwys, Kaapstad.
64. Mnr J. H. M. Viljoen, p/a Die Huisgenoot, Kaapstad.
65. Mnr A. J. J. Wessels, Posbus 7740, Johannesburg.
66. Mnr B. J. Venter, Posbus 4985, Johannesburg.
67. Mnr M. L. van Zijl, Wilhelminastraat 47a, Troyeville, Johannesburg.
68. Mnr M. S. S. Grundlingh, Graafsaal, Villiersdorp.
69. Mnr N. van Blerk, St. Michaelsweg 37, Tamboerskloof, Kaapstad.
70. Mnr D. H. Varley, Sekretaris en Bibliotekaris, S.A. Openbare Biblioteek, Kaapstad.
71. Dr A. I. Perold, Bus 14, Zuider-Paarl.
72. Prof. F. C. Gonin, Cummingstraat, Wellington.
73. Mej. H. A. Malan, Hoërskool, Aberdeen.

74. Openbare Biblioteek, Johannesburg.
75. Mnr D. N. Cilliers, Koning-Edwardweg 19, Bloemfontein.
76. Dr P. J. Nienaber, Rustenburgweg 210, Greenside-Uitbreiding, Johannesburg.
77. Prof. M. S. B. Kritzinger, Stasiestraat 221, Pretoria.
78. Prof. G. P. Lestrade, Skool van Afrikanistiek, Univ. van Kaapstad, Posbus 594, Kaapstad.
79. Dr M. S. Louw, Bus 660, Kaapstad.
80. Mnr C. F. J. Muller, Neethlingstraat, Stellenbosch.
81. Dr G. S. Nienaber, St. Patricksweg 18, Pietermaritzburg.
82. Die Biblioteek, Normaalkollege, Parkweg, Bloemfontein.
83. Mnr G. H. J. de Winter, Bus 5, Graskop.
84. Mnr T. W. Hitge, Bus 276, Pretoria.
85. Mnr G. A. Leyds, Mayfield-laan 6, Rondebosch, Kaapstad.
86. Mnr H. A. Rust, Opleidingkollege, Wellington.
87. Mnr H. Hoving, Graaffsaal, Villiersdorp.
88. Mnr G. A. van Breda, „Oudekraal", Pk. Kampsbaai.
89. Mnr F. D. Heese, Bus 30, Glencoe, Natal.
90. Mnr P. E. de Kock, Westcliff-skool, Kaapstad.
91. Prof. H. B. Thom, Mostertsdrif, Stellenbosch.
92. Dr E. G. Jansen, Volksraad, Kaapstad.
93. Mnr G. Bourquin, Ridgeweg 633, Durban.
94. Prof. dr F. E. J. Malherbe, Mostertsdrif, Stellenbosch.
95. Prof. F. J. Labuschagne, Molenstraat 37, Potchefstroom.
96. Mnr F. V. Lategan, Haystraat 250, Pretoria.
97. Mnr P. C. Visser, Lokshoek, Jagersfontein, O.V.S.
98. Mnr C. D. Scheffer, Pk. Schefferspos, Oor Makokskraal.
99. Eerw. P. P. Joubert, Zionskerkpastorie, Paarl.

100. Dr J. D. M. Claassens, African-Life-Gebou. St. Georgestraat, Kaapstad.

101. Prof. A. J. Bosman, Duncanstraat 941, Pretoria.

102. Mnr H. Rissik, Posbus 46, Johannesburg.

103. Mnr D. Brechin, Natal Daily News (Redaksie) Fieldstraat, Durban.

104. Prof. J. L. M. Francken, Neethlingstraat, Stellenbosch.

105. Mnr P. du P. Grobler, Bus 352, Pietermaritzburg.

106. Insp. J. H. Aucamp, Cradock, Kaapland.

107. Prof. J. F. Burger, Universiteit, Kaapstad.

108. Mnr C. J. P. Jooste, Posbus 57, Nelspruit, Tvl.

109. Mnr S. C. Biermann, Jorissenstraat 122, Wanderer's View, Johannesburg.

110. Ds P. F. D. Weiss, Skoollaan 1157, Hatfield, Pretoria.

111. Mnr P. J. du Plessis, Brandwagskool, Posbus 45, Benoni.

112. Mnr. L. P. Nigrini, Posbus 112, Zeerust, Tvl.

113. Dr F. D. Holleman, Bosmanstraat, Stellenbosch.

114. Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging, Keizersgracht 141, Amsterdam Centraal.

115. Mnr J. S. Scheepers, Gzn., Goede Hoop, Bus 9, Sheepmoor.

116. Mnr J. H. Rossouw, Prima, Stellenbosch.

117. Mnr W. D. Marais, Tokaai-Verbeteringshuis, Retreat, Kaap.

118. Prof. N. Diederichs, p/a F.A.K.-kantoor, Johannesburg.

119. Mnr J. V. Smit, Rosedene, Estcourt, Natal.

120. Dr I. D. du Plessis, Montreal Flats, Koningin Victoriastraat, Kaapstad.

121. Hoofargivaris, Posbus 6, Kaapstad.

122. Mnr H. C. de Kock, Arcadiastraat 1064, Pretoria.

123. Mnr H. C. Miller, Bus 396, Kaapstad.

124. Mnr W. J. Swanepoel, Spoorwegstraat 10, Randfontein, Johannesburg.
125. Mnr S. C. Hattingh, Parkstraat 10, Randfontein, Johannesburg.
126. Mnr S. C. H. Rautenbach, Baileystraat 81, Randgate, Johannesburg.
127. Dr J. van der Poel, Papenboom, Nuwelandlaan, Nuweland, K.P.
128. Mnr M. C. Botha, Sewendelaan 252, Capitol-Park, Pretoria.
129. Mnr J. M. Herschensohn, The Shieling, Greytown.
130. Mnr J. H. Potgieter, p/a Kaap-Centraal, Pimstraat 68, Newtown, Johannesburg.
131. Staatstesourier, Stadsraad, Krugersdorp.
132. Mnr W. J. Snyman, Devenishstraat, Pietersburg.
133. Mnr H. H. du Plessis, Bus 27, Kaapstad.
134. Mev. A. Muller, Bus 659, Kaapstad.
135. Mnr P. J. le Grange, Bus 450, Kaapstad.
136. De Bibliotecaris, Rijks-Universiteit, Leiden, Nederland.
137. Dr P. C. Schoonees, Vryheid, Natal.
138. Dr F. J. Kritzinger, Posbus 7455, Johannesburg.
139. Die Sekretaris, Oranjeskool, Bloemfontein.
140. Mnr P. J. Naudé, Bus 8124, Johannesburg.
141. Mnr J. H. P. Botha, Hoërskool, Nassou, Hoofweg, Mowbray, K.P.
143. J. W. Jagger-Biblioteek, Universiteit, Rondebosch, Kaapstad, K.P.
144. Dr P. J. Meyer, Buffaloweg 28, Emmerentia, Johannesburg.
145. Mnr G. J. A. Lubbe, Hoofweg 39, Fisher's Hill, Germiston.
146. Dr I. v. d. Merwe, Braisideweg 7, Greenside, Johannesburg.
147. Mnr M. J. Posthumus, Prospectstraat 1261, Pretoria.

Die nommer van
hierdie boek is

**Nº 394**